# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is now indexed in Scopus
refine your research
SCOPUS

*Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index*

**VOORBLADFOTO:**
Engelenburghuis: Gister en vandag

Tydskrif vir Geesteswetenskappe • Jaargang 66 Nommer 2 • Junie 2026



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 66 Nommer 2 | Volume 66 Number 2 | JUNIE 2026 JUNE 2026

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

---

**LW Hiemstra Trust**

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur ’n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Rikie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Rikie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---

**2**

Uitgewer/Publisher
**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**
**The South African Academy for Science and Arts**
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
Junie/June 2026

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



**HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:**

HJ (Nerina) Bosman – Afrikaanse taalkunde/Afrikaans Linguistics (Universiteit van Pretoria, Pretoria)/(University of Pretoria, Pretoria)

**REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE**

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)
EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)
G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
JJ (Koos) Malan – Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)
DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL** (*vervolg*)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/ Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

**REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL**

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/ (University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: Annelise de Vries – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.
*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.
Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.
Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.
Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to**:
Die Publikasiebeampte/The Publications Officer
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa
E-pos: tgw@akademie.co.za
Webwerf: http://www.tgwsak.co.za
Tel: 0861 333 786

Gedruk deur V&R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

*Jaargang 66 Nommer 2, Junie 2026 / Volume 66 Number 2, June 2026*

# Inhoudsopgawe

**Uit die redakteurskantoor**
Oproep tot bydraes ........ 205

**Navorsings- en Oorsigartikels / Research and Review Articles**

**Stephanie Keyter en Louisemarié Combrink**
Geslagsgebaseerde geweld en die visuele kunste: geselekteerde kunswerke deur die Suid-Afrikaanse kunstenaar Andrea Walters / *Gender-based violence and the visual arts: selected artworks by the South African artist Andrea Walters* ........ 207

**André Duvenhage**
Suid-Afrika se sewende demokratiese administrasie (2024–2029) – ’n politieke omgewingsverkenning, tendensbepalings en toekomsgerigte perspektiewe / *South Africa’s seventh democratic administration (2024–2029) – a political environmental survey and future perspectives* ........ 233

**Boris Gorelik en Evgenii Morozov**
Sowjetkritieke op Jan Smuts se holisme as politieke filosofie / *Soviet critiques of Jan Smuts’ holism as political philosophy* ........ 271

**Jurie van den Heever**
Kreasionisme, Intelligente Ontwerp en Natuurwetenskap / *Creationism, Intelligent Design, and Natural Science* ........ 291

**Bert Olivier**
Die verontreiniging van die menslike liggaam in perspektief / *Defiling the human body in perspective* ........ 318

**Florence Coertzen, Elma Marais en Rochelle Marais-Botha**
Die integrasie van film in Afrikaansonderrig: Praktyke van intermediêrefaseonderwysers / *The integration of film in Afrikaans education: Practices of Intermediate Phase teachers* ........ 340

**Voorskrifte / Guidelines** ........ 363

# *Uit die redakteurskantoor*

Soos gewoonlik is daar interessante artikels in hierdie uitgawe.

Ons ontvang graag artikels wat 'n nuwe bydrae lewer tot die spesifieke vakgebied. Ons moedig ook jonger skrywers aan om saam met hulle studieleiers of mentors 'n artikel in te stuur.

Lekker lees!

**Nerina Bosman**
E-posadres: tgw@akademie.co.za

# Geslagsgebaseerde geweld en die visuele kunste: Geselekteerde kunswerke deur die Suid-Afrikaanse kunstenaar Andrea Walters

***Gender-based violence and the visual arts: Selected artworks by the South Aafrican artist Andrea Walters***

**Stephanie Keyter**[1]
Vakgroep Kunsgeskiedenis
Skool vir Kommunikasiestudies
ViAMUS (Navorsing en Skeppende Uitsette in die Visuele Kunste en Musiek)
Noordwes-Universiteit, Noordwes Provinsie
Suid-Afrika
E-pos: keyterstephanie@gmail.com
ORCID: 0000-0002-5402-6113



Stephanie Keyter



Louisemarié Combrink

**Louisemarié Combrink**
Skool vir Kommunikasiestudies
ViAMUS (Navorsing en Skeppende Uitsette in die Visuele Kunste en Musiek)
Noordwes-Universiteit, Noordwes Provinsie
Suid-Afrika
E-pos: louisemarie.combrink@nwu.ac.za
ORCID: 0000-0002-7394-8906

**Stephanie Keyter** het ’n BA Kommunikasiegraad aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroomkampus met onderskeiding verwerf in 2020. Gedurende haar voorgraadse studies het sy ook Kunsgeskiedenis as addisionele vak geneem. Na afloop van hierdie studies het sy ’n Honneurs-graad in Kunsgeskiedenis by die NWU in 2021 met onderskeiding verwerf. Hierna begin sy ’n meestersgraad in Kunsgeskiedenis, steeds by die NWU. Haar verhandeling fokus op die rol van visuele response in die groter diskoers teen

**Stephanie Keyter** achieved a BA Communications degree from the North-West University’s (NWU) Potchefstroom campus, with distinction, in 2020. During her undergraduate studies, she also took Art History as an additional subject. After the completion of these studies, she pursued an Honours degree in Art History, also from the NWU. This degree she also completed with distinction in 2021. She then started a master’s degree in Art History, still at the NWU. Her dissertation focused on the role of visual respon-

[1] Hierdie artikel spruit voort uit Me Keyter se MA-verhandeling met die titel *Suid-Afrikaanse visuele response op geslagsgebaseerde geweld* wat *cum laude* toegeken is aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) in Mei 2024. Finansiële bystand deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns tot die voltooiing van hierdie studie word met dank erken.

**Datums:**
Ontvang: 2025-02-04 Goedgekeur: 2026-02-09 Gepubliseer: Junie 2026


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2849

| | |
|---|---|
| geslagsgebaseerde geweld, en is getiteld: *Suid-Afrikaanse visuele response op geslagsgebaseerde geweld.*<br>In 2023 ontvang sy 'n magistergraadbeurs van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, ten einde haar studies finansieel te ondersteun. Sy ontvang ook verskeie beurse vanaf die NWU. Sy voltooi haar meestersgraad met onderskeiding in 2024. Gedurende haar studies werk sy as studenteassistent en as fasiliteerder.<br>In 2024 werk sy ook as navorsingsassistent vir ViNCO (Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdissiplinêre en Praktykgebaseerde Navorsing) [nou ViAMUS (Navorsing en Kreatiwiewe Uitstette in Visuele Kunste en Musiek)]. Sy het ook gedien as die hoofnavorsigsassistent vir 'n spesiale uitgawe van *Image & Text*. Tans fokus sy op haar eie navorsing, voortgebou uit haar verhandeling en begin sy lees vir haar doktorsgraad. Haar navorsingsbelange sluit in Suid-Afrikaanse visuele kunste, geslagsgebaseerde geweld en Jacques Rancière se verspreiding van die aanvoelbare as beskouende raamwerk. Sy bly ook betrokke by die Kunsgeskiedenis-vakgroep deur merkwerk en ander verwante administratiewe take. | ses in the bigger discourse against gender-based violence and is titled: *South African visual responses to gender-based violence.*<br>In 2023 she received a bursary for her master's degree from the South African Academy for Sciences and Arts, to provide financial support to her studies. She also received various bursaries from the NWU. She completed her master's degree with distinction in 2024.<br>During her studies she worked as a student assistant and a supplemental instructor. In 2024 she also worked as a research assistant for ViNCO (Visual Narratives and Creative Outputs through Interdisciplinary and Practice-Led Research) [now known as ViAMUS (Research and Creative Outputs in Visual Arts and Music)]. She also served as the head research assistant for a special edition of *Image & Text*. Currently, she is focusing on her own research stemming from her dissertation and she has started to read for her doctorate degree. Her research interests include South African visual arts, gender-based violence and Jacques Rancière's distribution of the sensible as analysing framework. She also remains involved with the History of Art département through various administrative tasks, such as marking assignments. |
| **Dr Louisemarié Combrink** is 'n senior dosent in Kunsgeskiedenis aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Sy verwerf haar PhD aan die Noordwes-Universiteit in 2015, met die titel *Narration and focalisation in the installation art of Jan van der Merwe*. Haar navorsingsfokus (wat publikasies sowel as nasionele en internasionale kongresse insluit) behels veral 'n belangstelling in visuele narratologie, die verband tussen kuns en oorlog, sowel as genderkwessies en praktykgeleide navorsing. Sy het reeds 20 MA-studente en twee PhD-studente afgelewer, in velde soos Kunsgeskiedenis, Grafiese Ontwerp en Animasie, Fotografie, Keramiekstudies, Filmstudies en Skilderkuns. As praktiserende kunstenaar neem sy deel aan nasionale uitstallings en het ook as kurator opgetree vir verskeie nasionale uitstallings.<br>Sy is tans die vakgroepvoorsitter van die vakgroep Kunsgeskiedenis aan die Noordwes-Universiteit, en is ook die MA-programleier vir die meestersgraad in Kunsgeskiedenis. By drie geleenthede ontvang sy die Noordwes-Universiteit se Toekenning vir Onderriguitnemendheid, en is in 2022 aangewys as een van die top vyf nagraadse studieleiers in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die NWU. | **Dr Louisemarié Combrink** is a senior lecturer in History of Art at the North-West University's Potchefstroom Campus. She obtains her PhD at the North-West University in 2015, with the title *Narration and focalisation in the installation art of Jan van der Merwe*. Her research focus (including publications as well as national and international conference papers) relates to an interest in visual narratology, the relationship between art and war, as well as gender issues and practice-led research. She has delivered 20 MA-students and two PhD-students, in fields such as History of Art, Graphic Design and Animation, Photography, Ceramic Studies, Film Studies and Fine Art Painting. As a practising artist she participates in national exhibitions and has also curated various national exhibitions.<br>She is at present the subject chair of the subject group History of Art at the North-West University, and she is also the programme leader for the MA in History of Art. She was a recipient of the North-West University's Award for Excellence in Teaching three times, and was also among the top five postgraduate supervisors of the Faculty of Humanities at the North-West University in 2022. |

| | |
|---|---|
| Sy is ’n lid van die Fakulteitsraad van die NWU, en is werksaam op die Fakulteit Geesteswetenskappe se Integriteitskomitee. Sy is ’n lid van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging se nasionale en plaaslike takke. Verder is sy die voorsitter van die Visuele Kunstekommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en is ook ’n lid van die Advieskomitee van die Departement Visuele Kunste aan die Vaal Universiteit vir Tegnologie. Sy dien op die Bestuurskomitee van die Tshwane Universiteit se Gendersimposiumreeks.<br>Sy is ’n gereelde spreker by geleenthede soos kunsuitstallings en bied ook van tyd tot tyd praatjies aan vir die radiostasie Pretoria FM. Sy was mederedakteur van ’n spesiale afdeling van die tydskrif *Image & Text*, en het reeds twee keer opgetree as beoordelaar van die Helgaard Steyn-kunskompetisie. Verder tree sy gereeld op as keurder in die konteks van die Departement van Hoër Onderwys en -Opleiding (DHET) se akkreditasieproses vir skeppende uitsette. | She is a member of the Faculty Board at the NWU, and also serves on the Integrity Committee of the Faculty of Humanities. She is a member of the South African Association of the Arts, in the local as well as the national branches. Furthermore, she is the chair of the Visual Arts Commission of the South African Academy for Science and the Arts, and also serves on the Advisory Committee of the Department of Visual Arts at the Vaal University of Technology. She is a member of the Steering Committee of the Gender Symposium series at the Tshwane University of Technology.<br>She frequently presents opening addresses at events such as art exhibitions, and also presents talks on the radio station Pretoria FM from time to time. She was co-editor of a special section of the accredited journal *Image & Text*, and was invited twice to act as adjudicator of the Helgaard Steyn art competition. She has frequently acted as reviewer in the context of Department of Higher Education and Training (DHET’s) accreditation process for creative outputs. |


## ABSTRACT

***Gender-based violence and the visual arts: Selected artworks by the South African artist Andrea Walters***

*Gender-based violence (GBV) is a serious issue and a cause for concern in South Africa and worldwide. From July 2025 to September 2025, 10 154 women were raped and 1 827 women were sexually assaulted in South Africa (South African Police Service [SAPS], 2025:8). GBV can be described as any form of violence experienced by a person due to their biological gender or their chosen gender identity. Even though any person can experience GBV, women are mostly affected, especially in forms of GBV such as domestic violence and/or intimate partner violence (Djamba & Kimuna, 2015:xi). GBV can occur in many forms and includes financial, physical, psychological, and religious violence (Sanjel, 2013:179). Given the serious impact of GBV on South African society, it is of great importance to closely examine responses to it. In this article, three artworks from the South African artist Andrea Walters’ oeuvre, as a survivor of GBV, are examined as responses that contribute to the greater discourse against GBV. These artworks are* Vrou:Vertaal *[*Woman:Translated*] (2012),* Abject of Desire *(2013) and* #OverMyDeadBody *(2022).* Vrou:Vertaal *is Walters’ third-year project completed during her studies at Unisa and focuses on Walters’ own experiences of intimate partner violence (Walters, 2024a). The work consists of various umbrellas in different positions of opening within a club setting. Each umbrella has its own reference to GBV and Walters’ personal experiences.* Abject of Desire *is her fourth-year project and is centred around the death of Reeva Steenkamp at the hands of her own partner, Oscar Pistorius (Walters, 2024b). This exhibition consists of various medallions which reference Pistorius’ career and sponsorships.* #OverMyDeadBody *is Walters’ master’s exhibition and serves as a commentary on femicide in South Africa – the exhibition comprises various media, including Sunlight soap sculptures*

*of the mouths of the women who were and are being killed in South Africa; a video performance focused on Walters' mouth as she recites the names, ages and causes of death of the women depicted in the soap sculptures, and a rusted bedframe with a stained bedsheet beneath it – referring to the effects of GBV and Walters' own marital bed – the place where she experienced the most violence during her marriage (Walters, 2023:50;64).*

*These artworks are discussed according to a framework derived from Jacques Rancière's theorisation of the distribution of the sensible (French*: le partage du sensible*) and related concepts, such as the police/police order (French:* la police/l'ordre policier*) and politics (French:* la politique*). The distribution of the sensible can be described as certain predetermined boundaries within the larger society that place certain restrictions on whom can be heard and/or seen within the society (Rockhill, 2004:85). According to Gabriel Rockhill (2004:85), only a redistribution of the sensible can make audible and/or visible those previously excluded. The police order is an organisation of bodies (not to be confused with actual police officers) that maintains the boundaries of the distribution of the sensible (Rancière, 2004:104). Politics, on the other hand, can be described as the noticeable divide within society due to the distribution of the sensible (Rancière, 2011:1). The discussion of the chosen artworks is further informed by information obtained from a semi-structured interview with Walters concerning her perspective on the role that art can play against GBV, her artistic processes and her motivations underlying these artworks. During our research and the write-up of the article we came to the following conclusions, viz. that the three chosen artworks all serve as forms of awareness creation concerning GBV and succeed in making the victims and/or survivors of GBV audible and/or visible once more. Furthermore, we found that the artworks all serve as symbolic reflections on Walters' own experiences as a survivor of intimate partner violence and in this sense her artistic process and its products serve as vehicles towards her own healing and, by implication, as interventions that facilitate healing for other women by bringing these issues into focus.*

**KEYWORDS:** *#OverMyDeadBody* (2022), *Abject of Desire* (2013), Andrea Walters, distribution of the sensible, gender-based violence (GBV) in South Africa, Jacques Rancière, semi-structured interview, tacit knowledge, visual responses, *Vrou:Vertaal* (2012)

**TREFWOORDE:** *#OverMyDeadBody* (2022), *Abject of Desire* (2013), Andrea Walters, geslagsgebaseerde geweld (GGG) in Suid-Afrika, implisiete kennis, Jacques Rancière, semi-gestruktureede onderhoud, verspreiding van die aanvoelbare, visuele response, *Vrou:Vertaal* (2012)

## OPSOMMING

Geslagsgebaseerde geweld (GGG) is 'n kwessie van besondere erns in die Suid-Afrikaanse konteks (en natuurlik wêreldwyd), met 10 154 vroue wat tussen Julie en September 2025 verkrag is en 1 827 vroue wat in hierdie selfde tydperk seksueel aangerand is (Suid-Afrikaanse Polisiediens [SAPD], 2025:8). GGG verwys na enige vorm van geweld wat 'n persoon affekteer weens hulle biologiese geslag of gekose gender (Djamba & Kimuna, 2015:xi). Gegewe die impak van GGG is dit belangrik om response daarteen van nader te beskou. In hierdie artikel word drie kunswerke vanuit die Suid-Afrikaanse kunstenaar, Andrea Walters, se oeuvre beskou as response wat bydra tot die groter diskoers rondom GGG, by name *Vrou:Vertaal* (2012), *Abject of Desire* (2013) en *#OverMyDeadBody* (2022). Die kunswerke word bespreek aan die hand van Jacques Rancière se teoretisering rakende die verspreiding van die aanvoelbare

(Engels: *distribution of the sensible*; Frans*: le partage du sensible*) en verwante konsepte, soos die polisie/polisie-orde (Engels: *police/police order*; Frans: *la police/l'ordre policier*) en politiek (Engels: *politics*; Frans: *la politique*). Die verspreiding van die aanvoelbare kan beskryf word as die bepaalde grense in 'n samelewing wat beperkings plaas op wie as hoorbaar en/of sigbaar beskou word (Rockhill, 2004:85). Die bespreking word verder aangevul deur die inligting wat bekom is vanaf 'n semigestruktureerde onderhoud wat met Walters gevoer is. Die artikel voer aan dat die drie gekose kunswerke bewustheid rakende die erns van GGG bevorder en dat dit slagoffers en/of oorlewendes van GGG se hoorbaarheid en/of sigbaarheid opnuut na vore bring. Verder word ook bevind dat die kunswerke dien as simboliese voorstellings van Walters se eie ervarings as 'n oorlewende van intiemelewensmaatgeweld en dat dit in dié sin ook kan dien as middele tot genesing vir Walters en, by implikasie, vroue wat hulleself in soortgelyke situasies bevind.

## 1. Inleiding

Hierdie artikel ondersoek die rol van die visuele kunste in die groter diskoers rondom die bewusmaking van geslagsgebaseerde geweld (GGG), veral dan teenoor vroue. Die kritieke omvang van GGG wêreldwyd, maar veral in Suid-Afrika, beklemtoon die belang van en behoefte daaraan om strategieë teen GGG te ondersoek en te bespreek.

GGG word gedefinieer as enige vorm van geweld wat teenoor 'n persoon gepleeg word weens hulle biologiese geslag of gekose gender – vroue en persone wat as vroulik identifiseer word in 'n groter mate hierdeur beïnvloed. GGG kan in verskeie vorme voorkom, insluitend emosionele, fisiese en finansiële geweld (Djamba & Kimuna, 2015:xi). Daar bestaan verskeie middele teen GGG as vorme van bewusmaking en protes, insluitend in die konteks van die kunste. 'n Aantal Suid-Afrikaanse kunstenaars het reeds kunswerke geskep wat aandag gee aan GGG, soos byvoorbeeld Penny Siopis en Kilmany-Jo Liversage.

Publikasies wat fokus op GGG-verwante sake dui op 'n gemoeidheid met die problematiek van die uitbeelding van geweld jeens vroue, waar die estetisering van byvoorbeeld verkragting ondersoek word (kyk bv. A.W. Eaton, 2003 wat die Venesiese kunstenaar bekend as Titian [1488/90 – 1576] se *Verkragting van Europa* [1560-1562) onder die soeklig plaas). In hierdie verband is dit ook van belang om te verwys na byvoorbeeld Robin Adèle Greely (1992) wat 'n ondersoek loods na die ontmensliking en objektivering van die vroulike liggaam in die konteks van verkragting, spesifiek René Magritte (1898-1967) se *Le Viol* (*Die Verkragting* van 1934). Vanweë die oorheersing van manlike kunstenaars in die Westerse kunsgeskiedenis is dit dus interessant om die response jeens die oorwegend manlike blik op geweldaandoening jeens vroue na te speur – waar meer onlangse refleksies op hierdie tema die nodige vrae aan die orde stel – indien 'n tema soos verkragting byvoorbeeld uitgebeeld word, in watter mate is dit sinvol om interpretasies van so 'n werk grootliks af te stem op byvoorbeeld die sensuele kleurgebruik van die werk (kyk Eaton, 2003) en dus die ooglopend gewelddadige tema van die werk na die agtergrond te skuif. Outeurs soos Mieke Bal (1991), Susan Gubar (1987) en Margaret D. Carroll (1992) problematiseer op soortgelyke wyse die aanskoue van geweldaandoening soos dit uitgebeeld word in kunswerke – veral dan deur manlike kunstenaars.

Hierdie artikel kan daarom kunshistories beskou word as deel van 'n groter gesprek oor GGG in die visuele kunste. Spesifiek onderneem ons hier 'n monografiese studie van gekose kunswerke deur die Suid-Afrikaanse kunstenaar Andrea Walters (geb. 1958) as reaksie op en kritiek jeens voorvalle van GGG in Suid-Afrika uitgevoer. Dié studie is op Walters se oeuvre gefokus, aangesien daar tans beperkte akademiese literatuur bestaan oor haar proses van

kunsskepping en haar kunswerke. Walters se kunswerke as werke deur ’n vroulike kunstenaar, en aanskou deur twee vroulike kunshistorici, bring dus ’n verdere blik op hierdie voortgaande diskoers. Die huidige artikel wil hierdie navorsingsgaping by hierdie gaping stilstaan. Walters se oeuvre bevat verskeie kunswerke wat handel oor GGG en spesifieke ervarings daarvan. Vir dié artikel is drie van haar kunswerke van besondere belang, naamlik *Vrou:Vertaal* (2012) [kyk Figure 1 & 2], *Abject of Desire* (2013) [kyk Figure 3 & 4] en *#OverMyDeadBody* (2022) [kyk Figure 5-9]. Hierdie werke handel elk oor gevalle van GGG teenoor vroue in Suid-Afrika, insluitend bekende voorvalle soos die moord op Reeva Steenkamp en Tshegofatso Pule. Dié kunswerke bevat objekte wat spreek tot hierdie vroue, as slagoffers en/of oorlewendes, se ervarings van GGG: ’n kwilt gemaak uit Kevlar-dele (wat verwys na Steenkamp se skietdood) [kyk Figuur 3] en gekerfde koekies Sunlightseep wat die monde van vroue voorstel na hulle GGG-ervarings [kyk Figure 5 & 6].[2, 3] Walters voel dat die uitbeelding van herinneringe aan GGG gevoelens van empatie en rou by die aanskouers kan ontlok, wat die geleentheid bied vir verdere nadenke oor die impak van GGG (Emmett, 2022). Walters is self ook ’n oorlewende van intiemelewensmaatgeweld, en haar eie herinneringe dryf ook haar proses van kunsskepping as ’n vorm van implisiete kennis (*tacit knowledge*) (Walters, 2023:5). Implisiete kennis is intrinsiek tot persone en hulle dade – ’n persoon kan sekere take amper outomaties vervul (Schindler, 2015). In Walters se geval skep sy instinktief kuns wat oor GGG handel weens haar ervarings.

Vir hierdie artikel is ’n semi-gestruktureerde onderhoud met Walters gevoer.[4] Dié onderhoud lei die bespreking en verdere interpretering van hierdie kunswerke, ook in terme van die gekose teoretiese benadering en die verwante konsepte. Dié kunswerke word verder ondersoek aan die hand van die teoretikus Jacques Rancière se konseptualisering van die verspreiding van die aanvoelbare. Die verspreiding van die aanvoelbare (Engels: *distribution of the sensible*; Frans*: le partage du sensible*) kan kortliks beskryf word as die bepaalde grense in ’n samelewing wat beslis wie in dié samelewing as hoorbaar en sigbaar voorkom (Rockhill, 2004:85). Konsepte verwant aan die verspreiding van die aanvoelbare, soos *subjektivering* (Engels: *subjectification*; Frans: *la subjectivation*) en *politiek* (Engels: *politics*; Frans: *la politique*), word ook toegepas in die ondersoek. Die verspreiding van die aanvoelbare en tersaaklike konsepte wat daarmee verband hou, bied insig in die gekose kunswerke as platforms van hoorbaarheid en sigbaarheid vir slagoffers en/of oorlewendes van GGG in die breër konteks van bewusmaking jeens GGG.

Hierdie teoretiese beginsels vorm deel van dié artikel se literatuurstudie – en gee ook aanleiding tot die metode van ondersoek van die kunswerke. Eerstens bied die semi-gestruktureerde onderhoud met Walters ’n geleentheid vir die navorsers om haar insig in die kunswerke te bekom, as konteks vit die bespreking van hierdie werke. Verder bied die teoretiese literatuurstudie insigte aangaande GGG, die gekose kunswerke en tersaaklike aspekte wat verband hou met Rancière se verspreiding van die aanvoelbare. Laastens word ’n visuele

---

2 Kevlar-dele is sterk, sintetiese materiaal waaruit koeëlvaste baadjies gemaak word (Walters, 2024a).

3 In die konteks van hierdie artikel verwys die term “oorlewendes” na vroue wat ervarings van GGG beleef het, maar oorleef het, terwyl die term “slagoffers” verwys na vroue wat ongelukkig nie hulle ervarings van GGG oorleef het nie. Volgens SAKI [Seksueleaanrandingstelinisiatief] (2015:2) kan die term “oorlewende” bemagtigend wees vir vroue wat geraak is deur GGG. Om hierdie rede word die onderskeid tussen die twee terme getref.

4 Hierdie studie het etiese klaring ontvang van *BaSSREC (Etiekkomitee vir Navorsing oor Basiese en Sosiale Wetenskappe )* – die Noordwes-Universiteit se Etiekkomitee vir die Geesteswetenskappe. Die etieknommer is NWU-01048-24-A7.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2849

analise van *Vrou:Vertaal*, *Abject of Desire* en *#OverMyDeadBody* onderneem, ten einde die sigbare en geïmpliseerde betekenisse in die kunswerke te ondersoek.

Die doelwitte en bydrae van die artikel is soos volg: Die drie gekose kunswerke word ondersoek as voorstellings van ervarings verwant aan GGG, ten einde te bepaal op watter wyses dié kunswerke aspekte wat verwant is aan GGG blootlê. Hierdie kunswerke word verder aan die hand van Rancière se verspreiding van die aanvoelbare beskou, met die doel om vas te stel hoe dié werke kan dien as platforms tot hoorbaarheid en sigbaarheid vir slagoffers en/of oorlewendes van GGG. Vanuit dié kunswerke se besprekings word ook bepaal op welke wyses hierdie werke dien as middele van bewusmaking en protes teen GGG, ten einde ’n bydrae te maak tot die groter diskoers jeens GGG. Die bydrae van die artikel is gesentreer rondom die insigte bekom vanuit die semigestruktureerde onderhoud met Walters as toevoeging tot bestaande akademiese literatuur oor beide haar werk en die verhouding tussen die visuele kunste en GGG.

## 2. Die impak van GGG

GGG as ’n brandende aangeleentheid kan enige individu op verskillende maniere raak. GGG kan onder andere voorkom as “fisiese geweld, verbale afkraking, en dwang” (Sanjel, 2013:179). Geraldine Terry (2007:xv) argumenteer dat “GGG in alle samelewings gevind kan word en dat dit persone gedurende enige stadium van hulle lewens kan affekteer”. Hoe GGG iemand raak, word ook bepaal deur hulle “sosiale status, hulle inkomste en *wie* dit beheer (of ook ’n gebrek aan inkomste), hulle etnisiteit, seksualiteit, geloof en hulle beroep” (Terry, 2007:xv).[5]

In Suid-Afrika is intiemelewensmaatgeweld die tipe geslagsgeweld wat die tweede meeste mense raak – die enigste groter samelewingskwessie is HIV/Vigs (Gevers *et al.,* 2013:15). Die meerderheid slagoffers en oorlewendes van GGG in Suid-Afrika is vroue, en veral vroue van kleur uit laer inkomstegebiede (Djamba & Kimuna, 2015:xi). Volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens [SAPD] (2025:8) se statistieke is daar vir die tydperk Julie tot September 2025 10 154 vroue verkrag en 1 827 vroue seksueel aangerand.

GGG word egter gekenmerk deur stilswye: oorlewendes van GGG is dikwels nie gewillig om oor hulle ervarings van GGG te praat nie, of selfs om dit by die polisie aan te meld nie. Dit mag wees uit vrees vir weerwraak, maar ook vanweë skaamte (Magezi & Manzanga, 2019). Daar bestaan stigmas rondom GGG en die mense wat daardeur geraak word, soos dat die oorlewende “daarvoor gesoek” het of dat hulle ervarings hulle *vuil* en *gebroke* gelaat het. Hierdie stilte hou in dat oorlewendes se stories verlore gaan en dat hulle nooit geregtigheid ervaar nie (Yesufu, 2022:91). So word slagoffers en/of oorlewendes van GGG moontlik net nog ’n statistiek, of in sommige gevalle nie eers nie. Die mense en name agter die statistieke en ervarings raak verlore. Dit is daarom van belang dat iets of iemand anders, soos kunstenaars en die kunste, hierdie slagoffers en/of oorlewendes onthou, op ’n respekvolle wyse, en die groter publiek herinner aan hulle en wat hulle moes deurmaak. Sodoende bevorder sulke kunstenaars ook bewustheid rondom GGG en die belang om dit te beveg. Voorbeelde van hierdie kunstenaars en hulle kunswerke sluit in Diane Victor [*Which Hunt?* (2018)], Lady Skollie [*They’ll suck you dry,beware* (2016)] en Donna Kukama [*Ways-of-Remembering-Existing* (2022)].

Vir hierdie artikel is die fokus spesifiek op Walters en haar oeuvre as deel van die groter diskoers teen GGG. Walters is self ’n oorlewende van GGG; haar eks-man het haar gereeld

---

[5] Die aanhalings in hierdie paragraaf is uit Engels in Afrikaans vertaal.

aangerand en gedreig, soveel so dat sy post-traumatiese stresversteuring (PTSV) ontwikkel het en professionele hulp moes soek. Dit was op hierdie stadium dat sy besef het sy moes wegkom, en sy is toe van haar man geskei. Kort na haar egskeiding het ’n vriendin haar aangeraai om by Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) te gaan studeer. Walters het besluit op visuele kunste, en hier het haar dosente haar begin motiveer om kuns te skep wat fokus op huishoudelike geweld. Haar ervarings bly haar steeds by, en inspireer van daardie punt af haar kuns (Walters, 2024a).

Gedurende die onderhoud met Walters het ek meer geleer oor haar ervaring van intieme-lewensmaatgeweld, die impak daarvan op haar kuns en haar proses tot kunsskepping. Die onderhoud verloop in verkorte vorm soos volg:[6]

> Stephanie Keyter (SK): Kan jy my bietjie meer oor jou oeuvre vertel en die proses daaragter?
>
> Andrea Walters (AW): Ek het ’n senuwee-ineenstorting gehad terwyl ek nog getroud was, geheel en al, in Pretoria. Ek het in Lynnwoodstraat afgery en my lyf het begin ruk agter die stuurwiel van my kar en ek het gedink “Ek gaan iemand doodmaak” ... So, jy weet, ek het nie geweet wat om te doen nie, maar skielik het ek nie geweet waar ek is nie. Ek het nie geweet waar die hospitaal was nie, ek het vir vyf jaar al daar gewoon. Ek bedoel, ek het daardie pad baie goed geken. In elk geval, ek het in die “malhuis” opgeëindig ...
>
> [H]y het vir my gesê dat hy my lewe baie moeilik gaan maak, maar hy is nie eers meer deel daarvan nie ... maar dit was vreesaanjaend, dit was vreesaanjaend, jy weet, en hy wou nie vir my enige van my klere gee nie.
>
> ... in my derdejaar [by UNISA] het ek begin werk met vroue wat sekswerkers is by ’n nagklub in Johannesburg, eintlik omdat my gewese man altyd in “ontkleeklubs” in Pretoria geboer het. En dit het absoluut ’n impak op ’n persoon se selfbeeld, jy weet.
>
> Ek begin toe met hierdie vroue te werk, en toe sê my dosent vir my “Nee, jy werk nie met prostitusie nie”. En hulle sê toe vir my, “Jy weet, wat jy mee werk, is eintlik huishoudelike geweld.” En ek bedoel, dit was nie moeilik vir hulle om uit te vind nie, aangesien dit op al die koerante se advertensieborde was...
>
> So ek dink dit is waaroor kuns gaan. Kuns is ’n deurwerk ...
>
> – (Walters, 2024a).[7]

Visuele voorbeelde vanuit Walters se oeuvre lei hierdie artikel se interpretasie rakende kuns en GGG, met verwysing na die verspreiding van die aanvoelbare en ’n aantal verwante teoretiese beginsels. Hierdie beginsels word in die volgende onderafdelings in groter detail beskou.

## 3. Die verspreiding van die aanvoelbare as fokuspunt

Die verspreiding van die aanvoelbare, soos gekonseptualiseer deur Rancière, bepaal wie in die groter samelewing as sigbaar en hoorbaar aanvaar word. Hierdie aanvaarding is geskoei

---

6 Die artikel is deur twee outeurs geskryf. As eerste outeur het Stephanie Keyter individueel die onderhoud met Walters gevoer.

7 Die onderhoud is uit Engels in Afrikaans vertaal om vloei met die res van die teks, in Afrikaans, te vergemaklik. Die vertaling is so na as moontlik aan die oorspronklike woordgebruik, ten einde betekenis te behou.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2849

op sekere vooropgestelde grense in die samelewing. ’n Versteuring of verskuiwing van hierdie grense maak dit moontlik vir mense wat eens onsigbaar en/of nie hoorbaar was nie om ’n sigbare deel van die samelewing te word (Rockhill, 2004:85).

As ’n teoretiese raamwerk word die verspreiding van die aanvoelbare aangevul deur ’n aantal verwante konsepte, waaronder begrippe soos die *polisie* (of die *orde van die polisie*) en *politiek* val. Die *polisie* of *polisie-orde* (Engels: *police/police order*; Frans: *la police/l’ordre policier*) kan beskryf word as ’n organisatoriese struktuur wat die verspreiding van die aanvoelbare in ’n saamlewing handhaaf en beskerm. Hierdie struktuur of sisteem bepaal mense se posisie en rol in die samelewing – of ook hulle uitsluiting daaruit (Rancière, 2004:104).[8] *Politiek*, hierteenoor, word volgens Rancière (2011:1) gedefinieer as ’n skeiding in die samelewing weens onoorkombare meningsverskille rakende dit wat sintuiglik waargeneem kan word – wat gehoor of gesien kan word.[9]

Hierdie begrippe, sowel as aanvullende konsepte soos subjektivering en dissensus (Engels: *dissensus*; Frans: *la dissenus*), word in die opvolgende onderafdelings bespreek en toegepas ter illustrasie van Walters se oeuvre as versetmiddel teen GGG.

## 4. Walters se oeuvre as versetmiddel teen GGG

Walters se oeuvre lê GGG direk bloot. Vir hierdie artikel fokus ons op drie van haar kunswerke, naamlik *Vrou:Vertaal* – haar finale stuk in haar derdejaar, *Abject of Desire* – haar finale stuk in haar vierdejaar, en *#OverMyDeadBody* (2022) – haar meestersuitstalling. Hierdie kunswerke word bespreek as visuele voorstellings van Walters se belewing van GGG en die groter impak van GGG in Suid-Afrika, vanaf haar eie ervarings tot die ervarings van die groter vroulike samelewing in Suid-Afrika.

### 4.1 *Vrou:Vertaal* (2012)

*Vrou:Vertaal* is vir Walters ’n baie persoonlike uitbeelding, aangesien die kunswerk deur haar eie huwelik en ervaring van intiemelewensmaatgeweld geïnspireer is, en ’n eerste poging is om haar eie ervaring in haar kuns te verbeeld. Sy verduidelik haar proses soos volg (Walters, 2024a):

> In my derdejaar het ek die idee van ‘wat hy aan my gedoen het’ begin omhels. Ek het begin met hierdie partytjie-ding, dat mense vir my gesê het, ‘O, jy is so gelukkig om met hom getroud te wees. Hy is soveel pret.’ Nee, hy is nie. Hy is pret voor jou, in privaat ... is hy beslis nie. Ons het ’n massiewe slaapkamer gehad, werklik massief. Maar laat ons nie vergeet nie, hy was ’n Springbokrugbyspeler. So, hy sou vieruur die oggend instap, en teen daardie tyd was ek op slaappille en antidepressante, en toe het hy ’n bottel mineraalwater, heel akkuraat, na my rug gooi. En dan na die bed toe gekom, die bottel oopgemaak en die water oor my uitgegooi.
>
> So, dis geen wonder dat ek by ’n psigiatriese inrigting beland het nie... Maar toe begin ek fokus op hierdie tipe dinge, hierdie herinneringe, die beledigings, die dinge wat hy vir my gesê het, ‘Ek is God, jy is niks’ was een ... dit was ’n tipe van deurwerk, jy weet ...

8 ‘Die polisie’ in hierdie konteks verwys na ’n teoretiese begrip en struktuur, en nie na die werklike polisie wat deel vorm van reg en geregtigheid nie.

9 Rancière tref ’n onderskeid tussen *politiek* en die *politiese*. Die *politiese* (Engels: *the political*; Frans: *la politique*) dien as die ruimte waarin *politiek* en die *polisie* mekaar konfronteer (Rockhill, 2004:89).



***Figuur 1:*** *Walters. 2012. ’n Sambreel wat deel uitmaak van die Vrou: Vertaal-installasie (Walters, 2024b).*

Haar ervarings van GGG het Walters geïnspireer om ’n kunswerk te skep wat gestalte aan haar trauma en emosies gee – *Vrou:Vertaal* (Walters, 2023:48). Volgens Sasol New Signatures (2022) het dié uitstalling die ingrypende impak van GGG op ’n vrou blootgelê.[10] Walters (2024b) beskryf hierdie uitstalling as ’n voorstelling van ’n partytjie wat skeefgeloop het. Die uitstalling is aangebied in ’n swart vertrek met spieëls, nagklub-tipe beligting en ’n disko-bal wat rooi sambrele gereflekteer het (Walters, 2023:48).[11] Die sambrele (met borduurwerk) is op verskeie hoogtes gesuspendeer. Teksprojeksies in ultra-violetlig met verskonings, regverdigings en dreigemente van die geweld wat Walters ervaar het, is daarop geprojekteer (Sasol New Signatures, 2022). Volgens Walters (2023:48) het die teks drie fases van die geweld wat sy ervaar het voorgestel: die “verduidelikings” haar man ná episodes van geweld, die “verskonings” daarna, en die “dreigemente” wat sy gereeld moes verduur het.

Die sambrele dien dan as metaforiese voorstellings van hierdie drie fases van geweld. Die geweld word voorgestel deur die sambrele in verskeie stadiums van oopmaak uit te stal (Walters, 2024b). Walters se beserings is op een sambreel geborduur in blink steentjies soos diamante, terwyl die ander met haar trousluier oorgetrek is (Walters, 2023:48). Die sluier toon kristal-inskripsies wat lees ‘love, respect, honour’, vishoeke (‘’n goeie vangs’) en pêrels (‘slegte geluk’) (Walters, 2024b). Nog ’n sambreel is bedek met prente van Disney-paartjies ontleen aan ’n tafeldoek van ’n klein dogtertjie se verjaarsdagpartytjie [Figuur 1] (Walters, 2023:48).

Die kunswerk verwys na aspekte wat inspeel op Walters se ervarings [Figuur 2]. Die verwysing na ’n Pretoriase nagklub hou verband met ’n moeilike tyd in Walters se lewe, waartydens haar man gereeld in klubs uitgehang en gekuier het, en dan dronk huis toe sou

10 Walters het in 2022 die Sasol New Signatures-merietetoekenning gewen vir haar meestersuitstalling, *#OverMyDeadBody*.

11 Walters het die meerderheid foto’s wat *Vrou:Vertaal* uitbeeld verloor. Die foto’s in die teks is wat sy kon opspoor in haar argiewe.




***Figuur 2:*** *Walters. 2012. Detail op een van die sambrele soos deel van die Vrou: Vertaal-installasie (Walters, 2024b).*

kom. Dit is gedurende hierdie tye wat sy deurgeloop het onder sy gewelddadige optrede (Walters, 2024a).

Die prente van Disney-paartjies op die sambrele,  bied volgens Walters (2024b) beelde van die stereotipiese ‘happily ever after’ van bekende Disney-paartjies. Hierdie beelde is opgesny en verdraai vir *Vrou:Vertaal*; sy het die narratief omvergewerp deur “hulle onderstebo te draai en die vroue se oë toe te plak met elektriese-isolasieband”. Dit vertel van ’n verlies van kinderlike onskuld en die harde werklikheid van GGG – enige ervaring van vreugde en/of geluk word weggevat. Die toegeplakte oë kan ook verwys na die metaforiese blindheid van mense aangaande GGG. In die konteks van Rancière se teoretiese begrippe toon die laasgenoemde ooreenkomste met die konsep van die bestaande verspreiding van die aanvoelbare, aangesien mense en hulle ervarings wat nie deel uitmaak van die heersende norme nie as onsigbaar beskou word (Rockhill, 2004:85).

’n Sambreel bied verder beskerming teen die elemente, soos reën, maar geen beskerming teen geweld nie. Dit skep eerder ’n skadu daaroor, wat keer dat buitestanders kan sien wat aangaan. Dit is daarom vergelykbaar met ervarings van GGG wat in persoonlike ruimtes soos die huis, of afgeleë ruimtes plaasvind.[12] Niemand kan help nie, want niemand kan sien of hoor wat gebeur nie. Die sambreel kan ook tekens van geweld verdoesel – soos grimering wat ’n vrou se blouoog verbloem. Die Chinese broekies skep ook ’n kontras tussen skoon en rein teenoor vuil: die onderklere op sigself is splinternuut, maar die gedagte van sigbare onderklere word as vuil gestigmatiseer. Die onderklere kan metafories met GGG verbind word, aangesien onskuldige oorlewendes wat hulle ervarings met ander deel as vuil en beskadig beskou word – ’n stigma van GGG wat die blaam op die slagoffer en/of oorlewende plaas (Yesufu, 2022:91). Die broekies suggereer die ontkleeklubs waar Walters se man baie tyd spandeer het (Walters, 2024a). Die titel, *Vrou:Vertaal*, dui op die impak van herhaalde ervarings van GGG deur

[12] ’n Kunshistoriese voorbeeld wat relevant is vir Walters se gebruik van ’n intieme ruimte is *Die Interieur* (1868–1869) deur Edgar Degas – ook bekend as *Die verkragting*. Dit beeld ’n man en ’n vrou alleen in ’n swak beligte kamer uit. Die vrou se klere is halfpad uigetrek en daar is ’n implikasie dat iets donker (verkragting) plaasgevind het (Smee, 2023).

Walters. Haar idee van haarself/die vrou wat sy eens was, is deur geweld "vertaal", en sy het verander in iemand onbekend (Walters, 2024b).

*Vrou:Vertaal* stel 'n herverspreiding van die aanvoelbare daar deur aanvaarde norme rakende GGG, en veral intiemelewensmaatgeweld, uit te daag (Rancière, 2004:104). In die huidige verspreiding van die aanvoelbare word vroue as die slagoffers en/of oorlewendes van GGG dikwels nie gehoor of gesien nie. Walters verseker dat sy as die oorlewende van intiemelewensmaatgeweld en haar ervarings dien as die fokuspunt van hierdie werk (Walters, 2023:48). Sodoende word sy en wat sy ervaar het sigbaar, en sy word hoorbaar vir die groter samelewing. In die konteks van *Vrou:Vertaal* kan *die polisie* beskryf word as die gebrekkige stelsels van reg en geregtigheid wat nie genoegsame ondersteuning aan oorlewendes van intiemelewensmaatgeweld bied nie.

Hierteenoor staan die *politiek* in die konteks van die kunswerk en ook Walters se intense interaksie met en verset teen GGG en intiemelewensmaatgeweld. Die kunswerk daag veral stigmas uit, ook die stilte rakende GGG en die veroordeling van slagoffers en/of oorlewendes, wat dui op 'n skeiding in die heersende orde van die aanvoelbare. Hierdie uitdaging kan beskryf word as *dissensus*, wat verwys na enige vorm van weerstand, gegrond in politieke prosesse, teen bestaande wetgewing wat die aanvoelbare orde versteur deur die bestaande grense te konfronteer met die onbekende, naamlik die *politieke subjek* (Rockhill, 2004:85).

*Dissensus* word hier verbeeld in die Disney-prinsesse wie se oë toegeplak is en Walters se trousluier wat oor een van die sambrele gegooi is. Objekte wat gewoonlik met geluk en onskuld verbind word, word hier verbind aan iets meer negatief en donker. Hierdie objekte word simbolies van die gevolge en impak van GGG op slagoffers en/of oorlewendes en hulle naastes. Die subjekte en die objekte van verset in Walters se kunswerk, soos byvoorbeeld die sambreel wat haar beserings uitbeeld, dien as die politieke subjekte wat subjektivering dryf. 'n *Politieke subjek* (Engels: *political subject*; Frans: *le sujet politique*) is nie 'n organisasie of 'n individu nie, maar eerder 'n mens of objek met die opsetlike doel om die bestaande raamwerk rakende sigbaarheid en hoorbaarheid uit te daag as vorme van politieke dispute. Hierdie subjekte kan weens *subjektivering* politiek laat ontstaan wat ten doel het om die heersende *polisie-orde* uit te daag (Rancière, 2004:67).[13]

*Subjektivering* is geskoei op die *politieke subjek* se willekeurige onttrekking vanuit die bestaande kategorieë rondom klassifisering en identifisering. Gedurende hierdie proses word die *le tort* (Engels: wrong) aangespreek, en daar is 'n poging om gelykheid vir dié buite die bestaande grense te verkry (Rancière, 2011:86).[14] *Le tort* is 'n strewe na gelykheid gesentreer rondom *politiek* – 'n vergelyking word getref tussen die *polisie-orde* en die *politieke subjekte*. *Le tort* geskied nie tussen individuele persone en/of organisasies nie, maar eerder tussen bestaande strukture en die objekte en/of persone wat hulle buite die aanvoelbare orde bevind (Rockhill, 2004:93). Die insluiting van die beledigings en dreigemente vanaf haar man dien as 'n direkte uitdaging aan die samelewing, en van haar man se onderdrukking en mishandeling. Dit daag ook 'n samelewing uit wat sulke gedrag moontlik maak. *Subjektivering* in hierdie konteks kom voor as verset teen die *status quo* en die groter samelewing se beskouing van gewelddadige manlike gedrag as aanvaarbaar, veral tussen 'n man en 'n vrou in 'n huwelik.

---

13 Volgens Rancière (2004:67) bly hierdie subjekte egter randfigure wat altyd sukkel om die polisie se gedwonge stilte te verbreek.

14 In die konteks van *le tort* word die Franse term gebruik om verwarring wat weens vertaling kan ontstaan te vermy, aangesien daar nie 'n Afrikaanse term bestaan met die presiese betekenis van *le tort* nie.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2849

### 4.2 *Abject of Desire* (2013)

Walters se vierdejaaruitstalling as deel van haar BA-graad in visuele kuns aan UNISA, *Abject of Desire*, bou voort op haar gedagtes rakende GGG, veral in Suid-Afrika. Die moord op Reeva Steenkamp deur Oscar Pistorius, 'n bekende gestremde atleet en haar lewensmaat, het haar geïnspireer om 'n uitstalling te skep wat Steenkamp se lewe vereer, maar ook die fokus plaas op die aanhang wat professionele atlete geniet, ongeag hulle dade (Walters, 2024b). Tydens die onderhoud het sy hierdie artistieke proses soos volg beskryf (Walters, 2024a):

> Toe ek uitgevind het hoe hy (Pistorius) haar (Steenkamp) geskiet het, het ek besef hoe diep geraak ek daardeur is ... Ek het by myself gedink: "Sy was dom." Daarmee bedoel ek nie "dom" nie, maar eerder die sin van selfpreservering.
>
> Ek het gevoel dat as sy net op die vloer gaan lê het sou hy op haar hoogte geskiet het, wat hy het. Ek het so gewoond geraak aan die idee van selfpreservering. En ek het gedink dit het weggegaan, dat dit my verlaat het, want dit was verskeie jare na ek my man gelos het. Maar duidelik het dit nie, want dit was my eerste instink. 'Hoekom gaan lê jy nie net op die vloer nie?' ... [W]at vreeslik is. Hoekom moet sy daar wegkruip in die eerste plek?
>
> So, ek het begin dink, 'Hoe gaan ek met hierdie ding met Reeva werk?' En toe het ek 'n polisieman gaan sien wat die hooggeplaaste is in hierdie moord-ondersoek om uit te vind wat gebeur het. 'n Vrou soos Reeva is geskiet. Wat nou? En toe gaan ek na 'n forensiese departement waar hulle met wapens en natuurlik koeëls en alles werk. ... [D]it is die SAPD (Suid-Afrikaanse Polisiediens) se forensiese eenheid in Amanzimtoti. Dis waar ek daardie groot sakke gevind het [Figuur 3].
>
> En toe ek by die huis kom daarmee het ek gedink, '... Wat gaan ek hiermee doen?' en toe begin ek die boodskappe van Oscar se oom, wat hy gesê het, neer te skryf. En daar was baie, jy weet, soort van 'boys will be boys', wat ek ook in die gesig moes staar. Jy weet, ek was die 'gold-digger' en dit was net 'boys will be boys' ...
>
> So ek het dit alles gekry en dit begin neerskryf, en geborduur in my eie handskrif, wat nogal opvallend was op hierdie stukke Kevlar. Maar uiteindelik het my navorsing aanbeweeg na Oscar se Instagram-plasings, want hy het 'n waatlemoen van ver af raakgeskiet.[15]
>
> En glo my, my gewese man het my op die grond gehad, in ons einste slaapkamer, met 'n Glock gemik na die agterkant van my kop. En hy het gesê, Hoekom hardloop jy nie? Want as jy sou en ek tref jou in die arm, sal jy in elk geval sterf.' Dieselfde koeëls [as wat Oscar gebruik het], 'black talons'. Weer eens, dit was meer persoonlik as net, 'O wee, dis so aaklig, hierdie vrou is vermoor.'
>
> Ek het van 'n ingeligte perspektief geweet wat sy deurgegaan het.
>
> Maar ek dink ek het 'n mooi stuk werk vir Reeva gedoen. Dit was 'n appel, soos 'n Apple Mac-appel, omring deur mooi blarekranse van metaal. Dis 'n medalje, en bo-op was 'n klein Twitter-voëltjie, want sy het konstant *getweet* en sy was op Instagram en so aan. Dit was veel kleiner as die groter Oscar-medaljes ...

15 Advokaat Gerrie Nel (die staatsaanklaer) het Pistorius hieroor ondervra. In die video's kan gehoor word hoe Pistorius na die koeëls verwys as "zombie-stoppers". Vir meer inligting: https://youtu.be/oBiWu6iTy7Y.



***Figuur 3:*** *Walters. 2013. 'n Gedeelte van die Abject of Desire-installasie (Walters, 2024b).*

Volgens Walters (2024b) konfronteer dié uitstalling idees rakende toerekeningsvatbaarheid, spesifiek ook die aanhang wat professionele atlete geniet, die toerekeningsvatbaarheid van die media, en die atleet se korporatiewe borge (Sasol New Signatures, 2022).

Walters het stukke Kevlar, wat gebruik word vir koeëlvaste baadjies, by die SAPD se ballistiese eenheid in Amanzimtoti gekry. Hierdie stukke Kevlar word gewoonlik in groot wit sakke gestop, waarna gekonfiskeerde wapens, gewoonlik gevind by ernstige misdade, daarin getoets-vuur word [kyk Figuur 3], en daarom bevat die stukke Kevlar beskadigde koeëls en krytvlekke (Walters, 2023:48). Hiermee het sy 'n geherstruktureerde "spookasem"-Kevlar-kwilt geskep gevul met die opgestopte, beskadigde vierkante. Op hierdie item het sy Steenkamp se laaste Instagram-plasing geborduur: "I woke up in a safe, happy home this morning. Not everyone did …" [Figuur 4] (Walters, 2024b). Haar boodskap verwys na die moord en verkragting van Anene Booysen deur haar gewese kêrel en sy vriende die vorige week (Walters, 2023:48). Vier dae later is Steenkamp deur Pistorius doodgeskiet (Walters, 2024b). Hierdeur word 'n verskriklike ironie versinnebeeld – Steenkamp toon empatie vir 'n slagoffer van vrouemoord, net om self later ook 'n slagoffer te word.

Walters (2024b) vertel dat die kwilt vergesel is van groot vleklosestaalmedaljes wat gesny is met lasers, wat verwys na Pistorius se borge en hulle slagspreuke en sy medaljes. Die een medalje is omring deur 'n blommekrans van verbleikblomme (*Yesterday, Today and Tomorrow)*. In die medalje verskyn vier tekens van vroue, soos gevind by vrouebadkamers, wat hande vashou. Dit was 'n voorstelling vir die statistiek van daardie tyd – vier vroue word elke dag deur hulle intieme lewensmaats vermoor in Suid-Afrika (Walters, 2023:48). Volgens Walters (2023:48) is die ander medaljes gebaseer op Pistorius se borgskap-slagspreuke: "Part man, part god" (Thierry Mugler), "My body is my weapon" en "I am the bullet in the chamber" (Nike). Die uitstalling het ook 'n video-*performance* bevat (Sasol New Signatures, 2022).[16]

16 *Performance* in 'n kunshistoriese konteks verwys na kunstenaars wat hulle eie liggame en/of die liggame van ander toewy as kunsmedium in die skepping van hulle kuns. Hierdie tipe kuns vestig aandag op die artistieke proses, aangesien dit meer handel oor die ontstaan van die kuns as 'n

Hierdie uitstalling is ’n verwysing na Steenkamp en die omstandighede rondom haar dood, maar is ook ’n terugverwysing na Walters se eie ervaring van huishoudelike geweld. Daar is verder ’n verwantskap tussen die uitstalling se verwysings na Pistorius as ’n sportster en ’n oortreder en Walters se gewese man – self ’n bekende sportster en oortreder (Walters, 2024a). Walters maak in *Abject of Desire* ook gebruik van reklameveldtogte waaraan Pistorius deelgeneem het. In die konteks van die kunswerk word die betekenis daaragter egter verdraai, soos byvoorbeeld “I am the bullet in the chamber” verwys nou nie meer na Pistorius se spoed op die atletiekbaan nie, maar eerder na sy gewelddadige optrede teenoor Steenkamp. Die titel self, *Abject of Desire*, dui ook op Pistorius se veranderde openbare beeld: vanaf iemand met die publiek se guns na iemand wat nou deur die meerderheid van mense met walging beskou word.



***Figuur 4:*** *Walters. 2013. ’n Deel van die Kevlar soos uitgestal as deel van die Abject of Desire-installasie (Walters, 2024b).*

Die medaljes soos in die kunswerk word tradisioneel met ’n prestasie of ’n oorwinning geassosieer. In *Abject of Desire* kan die medalje oor Steenkamp dien as ’n viering en verering van haar lewe. In teenstelling hiermee skep die medaljes oor Pistorius ’n skerp kontras tussen sy vorige lewe as ’n sportster en sy huidige lewe as ’n moordenaar. Die kunswerk beklemtoon ook Pistorius se rol as die aggressor deur die grootte en aantal medaljes wat hom voorstel in teenstelling met die een kleiner medalje vir Steenkamp as die slagoffer.

Walters beduie dat sy Steenkamp se medalje veel kleiner, maar meer gedetailleerd as Pistorius se medaljes gemaak het. Sodoende word die heersende verspreiding van die aanvoel-

finale produk wat uitgestal kan word (Stiles, 2003:75). In verskeie tale is *performance* die gekose term eerder as ’n vertaling daarvan.

bare omgekeer deur die fokus op Steenkamp as die slagoffer van GGG te plaas. Die kunswerk beklemtoon ook die ironie van die media en die groter samelewing se aanhang van Pistorius, tegnies ’n moordenaar, as ’n aantreklike, gestremde, professionele atleet. Die uitstalling bevraagteken die samelewing wat aan Pistorius ’n hoorbare en sigbare platform bied, en verskuif die fokus na Steenkamp. Die grense rondom sigbaarheid en hoorbaarheid word uitgedaag en suksesvol verskuif, ten einde die slagoffer in te sluit by die samelewing. Sodoende word die bestaande *le tort* uitgelig. In hierdie sin is *le tort* die gedwonge onsigbaarheid en gebrekkige hoorbaarheid wat op slagoffers en/of oorlewendes van GGG afgedwing word ten gunste van of ter ondersteuning van die oortreder en hulle narratief.

Verwante konsepte, soos daargestel deur Rancière, word hier verder kortliks bespreek en toegepas op *Abject of Desire,* ten einde te ondersoek tot watter mate die kunswerk dien as ’n bydrae tot die groter diskoers jeens GGG. In die konteks van die kunswerk kan die *dēmos* of ook die *mense* beskryf word as die vroue as slagoffers en/of oorlewendes van GGG, spesifiek met verwysing hier na Steenkamp as die slagoffer van vrouemoord, en na Walters as oorlewende van huishoudelike geweld. Dit word verbeeld deur Steenkamp se medalje en Walters se borduurwerk op die Kevlar. Dade van *subjektivering* word deur die *mense* uitgevoer – hierdie *mense* dien as *politieke subjekte* wat *demokrasie* dryf deur die samelewing se grense uit te daag en in opstand kom teen die *polisie-orde*. Hierdie *mense* bevind hulself ook buite die heersende, aanvoelbare orde (Rancière, 2011:5). Rancière verwys verder na die mense as die *dēmos* – ’n Griekse term wat ‘algemene burgers’ beteken. Die *dēmos* (Engels: *dēmos*; Frans: *le dēmos*) verwys dus na ’n gemeenskap van *mense*, maar ook die *le tort* wat die gemeenskap verdeel (Rancière, 2004:103).

Die *ochlos* is die struikelblokke in die pad van geregtigheid wat hierdie vroue ervaar. *Ochlos* (Engels: *ochlos*; Frans: *l’okhlos*) is ’n Griekse term wat verwys na die massas, en in dié konteks verwys dit na die gemeenskap se soeke na eenheid, selfs ten koste van die *dēmos* (Rockhill, 2004:88). Slegs deur die *dēmos* se versteuring van die orde, soos gehandhaaf deur die *ochlos*, kan ’n *demokrasie* ontstaan. Dit kan spreek tot die uiters gebrekkige optrede deur die polisie, beperkte toegang tot die nodige gesondheidsdienste, en selfs laer inkomstevlakke. In die konteks van *Abject of Desire* word die *ochlos* verbeeld deur die insluiting van Pistorius se ou mediaveldtogte wat spreek tot sy status en aanhang as ’n professionele atleet, en die mate van geloofwaardigheid wat hy geniet het. Tot vandag toe glo sekere mense steeds in sy onskuld. In die uitstalling se konteks kan die *ochlos* ook verwys na die media se beperkte toerekeningsvatbaarheid en sosiale media se vurige ondersteuning van Pistorius, sowel as die finansiële en media-ondersteuning van Pistorius deur sy borge en aanhangers. ’n *Demokrasie* (Engels: *democracy*; Frans: *la démocratie*) verwys hier na politiese *subjektivering*, in die vorm van *dissensus*, wat die balans en/of ewewig van die polisie-orde omvergooi (Rancière, 2011:5).

Deur die fokus op die *dēmos* (Steenkamp en Walters as slagoffer en oorlewende van GGG) te plaas, ondersoek Walters hier die gedagte van *gelykheid*. *Gelykheid* (Engels: *equality*; Frans: *l’égalité*) in hierdie sin word gedefinieer as die ontwrigting van die bestaande orde van die aanvoelbare deur *subjektivering*. *Le tort* word belig, ten einde die groter samelewing se bestaande grense te verskuif en ’n universele vorm van politiek te laat gedy, naamlik dat almal gelyke status in die samelewing kan geniet (Rancière, 2004:30). ’n Gelykheid waar die dēmos gehoor en gesien word in dieselfde mate as die res van die samelewing – die stilte wat met GGG gepaardgaan word verbreek (Rancière, 2004:30). Sodoende word ’n demokrasie ook bereik – die dissensus ervaar. Die gebrekkige ondersteuning vir slagoffers van GGG word aangespreek en die demokrasie oorkom die polisie-orde, ten einde ’n nuwe verdeling daar te stel.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2849

### 4.3 *#OverMyDeadBody* (2022)

Na *Abject of Desire* het Walters verder navorsing oor vrouemoord in Suid-Afrika onderneem. Die aantal en erns van die stories wat sy in die media en op sosiale media gesien het, het haar genoop om iets verder daaroor te doen (Walters, 2024a). Hieruit het haar meestersuitstalling, *#OverMyDeadBody*, ontstaan. Walters stel dit soos volg:

> [E]k het weereens besluit dat ek met vroue gaan werk wat vermoor is, want na die Reeva Steenkamp-ding het ek daaroor opgelees en ek kon dit nie glo nie. Hoeveel vroue word vermoor? Ek het by SA Women Fight Back ['n Facebook-groep] en ander groepe teen geweld aangesluit en ek het gedink, 'Wel dis vreesaanjaend, maar doenbaar.'
>
> Ek het in die opwaskamer gestap en toe dink ek, 'Sunlightseep', en toe dink ek verder, 'Jy kan dit gebruik.'
>
> So ek het die monde begin kerf [met 'n mes]. Op daardie stadium was daardie Pule-meisie, wie se lewensmaat haar vermoor het terwyl sy agt maande swanger was met hulle kind, in my gedagtes.
>
> Terwyl ek haar mond gekerf het, was dit baie moeilik, want ek het alles oor haar gelees. En ek het gedink, 'Verbeel jou hoe sy daai ou moes smeek om haar nie te skiet nie. Hoe sy moes gesmeek het vir haar kind se lewe, vir haar eie lewe.' En hy het haar in elk geval geskiet en aan 'n boom opgehang.
>
> Dit raak aaklig. En ja, net na ek met die seep begin het, het my ma gesterf. En ek het na die begrafnisondernemer gegaan; ek het haar gesien, ek het te laat daar opgedaag ... En hulle het haar in hierdie materiaal toegedraai.
>
> Ek het na die begrafnisondernemer gegaan om goed uit te sorteer, en gedink: "Ek het daardie materiaal nodig." Ek het vir hulle gesê: "Kan ek dit koop?"
>
> [E]n toe het ek in die straat afgeloop en 'n geroeste bed met vere, net die vere, 'n dubbelbed, gesien. En ek het gedink, 'Ek gaan dit gebruik. Ek weet nie hoe nie.' En ek het dit met een hand opgetel en agter my aangesleep huis toe ... En toe het ek een van ons baie ou bedlakens onder op die grond in die tuin gesit en ek het die geroeste dubbelbed-ding daarop neergesit.
>
> En elke dag het ek hierdie groot pompaksie-ding ['n spuitbottel met 'n sneller], gevul met soutwater, gevat en ek het dit natgespuit vir twee maande om te sien hoe die roes met die bed sou werk – soos geweld wat deurdringend raak in 'n vrou.
>
> Vir my was dit die mees ontstellende werk, *#OverMyDeadBody III*. Die rede waarom ek die uitstalling so genoem het, was omdat ek so kwaad was dat net die regtig ekstreme gevalle die nuus haal. Daar was dinge wat ek gelees het waar hulle nie eers die vrou se naam genoem het nie. En ek het gedink, 'Nee, wel, dis net nie reg nie.' Ek wil hê hulle moet onthou word.
>
> Die stories is aaklig, een na die ander ... My eerste seepwerk, *The Unknown Woman*, hier dink ek aan landelike vroue en die feit dat hulle arm is, hulle het nie selfone nie, daar is nie polisiestasies nie. En ook is daar 'n kulturele perspektief dat dit maar reg is vir mans om hulle vroue te "dissiplineer".

> Toe kom ek op met die idee van ’n mond, en [in hierdie tyd] het ’n vrou ook verdwyn. En vir een of ander rede, twee jaar later, het die polisie die badkamer gaan opgrawe en haar geraamte gevind. Haar man het haar vermoor en begrawe, en toe die badkamer oorgedoen. Dis hoekom ek daardie eerste mond gedoen het ... Dit was eintlik nogal ’n moeilike proses ...
>
> Toe het ek my seun gekontak. Hy is die medebestuurder van *Virgin Music* in Suid-Afrika en ek het gesê, ‘Ek het iets soos dit nodig.’ En ek het vir hom iets van Etta James gespeel, terwyl sy probeer het om van heroïne af te kom. So, dit is iets hartseer, net die stem en so ...
>
> So toe kry hy ’n sanger en toe hy vir Mariechan Luiters, wat van ’n groep bekend as Jamali kom – sy is nou ’n solo-kunstenaar, verduidelik het sy gesê, ‘Ek sal nie jou ma iets [geld] vra nie. Ek is ’n oorlewende van huishoudelike geweld.’
>
> [S]y het vir die ingenieur gesê om die ligte af te sit. Sy het by die klavier gaan sit en sy het *Thula* gedoen ... en toe die werk uitgestal is, het ek gedink, ‘Hulle gaan dink ek het op die “bandwagon” gespring ...’ Maar dit was glad nie so nie.
>
> [J]ong mans het na my toe gekom met trane in hulle oë, hulle het gesê, ‘Kan ek jou druk? Ek is so jammer vir wat jy moes deurgaan.’ ’n Vrou het op die lykshuistafel gehuil omdat haar dogter verkrag is en al die studente teen haar gedraai het na sy dit gerapporteer het. En daar was ook ander vroue wat ook slagoffers is of was ...
>
> En mense het koekies seep gevat en gekerf op my ou mat ... en hulle het gekerf, en die een meisie het op een gekerf: “Ek is bang.”
> – (Walters, 2024a).

Walter se meestersuitstalling, *#OverMyDeadBody*, was haar onderneming om vroue wat deur hulle lewensmaats vermoor is, se stemme op ’n nadruklike hoorbare wyse te laat geld. As deel hiervan het Walters navorsing op sosiale media en die daaglikse nuus gedoen (Walters, 2024b). Die keuse van titel vir die uitstalling, *#OverMyDeadBody* spreek tot Walters se persoonlike



***Figuur 5:*** *Walters. 2022. #OverMyDeadBody I (Walters, 2024b)*


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2849

betrokkenheid by die groter stryd teen GGG en haar hoop om bewustheid rakende GGG te bevorder. Die hutsmerk laat die titel vertoon soos 'n sosiale mediaveldtog wat deesdae een van die voorkeur-maniere is om 'n wyer gehoor te bereik. Vrouemoord transendeer rasse- en sosio-ekonomiese groepe. Daarom het Walters genoop gevoel om 'n medium te gebruik waarmee die meerderheid van Suid-Afrikaanse vroue kan identifiseer (Walters, 2023:50). Volgens Walters (2023:50) het sy vir *#OverMyDeadBody I* blitstekeninge van haar eie mond gedoen, en met verskeie huishoudelike objekte geëksperimenteer.

Sy het besluit op Sunlightseep, ook aangesien die reuk daarvan en die bekendheid daarvan haar oortuig het dat dit sal werk as medium. Sunlightseep is ook iets wat in die meeste huishoudings gebruik word (Walters, 2024a). Walters het die vroue se monde op die reghoekige groen koekies seep gekerf en ook hulle name en ouderdomme ten tyde van hulle dood agterop gekerf [kyk Figuur 5] (Walters, 2024b). Sy het begin deur 'n foto van Pule aanlyn te vind, en Pule se mond met 'n tandeborsel en kerfgereedskap vir kinders daarin gekerf. Vir Walters het die mond die "mees akkurate, tog persoonlike, vorm van identifisering" geword (Walters, 2023:50). Die gekerfde seep het *#OverMyDeadBody I* opgemaak en is op deurskynende Perspexrakke uitgestal, wat die illusie geskep het dat die beelde in die lug sweef [kyk Figuur 5].

Walters het aanvanklik beoog om 'n mond te kerf vir elke vrou wat daagliks in Suid-Afrika vermoor word, maar sy het besef dit sal onmoontlik wees. Dit neem haar 'n dag om een mond te kerf, terwyl daar ongeveer vier vroue op 'n dag vermoor word (Walters, 2023:50). Agt-en-veertig vroue wat by hulle name genoem word, tussen die ouderdomme van 16 tot 64, word saam met *The Unknown Woman* uitgestal. *The Unknown Woman* stel die vroue voor wat nooit gevind word nie [kyk Figuur 6] (Walters, 2024b). Volgens Walters (2023:50) is die laaste seep 'n meer generiese kop-en-skouersvoorstelling wat meer breedweg spreek tot die vroue wat tans steeds vermoor word.



***Figuur 6:*** *Walters. 2022. The Unknown Woman (Walters, 2024b).*

Die individuele aandenkings is geïnspireer deur (vroulike) arbeid in die huishouding en die Sunlightseep. Soos seep verweer met gebruik, word die vroue se nagedagtenis al vaer met die verloop van tyd (Walters, 2023:57). Volgens Walters (2023:57) het sy gepoog om die seepbeelde so akkuraat as moontlik te maak, tog is die bedoeling hiermee nie om die slagoffers se nagedagtenis uit te buit of om sentimenteel te wees nie. Dit het eerder die doel om die slagoffers "werklik" te maak, verhewe bo die mediaverslaggewing van hulle ervarings.



***Figuur 7:*** *Walters. 2022. #OverMyDeadBody II (Walters, 2024b).*

Die tweede gedeelte, *#OverMyDeadBody II*, bestaan uit 'n oudiovisuele *performance* van 'n nabygefokusde blik van Walters se mond terwyl sy die name opsê van die vroue, sowel as die omstandighede rondom hulle dood. Die video is op 'n skerm geprojekteer met 'n mat daarvoor [kyk Figuur 7] (Walters, 2024b). Sy moes die video verskeie kere opneem, want sy het telkens baie emosioneel geraak: "Die slagoffers se ervarings was nie my eie nie, tog het dit my steeds diep geraak" (Walters, 2023:58). Volgens Walters (2023:59) ontstaan daar 'n verhouding tussen die kunswerk en die toeskouer, aangesien die toeskouer 15 minute van hulle tyd moet neem om die hele werk te ervaar. Op die mat was addisionele koekies seep en kerfgereedskap uitgepak wat die toeskouers die geleentheid gebied het om hulle eie kerfwerk op seep te doen (Walters, 2024b). Dit het 'n deelnemende benadering by die aanskouers ontlok, in so 'n mate dat Walters elke paar dae nuwe seep daar moes neersit (Walters, 2023:59).

*#OverMyDeadBody III* was vir Walters persoonlik 'n ontstellende werk, aangesien dit geïnspireer is deur haar eie ervarings (Walters, 2024a). Die geroeste oorblyfsels van die dubbelbed hang in die lug, vanaf die plafon, bo 'n ou katoenlaken [kyk Figuur 8]. Sy het die vorm van 'n vrou aan haar kant (die regterkant) van die huweliksbed geskep met oorblyfsels van die Sunlightseep wat sy daaroor gerasper het – so verteenwoordig sy die plek van haar vrees en waar sy die meeste geweld ervaar het (Walters, 2024b). Walters beskryf die matras in die lug as "'n plek waar rus en nabyheid lankal verdwyn het". Die matras se hoogte skep die indruk dat dit enige oomblik kan val en die oorblyfsels op die laken kan versprei. Volgens Walters spreek die vorm van dié vrou ook van haar afwesigheid (Walters, 2023:64).



***Figuur 8:*** *Walters. 2022. #OverMyDeadBody III (Walters, 2024b).*



***Figuur 9:*** *Walters. 2022. #OverMyDeadBody IV (Walters, 2024b).*

Die laaste gedeelte van die uitstalling, *#OverMyDeadBody IV*, bevat ’n lykshuistafel bedek met ’n lykkleed [kyk Figuur 9]. Op hierdie lykskleed het Walters die name van die vroue wat weens vrouemoord gesterf het, geborduur (Walters, 2024b). Die kunswerk is verder aangevul deur ’n roulied, gesing deur Marichan Luiters, wat self ’n oorlewende van huishoudelike geweld is. Die lied *Thula* is geïnspireer deur haar eie ervarings, en dien as ’n vorm van implisiete kennis (Walters, 2024b). Dit was moontlik ’n genesende proses vir Luiters gewees, en dit het haar as oorlewende hoorbaar gelaat. Die lied ontlok emosies van hartseer, rou en skuld by die aanskouers, wat bewustheid van GGG ervaar (Emmett, 2022). “Thula” beteken “stil” in Zulu (Walters, 2023:66). Dit kan verwys na die vroue se noodgedwonge stilte na hulle dood wat hulle vergete kan laat, en kan ook spreek tot die stilte en nie-aksie wat met ervarings van GGG gepaardgaan en die gebrekkige stelsels van reg en geregtigheid. Die woord “thula” verskyn ook in ’n bekende wiegeliedjie. So word herinneringe aan kinderdae en kinderlike onskuld ook opgeroep. In die konteks van die kunswerk spreek dit tot die verlies van hierdie onskuld, wat versluier word deur geweld, verlies en die dood.

*#OverMyDeadBody I* se uitbeelding van vroue se monde as die slagoffers van vrouemoord, sinspeel op die stilte wat weens GGG dikwels op vroue afgedwing word. Die monde, waarvan een uit tande vertoon, is konfronterend en ontsettend weerloos. Verder is die monde ontliggaam, asof die implikasie is dat hierdie aanbring van letsels die vrou se ooglopende identiteit word. Om daarna te kyk is uitmergelend – ’n mens kan nie anders as om diep ontroer te voel nie.

Die Sunlight-werke skep verder bewustheid aangaande die tipiese stilte en gebrekkige optrede rakende GGG. Walters se keuse om die monde van die vroue uit te beeld, skep ook ’n kontras tussen die sensualiteit wat allerweë met vroue se monde verbind word, en die werklikheid van die geweld wat die vroue ervaar het (Emmett, 2022). Vroue se voorkoms en sensualiteit word ook gereeld gebruik deur oortreders as verskonings vir hulle dade van GGG. ’n Mens se lippe is uniek– amper soos ’n vingerafdruk. Walters se uitbeelding van die vroue se lippe beklemtoon dus die individu agter die GGG-statistieke. So word die vroue weer hoorbaar en sigbaar vir ’n groter gehoor. Die lippe is verder so realisties as moontlik uitgebeeld om die slagoffers se individualiteit te beklemtoon.

Die koekies seep word op ooghoogte uitgestal, wat uitdagend teenoor die toeskouer kan voorkom. Die toeskouer word amper gedwing om vir die monde te kyk (Walters, 2023:57). Die aanskouers word direk gekonfronteer deur die monde en die ervarings van GGG en vrouemoord wat hulle voorstel. Die video-projeksie van Walters se mond in *#OverMyDeadBody II* maak die vroue as slagoffers sigbaar deurdat sy hulle ervarings met die aanskouers deel. Die beeld is spesifiek op Walters se mond gefokus. Die res van haar gesig word uitgeknip. Die nabye fokus op ’n onvoltooide beeld kan tot ’n gevoel van ongemak lei, aangesien die mens van nature die voltooide beeld wil sien. Hierdie gevoelens van ongemak plaas die fokus op Walters se woorde, en hoop om gesprekke rakende GGG en die impak daarvan te bevorder.

Hierdie kunswerk is op die oog af feitelik en poog nie om sensasioneel te wees nie (Walters, 2023:58). Die werk het ’n byna “koue” voorkoms wat toeskouers kan skok. Dit trek toeskouers se aandag en versterk dus die slagoffers se hoorbaarheid. Die toeskouer moet ook toegewyd teenoor die kunswerk wees, aangesien die video vir 15 minute duur.[17] Verder kan die toeskouer deelneem aan *#OverMyDeadBody II,* wat ook gevoelens van empatie kan ontlok. Hierdie ervaring kan genesend wees vir oorlewendes van GGG, aangesien hulle hulle ervarings of iets wat daaraan herinner, op die seep kan kerf en dit sodoende met “iemand” kan deel.

17 Die video kan hier besigtig word: https://mail.google.com/mail/u/0/?tab=rm&ogbl#inbox/FMfcgzQZSsCxmZBfVgBcXsvFWRdmNjGV?projector=1


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2849

*#OverMyDeadBody III* se fokus op die verweer van ’n bed tot die punt dat net die geraamte oor is, kan verteenwoordigend wees van die verweer wat ’n vrou ervaar weens gevalle van GGG. Dui op die vernietigende effek wat GGG op vroue het. Op die ou, gevlekte laken word die roes en stukke Sunlightseep in die erkende vorm van ’n vrou gerangskik. Dit verteenwoordig die afwesige vrou - spesifiek die slagoffers van vrouemoord (Walters, 2023:64). Op hierdie wyse maak die kunswerk hierdie vroue sigbaar. Die plasing van die roes en die Sunlightseep verwys, soos reeds genoem, na Walters se eie huweliksbed, aangesien sy aan die regterkant van die bed geslaap het (Walters, 2024a). In hierdie konteks word sy deel van die kunswerk as ’n vorm van implisiete kennis. Sodoende word Walters se eie ervarings hoorbaar en sigbaar. Gevolglik kan die kunswerk se skepping vir Walters dien as ’n vorm van genesing.

Die lykshuistafel en die lykskleed in *#OverMyDeadBody IV* verwys na die dood en sterflikheid, en hier spesifiek na vroue se dood weens GGG. Walters het die name van verskeie slagoffers van vrouemoord in haar eie handskrif met goue gare op die lykskleed geborduur (Walters, 2024b). So word sy self ook deel van die kunswerk en herinner dit aan haar eie ervarings as ’n vorm van gedeelde trauma. Sodoende dien haar kunsskepping ook as ’n moontlike deurwerk tot genesing. Die keuse van goue gare verwys na “mag, heiligheid, onsterflikheid en medemenslikheid” (Walters, 2023:65). Hierdie waardes en beginsels word simbolies aan die vroue se name gekoppel.

Walters het tydens die onderhoud genoem dat dit vir haar belangrik was dat die vroue – en hulle name – onthou moet word. Die kunswerk konfronteer dus die aanskouers met die vroue (48 word op hulle name genoem) en maak dit onmoontlik om hulle te vermy. Die aanskouers neem kennis van hulle name, ouderdomme en hulle ervarings. *Die polisie* in *#OverMyDeadBody I* kan beskryf word as bestaande verteenwoordigers van stigma en stilte rondom GGG wat besprekings daaromheen bemoeilik. Die gekerfde monde stel die slagoffers van GGG voor, maar beklemtoon ook terselfdertyd dat die vroue in stilte gehul is en nie meer oor die vermoë beskik om vir hulself te praat nie. As *die polisie* kan dit geïnterpreteer word as die stilte wat in die samelewing rondom GGG heers, maar ook as oorlewendes se vrees dat hulle veroordeel sal word en dus eerder stilbly. Hierteenoor kan *politiek* hier beskryf word as Walters se strewe om die vroue hoorbaar en sigbaar vir die aanskouers te maak – in teenstelling met die bestaande orde van die aanvoelbare. Die vroue se monde is so akkuraat as moontlik uitgebeeld, en deur hulle name en ouderdomme te deel, word hulle ook weer hoorbaar. Sodoende word ’n *herverspreiding van die aanvoelbare* daargestel. Die *dissensus* in hierdie konteks is die poging om die vroue, as buitestaanders, weer volwaardige lede van die samelewing te maak. Die samelewing se bestaande grense word uitgedaag en verskuif.

In die konteks van *#OverMyDeadBody II* kan die *dēmos* beskryf word as die vroue wie se ervarings van GGG deur Walters gedeel word, wat deur die werk hoorbaar gemaak word. *#OverMyDeadBody III* is ’n refleksie van die verwoestende effek wat GGG op vroue het. Die vorm van die vrou wat uit die stukkies Sunlightseep geskep is, stel ’n vrou (waarskynlik Walters) voor, maar sonder herkenbare eienskappe. Wie sy was en haar identiteit is deur haar ervarings van GGG aangetas. Hierdie beklemtoning van verwoesting spreek *le tort* aan, waarin geweld teenoor vroue aanvaar en verdoesel word. Walters plaas eerder met die kunswerk die fokus op die vrou en haar afwesigheid weens geweld.

In *#OverMyDeadBody IV* is die politieke subjekte die vroue wat deur die borduurwerk voorgestel word. Walters dien self ook as ’n politieke subjek in die konteks van hierdie kunswerk. Die vroue, en Walters self, oorskry, deur middel van die kunswerk, bestaande grense wat hulle in stilte en onsigbaarheid gelaat het. Sodoende word ’n herverspreiding van die aanvoelbare daargestel.

## 5. Slot

Vanuit die besprekings in hierdie artikel word dit duidelik dat kuns ’n belangrike rol speel in die bewusmaking van GGG en die vernietigende impak daarvan op die individu en die samelewing in geheel. Dit kan verder ook gebruik word om slagoffers en/of oorlewendes se hoorbaarheid en sigbaarheid te bevorder; om kuns te gebruik as ’n visuele ingryping wat vooropgestelde idees van wie en wat hoorbaar of sigbaar is te bevraagteken soos in *#OverMyDeadBody*. Kunstenaars soos Walters dra deur middel van hulle kuns ook by tot die groter diskoers jeens GGG. Haar kunswerke dien dus as goeie versetmiddele in die groter stryd teen GGG. Kuns kan selfs ’n vorm van genesing wees – soos Walters, wat haarself deel maak van haar kuns as ’n vorm van deurwerk deur trauma. In Walters se woorde: “So moet nie dat hulle vir jou sê dat kuns nie ’n verskil kan maak nie, want ek het self daaroor gewonder. Dit kan en dit doen.”

By verdere refleksie oor Walters en ander kunstenaars wie se werk begaan is oor GGG kan die vraag ontstaan of mens hier te make het met die estetisering van trauma, en of sodanige estetisering enigsins gepas is in hierdie konteks. Susan Sontag se publikasie *Regarding the pain of others* (2003) bied nuttige insigte hier. Sy stel dit (met verwysing na oorlogsfotografie) dat die representasie van die verskriklike as esteties, as kuns, beskou sou kon word as self-ondermynend – as ’n spektakel van die traumatiese. Om ’n tipe skoonheid te vind in die konteks van die afskuwelike mag daarom beskou word as ’n benadering wat nie reg laat geskied aan die erns van die onderwerp nie – maar desnieteenstaande argumenteer sy (2003:75-76) dat foto’s – en, by implikasie, kunswerke – in wese transformerend is. ’n Estetiese blik op iets afgrysliks maak die aanskoue daarvan meer intens; dit help om die beeld in die geheue af te ets – dit maak die visuele representasie meer aangrypend. Daarom is die gebruik van kuns as respons en bewusmakingsmiddel van GGG juis van toepassing.

## BRONNELYS


Bal, M. 1991. Visual rhetoric: the semiotics of rape. In *Reading Rembrandt: Beyond the word-image opposition*. Cambridge: Cambridge University Press. p. 60-93.

Carroll, M. 1992. The muted other: gender and mortality in Augustan Rome and eighteenth-century Europe. In Broude, M. & Garrard, M.D. (eds.) *The expanded discourse: feminist art history.* New York: Collins. p. 139-159.

Djamba, Y.K. & Kimuna, S.R. 2015. Introduction. In Djamba & Kimuna (eds.). *Gender-based violence: perspectives from Africa, the Middle East and India*. Springer: New York. pp.xi-xix.

Eaton, A.W. 2003. Where ethics and aesthetics meet: Titian’s *Rape of Europa*. *Hypathia,* 18(4):159-188. https://www.jstor.org/stable/3810979

Emmett, M. 2022. ‘Over my Dead Body’: giving voice to the victims of femicide. Daily Maverick, https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-02-28-over-my-dead-body-giving-voice-to-the-victims-of-femicide/ [26 July 2024].

Gevers, A., Jama-Shai, N. & Sikweyiya, Y. 2013. Gender-based violence and the need for evidence-based promary prevention in South Africa. *African Safety Promotion Journal*, 11(2):14-20.

Greely, R.A. 1992. Image, text and the female body: René Magritte and the Surrealist publications. *Oxford Art Journal,* 15(2):48-57. https://www.jstor.org/stable/1360500

Gubar, S. 1987. Representing pornography: feminism, criticism, and the depictions of female violation. *Critical Inquiry*, 13:712-741, Summer.

Magezi, V. & Manzanga, P. 2019. Gender-based violence and efforts to address the phenomenon: towards a church public pastoral care intervention proposition for community development in Zimbabwe. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 75(4):a5532. https://doi.org/10.4102/hts.v75i4.5532

Rancière, J. 2004. *The politics of aesthetics*. Translated from French by Gabriel Rockhill. London: Continuum.

Ranciere, J. 2011. The thinking of dissensus: Politics and aesthetics. In Bowman & Stamp (eds.). *Reading Rancière*. London: Continuum International Publishing Group. pp. 1-17.

Rockhill, G. 2004. Appendix i: A glossary of technical terms. In Rancière. *The politics of aesthetics*. London: Gabriel Rockhill. pp. 80-93.

SAKI (Sexual Assualt Kit Intiative). 2015. Victim or survivor: terminology from investigation through prosecution. *RTI International*, 1(1):1-2.

Sanjel, S. 2013. Gender-based violence: A crucial challenge for public health. *Kathmandu University Medical Journal*, 42(2):179-184.

Sasol New Signatures. 2022. Merit award winner: Andrea Walters (Durban). Sasol Signatures, https://www.sasolsignatures.co.za/blog/merit-award-winner-andrea-walters-durban [12 Nov. 2024].

Schindler, J. 2015. Expertise and tacit knowledge in artistic and design processes: results of an ethnographic study. *Journal of Research Practice*, 11(2). http://jrp.icaap.org/index.php/jrp/article/view/494/421

Smee, S. 2023. A great painter's novel attempt to compete with literature. The Washington Post, https://www.washingtonpost.com/arts-entertainment/interactive/2023/degas-interior-zola-hopper/ [09 December 2025].

Sontag, S. 2003. Regarding the pain of others. New York: Picador.

South African Police Service (SAPS). 2025. Police recorded crime statistics Republic of South Africa: second quarter of 2025-2026 financial year (July 2025 to September 2025). SAPS, https://www.saps.gov.za/services/downloads/2025/2025-2026_-_2nd_Quarter_WEB.pdf [11 December 2025].

Stiles, K. 2003. Performance art. In Nelson & Shiff (eds.). *Critical terms for art history*. 2nd ed. University of Chicago Press: Chicago. pp. 75-97.

Terry, G. 2007. Introduction. In Terry & Haare (eds.). *Gender-based violence*. Oxfam: Oxford. pp. xiii-xxiii.

Walters, A. 2023. *South African intimate partner femicide: Art as absent presence*. Durban: University of South Africa. (Dissertation – MA).

Walters, A. 2024a. The oeuvre of Andrea Walters [Online interview]. 16 Oct.

Walters, A. 2024b. Information about artworks [Email correspondence]. 4 Oct.

Yesufu, S. 2022. The scourge of gender-based violence (GBV) on women plaguing South Africa. *EUREKA:Social and Humanities*, 1(1):90-100.

## ADDENDUM 1

### Lys van figure

**Figuur 1:** Andrea Walters (geb. 1958). *’n Sambreel wat deel uitmaak van die Vrou:Vertaal-installasie* (2012). Gemengde media. (Walters, 2024b).
**Figuur 2:** Andrea Walters (geb. 1958). *Detail op een van die sambrele soos deel van die Vrou:Vertaal-installasie* (2012). Gemengde media. (Walters, 2024b).
**Figuur 3:** Andrea Walters. *’n Gedeelte van die Abject of Desire-installasieinstallasie* (2013). Gemengde media. (Walters, 2024b).
**Figuur 4:** Andrea Walters. *’n Deel van die kevlar soos uitgestal as deel van die Abject of Desire-installasie* (2013). Gemengde media. (Walters, 2024b).
**Figuur 5:** Andrea Walters. *#OverMyDeadBody I* (2022). Gekerfde Sunlightseep. (Walters, 2024b).
**Figuur 6:** Andrea Walters. *The Unknown Woman* (2022). Gekerfde Sunlightseep. (Walters, 2024b).
**Figuur 7:** Andrea Walters. *#OverMyDeadBody II* (2022). Video *performance.* (Walters, 2024b).
**Figuur 8:** Andrea Walters. *#OverMyDeadBody III* (2022). Gemengde media. (Walters, 2024b).
**Figuur 9:** Andrea Walters. *#OverMyDeadBody IV* (2022). Gemengde media, (Walters, 2024b).

# Suid-Afrika se sewende demokratiese administrasie (2024-2029) – ’n politieke omgewingsverkenning, tendensbepalings en toekomsgerigte perspektiewe

***South Africa’s seventh democratic administration (2024–2029) – a political environmental survey and future perspectives***

**André Duvenhage**
Navorsingsgenoot
Fakulteit Geesteswetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: andre.duvenhage@nwu.ac.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0003-0255-2602



André Duvenhage

**André Duvenhage** is ’n politieke wetenskaplike en navorsingsprofessor aan die NWU. Hy spesialiseer in die veld van politieke verandering soos toegepas op Suid-Afrika. Hy is ’n bekende in media- en joernalistieke kringe en word dikwels as politieke kommentator gehoor. Hy is reeds meer as 35 jaar verbonde aan akademiese instellings soos die UFS en die NWU. Sy groot belangstelling is die toekoms en hy werk ook in die veld van scenario-ontledings.

**André Duvenhage** is a political scientist and research professor at the North-West University (NWU). He specialises in the field of political change as applied to South Africa. He is well known in media and journalistic circles and is frequently heard as a political commentator. He has been affiliated with academic institutions such as the University of the Free State (UFS) and the North-West University (NWU) for more than 35 years. His primary interest is the future, and he also works in the field of scenario analysis.

## ABSTRACT

***South Africa’s seventh democratic administration (2024 – 2029) – a political environmental survey and future perspectives***

*The surprising outcome of the 2024 national and provincial elections, in which support for the ANC declined to approximately 40%, created the conditions for coalition politics and led to the establishment of a Government of National Unity (GNU) comprising ten political parties. The seventh democratic administration (since 1994) commenced amid high levels of political uncertainty within a rapidly changing national and international political landscape. It soon became evident that the GNU was confronted not only by major challenges on multiple levels,*

**Datums:**
Ontvang: 2025-05-19 Goedgekeur: 2025-09-01 Gepubliseer: Junie 2026

*but also by fundamental ideological differences among its coalition partners. Issues such as the composition of the executive, legislation adopted during the sixth administration, and, more recently, the approval of the national budget, have contributed to heightened uncertainty and, at times, pessimism among South Africans.*

*The central questions guiding this research are: What can be expected during the term of the seventh administration (2024–2029, if completed), and what impact might this have on the stability of the government and the broader political regime? Furthermore, what are the potential implications of the current political environment for the constitutional dispensation and democratic values?*

*By applying an analytical and methodological framework, key variables and trends will be identified, while possible trajectories will be projected and assessed. These variables include the dynamics of the state and political regime; a reconfigured political spectrum; the political economy; social challenges; and a changing international environment.*

*Scenario-oriented conclusions will be drawn with a focus on political stability and instability; state- and nation-building; the creation of a political and economic framework conducive to growth and development; the accommodation of minorities; democratic consolidation; responses to social challenges; and the reorientation of international relations within an evolving world order.*

*The general conclusion of this study is that South Africa faces a difficult road ahead, with the possibility of outcomes ranging from negative to extremely negative. The study argues that South Africa is in need of a new paradigm; however, the current political elite, particularly the ANC, appears unwilling to take the necessary steps and implement the adjustments required to move the country toward a more sustainable and prosperous future for all.*

**KEYWORDS:** 2024 election; coalition politics; Government of National Unity (GNU); political change; variables; political (in)stability; democratic consolidation

**TREFWOORDE:** 2024-verkiesing; koalisiepolitiek; Regering van Nasionale Eenheid (RNE); politieke verandering; veranderlikes; politieke (on)stabiliteit; demokratiese konsolidasie

## OPSOMMING

Die nasionale en provinsiale verkiesing van 2024 het as verrassende uitkoms gehad dat die ANC se steun dramaties gedaal het (met meer as sewentien persentasiepunte) en dat ’n Regering van Nasionale Eenheid (RNE) tot stand gekom het waaraan tien partye deelgeneem het. Dit was gou duidelik dat hierdie regering voor groot uitdagings te staan sou kom, intern binne die konteks van die RNE asook nasionaal (die huidige staatkundige bedeling), maar ook internasionaal binne ’n veranderende internasionale politieke omgewing. Dit laat die sewende demokratiese administrasie (sedert 1994) met reuse uitdagings en ook groot onsekerheid. Die doel van hierdie navorsing is ’n politieke omgewingsverkenning van kernveranderlikes wat oor die volgende vyf jaar, met of sonder die RNE, die toekoms gaan rig en bepaal. Uitgaande van ’n analities/metodologiese raamwerk sal daar op veranderlikes soos die politiesstaatkundige; ’n veranderende politieke spektrum; die politieke ekonomie; maatskaplike uitdagings, en ’n veranderende internasionale omgewing gekonsentreer word. Tendensbepaling (handhawing of verandering) met scenario-gerigte gevolgtrekkings en evaluerings sal ten slotte gedoen word.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

## 1. Inleiding

Anders as tydens die nasionale en provinsiale verkiesing van 2019 waarin die ANC polities oorheers het op nasionale vlak, asook in agt provinsies, was die uitkoms van die 2024-verkiesing en die daaropvolgende sewende administrasie iets heeltemal anders. Met die ANC wat in teenstelling met talle analiste en waarnemers op 'n dramatiese en onverwagse wyse hul volstrekte meerderheid verloor het (40,13% op nasionale vlak), was die weg gebaan vir koalisiepolitiek wat uitgeloop het op die nou reeds bekende Regering van Nasionale Eenheid (RNE) (Akinwotu & Bartlett, 2024). Hierdeur is 'n nuwe tydvak vir die Suid-Afrikaanse politiek en ook vir die demokratiese bestel in Suid-Afrika ingelui (SA News, 2024).

Tans ervaar Suid-Afrikaners groot onsekerheid ten opsigte van die toekoms weens sake soos die promulgering en/of implementering van radikale wetgewing; internasionale betrekkinge en belynings, met selfs internasionale sanksies wat nie uitgesluit kan word nie; staatkundige en institusionele verval – veral, maar nie uitsluitlik op plaaslike regeringsvlak nie; die opkomende plaaslike regeringsverkiesing; onstabiliteit binne die RNE; eskalerende ekonomiese en maatskaplike uitdagings; tendense wat met *misdaadstate* geassosieer word, en 'n falende strafregstelsel wat wet en orde moet handhaaf, misdaad beveg en korrupsie moet teenstaan. Boonop moet 'n ANC-konferensie, waarin 'n opvolger vir Ramaphosa aangewys word, teen min of meer die einde van 2027 plaasvind. In eie reg is laasgenoemde 'n veranderlike wat die politieke toneel op eiesoortige wyse drasties kan verander en reeds 'n aanvang geneem het.

Met huidige hoë vlakke van onsekerheid in Suid-Afrika kan daar met reg gevra word wat in die land kan gebeur tot en met die volgende nasionale en provinsiale verkiesing – na alle waarskynlikheid in 2029? Die tydperk, ook na verwys as "die sewende administrasie", staan in die teken van fundamentele verandering met transformatiewe veranderinge wat tans internasionaal aan die orde is, groot grondverskuiwings binne die Suid-Afrikaanse politiek, en 'n plaaslike verkiesing wat om die draai is. Wat hou die kort en medium termyn in vir die Suid-Afrikaanse politiek? Midde-in 'n maalkolk van veranderinge kan daar met reg vrae gevra word oor die politieke toekoms van Suid-Afrika en wat dit vorentoe mag inhou.

Die doel van hierdie navorsing is 'n politieke omgewingsverkenning van kernveranderlikes wat oor die volgende sowat vyf jaar (tot en met die volgende algemene verkiesing) die toekoms gaan rig. Kernveranderlikes sal geïdentifiseer, ontleed, beoordeel en geprojekteer word. Met laasgenoemde as uitgangspunt sal samehange (konsepscenario's) geïdentifiseer word, met as doel die identifisering van tendense of tendensveranderinge op die pad vorentoe.[1] 'n Basiese analitiese raamwerk sal gebruik word vir die identifisering van kernveranderlikes. Dit sal gebruik word om die veranderende konteks te rekonstrueer en waarskynlike tendense te identifiseer. Die standaard scenario-metodologie is onderliggend aan die metodologiese uitgangspunte, hoewel dit nie in al die stappe sigbaar sal wees binne die teks nie. Die doel is nie die volledige ontwikkeling van makro-scenario's nie, maar net 'n omgewingsverkenning waarin bepaalde tendense geïdentifiseer word, met gevolgtrekkings ten opsigte van die pad vorentoe.

1 Hierdie navorsing bou voort op bestaande navorsing wat oor die laaste dekade of meer oor hierdie onderwerp en/of verbandhoudende onderwerpe gedoen is. Navorsing sal bygewerk word, nuwe perspektiewe ontsluit word en nuwe data/inligting soos benodig bygevoeg word.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

Die volgende navorsingsdoelwitte word gestel:

- Teoretiese en metodologiese uitgangspunte
- Kontekstuele perspektiewe
- Kernveranderlikes (polities-staatkundig; 'n veranderende politieke spektrum; die polities-ekonomiese; maatskaplike uitdagings; 'n veranderende internasionale omgewing)
- Tendensbepaling/-handhawing/-verandering
- Scenariogerigte gevolgtrekkings
- Evaluerende perspektiewe

## 2. Teoretiese en metodologiese uitgangspunte

Die bestudering van die toekoms (*futurologie*[2]) is die sistematiese, interdissiplinêre bestudering van 'n omgewing (of onderdeel van 'n groter omgewing), die wyses hoe hierdie omgewing moontlik kan verander en die waarskynlike en/of alternatiewe uitkomste daarvan. Laasgenoemde word soms as scenario's voorgehou. In die woorde van Bell (2025:1):

> "(...) people try to know not only what is happening now, but also what might happen, what could happen or what will happen in the future given certain conditions". Die bestudering van die toekoms ")...) explore(s) alternative futures in order to assist people in choosing and creating their most desirable future".

Bogenoemde vorm ook die algemene uitgangspunt van hierdie studie, wat verdere teoretiese en metodologiese uitgangspunte onderlê.

In 'n poging om 'n sterker wetenskaplike begronding aan die bestudering van die toekoms te gee, word daar telkens van 'n scenario-metodologie gebruik gemaak. Hierdie metodiek is veral bruikbaar in omgewings waar daar groot onsekerheid bestaan, soos wat tans binne die Suid-Afrikaanse konteks op talle vlakke ervaar word – midde-in 'n bykomende omgewing van snelle, selfs "transformatiewe" internasionale veranderinge. In die woorde van die bekende scenario-analis Peter Schwartz (1991:3-4) word 'n scenario beskryf as:

> "... a tool for helping us to take a long view in a world of uncertainty. ... Scenarios are stories about the way the world might turn out tomorrow, stories that can help us recognize and adapt to changing aspects of our present environment ... Scenario-planning is about making choices today with an understanding of how this may turn out tomorrow".

Met bogenoemde as agtergrond definieer Schwartz (1991:4) 'n scenario as: "a tool for ordering one's perceptions about alternative future environments in which one's decisions might be played out. Alternatively: a set of organized ways for us to dream effectively about our own future".

---

[2] Die bestudering van die toekoms is allermins 'n nuwe verskynsel en is histories so oud soos die mens en die samelewings waarbinne hul geleef het. Kalenders, horlosies en die gebruik hiervan deur antieke beskawings is voorbeelde in hierdie verband. Die meer sistematiese, wetenskaplike en interdissiplinêre bestudering van die toekoms is baie meer onlangs. Thomas More se *Utopia* (1516) is 'n klassieke bydrae, en meer onlangs die werk van FL Polak (*The image of the Future,* 1973), asook *The art of conjecture* deur Bertrand de Jouvenel (1961) is enkele voorbeelde in hierdie verband. Die studieveld word ook ondersteun deur militêre beplanning; die intelligensie-omgewing; literatuurbydraes (byvoorbeeld die werk van Georg Orwell en andere); staatsbeplanning en -projekte; beleidsbeplanning en -uitvoering, en selfs die filmbedryf.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

Eenvoudig gestel impliseer ’n scenario-metodologie die identifisering en kategorisering van kernveranderlikes wat die aspek van die toekoms wat bestudeer word oor ’n gegewe termyn sal beïnvloed; ’n ontleding van die kritieke veranderlikes; die projektering van hierdie veranderlikes op die toekoms (tydraamwerk- en brandpuntgerig); die identifisering en seleksie van moontlike uitkomste (alternatiewe scenario’s), en ’n ontleding van die strategiese implikasies daarvan. Hoewel hierdie benadering op verskeie maniere toegepas kan word (makro- versus mikro-scenario’s; strategiese versus ideaal-tipiese scenario’s, ensovoorts), is die brandpunt van hierdie studie nie die ontwikkeling van volledige scenario’s nie, maar dit gaan uit van ’n bepaalde narratief (prototipe scenario’s); die bepaling van tendense op die pad vorentoe. Met as tydraamwerk die periode 2024–2029 (die termyn van die sewende administrasie van Suid-Afrika toegespits op regeringsverandering en regime-dinamika teen die groter agtergrond van makro-staatkundige veranderinge wat besig is om nasionaal en internasionaal uit te speel), sal waarskynlike tendense, patrone, en uitdagings blootgelê word. Regeringstabiliteit en stabiliteit van die groter politieke stelsel (regime-stabiliteit) vorm ’n sentrale brandpunt van hierdie ondersoek.

Met die oog op hierdie studie word politieke stabiliteit (uitgaande van ’n groter politieke stelselperspektief/-benadering) gedefinieer as:

> (...) the regularity of the flow of political exchanges. The more regular the flow of political exchanges, the more stability. Alternatively, we might say that there is political stability to the extent that members of society restrict themselves to the behaviour patterns that fall within the limit imposed by political role expectations. Any act that deviates from these limits is an instance of political instability (Ake, 1975:273).

Met bogenoemde as uitgangspunt word politieke stabiliteit voorgehou as die politieke gedrag van rolspelers (hoe ook al gedefinieer) wat betrokke magsbasisse/stelsels (owerheid en regering binne ’n betrokke staatsverband) stabiliseer deur die aanwesigheid van ordelike en reëlmatige prosesse, konsekwent toegepas en waarin die gedrag van rolspelers meestal voorspelbaar is. Politieke onstabiliteit daarenteen beteken dat die optrede van rolspelers destabiliserend en ondermynend vir die stelsel en stelselprosesse kan wees (negatiewe politieke terugvoer); en dat gebrekkige orde en reëlmaat teenwoordig is, asook inkonsekwenthede in die optrede en rolspel van politieke akteurs, wat politieke uitkomste meestal moeiliker voorspelbaar maak (Duvenhage, 2023c:10-11).[3] Verbandhoudende konsepte sluit in *chaotiese stelsels* (’n wanordelike stelsel met onvoorspelbare gedragspatrone, onreëlmatighede en inkonsekwenthede); *stelsel-entropie* (wisselvalligheid en onreëlmatigheid); *stelsel-inploffing* (’n stelsel wat in duie stort); en *stelsel-ontploffing* (revolusie en erge politieke onstabiliteit/verval).[4]

Die kernvraag is derhalwe wat in Suid-Afrika verwag kan word in die periode 2024–2029 (die sewende administrasie), en hoe kan dit inwerk op stabiliteit/onstabiliteit van die regering en die groter regime, met implikasies daarvan vir die grondwetlike bestel en demokratiese waardes?

---

3 Raadpleeg Ake (1975:271-283) en Duvenhage (2023c:1-32) vir ’n deeglike konseptualisering van politieke stabiliteit/onstabiliteit binne die raamwerk van ’n stelselperspektief asook die toepassing daarvan op die Suid-Afrikaanse konteks.

4 Vergelyk Duvenhage (2020:5-9) vir meer besonderhede oor bogenoemde konsepte. Vir S.P. Huntington (1968:266) is ’n politieke revolusie niks anders nie as ’n ontploffing van politieke deelname wat die bestaande stelsel/regime omverwerp.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

Om hierdie vraag te beantwoord word 5 klusters van veranderlikes geïdentifiseer, naamlik: Die Suid-Afrikaanse staat; ’n veranderende politieke spektrum en hersamestellings; die politieke ekonomie van Suid-Afrika; maatskaplike uitdagings, en ’n veranderende internasionale omgewing. Kernveranderlikes sal binne hierdie kontekste geïdentifiseer en ontleed word. Waar moontlik sal tendense geïdentifiseer word, en tendensbepaling gedoen en tendense ook geëkstrapoleer word. Die brandpunt/onderwerp is politieke stabiliteit/onstabiliteit en die moontlike impak hiervan op demokratiese en grondwetlike waardes oor die periode 2024-2029.

Voordat hierdie ontleding gedoen kan word moet ’n kort agtergrondkonteks van die aanloop tot die sewende administrasie geskets word.

## 3. Agtergrondperspektief

Die doel van hierdie afdeling is bloot die bepaling van ’n makro-konteks as algemene uitgangspunt vir die beoogde studie en geensins ’n diepgaande ontleding van wat gelei het tot die huidige omgewing en stand van sake nie.[5]

Die vervanging van Jacob Zuma (waarskynlik vandag steeds een van die gewildste politici in Suid-Afrika) met Cyril Ramaphosa gedurende 2017–2019 het ’n dinamika binne die ANC (op daardie tydstip die oorheersende hegemonie in Suid-Afrika) veroorsaak wat die weg gebaan het vir wat as ’n *kantelpunt* in die Suid-Afrikaanse politiek voorgehou kan word (vergelyk Duvenhage, 2020a:241-268; 2020b:137-162). ’n *Kantelpunt* (“tipping point”)[6] verwys na ’n soms kleiner krag of gebeurtenis wat meestal ’n reeds bestaande onstabiele situasie by ’n drempelpunt verby neem en ’n nuwe rigting van verandering definieer vir ’n bepaalde status quo. R.W. Johnson (2021) het die situasie in Suid-Afrika beskryf met die woorde: “almost everything is going wrong ... And things are out of control.” Hiermee word nie spesifiek net na die ANC-dinamika onder Ramaphosa verwys nie, maar ook na groter polities-staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en internasionale uitdagin.[7] Opsommend kan daar gestel word dat die Suid-Afrikaanse polities-staatkundige bedeling toenemend in krisis verkeer en dat dit nie ’n kwessie is van óf daar verandering gaan wees nie, maar eerder hoe dit gaan gebeur, wanneer en wat die implikasies daarvan vir die status quo sal beteken.[8]

Indien daar ’n spesifieke datum op die *kantelpunt* geplaas moet word, sal dit waarskynlik 9-17 Julie 2021 wees toe geweld in KZN uitgebreek het teen die agtergrond van die inhegtenisneming van Jacob Zuma (die voormalige president) weens minagting van die hof na aanleiding van sake wat met korrupsie en staatskaping verband gehou het. Siswe Zikalala (leier van die ANC in KZN ten tyde van die geweld) het dit soos volg beskryf: “It was deliberately

---

5 Vir ’n deeglike en volledige agtergrondperspektief van wat ons tot by hierdie punt gebring het, kan Duvenhage (2020a:241-268; 2020b:137-162; 2023a:116-148; 2023c:1-32) en Johnson (2019a; 2019b; 2020a; 2020b; 2020c, 2021; 2023) geraadpleeg word. Sommige van hierdie aspekte word ook in meer besonderhede in die volgende afdelings bespreek.

6 Vergelyk Gladwell (2000) vir ’n teoretiese grondslag en konseptualisering van kantelpunte en hul implikasies. Nathan (2013:20-27) beklemtoon dat ’n kantelpunt verwys na “... a paradoxical class of events which are inevitable but not predictable”. Vergelyk ook Duvenhage (2023:5-8) vir besonderhede oor die konsep en hoe dit toepassing vind binne die Suid-Afrikaanse konteks.

7 Vergelyk ook Johnson (2015; 2019; 2020a; 2020b; 2020c; 2021a; 2021b; 2023) vir ’n meer volledige perspektief oor die aard en inhoud van politieke, ekonomiese en maatskaplike uitdagings in hedendaagse Suid-Afrika en wat in die toekoms verwag kan word.

8 Hierdie terreine word volledig in die volgende afdeling toegelig en ontleed. Vir besonderhede oor politieke onstabiliteit en onsekerheid in Suid-Afrika kan Anoniem (2019), Bloomberg (2020), Gumede (2021), *Daily Investor* (2022), Majozi (2023) en Malan (2023) geraadpleeg word.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

started and orchestrated (...) and had an element of undermining the state – an insurrection." Die ANC-regering het die geweld beskryf as 'n poging "(...) to cripple the economy, cause social instability and severely weaken – or even dislodge, the democratic state" (Cotterill,2021:3). Dit was duidelik dat ook die staatsveiligheidsagentskap (SVA), en senior politieke rolspelers met 'n verbintenis tot Jacob Zuma (Matlala, 2021), daarby betrokke was. Hierdie was die grootste en mees gewelddadige verset teen die demokratiese bestel sedert 1994, met verreikende implikasies vir die groter staatkundige en politieke bestel in Suid-Afrika.[9]

Met die KZN-opstand of rebellie (myns insiens 'n regime-ondersteunde opstand vanuit die ANC teen die ANC in regering) nog vars in die geheue het die plaaslike verkiesing van 2021 plaasgevind. Teen die agtergrond van eskalerende staatskuld in die algemeen (munisipale skuld in besonder), diensleweringverswakking (beurtkrag, soms gebrekkige watervoorsiening – deesdae meer algemeen); die verval en ineenstorting van infrastruktuur; verdeeldheid binne die ANC en die groter familie of "broad church"; beperkte ekonomiese groei en groeiende werkloosheid het die verkiesing 'n aanvang geneem. Die uitkomste van die verkiesing het die politieke kantelpunt bevestig en die volgende is belangrik:

- Vir die eerste keer, nasionaal gesproke, verloor die ANC 'n verkiesing deur nie 'n volstrekte meerderheid te behaal nie. Die uitslag van die plaaslike verkiesing het op nasionale vlak die ANC op 47,5% geplaas. Sowat 70 plaaslike munisipaliteite het nie volstrekte meerderhede behaal nie, en *koalisiepolitiek* op 'n uitgebreide skaal (in die verlede was dit baie meer beperk) was aan die orde van die dag;
- ANC-steunverliese was veral merkbaar in die groot metropole in Suid-Afrika, met patroonmatighede soos 'n onvermoë tot vinnige en effektiewe besluitneming en selfs politieke onstabiliteit. Beide het negatief ingewerk op goeie regeerkundige praktyke, dienslewering en effektiewe regering.
- Partye met gekonsolideerde en/of gefokusde steunbasisse (soms met 'n identiteitsgrondslag) het in die algemeen beter presteer. Die DA, die tweede sterkste party (nasionaal gesproke) het effens gekonsolideer na sy swak prestasie van die 2019-verkiesing.
- Dit was toe reeds duidelik dat die 2024-verkiesing 'n waterskeidingsverkiesing sou wees. Dit is beklemtoon deur onder meer Roger Southall (2022), Theuns Eloff (2022), en politieke figure wat Thabo Mbeki en Kgalema Motlanthe ingesluit het.

(Duvenhage, 2022:187-214).

Met die terugslag van die 2021-verkiesing nog vars in die geheue het die Phala Phala-episode gevolg op grond waarvan President Ramaphosa aangekla is vir geldverduistering, geldwassery,

9 Amptelike syfers het gedui op meer as 300 mense wat gedood is terwyl die getal informeel op heelwat meer bereken is (Erasmus & Hlangu, 2021:1-3). Ekonomies en finansieel is die aanvanklike skade op R12 tot R20 miljard gestel, maar later tot R50 miljard verhoog (Hanley, 2021:1-7; Africa, 2022). In KZN is 161 inkopiesentrums, 11 pakhuise, 8 fabrieke, meer as 200 drankwinkels, 300 banke en poskantore, 1400 OTM'e, 90 apteke en 40 000 besighede geaffekteer deur verliese en/of plundering en vernietiging. Tot 150 000 werksgeleenthede is daardeur in gevaar gestel (Vhumbunu, 2021; Cotterill, 2021:3; Harding, 2021:4; Hanley, 2021:1-7; Africa, 2022 en Thamm, 2021:2). Die tendens het ook na Oos-Gauteng uitgebrei maar was heelwat meer beperk in beide omvang en skade.

10 Arthur Fraser ('n voormalige hoof van die SSA en later Direkteur-Generaal van Korrektiewe Dienste, met steun van die RET-groepering binne die ANC), het die saak teen Ramaphosa aanhangig gemaak. Eersgenoemde het in sy posisie as DG by Korrektiewe Dienste Jacob Zuma se omstrede mediese parool wat tot sy vrylating uit die tronk gelei het, goedgekeur.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

korrupsie en ontvoering.[10] Hierdie aanslag het op ’n tydstip gekom waarin Ramaphosa se posisie onder geweldige druk geplaas is na die bevindinge van ’n parlementêre kommissie oor die skuld van die president. Hy het dit volgens mediaberigte selfs oorweeg om te bedank.[11]

Aan die vooraand van die 2024-verkiesing kan die omstandighede so saamgevat word:

- Eskalerende politieke onstabiliteit as gevolg van ’n kombinasie van politieke, ekonomiese, maatskaplike, veiligheids- en ook internasionale omstandighede (die geweld in KZN is ’n voorbeeld in hierdie verband);
- *Staatsverval* met ’n onvermoë tot dienslewering op talle vlakke (in besonder maar nie uitsluitlik nie, plaaslike regering), inbegrepe water- en elektrisiteitsvoorsiening, ander basiese dienste en infrastrukturele uitdagings;
- Tendense uit vorige verkiesings wat dui op groterwordende politieke apatie, dalende steun vir die regerende ANC sedert 2004 (minder as 50% steun in die 2021-plaaslike verkiesing); ’n sterker identiteitsoriëntasie, en ’n groter aantal partye wat aan die verkiesing deelneem;
- ’n Veranderde kiesstelsel wat op ’n gekwalifiseerde grondslag nou ook vir individue voorsiening maak om aan nasionale en provinsiale verkiesings deel te neem;[12]
- Beperkte ekonomiese groei (ongeveer 1% oor die laaste dekade) en talle ekonomiese en finansiële uitdagings, insluitend oorregulering van die ekonomie; ’n beperkte en uitgeputte belastingbasis; ’n groeiende buitelandse skuldlas; de-investering in die ekonomie (binnelands sowel as buitelands); die vervreemding van internasionale handelsvennote, veral die Weste, en infrastrukturele beperkinge;
- Hersamestellings op die politieke spektrum met nuwe akteurs wat toetree en *koalisiepolitiek* as ’n sterk moontlikheid, beide nasionaal en ook in die provinsies Gauteng en KZN;
- Verskeie meningspeilings het die ANC-steun onder 50% geplaas, en selfs tot so laag as 38-39%.
- Akademici wat fundamenteel verskil het oor die uitkoms van die verkiesing.[13]

Teen die agtergrond van ’n betreklike vry en regverdige verkiesingsproses[14] het die uitslag daarvan as ’n reuse skok vir die regerende ANC gekom, met steun wat gedaal het van 57,5% (2019) tot 40,13% (2024).

’n Samevatting van die prestasie van die belangrikste politieke partye tydens die 2024-verkiesing sluit in: ANC (40,18%); DA (21,8%); MK (14,59%); EFF (9,52%); IVP (3,85%); PA (2,05%) en VF Plus (1,36%) (IEC, 2024a; 2024b).

---

11 Ramaphosa is egter deur invloedryke politieke en korporatiewe leiers oortuig om wel aan te bly nadat hy volgens mediaberigte skynbaar sy bedankingsbrief reeds uitgeskryf het. Dít is egter deur die president ontken (Eyewitness News, 2024).

12 Vir besonderhede oor wysigings en beoogde wysigings aan die kiesstelsel en die toepassing daarvan kan die volgende bronne geraadpleeg word: Republic of South Africa (2023); Electoral Amendment Act (2024); Electoral Commission of South Africa (2024) en IEC(2024).

13 Vir meer besonderhede en motivering van bogenoemde sake kan Johnson (2015; 2019; 2020a; 2020b; 2020c; 2021a; 2021b) en Duvenhage (2020a:241-268; 2020b:137-162; 2023a:116-148; 2023c:1-32) hieroor geraadpleeg word.

14 Voor die uitslag van die 2024-verkiesing bekend gemaak is, was daar reeds 579 klagtes geregistreer, maar was nie substantief van aard nie en die verkiesing is vry en regverdig verklaar (SABC-elections:2024:1-7).


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

Die volgende uitkomste was kenmerkend van die 2024-verkiesing:

- Die ANC verloor sy volstrekte meerderheid met die noodwendigheid van koalisiesluiting op nasionale vlak;
- Provinsiaal was koalisies ook nodig in Gauteng, KZN en Noord-Kaap. (In laasgenoemde het die ANC 49% steun gekry, samewerking met ’n opposisieparty was derhalwe ook nodig).
- Politieke apatie (of nie-deelname aan die verkiesing) was hoog, met net 16,2 miljoen van die 27,7 miljoen geregistreerde kiesers wat wel gaan stem het. (Dit beteken dat 11 miljoen stemgeregtigdes nie gaan stem het nie.) Bereken as persentasie van alle stemgeregtigdes is dit net sowat 41% potensiële kiesers wat gestem het – 15% minder as die gemiddelde bereken vir sowat 173 state (vergelyk HSRC, 2024:1-11; Mbete, 2024:1-2).
- Soos met vorige verkiesings het identiteit (ras, klas, kultuur en gender) weereens ’n belangrike rol gespeel. Dit word weerspieël in die groot aantal partye wat goedgekeur is om deel te neem (70), waarvan 52 partye uiteindelik deelgeneem het (Mbete, 2024:1-2).
- Die diep verdeelde aard van die Suid-Afrikaanse politiek word duideliker in die politieke prosesse weerspieël en het as uitkoms eskalerende konflik (soms net latent), die noodwendigheid van politieke samewerking nieteenstaande diepliggende verskille met koalisiepolitiek as uitkoms, en patrone van politieke onstabiliteit wat telkens na die oppervlak gekom het.

Teen die agtergrond van die uitkoms van die verkiesing was *koalisiepolitiek* nou ook noodsaaklik en het die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) tot stand gekom, en koalisies is in twee provinsies gevorm, asook ’n samewerkingsooreenkoms tussen die ANC en die VF Plus in die Noord-Kaap. Hierdie was die grootste politieke grondverskuiwing sedert 1994, met verreikende implikasies vir nie net die regerende ANC nie, maar die staatsbedeling in die algemeen. (Raadpleeg Akinwotu & Bartlett, 2024; Mpani, 2024; Roberts, Muller & Struwig, 2024; en SA News, 2024 vir die ondersteuning van hierdie perspektief.)

’n RNE kan voorgehou word as ’n breë koalisie van politieke partye verteenwoordigend van die politieke spektrum, tot stand gebring teen die agtergrond van ’n bepaalde regeringskrisis of ernstige probleem wat breër konsensus vereis. Die RNE is saamgestel uit tien partye[15] en funksioneer ingevolge ’n Verklaring van Voorneme (in navolging van die Grondwet en die Handves van Menseregte), wat die volgende beklemtoon:

- Inklusiewe groei en werkskepping;
- Die vermindering van armoede en die aanpak van hoë lewenskoste;
- Die bou van en ontwikkeling van ’n sterk en etiese staat met ’n ontwikkelingsgerigtheid en grondslag.

(The GNU’s founding Statement of Intent – ANC/DA, 2024:1-3)

Met die daarstelling van die RNE is die Suid-Afrikaanse politiek op ’n nuwe trajek geplaas en dit was duidelik dat Suid-Afrika nie net oor die laaste vyf jaar of meer drasties verander

[15] Die partye ter sprake het ingesluit ANC (40,18%/159 lede); DA (21,8%/87 lede); PA (2,05%/8 lede); VF Plus (1,36%/6 lede); UDM (0,49%/3 lede); Rise Mzansi (0,42%/2 lede); PAC (0,23%/1 lid); Al Jamah 90,2%/2 lede); en GOOD (0,18%/1 lid) (PMG:2024:1-2).

het nie, maar dat daar waarskynlik nog groter verandering voor die deur lê. Teen die agtergrond van die voorafgaande kontekstualisering word daar nou verder gekonsentreer op daardie veranderlikes wat oor die volgende vyf jaar daadwerklike verandering in Suid-Afrika teweeg kan bring, en die belangrikste waarskynlike uitkomste in hierdie verband.

## 4. Kernveranderlikes (2024-2029)

In die lig van hierdie navorsing word veranderlikes in vyf klusters (ook na verwys as kontekste) verdeel. Die klusters sluit in die Staatkundige konteks; Politieke hersamestellings; die Polities-ekonomiese konteks; die Maatskaplike konteks en die Internasionale konteks.

### *4.1 Die staatkundige konteks*

#### *4.1.1 Verswakkende staatstendense*

Max Weber (1964:154) beskryf ’n sterk staat (effektiewe, funksionerende en doelmatige instelling) as *"... a human community that successfully claims the monopoly of power of the legitimate use of physical force within a territory"*. Verswakkende state, met as voorbeeld die Suid-Afrikaanse staat, beklemtoon verlies aan beheer oor die staatsterritorium; gebrekkige institusionalisering (swak regeerkundige, bestuurs- en administratiewe praktyke); ’n onvermoë om veiligheid en sekuriteit te handhaaf; beperkte ontwikkelingsgerigtheid asook die aanwesigheid van korrupsie en nepotisme (vergelyk Geldenhuys, 1999:38-46; Migdal, 1988:214-216; Jackson, 1993; Zartman, 1995:1-8; Mazrui, 1995; Rotberg, 2002).[16]

*Eunomics: Business & Economics* (2020:5-6), ’n politieke en ontledingsgroep, het reeds enkele jare gelede voorspel dat Suid-Afrika op die trajek van ’n *falende staat* is en teen 2030 (soos Nigerië, die Ivoorkus en Bangladesj) ’n *mislukte staat* sal wees. Hierdie bevinding is gemaak deur kriteria (en tendensverandering in hierdie verband) te beskou, soos lewensgehalte en lewenstandaard, ekonomiese groei asook swak regeerkundige, bestuurs- en administratiewe praktyke asook wanfunksionele strukture. Hierdie patroon van ’n *verswakkende staat* word bevestig deur tendense soos die verslegtende veiligheidsituasie in Suid-Afrika (soos gemeet deur *Global Peace Index* en ander instellings); eskalerende misdaadsyfers en stygende patrone van georganiseerde misdaad; die inploffing van die strafregstelsel; wanfunksionele owerheid-strukture (nasionaal, provinsiaal en plaaslik); niefunksionerende of beperkte funksionerende semistaatsinstellings (Eskom, Transnet, die Poskantoor, die Landbank, Denel); ’n verswakkende ekonomie en krimpende belastingbasis; groeiende getalle onwettige immigrante in Suid-Afrika; tans die hoogste aangetekende werkloosheidsyfer ter wêreld; van die hoogste vlakke van ongelykheid in die wêreld, en eskalerende armoede.[17]

Daar bestaan min twyfel dat indien die tendens van staatsverswakking nie omgekeer word nie, hierdie tendens gaan uitloop op ’n volgroeide *mislukte staat* waarin selfs ’n gebroke

---

16 Die studieveld van verswakkende state is ’n deeglik nagevorsde veld en die toepassing is ook in werke op die Suid-Afrikaanse konteks geplaas. Vergelyk in hierdie verband Geldenhuys (1999); Duvenhage (2023) en Greffrath (2015) vir besonderhede oor die konsep en die Suid-Afrikaanse toepassing daarvan.

17 Bykans al hierdie aspekte soos dit hier met die swak staat geassosieer word, word meer breedvoerig na verwys in die teks. Lesers word ook verwys na Eunomics (2020) se verslag; Malan (2019; 2023) vir die situasie rakende die strafregstelsel; Duvenhage (2023:1-27) vir die redes wat tot politieke onstabiliteit aanleiding gee. Ekonomiese en maatskaplike sake word in afsonderlike klusters hanteer.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

soewereiniteit ’n moontlikheid word. Die risiko’s in hierdie opsig sluit in:

- **Staatkundig:** Gebrekkige soewereiniteit (beheer oor die territorium); deurdringbare grense (onwettige immigrante), en ’n onvermoë tot die handhawing van veiligheid en sekuriteit;
- **Politiekestelsel-/owerheidsvlak:** Wanfunksionele strukture; institusionele en politieke verval; gebrekkige vermoë om uit te voer, en eskalerende korrupsie, nepotisme en selfs staatskaping;
- **Regeringsvlak:** Interne regeringskonflik met konflik of gedwonge samewerking – lees koalisiepolitiek ensovoorts as ’n groot uitdaging; populistiese wetgewing en die uitvoering daarvan; begrotingsuitdagings en die soeke na konsensus; asook die opvolgstryd binne die ANC.

Wat hierdie aspek betref, sou die status quo gehandhaaf word, sal staatsverswakking op dieselfde vlak bly, maar dit sal eerder verder verswak indien daar nie ’n drastiese ingryping plaasvind nie. Tans ontbreek die politieke wil om besluite te neem wat noodsaaklik is om hierdie tendens daadwerklik om te keer. Konflik binne koalisie-omgewings bevorder ook staatsverswakking en die uitbreiding daarvan na nasionale en sekere provinsiale vlakke.

#### *4.1.2 Die Transformasieprojek*

In noue samehang met die verswakkende staattendens is die transformasieprojek van die ANC (wat sedert 1994 as die makro-denkraamwerk dien) die fundamentele grondslag waarvolgens politieke strategie en beleid geformuleer is. Met die Nasionaal-Demokratiese Revolusie-idee (NDR) as uitgangspunt word beklemtoon dat Suid-Afrika “colonialism of a special kind” verteenwoordig, en moet daar gestreef word na ”a process of struggle that seeks to transfer power to the people and to transform society into a non-racial, non-sexist, united, democratic one that changes the manner in which wealth is shared, in order to benefit all the people” (Vergelyk *Strategy and Tactics*, 2017:35-66, met as fokus die NDR). Hiervolgens moet ’n program van radikale politieke, ekonomiese en sosiale verandering (transformasie) plaasvind om ’n nierassige, nie-seksistiese, demokratiese en ekonomies volhoubare samelewing daar te stel (ANC, 2017:1-5). Drie fases van die revolusie kan onderskei word, naamlik die politieke oorname (regime en regeringsbeheer); ekonomiese transformasie (staatsbeheer oor produksiefaktore), en sosiale transformasie (’n samelewing waar almal gelyk is ooreenkomstig Marxistiese en Sosialistiese denke) (ANC,2017:4; Duvenhage, 2021:719-720). Ooreenkomstig hierdie denkpatroon is die 1996-Grondwet net ’n tydelike kompromie in die bereiking van die transformasie-ideaal. Die Grondwet is derhalwe instrumenteel in die bereiking van die doelstellings soos binne die NDR in die vooruitsig gestel, en dui geensins op die eindpunt van politieke verandering aldus die denkpatroon nie.

Hiervolgens beteken *transformasie* die snelle, progressiewe, omvangryke en fundamentele verandering van die staat en samelewing (voortspruitend uit ’n onaanvaarbare verlede), wat die vorm aanneem van sentrale beplanning (sosiale en politieke ingenieurswese), hegemonies bedryf deur ’n politieke elite met klem op konflik- en veranderingsbestuur op ’n deurlopende wyse (Duvenhage, 2005a:11; 2005b:1-17; 2021:720-723).[18] Kernaspekte van die projek sluit in die sentrale beheer oor die politiek, die ekonomie en die samelewing onder die leiding van

18 Raadpleeg die genoemde werke vir volledige besonderhede oor die konsep en sy toepassing op die Suid-Afrikaanse konteks.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

’n oorheersende hegemoniese leierskap (die ANC as die voorhoedeparty); uitgebreide vorms van sosiale en politieke ingenieurswese, inbegrepe deeglik beplande wetgewing en strukture om bogenoemde doelstellings te bereik; en verteenwoordigendheid as norm waarvolgens die rassesamestelling van die samelewing binne alle strukture (polities, ekonomies en maatskaplik) moet reflekteer – alles ter bereiking van die gelyke (egaliserende) samelewing (Duvenhage, 2021:720-723).

Soos met talle sentralistiese en sosialistiese praktyke van hierdie aard (ook histories bewys),[19] verskil die uitkomste soms radikaal van dít wat aanvanklik in die vooruitsig gestel is. Binne die Suid-Afrikaanse konteks was die toepassing van die transformasieprojek nie net bydraend tot die breër konteks van ’n verswakkende staat nie, maar kan regstreeks of onregstreeks met spesifieke uitkomste verbind word:

- **Polities:** Staatkundige en institusionele verval (plaaslike regering; semistaatsinstellings; onderwys; gesondheid, ensovoorts), staatskaping en endemiese korrupsie; ’n verslegtende veiligheidsituasie; die inploffing van die strafregstelsel; populistiese wetgewing, en ’n hibriede regime waar grondwetlike waardes, norme en strukture vermeng word tot ANC-sentralisme, ook genoem demokratiese sentralisme, en die fokus op *transformatisme* (vergelyk Malan 2019:97-99 ten opsigte van laasgenoemde aspek.)
- **Ekonomies:** Beperkte ekonomiese groei en steeds hoër vlakke van werkloosheid; de-industrialisering; ’n groeiende skuldlas en die vlug van kapitaal; ’n verkleinde belastingbasis en populistiese projekte; gekompliseerde en soms botsende wetgewing (BBBEE-wetgewing; ekwiteits- en populistiese wetgewing is moeilik uitvoerbaar en meestal onbekostigbaar, bv. die Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) en andere).
- **Maatskaplik:** Eskalerende vlakke van konflik en geweld (verskeie vorms; misdaad en georganiseerde misdaad; eskalerende armoede; en hoë vlakke van sosiale ongelykheid.[20] Sake wat as belangrike uitkomste van die transformasieprojek aangedui kan word (direk of indirek) sluit in wanfunksionele regime-tendense, endemiese korrupsie en staatskaping, kommissies van ondersoek (spesifiek die bevindinge van die Zondo-kommissie asook georganiseerde misdaad verdien meer diepgaande aandag).

### *4.1.3 Wanfunksionele regime-tendense*

Wanfunksionaliteit binne die groter institusionele raamwerk kom voor op alle regerings- en owerheids(regime-)vlakke, asook ten opsigte van semi-staatsinstellings. Dit sou insluit die onderskeie owerheidsvlakke (in besonder plaaslike regering); semistaatsinstellings (Eskom, Transnet, die Poskantoor, Landbank, ensovoorts), en selfs instellings wat buite die formele staatsinstellings val. As voorbeeld van ’n wanfunksionele struktuur word daar kortliks op die strafregstelsel in Suid-Afrika gefokus.[21]

19 Vergelyk in hierdie verband Ujamaa-Sosialisme in Tanzanië; radikale Moslem Fundamentalisme in Egipte onder die leiding van Nasser; die Stalinistiese 5-jaar planne; en selfs Apartheid in Suid-Afrika (1948-1989). Hierdie projekte bereik dikwels die omgekeerde van dít wat aanvanklik as doelstelling gestel is (vergelyk Duvenhage, 2005a; 2005b, en 2021).

20 Die besonderhede van bogenoemde word in Duvenhage (2021:713-732) meer volledig bespreek. Van hierdie aspekte word ook vorentoe in die teks aan die orde gestel.

Suid-Afrika kan beskryf word as ’n *pakhanate-staat* oftewel ’n *misdaadstaat* – ook soms ’n *mafiastaat*.[22] Kenmerkend van hierdie staatstipe is die afwesigheid van ’n duidelike onderskeid tussen kriminele en politieke elites in ’n omgewing gekenmerk deur tendense eie aan ’n verswakkende staat; wanfunksionele demokratiese strukture; neo-patrimonialisme as maatskaplike onderbou; ’n gekompliseerde internasionale omgewing met akteurs wat internasionaal kan optree, en toegang tot moderne tegnologie en logistieke vermoëns (Duvenhage, 2024b:494-498).

In sy werk *There is no Supreme Constitution* (2019:2-3) stel Malan dat: ”... (the) supremacy of the constitution is in fact very tenuous, if not entirely groundless: the so-called supreme Constitution is subject to forces that often by far exceed the assumed potency of the supreme constitution.” Die strafregstelsel (’n belangrike komponent ten opsigte van die instandhouding en uitvoering van grondwetlike en verwante wetlike aspekte) word beheer en beïnvloed deur ’n polities-kriminele elite wat selektief fokus op misdaad en elite-belang ten koste van die algemene belang van die burgery soos vervat in die Grondwet (Duvenhage, 2024:487-517; Curlewis, 2022; Malan, 2019:93-121; Kinnaird, 2021; Versluis & De Lange, 2019).

Met ’n polisiemag wat grootliks wanfunksioneel is (een polisiebeampte vir elke 450 000 mense) beoordeel Curlewis (2022:12) die stand van die Nasionale Vervolgingsgesag soos volg: “Over the last ten years or more the NPA has become better known for its failure to successfully prosecute, than doing its core job, particularly regarding high-profile criminal cases of corruption involving state officials and politicians.” As motivering vir bogenoemde standpunt kan talle voorbeelde genoem word, waaronder die bevindinge van kommissies van ondersoek.

#### *4.1.4 Kommissies van ondersoek*

Verskeie kommissies van ondersoek, waaronder die Sereti-kommissie (die wapenskandaal); Chancellor House (die bedrywighede van die “entrepreneuriese arm” van die ANC), die Moerane-kommissie (Sluipmoorde in KZN); en in besonder die Zondo-kommissie (staatskaping) beklemtoon die reeds genoemde raakpunte tussen politieke en misdaadelites – ’n tipiese eienskap van ’n *misdaadstaat* (*pakhanate*).[23] ’n Belangrike uitkoms is dat bykans alle optrede wat gevolg het op die genoemde ondersoeke, daartoe gelei het dat die meeste senior politici wat daarin geïmpliseer is, skotvry of bykans skotvry daarvan afgekom het. Dit het ernstige vrae laat ontstaan oor die Nasionale Vervolgingsgesag se vermoë en politieke wil om in hierdie verband op te tree teen die agtergrond van veral staatskapingspraktyke en selfs ander

---

21 Hoewel dit moontlik as ’n arbitrêre keuse beskou kan word, moet daar beperk geskryf word om die omvang van die navorsing korter en gefokus te hou. Ander voorbeelde sou kon wees die stand van plaaslike regering, onderwys, gesondheid en binnelandse sake.

22 Pakhanate-state word deur Naim (2012:1) beskryf as “the … fusing of government and criminal groups (that) is distinct from the more limited ways in which the two have collaborated in the past … In a Mafia state, high government officials actually become integral players in, if not leaders of, criminal enterprises, and the defence and promotion of these enterprises, businesses become official priorities”. Hierdie beskrywing is volledig op die Suid-Afrikaanse konteks van toepassing (Duvenhage, 2024b:487-517; Myburg, 2019). Raadpleeg ook laasgenoemde werke vir ’n volledige konseptualisering en operasionalisering van die konsep binne die Suid-Afrikaanse konteks.

23 Duvenhage (2024b:502-509) se artikel ten opsigte van Suid-Afrika as ’n pakhanate- oftewel ’n misdaadstaat bespreek die besonderhede van hierdie ondersoeke asook die uitkomste daarvan.

vorme van georganiseerde misdaad. Die wyse hoe verskillende kommissies van ondersoek hanteer is, moet binne sodanige konteks beoordeel word, soos deur Malan (2019:99) in perspektief gestel:

> There is strong evidence that state capture in South Africa has caused the transmutation of the government into a hybrid dispensation to such an extent that governmental functions were not shouldered by the constitutionally designated institutions, but by a mixture of organs of the state in cahoots with collections of business and other private organizations.

Bogenoemde beklemtoon die onvermoë van die strafregstelsel om ’n openbare regsorde in algemene belang te verseker.

#### *4.1.5 Staatskaping*

Staatskaping kan beskryf word as ’n vorm van sistemiese korrupsie (endemies van aard) met as fokus staats- of semistaatsinstellings waarin private en persoonlike/familie belange (soms patrimoniaal of neo-patrimoniaal) vooropgestel word ten koste van algemene belang, en waar regs- en strafregprosesse ondermyn word ten gunste van private en familie belange (Duvenhage, 2024b:505). Die kaping van die staat het plaasgevind teen die agtergrond van transformasie as die sentrale ideologiese verwysing, die bereiking van verteenwoordigendheid as die kern-norm, swart bemagtiging as uitgangspunt en kaderontplooiing as meganisme soos bestuur en gekontroleer vanuit Luthuli-huis onder die wakende oog van die ANC-leierskap.[24] Die uitkoms hiervan was sistematiese en endemiese korrupsie, bestuur en onder die toesig van onder meer Luthuli-huis, met as metodiek beplande staatsgefinansierde en/of ondersteunde inisiatiewe van die ANC-leierskap waarin kaders ontplooi is binne instellings waaronder die Nasionale Vervolgingsgesag, Justisie, Polisie, Intelligensie- en Korrektiewe Dienste. Sodoende is beslag gegee aan ’n *misdaadstaat,* soos onder meer beklemtoon deur die Zondo-kommissie van Ondersoek (Duvenhage, 2024b:487-517; Myburg, 2019).

#### *4.1.6 Die Zondo-kommissie*[25]

Teen die agtergrond van ernstige endemiese korrupsie en die institusionalisering daarvan ingevolge staatskaping word Zuma tydens 2017/8 geforseer om ’n Kommissie van Ondersoek aan te stel. Sodoende kom die Zondo-kommissie tot stand, met as mandaat ”to investigate allegations of corruption and fraud in every municipality, every provincial department, every national government department and in every state owned entity or organs of state*”* (PARI, 2022:2).[26] Die kommissie was vir sowat drie-en-’n-half jaar besig en die finale bevindinge was verreikend. Omvangryke korrupsie wat talle staatsinstellings (selfs die veiligheidsom-gewing) en semistaatsinstellings ingesluit het, is aangetoon. Wat bevind is, is dat ’n betreklike klein getal invloedryke rolspelers, ondersteun deur netwerke binne en buite die staat, op ’n mafia-agtige wyse staatshulpbronne geplunder het ter wille van selfverryking. Staatsinstellings is in hierdie proses doelbewus verswak en dan uitgebuit.

---

24 Publikasies met staatskaping as sentrale fokus het ingesluit Johnson (2015), Pauw (2017); Chipkin & Swilling (2018) en Myburg (2019). Die werke kan geraadpleeg word vir groter volledigheid oor die omvang en implikasies van staatskaping.

25 Raadpleeg: Zondo Commission.2023. Final Reports.statecapture.org.za/site/information/reports vir besonderhede oor die kommissie, sy werksaamhede, brandpunte en die finale uitkomste.

26 Daar is bereken dat ’n volledige ondersoek meer as tien jaar sou neem.

’n Belangrike onderdeel van die metodologie was die plasing van lojale kaders in strategiese posisies op talle vlakke, lojaal aan die klein elite; wysiging of reorganisasie van verkrygings-/verskaffingsprosesse tot voordeel van selektiewe individue, en die ondermyning en/of sabotasie van oorsigprosesse en vervolgingsinstellings, waaronder die NVG (PARI:2022:3). Nie net was dit ondermynend van die grondwetlike en demokratiese orde nie, maar dit kan ook vertolk word as ’n direkte poging van ’n kriminele politieke elite om die staat oor te neem. Vandaar die perspektief van staatskaping wat instrumenteel was tot die totstandkoming van wat vroeër na verwys is as ’n *pakhanate*- of *misdaadstaat*.[27] Politieke leiers wat regstreeks verbind is met staatskaping en teen wie die Zondo-kommissie optrede aanbeveel het, het ingesluit Dudu Myeni, Brian Molefe, Salim Essa, Eric Wood, Anoj Singh, Siyabonga Gama, Matshela Koko, Lucky Montana, Arthur Fraser, Jacob Zuma en Duduzane Zuma (PARI:2022:6).

Met Jacob Zuma wat in 2018 ontsetel is as president, het die aangewese president Cyril Ramaphosa hom verbind tot die afhandeling van die taak van die Zondo-kommissie en ook die implementering van die aanbevelings daarvan. Nieteenstaande plegtige verbintenisse in hierdie verband (asook verkiesingsbeloftes) het daar tot dusver weinig van die implementering van die bevindinge van die Zondo-kommissie gekom. Trouens, bewyse dui daarop dat staatskaping bloot aangepas is by die veranderende omstandighede en leierskap. Groot hoeveelhede geld, bestem vir die Covid-19-pandemie, het ook verdwyn onder die wakende oog van die nuwe president (Thorne, 2024).

Die Phala Phala-skandaal wat die president direk geïmpliseer het, met ’n parlementêre komitee wat hom boonop verantwoordbaar gehou het, het daartoe gelei dat hy byna as gevolg van die bevinding bedank het.[28] Oorweldigende getuienis dui steeds daarop dat staatskaping allermins gestuit is sedert Jacob Zuma as president vervang is en dat die Nasionale Vervolgingsgesag tot dusver geen belangrike en invloedryke ANC-lede (soos gekoppel aan staatskaping en soos deur die Zondo-kommissie uitgewys) daadwerklik vervolg het nie.

Die subteks van die Zondo-kommissie se bevindinge was dat die rol van onder meer georganiseerde misdaad in Suid-Afrika en die belyning daarvan met politieke belange bydraend was in die totstandkoming van ’n misdaadstaat. Die plek en rol van georganiseerde misdaad in hierdie verband verdien verdere aandag.

#### *4.1.7 Georganiseerde misdaad*

Georganiseerde misdaad is allermins nuut in Suid-Afrika. Tydens die sanksietydperk (voor 1994) is georganiseerde misdaadgroepe gebruik om ekonomiese sanksies te omseil en die waarde daarvan tussen 1974-1994 word op sowat R50 miljard bereken. Die voor-1994 “oorlewingsmisdaad” het na 1994 omgeskakel in georganiseerde misdaad. (Daar moet in gedagte gehou word dat die ANC voor 1994 ’n reeds lang betrokkenheid met georganiseerde

---

27 Die bedrae bestee aan verkrygingskontrakte vir instellings (teen die agtergrond van staatskaping) het ingesluit Transnet (R41,18 miljard); Eskom (R14,3 miljard); Ekurhuleni (R95,7 miljoen); Johannesburg (R74,8 miljoen); IDC (R250 miljoen); Vrystaat-regering (R441,04 miljoen); Noordwes-regering (R39,3 miljoen); Mpumalanga-regering (R6,5 miljoen); Denel (R256,37 miljoen); SABC (R62,73 miljoen); SAA & SA Express (R26,4 miljoen); SAFCOL (R6,62 miljoen); Dept. Water en Sanitasie (R5,92 miljoen); en andere (R1,32 miljard). Volgens getuienis van die Direkteur-Generaal van die Staatsveiligheidsagentskap (SVA/SSA) het R8 miljard se beleggings van die instelling net verlore gegaan en R125 miljard vanuit die 2017/18 begroting ook net verdwyn (PARI: 2022:5-6; Zondo-Kommissie, 2023).

28 Vergelyk Metelerkamp (2024:1-12) vir besonderhede oor die Phala Phala-skandaal en die implikasies/uitkomste hiervan vir president Ramaphosa.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

misdaad binne en buite Suid-Afrika gehad het, sowel as ernstige politieke en menseregte oortredings (vergelyk Amnestie Internasionaal (1992:1-24) ten opsigte van laasgenoemde)). Na 1994 het georganiseerde misdaad belyn met die nuwe politieke magshebbers en ’n samehang tussen politieke/regime- en misdaadelite het ontwikkel, soos beklemtoon deur endemiese korrupsie wat uitgeloop het op staatskaping en die bevindinge van die Zondo-kommissie waarna reeds verwys is. Die waarde van georganiseerde misdaad word tans op sowat R4,1 miljard per jaar geskat.[29]

Wat georganiseerde misdaad betref val Suid-Afrika in die kategorie van state soos Italië, Meksiko, Somalië en Libië (Haffajee, 2022:1-3). ’n Navorsingsverslag van *Global Initiative* met die titel *Strategic organized crime risk assessment* (2022:1-216) beklemtoon die omvang, diepte en implikasies van verskeie vorms van georganiseerde misdaad in Suid-Afrika en verwys na “a dark web: criminal ecosystem” met verreikende implikasies vir die grondwetlike en demokratiese bedeling in Suid-Afrika.[30] Haffajee (2022:1) interpreteer die bevindinge van die genoemde verslag soos volg:

> Organized crime is an existential threat to South Africa’s democratic institutions, economy and people … The recent mass shootings in taverns across the country or the horrific gang rapes in an illegal mining community on the West Rand; continual outbreaks of violence at taxi ranks; shop owners threatened by gunpoint; assassination of whistle-blowers; (…) are not as random as they may first appear (…).

Die omvang van georganiseerde misdaad in Suid-Afrika hang ten nouste saam met verswakkende regime-kenmerke en institusionele verval; ’n geskiedenis en tradisie van misdaad; en stel ’n grondslag daar vir wat vroeër na verwys is as misdaadstaattendense.

*4.1.8 Gevolgtrekkings en tendense*

1) Die tendens van ’n *verswakkende staat* (lees politieke en institusionele verval) soos wat dit histories beslag gekry het, sal moeilik op die korter en medium termyn omgekeer kan word. Pogings om institusionele raamwerke, waaronder die strafregstelsel, onderwys en gesondheid te verbeter, het tot dusver op weinig uitgeloop. Trouens, die argument kan selfs gevoer word dat toestande verder versleg het tydens die termyn van Ramaphosa. Die aanduidings is sterk dat die staat vorentoe nog verder kan verswak in ’n omgewing wat polities al hoe meer onstabiel raak.
2) Die nasionale projek van transformasie, grondliggend aan die verswakkende staattendens, is, was en sal in die toekoms die bepalende raamwerk wees vir beleidsformulering en -toepassing. Die promulgering van radikale en omstrede wetgewing, waaronder BELA (onderwys); Onteiening sonder Vergoeding; Nasionale Gesondheidsversekering; die derde golf van BBBEE-wetgewing en toepassings daarvan, beklemtoon eerder ’n selfs meer radikale toepassing van transformasie ondersteun deur bogenoemde – ongeag die negatiewe implikasies waarna reeds verwys is.

---

29 Syfers is baie moeilik om akkuraat te bepaal en moet as geskatte syfers beoordeel word in ’n poging om die omvang van die probleem aan te dui. Skrywer word verwys na Kotze (2025); Plaut & Holden (2012); Van Vuuren (2017) en Shaw & Reitano (2013) vir die bepaling van die aard, omvang en implikasies van georganiseerde misdaad in Suid-Afrika.

30 Die verslag verwys na misdaad ten opsigte van dwelmhandel; die onwettige handel in wapens; omgewingsverwante misdade; georganiseerde roof en geweld; kubermisdaad; afpersing; mensehandel; ekonomiese en finansiële misdaad; ontvoerings, en onwettige mynbedrywighede, om na die belangrikstes te verwys.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

3) Institusionele vermoë (noodsaaklik vir die uitvoering van beleid) deur die nastrewing van transformatiewe norme (waaronder verteenwoordigendheid) is reeds problematies, en die ontplooiing van kaders (onder die wakende oog van die voorhoede-party) as instrument kry toenemend teenstand.[31] Nietemin is en bly daar 'n verbintenis tot laasgenoemde metodiek wat moeilik op die korter termyn verander sal word. Trouens, kaderverset en -sabotasie (soos gesien binne Eskom) is reeds aan die orde van die dag, gekamoefleer in 'n "struggle"-mentaliteit, met as uitgangspunt: tree teen ons op en ons saboteer dienslewering of ontwrig die openbare orde.[32]
4) Eskalerende tendense en patrone van politieke onstabiliteit sal aan die orde wees gegewe politieke faktore en ook ekonomiese en maatskaplike faktore.[33]
5) Verswakkende staattendense, historiese faktore, gebrekkige werksetiek en normatiewe oorwegings bevorder korrupsie, selfs endemiese korrupsie en die institusionalisering daarvan, wat aan staatskaping beslag gegee het. In 'n volgroeide vorm met georganiseerde misdaad as belangrike grondslag, gee die samehang hiervan beslag aan 'n pakhanate-staat met onwillige (selfs gekoopte) misdadig-politieke elite wat nie bereid is om besluite te neem in algemene belang en ter wille van 'n gesonde openbare regsorde nie. Dit gaan meer as vyf jaar neem om hierdie sistemiese korrupsie en staatskaping suksesvol om te keer.
6) Bogenoemde aspekte hou 'n daadwerklike bedreiging in vir demokratiese en grondwetlike waardes – veral die toepassing daarvan.

Vervolgens word die fokus geplaas op die uitkomste van die 2021- en 2024-verkiesings in Suid-Afrika en die uitkomste daarvan.

### *4.2 'n Veranderende politieke spektrum en hersamestellings*

In 'n vorige afdeling is die genoemde verkiesings reeds bespreek en daar word in hierdie afdeling net op uitkomste, tendense en patrone gekonsentreer. Sake wat hier belangrik is, is koalisiepolitiek (inbegrepe die konsep van regering van nasionale, provinsiale en plaaslike eenheid); regeringsvraagstukke en -uitdagings; die ANC-dinamika; en opposisie-dinamika.

#### *4.2.1 Koalisiepolitiek*

Koalisiepolitiek binne die raamwerk van 'n konstitusionele demokrasie[34] (soos in Suid-Afrika) beskryf 'n scenario waar geen party 'n volstrekte meerderheid verwerf het nie en waar partye met mekaar moet saamwerk ten einde politieke besluite te kan neem. Heywood (2002:264) beskryf koalisies as: "... a grouping of political actors brought together either through the perception of a common threat, or through the recognition that their goals cannot be achieved by working separately." 'n RNE verwys (soos vroeër omskryf) na verskeie partye verteen-

---

31 Solidariteit, Afriforum en AfriSake het talle hofsake (sommige internasionaal) gevoer teen die toepassing van verteenwoordigendheid as transformatiewe norm (vergelyk Bosman, 2025:12).

32 De Ruyter se werk *Truth to Power: My three years inside Eskom* (2023) het die omvang van en werksaamhede van misdaadsindikate binne Eskom blootgelê, en na sodanige blootlegging deur 'n private instelling het dit uitgeloop op 'n aanslag op sy lewe.

33 Laasgenoemde word later meer volledig ontleed.

34 *Konstitusionele demokrasie* word geassosieer met grondwetlike, verantwoordbare en beperkte regering; die oppergesag van die reg; gereelde en vrye verkiesings, en die erkenning en beskerming van burgerregte as algemene kenmerke.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

woordigend van die politieke spektrum wat saamwerk teen die agtergrond van ’n bepaalde krisis of uitdaging(s). Die implikasies van *koalisiepolitiek* in die algemeen en die konsep van ’n RNE in besonder is verreikend vir die werking en funksionering van enige demokratiese bestel – veral stelsels (soos aangetref in Suid-Afrika) wat gewoond is aan ’n oorheersende eenpartystelsel as uitkoms van demokratiese verkiesings. Na afloop van die 2021-plaaslike verkiesing was daar sowat 70 *hangrade* (geen party het ’n volstrekte meerderheid nie) in Suid-Afrika, wat koalisiepolitiek hier onafwendbaar gemaak het. Die 2024-nasionale en provinsiale verkiesing het beslag gegee aan ’n RNE op nasionale vlak en koalisiepolitiek in beide Gauteng en KZN. Die implikasies daarvan was verreikend en die volgende aspekte staan uit in hierdie verband:

- Die baanrekord van koalisiepolitiek op plaaslike vlak (veral, maar nie uitsluitlik sedert 2021 nie) was nie juis baie suksesvol nie. Dit was telkens bydraend tot die reeds verslegtende finansiële, dienslewerings- en besluitnemingsuitdagings waarvoor die meeste plaaslike regerings te staan gekom het.[35] Veral die groot metropole, insluitend Tshwane, Johannesburg, Mangaung, eThekwini, Ekurhuleni en Nelson Mandelabaai metropole het groot onstabiliteite ervaar wat negatief op besluitneming en dienslewering gereflekteer het. (Vergelyk Mavuso, 2022:1-11; Duvenhage, 2022:187-214.)
- Die uitkoms van die 2024-verkiesing het ook koalisies op nasionale vlak en twee provinsies tot gevolg gehad. Waar plaaslike koalisies meestal ad hoc-ooreenkomste was, was nasionale en provinsiale koalisies meer gestruktureerd en het die problematiek van asimmetrie na vore getree. Met asimmetrie word bedoel dat die hersamestelling van koalisies op een vlak/omgewing kan verskil van dít wat op ’n ander vlak/omgewing tot stand gekom het. Die mees sprekende voorbeelde hiervan is die samestelling van die RNE wat fundamenteel verskil van die provinsiale regering in Gauteng. Op sy beurt weer verskil die provinsie Gauteng van KZN, terwyl die Noord-Kaap regeer word deur ’n ooreenkoms tussen die ANC en die VF Plus, wat heel uniek is. In hierdie asimmetrie lê die potensiaal vir konflik en onstabiliteit tussen vlakke van regering met uitdagings ten opsigte van konsekwentheid van besluitneming en eenvormige regeerkundige praktyke. Dit dui onder meer ook op ’n de facto-vorm van federalisme wat besig is om vorm aan te neem en waarvan die Wes-Kaap waarskynlik die beste voorbeeld is.
- Oor die afgelope aantal dekades het al hoe meer politieke partye aan verkiesings begin deelneem, wat nie net dui op ’n fragmentering van die politieke proses nie, maar ook op die noodwendigheid van koalisiepolitiek. Hierdie perspektief hang ten nouste saam met die regerende ANC-regering se dalende steun sedert 2004.[36] Dit is

[35] Die krisis van plaaslike regering in Suid-Afrika word weerspieël deur die verslae van die ouditeur-generaal se kantoor wat dui op finansiële nie-volhoubaarheid, die groterwordende getal artikel 139-intervensies en die stygende getal diensleweringsproteste op plaaslike vlak in Suid-Afrika. (Vergelyk Bole, 2022; Kekana, 2019; Duvenhage, 2022:187-214, vir besonderhede oor die uitdagings en krisisse van plaaslike regering in hedendaagse Suid-Afrika.) AfriSake het op 11 April 2025 ook ’n hofsaak teen die President en die Kabinet begin om hul aanspreeklik te hou vir die onvermoë om plaaslike regeringsverval in Ditsobotla om te keer ten spyte van talle ingrypings op talle vlakke (Sakeliga Staff.2025).

[36] Tans is daar 609 geregistreerde partye waarvan 383 op nasionale vlak geregistreer is en 226 op óf provinsiale en/óf plaaslike vlak. Die OVK wil van 192 partye wat onaktief is ontslae raak (Heyns, 2025:1).

beklemtoon met die uitslae van die 2021-plaaslike verkiesing en die 2024-nasionale en provinsiale verkiesings. Met meningspeilings wat dui op verdere steunverliese vir die ANC,[37] is die projeksie tans dat verdere fragmentasie aan die orde sal kom, met nog groter uitdagings om koalisiepolitiek te laat slaag in belang van politieke stabiliteit, ekonomiese groei, goeie en vinnige besluitneming en die instandhouding van goeie regeerkundige prosesse.

- Die diep verdeelde aard van die Suid-Afrikaanse politiek en die fundamentele ideologiese verskille op die politieke spektrum maak onderlinge samewerking uiters uitdagend. Aan die linkerkant van die politieke spektrum bestaan swartmag- en revolusie-denke, sentrum-links staan die transformasiekonteks met sentrum-regs die liberale konteks en afskeidingsbewegings en reaksionêre denke na regs. Die aanwesigheid van identiteitspolitiek (met elke verkiesing tree dit al hoe sterker na vore) is bydraend tot polarisasie wat die bereiking van konsensus uiters moeilik indien nie onmoontlik nie. Die historiese patroon van eenpartydominansie, die historiese en kontemporêre aard van konflik binne die Suid-Afrikaanse samelewing, asook die kultuur van die bedryf van magspolitiek (middelpuntvliedend eerder as middelpuntsoekend) maak die bereiking van konsensus en samewerking ’n reuse uitdaging, soos bewys deur plaaslike koalisieregerings (in besonder in metro’s) en patrone van politieke onstabiliteit wat gesonde demokratiese regeerkundige praktyke effektief ondermyn. Booysen (2021:1) stel hierdie problematiek soos volg:

> (D)isunited we stand ... Coalition politics and governance in South Africa epitomize instability. Facilitating and opportunistic party interest (that) prevail over accountable, constructive and developmental government. Coalition governments have not been responsible for creating the country’s dismally performing, unaccountable local governments, yet coalitions have often exacerbated the poor showings.[38]

Die huidige krisis binne die RNE beklemtoon bogenoemde stand van sake.

- Die afwesigheid van ’n sterk waardestelsel geanker in ’n politieke kultuur van onder meer verdraagsaamheid (’n grondliggende demokratiese is allermins bevorderlik vir samewerking, alliansies en koalisies). Wat duidelik is, is dat hier nuwe spelreëls op tafel is waarby politieke akteurs moet aanpas, tot dusver sonder groot sukses. Hierdie noodsaaklike en waarskynlik noodwendige aanpassing is ’n belangrike eis waarvoor die suksesvolle konsolidasie van demokratiese waardes in hierdie fase van politieke ontwikkeling te staan gekom het. Dit beklemtoon en bevestig die uitdagings waarvoor die RNE tans staan.

---

[37] ’n Meningspeiling van die *Social Research Foundation* (Februarie 2025) het die ANC-steun op so laag as 32% geplaas, die DA op 25%, die MK op 12%, die EFF op 6%, die IVP op 3% en die PA op 2%. Die meningspeiling het ’n 4% foutfaktor. Verder het die peiling aangedui dat ’n meerderheid deelnemers wil hê dat president Ramaphosa bedank en dat ’n vroeë verkiesing uitgeroep moet word (Hogg, 2025:1-11). ’n Peiling van die *Instituut vir Rasseaangeleenthede* (bekend gemaak tydens April 2025) het bevind dat die ANC-steun tot net 29,7% gedaal het en dié van die DA tot 30,3% gestyg het (Grootes, 2025).

[38] Raadpleeg Booysen (2015:86; 2021:1-11), Kadima (2006:16) en Duvenhage (2023:99-121) vir ’n meer diepgaande ontleding van die uitdagings waarmee koalisiepolitiek in die algemeen en spesifiek in Suid-Afrika te make het.

*4.2.2 Die Regering van Nasionale Eenheid (uitdagings)*

Die maande sedert die RNE in funksionering is, het reeds die uitdagings soos hierbo genoem bevestig. Die onderhandeling oor kabinetsposte binne die RNE het onmiddellik die latente konflik en magspolitieke oriëntasie na die oppervlak gebring, met as uitkoms die ANC wat disproporsioneel bevoordeel is ingevolge beide getalle maar ook die strategiese waarde van portefeuljes; die DA as grootste opposisieparty wat benadeel is; en klein partye wat effektief oorverteenwoordig is betreffende die verhouding politieke steun versus kabinetsposisies. Fundamentele verskille het bykans onmiddellik na vore getree, inbegrepe die BELA-wet; die Wet op Onteiening sonder Vergoeding; asook die beoogde Nasionale Gesondheidsversekeringswetgewing (NGV-wetgewing). Dit was egter die voorgestelde (lees ANC)-begroting en in besonder die kwessie van verhoogde belasting wat interne konflikte op die spits gedryf het.

Uitdagings ten opsigte van die goedkeuring van die begroting van 2025 het wel die weg gebaan vir 'n gladder aanvaarding van die 2026-begroting. Kwessies/konflikte bly nietemin aan die orde van die dag en die volgende stel uitdagings vir die RNE: die hernude soeke na interne konsensus en ooreenkomste ten opsigte van talle kwessies ten einde die RNE in posisie te hou; 'n minderheidsregering waarvolgens genoegsame steun onder partye op ad hoc-basis verkry kan word ten einde besluite deur te voer; die totstandkoming van 'n nuwe alliansie met vennote soos die EFF, IVP en ander kleiner partye;[39] en selfs die uitroep van 'n vervroegde verkiesing, sou onoorbrugbare verskille na vore kom. Laasgenoemde is myns insiens onwaarskynlik aangesien meningspeilings (waarna reeds verwys is) dui op verlaagde ANC-steunvlakke terwyl 'n plaaslike verkiesing vir 2026/7 boonop nog moet plaasvind. Hoewel die RNE (soos tans saamgestel) waarskynlik die beste scenario in belang van politieke stabiliteit en ekonomiese groei is, is die volhoubaarheid daarvan duidelik 'n groot kwessie en geensins 'n uitgemaakte saak nie. Die uitdagings hou verband met die kwessies wat vroeër binne die raamwerk van koalisiepolitiek bespreek is. Boonop is die interne dinamika van die breë kerk van die ANC 'n faktor wat in eie reg tot 'n onstabiele RNE bydra.

*4.2.3 Die ANC-dinamika*

Verlaagde steunvlakke vir die ANC (sedert 2004), verhoogde vlakke van politieke apatie (soos gemeet in verkiesings op alle vlakke), en die endemiese aard van faksiegevegte en leierskapstryde, kenmerkend van die historiese ANC, is tans aan die orde, en kan ook vorentoe verwag word.[40] Na dalende steunvlakke is reeds vroeër verwys, en wat apatie betref dui die 2024-verkiesing daarop dat slegs 16,2 miljoen van die 27,7 miljoen geregistreerde kiesers (58,6%) gestem het – in baie skerp kontras met die 89,3% wat aan die 1999-verkiesing deelgeneem het. As persentasie van alle stemgeregtigdes het net 41% van moontlike stemgeregtigdes aan verkiesings deelgeneem (HSRC:2024:1-11; Mbete, 2024:1-2). Die impak daarvan was veral groot op die ANC as die regerende party en projeksies soos vroeër

39 Die MK-party wat aandring op die verwydering van Cyril Ramaphosa as leier is tans 'n onwaarskynlike vennoot, terwyl die ANC self aangedui het dat steun by ander partye gesoek sal word. In Gauteng-provinsie werk die ANC reeds saam met partye soos die IVP en die EFF, en bestaan die moontlikheid vir breër samewerking.

40 Vir besonderhede oor ANC-steunverliese oor die laaste twee dekades kan Du Toit en De Jager (2015) geraadpleeg word en vir verhoogde vlakke van politieke apatie kan HSRC (2024:1-1) en Mbete (2024:1-2) geraadpleeg word. Ten opsigte van faksiegevegte en interne konflik word daar wyd in die akademie en media gerapporteer.

beklemtoon, dui tans daarop dat die steun vir laasgenoemde verder kan daal, soos deur onlangse meningspeilings aangedui. Die tendens wat sedert 2004 aan die orde was, kan nie net verder versleg nie maar ook versnel soos gesien is van die 2019- na die 2024-verkiesing, met die belangrike toets van die 2026-verkiesing wat voor die deur lê. (Vergelyk Du Toit & De Jager, 2015; Hogg, 2025; Grootes, 2025 vir dalende ANC-steunvlakke, histories en hedendaags.)

Die Nasionale Raadsvergadering van 2025 met as fokus die vordering ingevolge die toepassing van ANC-beleidsresolusies, was ’n geleentheid wat gebruik (misbruik?) is vir die mobilisasie van steun ten opsigte van die leierskapstryd wat voorlê met die oog op die Nasionale Konferensie van 2027. Laasgenoemde sluit ’n leierskapsverkiesing in. Met Ramaphosa wat sy posisie moet ontruim is daar reeds kandidate wat daarna streef om oor te neem, naamlik die adjunk-president Paul Mashatile en die sekretaris-generaal Fikile Mbalula, terwyl die naam van Patrice Motsepe ook meer onlangs na vore getree het.

Hoewel nog te vroeg om ’n oordeel hieroor te vel, is daar reeds sterk aanduidings van interne konflik en spanning wat aan die opbou is en wat tans ook reflekteer binne die RNE en die soeke/nie-soeke na ’n onderhandelde skikking binne die bestaande raamwerk.[41]

Die SAKP wat dit tans oorweeg om op sy eie aan die 2026-verkiesing deel te neem, volgens die woorde van die sekretaris-generaal van die SAKP: “... from now on we are contesting all elections starting with the (next) local government elections” kan verdere steunverliese vir die ANC beteken. Hul onafhanklike deelname aan die 2026-verkiesing is onlangs weer herbevestig met negatiewe implikasies vir die ANC. Hierdie problematiek word soos volg deur Joel Netshitenzhe (2024:1-4) beklemtoon as hy stel dat: “... the speculative basis and timing of the SACP’s decision on elections that it could lead to the weakening of both the ANC and SACP and, by extension, the National Democratic Revolution and the Party’s pursuit of socialism ...”.

So ook is die MK-faktor tans ’n ernstige bedreiging vir die steunbasis van die ANC, soos beklemtoon deur beide die 2024-verkiesing asook die meningspeiling waarna vroeër verwys is en wat die ANC-steun op net 32% tot selfs minder stel. Die MK-groepering geniet ook ondersteuning uit die ANC en die groter ANC-alliansie, wat sonder twyfel negatief kan inwerk op laasgenoemde se prestasie in die komende plaaslike verkiesing. Dit sal ook ’n faktor wees in die leierskapverkiesing binne die ANC in 2027. Die impak van die MK-party is nie net beperk tot die ANC-alliansie nie, maar het ook ’n hersamestelling van opposisie-politiek tot gevolg gehad.

#### *4.2.4 Opposisie-dinamika*

Sedert die 2024-verkiesing het die meer konvensionele regering-opposisie-rol, eie aan die Westminster-tradisie (meerderheidsparty versus die tweede sterkste party in amptelike opposisie), groot veranderinge ondergaan. Met die RNE (bestaande uit 10 partye met bykans 70% steun, waarin die sterkste en tweede sterkste party en talle kleiner partye gehuisves is), het die MK-party as die amptelike opposisie na vore getree. Die party het ’n radikale anti-stelsel-oriëntasie ideologies geanker in Marxisme-Leninisme en Afrikanisme, inbegrepe die

[41] Bronne na aan die ANC en binne die veiligheidsomgewing beklemtoon die bestaan van die volgende faksies/groeperinge binne die groter moederorganisasie: CR-faksie (koalisiesluiting, hervormings en internasionale samewerking); Paul Mashatile-groepering (pragmaties/steunbasis in Gauteng/bande met die EFF); Fikile Mbalula-groep (organisatories vanuit die ANC); MK-groep (steeds steun binne die ANC en kan na RET-groep herlei word); en kleiner groepe wat werk binne die breër raamwerk van alliansies en koalisies).

verwerping van die Romeins-Hollandse Reg asook die Britse Gemenereg, en derhalwe ook fundamentele aspekte waarop die 1996-RSA-Grondwet berus (MK Party, 2024). Hierdie opposisierol is ver links op die politieke spektrum en verskil wesenlik van die sentristies-regse opposisierol wat met die DA geassosieer word[42].

’n Nuwe maar belangrike opposisierol kan beskryf word as ’n intra-regeringsopposisie. Hier word verwys na partye binne die RNE wat ’n opposisierol vervul ten opsigte van die oorheersende ANC, soos uitgespeel ten opsigte van byvoorbeeld die BELA-wetgewing; Wet op Nasionale Gesondheidsversekering; Wet op Onteiening sonder Vergoeding; en die aanvaarding en goedkeuring van die nasionale begroting. Hierdie vorm van opposisie (eie aan die nuwe spelreëls van koalisiepolitiek) is een van die faktore wat stabiliteit en kontinuïteit binne die RNE in gevaar stel en selfs sy voortbestaan kan bedreig, waarna reeds verwys is. In hierdie opsig mag ’n nuwe koalisie vorentoe vorm aanneem of moet die ANC as ’n minderheidsregering funksioneer en optree. Hierdie aspek is belangrik ten opsigte van politieke besluitneming (of moontlik die gebrek daaraan) en selfs ten opsigte van stelselstabiliteit met die MK-party, wat alles in die stryd werp om van Cyril Ramaphosa en die toepassers van die bevindinge van die Zondo-kommissie ontslae te raak.

’n Verdere verandering van die meer tradisionele rol van opposisiepolitiek (hoewel reeds meer gevestig op plaaslike vlak, maar nie tot dieselfde mate op provinsiale en nasionale vlakke nie) is die konsep van asimmetriese opposisierolle. Binne een omgewing/vlak werk twee of meer partye saam, maar staan in ander omgewings/vlakke in opposisie teenoor mekaar. Die ANC se samewerking met die EFF en die uitskakeling van byvoorbeeld die DA op hierdie vlak is in skerp kontras met dít wat op nasionale vlak binne die RNE gebeur. So werk die VF Plus weer saam met die ANC op provinsiale vlak in die Noord-Kaap. Hierdie aspek gaan vorentoe waarskynlik komplekser word namate die ANC steun verloor, nuwe partye steunbasisse vestig en konsolideer, en koalisiepolitiek verder praktyk word in omgewings van politieke besluitneming. Dit gaan vorentoe groot uitdagings stel vir politieke stabiliteit, effektiewe en verantwoordbare regering en die suksesvolle konsolidasie van demokratiese waardes en instellings.

### *4.2.5 Gevolgtrekkings*

Die volgende paar jaar dui op groot veranderings aan die politieke spektrum met die potensiaal (om in samehang met ander faktore) tot groter onstabiliteit by te dra. Die volgende is in hierdie opsig belangrik:

1) Die toenemende voorkoms van koalisiepolitiek (op alle vlakke) definieer nuwe spelreëls in talle omgewings, met nuwe vereistes vir die konsolidasie van demokratiese waardes;
2) Die aanwesigheid van opposisie-asimmetrie beklemtoon ’n bykomende eis in bogenoemde verband;
3) Die baanrekord van opposisiepolitiek (veral op plaaslike vlak asook binne die RNE tot dusver) beklemtoon die uitdagings waarmee koalisiepolitiek tans te make het. Hierdie aspekte sluit in die steunverliese van die ANC as die ou regerende party, met

[42] Sake waarop die party fokus is die vereniging van alle progressiewe kragte, nasionaal en internasionaal; die gelyke herverdeling van produksiefaktore; demokratiese sentralisme soos geassosieer met kommunistiese state, asook gedekoloniseerde onderwys (MK Party, 2024:1-62).


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

projeksies dat dit nog verder kan verlaag; die fragmentasie van die politieke proses; diepliggende ideologiese verskille, en 'n geskiedenis van konflik.

4) Die hersamestelling van die opposisie met 'n radikale (selfs anti-stelsel-) opposisie in die plek van die tradisionele sentrum-regse opposisie (lees DA) van die verlede dra die potensiaal vir groter onstabiliteit;
5) Die beëindiging van die RNE ('n moontlikheid) met uitkomste waaronder 'n nuwe koalisie; 'n minderheidsregering, en 'n vervroegde verkiesing kan selfs nie uitgesluit word nie.

Bogenoemde veranderlike beklemtoon die moontlikheid van groter politieke onstabiliteit en 'n omgewing waarin die konsolidasie van demokratiese waardes nog groter uitdagings gaan stel.

*4.3 Die politieke ekonomie van Suid-Afrika*[43]

Bykans 'n dekade gelede het R.W. Johnson (2015) 'n ekonomiese krisis vir Suid-Afrika in die vooruitsig gestel. Later (2019:1) het hy hierna verwys as: "South Africa's slow motion momentum towards a financial train crash (that) has begun to speed up". Hierdie spreekwoordelike trein is tans besig om ernstig te ontspoor, met 'n krisis tot gevolg wat onafwendbaar blyk te wees. Ann Bernstein se opsomming hiervan is: "We have no more money!" (BusinessTech, 2025a:1). Hierdie problematiek kan ten beste verduidelik word deur te fokus op regeringsbesteding/finansiële nievolhoubaarheid enersyds en andersyds groeiende buitelandse skuld, 'n beperkte belastingbasis asook beperkte (selfs negatiewe) ekonomiese groei. Die huidige begrotingskrisis in Suid-Afrika is simptomaties van bogenoemde samehang van faktore. Hierdie aspekte word kortliks toegelig.

Die finansiële krisis in Suid-Afrika word weerspieël deur sake soos die finansiële inploffing van regeringsinstellings (in besonder plaaslike regerings); begrotingstekorte op talle vlakke, waarvan die huidige nasionale begroting 'n sprekende voorbeeld is, en finansiële tekorte by semi-staatsinstellings, met Eskom die bekendste. Tydens 2024 het Suid-Afrikaanse munisipaliteite groothandelaars (byvoorbeeld Eskom, waterrad, ens.) R118,7 miljard geskuld. Hiervan moet sowat 90 miljard na Eskom gaan en R58,5 miljard ressorteer onder munisipale skuldverligting (Neethling, 2024:1). Die benarde situasie van plaaslike regering word ook geïllustreer deur falende infrastruktuur en 'n onvermoë om basiese dienste te lewer. Kortom, die situasie is dat talle plaaslike regerings nie finansieel volhoubaar is nie, toenemend afhanklik raak van die staat en nie op eie bene kan staan nie. Verlede jaar het Eskom 'n hulppakket ter waarde van R254 miljard van die regering ontvang, maar is steeds nie finansieel solvent genoeg om volhoubare kragvoorsiening te verseker nie (Neethling, 2024:3).

Suid-Afrika se skuldlas as persentasie van die bruto binnelandse produk (BBP) het ook teen 'n versnelde tempo oor die laaste dekade of langer dramaties geëskaleer. Tydens 2008/9 is Suid-Afrika se buitelandse skuld bereken op 23,6%, wat tot en met 2024/5 op 74,7% te staan gekom het – sowat drievoudig meer in minder as twintig jaar en steeds stygend (Botha, 2025:1-4). Neem verder in berekening dat tydens die 2024/5-belastingjaar die koste om die skuldrekening te diens R389,6 miljard was, oftewel meer as 20 sent in elke rand (BusinessTech, 2025a:1-3;2025b). Hierdie patroon is nie finansieel volhoubaar nie en word duidelik weerspieël

[43] As gevolg van beperkte ruimte word net die kernaspekte uitgelig.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

deur die begrotingsuitdagings waarvoor Suid-Afrika tans te staan gekom het. In samehang hiermee moet Suid-Afrika se beperkte (selfs krimpende) belastingbasis ook verreken word.

Die beperkte grootte van die Suid-Afrikaanse belastingstelsel word weerspieël deur die feit dat slegs sowat 1,66 miljoen van die sowat 64 miljoen mense 76,2% van alle persoonlike belasting betaal, terwyl slegs 1051 maatskappye (0,2% van die totaal) 72,3% van die maatskappybelasting betaal (Libera, 2024:1-2). Tydens 2024 het 38,000 belastingbetalers Suid-Afrika verlaat, bereken teen 'n waarde van R3 miljard (Businnestech, 2025b:1-3), en binne bepaalde belasting kategorieë word tans heelwat minder belasting gehef as byvoorbeeld 'n dekade gelede.[44]

Hierteenoor ontvang 19,2 miljoen burgers algemene maatskaplike toelae, en indien die COVID-19-toelae ingereken word staan die totaal op sowat 27 miljoen. Dit kan hiervolgens vertolk word dat net 12% van die bevolking 'n veiligheidsnet vir sowat 50% van die totale bevolking verskaf. Bronne beklemtoon ook die rasdiskriminerende aard van hierdie toelae (Statista, 2022; Heyns, 2023).

Bogenoemde moet boonop binne 'n swartbemagtigingskonteks beoordeel word waar oormatige regulering en beperkte diensverskaffers (nie 'n ope mark nie) die koste van produkte en dienste die hoogte laat inskiet. Bernstein van die *Centre for Development Enterprise* (volgens haar berekening) wys daarop dat die koste van die swartbemagtigingsinisiatief Suid-Afrika oor 3 jaar tot R50 miljard kon spaar (BusinessTech, 2025b:1-3).[45]

As al bogenoemde faktore ook geplaas word binne die konteks van 'n ekonomie wat oor die laaste dekade met gemiddeld rondom 1% gegroei het en die vooruitsigte vir ekonomiese groei vorentoe boonop baie beperk is, kan ernstige vrae gevra word oor die volhoubaarheid van die politieke ekonomie binne die groter stelsel. (Vergelyk O'Neill, 2025:1-3 vir ekonomiese groei en groeiprojeksies vir die volgende 5 jaar asook die feit dat die IMF Suid-Afrika se voorspelde groeikoers van 1,5% tot 1% afwaarts aangepas het.) Laasgenoemde is veral waar as ambisieuse inisiatiewe ter sprake is (soos deur die ANC gemandateer) wat insluit die Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) en inisiatiewe waarvolgens onteiening sonder vergoeding kan plaasvind met verreikende implikasies vir ekonomiese en finansiële investering en ook groei wat noodsaaklik is om werk te skep en ander maatskaplike uitdagings aan te pak.

### *4.3.1 Gevolgtrekkings*

1) Die Suid-Afrikaanse ekonomie en finansiële bestel is nie volhoubaar nie en moet óf meer belasting hef, verdere buitelandse lenings aangaan, óf staatsbesteding aansienlik inkort. Nie een van bogenoemde is gewild en/of uitvoerbaar binne die huidige politieke paradigma asook die ekonomiese/finansiële klimaat nie. Die politieke wil om moeilike besluite te neem ontbreek ook grootliks.
2) 'n Eskalerende skuldlas (teen 'n versnelde tempo); beperkte tot lae vlakke van ekonomiese groei; populistiese projekte, en 'n verswakkende staatsbedeling lê ten grondslag van die uitdagings hierbo genoem.

---

44 Die afwaartse belastingtrajek, histories beskou, kan so voorgestel word: Tydens 2014 was daar in 'n bepaalde belastingkategorie 44 693 belastingbetalers met 'n belasbare inkomste van R21,6 miljard en 'n belastingverdienste van R6,2 miljard. Teen 2023, binne dieselfde kategorie, was daar 37 584 belastingbetalers (15,9% minder) met 'n belasbare inkomste van R9,9 miljard en 'n belastinginkomste van R3,2 miljard – 'n daling van 49,3% (BusinessTech,2025b: 1-3).

45 Lees hierdie argument in samehang met die implikasies van die transformasieprojek soos vroeër aan die orde gestel is.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

3) Met ’n vlug van belastinginkomste, lae ekonomiese groeitrajekte, eskalerende en endemiese korrupsie, ’n verswakkende internasionale posisie en kapasiteitsbeperkinge staan Suid-Afrika voor reuse ekonomiese en finansiële uitdagings wat vorentoe drasties en vinnig verder kan versleg.
4) Nie net polities nie, maar ook in ekonomiese en maatskaplike opsigte bied die transformasieparadigma (en die wyse waarop dit toegepas word) nie meer antwoorde vir die uitdagings van ons tyd nie en daar moet na ’n nuwe polities-ekonomiese paradigma gesoek word.

### *4.4 Maatskaplike uitdagings*

’n Volledige ontleding van maatskaplike toestande in Suid-Afrika val buite die bestek van die navorsingsfokus van hierdie dokument, daarom word volstaan met ’n samevatting van belangrike sake as onderbou vir die groter navorsing.

1) Suid-Afrika word beskou as een van die mees ongelyke samelewings ter wêreld (ICTJ, 2022). Hierdie ongelykheid het nie wesenlik verander sedert die ANC in 1994 beheer oorgeneem het nie. Die wit politieke elite is wel vervang met ’n bevoorregte swart elite wat die swart-op-swart gaping dramaties laat toeneem het.
2) Na Suid-Afrika is reeds as ’n misdaadstaat verwys. Nie net funksioneer georganiseerde misdaad op ongekende vlakke nie, maar gewone misdaad is eskalerend en problematies. Bykans ’n halfmiljoen mense is tussen 1994 en 2017 vermoor. Syfers dui daarop dat 58,4 moorde gemiddeld per dag plaasvind, waarvan sowat 40 per maand binne die taxibedryf is. 115,8 verkragtings vind boonop gemiddeld daagliks plaas (Cronje, 2017:58; Baxter, 2020).
3) In samehang met misdaadtendense is Suid-Afrika ook een van die mees gewelddadige samelewings ter wêreld, met patrone van geweld wat insluit xenofobie; taxi-geweld; kulturele en rasgebaseerde geweld; vigilantisme; geslagsgeweld; arbeidsonstabiliteit en politieke sluipmoorde. Sterftesyfers in Suid-Afrika is telkens hoër as in state waar aktiewe burgeroorloë aan die orde is (Vergelyk Duvenhage, 2021:713-737; 2023a:116-148).
4) Gebroke samelewings- en familiestrukture is prominent en endemies aan ons samelewing. Van die 19 miljoen kinders tydens 2017, het 7,5 miljoen enkelouers gehad en 6,5 miljoen was wees (Cronje, 2017:39-61).
5) Sowat 10%, oftewel 6 miljoen mense beskik nie oor wettige identiteits- en verblyfdokumente om in SA woonagtig te wees nie. Aanspraak word wel gemaak op maatskaplike dienste en toepaslike toelae (Owusu-Sekyere, 2022:1-14).
6) Tot 80% van plaaslike regerings, hospitale en skole word as wanfunksioneel geag of word met ernstige wanfunksionaliteite geassosieer.
7) Die ineenstorting en/of disintegrasie van nutsmaatskappye, waaronder Eskom, Transnet, die Poskantoor en andere, werk negatief in op die welstand van die burgery in die algemeen.

#### *4.4.1 Gevolgtrekking*

Eskalerende maatskaplike uitdagings teen die agtergrond van enersyds beperkte ekonomiese groei en andersyds swak dienslewering is verantwoordelik vir swak lewensgehalte en kan selfs patrone van politieke onstabiliteit nog verder aanhelp. Dit is nie ’n omgewing wat gunstig

is vir die konsolidasie van demokratiese waardes en stelsel-stabiliteit nie. In samehang met staatkundige en polities-ekonomiese faktore stel maatskaplike probleme groot uitdagings wat in die volgende jare doelmatig hanteer moet word indien ’n eskalerende krisis verhoed wil word.

*4.5 ’n Veranderende Internasionale Omgewing*

Midde in ’n fase van snelle internasionale veranderinge, ingesluit eskalerende konflikte (Israel en Midde-Oosterse state, Rusland en die Oekraïne, konflikte op die Afrika-vasteland) en potensieel eskalerende konflikte (China versus Taiwan; Noord-Korea versus Japan en andere; Wes-Europa versus Rusland en bondgenote) is die wêreldpolitiek tans meer onstabiel as in dekades. Aangevuur deur verskuiwende politieke magsbasisse, handelsoorloë en politieke herbelynings, word Suid-Afrika gedwing om aan te pas by veranderende omstandighede en is die volgende belangrik:

1) Suid-Afrika se verhoudings met tradisionele bondgenote waaronder Rusland, China, Iran en Noord-Korea, is besig om verhoudings met Westerse state, in besonder die VSA, drasties te laat versleg. Dit is veral die saak wat Suid-Afrika by die Internasionale Strafhof teen Israel aanhangig gemaak het, wat eersgenoemde die gramskap van die Trump-administrasie op die hals gehaal het en gelei het tot die uitsetting van Suid-Afrika se ambassadeur (Ebrahim Rasool) asook die militêre attaché; die opskorting van gesondheidshulp (USAID) en militêre samewerking. Die waarskynlike beëindiging van die AGOA-ooreenkoms, met verreikende negatiewe implikasies vir handelsuitvoere en ’n nie-groeiende ekonomie word ook in die nabye toekoms in die vooruitsig gestel.[46]
2) Die huidige gewapende konflik tussen die VSA en Israel versus Iran is besig om te eskaleer tot ’n streekskonflik met verdere eskalasie ’n moontlikheid.
3) Suid-Afrika is boonop tydens 2023 deur die Financial Action Task Force op die grys-lys geplaas, gemotiveer deur geldwassery en die betrokkenheid by en/of finansiering van terroriste-organisasies (Burger, 2023:1-3). Hoewel onlangs opgehef, was hierdie plasing negatief vir ekonomiese en finansiële investering. Tans benodig die Suid-Afrikaanse ekonomie dringend investering ten einde ekonomiese groei en ontwikkeling te verseker.
4) Toestande op die Suider-Afrikaanse subkontinent, onder meer die konflik in die DRK; die ISIS-bedreiging in die noorde van Mosambiek (vergelyk Hanlon, 2020); georganiseerde misdaad en die optrede van sindikate op die subkontinent, en opposisie teen vreemdelingehaat as gevolg van die getal onwettige immigrante in Suid-Afrika, raak Suid-Afrika negatief in sy politieke beeld en ook as ’n bestemming vir ekonomiese en finansiële investering.
5) Kritiek teen Suid-Afrika se binnelandse beleid en die rasgebaseerdheid daarvan is ook besig om internasionaal veld te wen en kan verhoudings met veral Westerse state negatief raak, met groot ekonomiese en finansiële implikasies soos aangedui.

[46] AGOA (The African Growth and Oppurtunities Act) maak dit vir Sub-Sahara Afrikastate moontlik om handel te dryf met die VSA sonder dat invoerbelasting betaal word. Tydens 2022 was 2,4% van SA se totale uitvoere onder die vaandel van AGOA. Die handel raak veral die voertuigbedryf (1,4 miljard US$); ferro-allooie (368 miljoen US$); sitrus-uitvoere (132 miljoen US$); juweliersware (110 miljoen US$); en wyn-uitvoere (65 US$) (Joosub, 2024). Die ooreenkoms is onlangs vir ’n verdere jaar hernu.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

### *4.5.1 Gevolgtrekking*

Waar Suid-Afrika direk na 1994 ’n gunsteling van die wêreld was, het die situasie veral sedert die Zuma-era, maar ook onder die leiding van Ramaphosa, wesenlik verander. Nie net loop Suid-Afrika gevaar (soos tydens die apartheidsera) om weereens as ’n muishondstaat beskou te word nie, maar daar is ook risiko’s ten opsigte van minder internasionale hulp en ondersteuning, en vorms van disinvestering en sanksies word geensins uitgesluit nie – veral as die handelinge en uitsprake van die Trump-administrasie ernstig opgeneem word.

Suid-Afrika gaan dit vorentoe moeilik vind om die spreekwoordelike skip te stuur in onstuimiger en meer onsekere waters soos wat die konflik tussen die VSA en Israel enersyds en Iran en sy bondgenote (waarvan Suid-Afrika deel is) begin eskaleer. Verhoudings met state soos Rusland, China en Iran en die stryd teen Israel en by implikasie die VSA, kan teen ’n baie hoë prys kom in ’n tyd dat Suid-Afrika dit uiters moeilik ekonomies en finansieel kan bekostig. Aanpassings aan Suid-Afrika se binnelandse beleid (lees die rasgebaseerde, sentralistiese en sosialistiese transformasieprojek) kan vorentoe deurslaggewend wees om ekonomiese groei asook plaaslike en internasionale investering te verseker.

## 5. Tendensbepaling/-handhawing/-verandering

Die verswakkende staat-tendens, reeds dekades met ons, versleg verder met bepaalde negatiewe uitkomste, waaronder institusionele agteruitgang en verval; swak dienslewering; gebrekkige regeerkundige en bestuurspraktyke; ontoereikende en onetiese finansiële bestuur, en groterwordende skuldlaste op talle vlakke. Dit skep ’n gunstige omgewing vir korrupsie en georganiseerde misdaad. Indien daar nie drastiese teenoptrede is nie, kan die grondslag gelê word vir die verdere verbrokkeling van die staat, met in die uiterste vorm beskou, pogings tot sesessie (lees KZN en die Wes-Kaap) op lang termyn – laasgenoemde tans onwaarskynlike moontlikhede op korter en medium termyne.

Die transformasieprojek, ’n projek in sosiale en politieke ingenieurswese met ’n sentralistiese, populistiese en sosialistiese ingesteldheid, dra die saad van sy eie totnietgaan ingevolge ’n onvermoë om ekonomiese groei en ook ontwikkeling te bewerkstellig; die vestiging van rasdiskriminerende praktyke en die institusionalisering daarvan, asook die vestiging en institusionalisering van patronaatskappe wat lei tot endemiese korrupsie en staatskaping. Die omvangryke wyse waarop ANC (en ander) politieke elites betrokke is by endemiese korrupsie en staatskaping (soos bevind deur onder meer die Zondo-kommissie van Ondersoek) maak daadwerklike optrede meestal onwaarskynlik. Om weg te beweeg van die transformasieprojek (en die negatiewe implikasies wat hiermee geassosieer word) impliseer die weg van fundamentele hervorming die soeke na ’n nuwe polities-ekonomiese paradigma waarvoor die ANC tans allermins gereed is.

Ernstige interne konflik binne die breë kerk van die ANC; steunverliese in die afgelope verkiesings; die SAKP en elemente van COSATU wat hulself los van die ANC wil plaas in komende verkiesings; ’n uiters moeilike plaaslike verkiesing wat voor die deur lê, en ’n bepalende leierskapsverkiesing in 2027 om ’n opvolger vir Ramaphosa aan te dui, beklemtoon die broosheid van die groepering wat Suid-Afrika vir reeds meer as 30 jaar regeer.

Bogenoemde toedrag van sake word vererger deur meningspeilings (reeds na verwys) wat dui op ’n verdere dalende trajek in steun en groot finansiële uitdaging vir die eens dominante hegemonie. Die trajek van ’n verswakkende ANC (lees ook alliansie) gaan voortduur en kan selfs die einde van die organisasie as ’n oorheersende magsfaktor in Suid-Afrika beteken.

Pogings om steun te herwin kan lei tot uiterste populistiese politiek, wat ons reeds sien ingevolge wetgewende raamwerke waaronder BELA, onteiening sonder vergoeding; nasionale gesondheidsversekering en ander sake waaroor die ANC reeds resolusies aanvaar het. Hierdie veranderende konteks hou die potensiaal in vir groot politieke onstabiliteit en onsekerheid en is op sigself negatief vir ekonomiese groei en ontwikkeling.

Die RNE, 'n betreklik nuwe konsep en politieke bestuursraamwerk vir Suid-Afrika op nasionale vlak, hou die potensiaal in vir onstabiliteit as gevolg van onder meer diepliggende ideologiese verskille, die ANC wat steeds as 'n dominante hegemonie wil bly regeer, en die kompleksiteite van politieke, ekonomiese en maatskaplike kwessies wat hanteer moet word. Bogenoemde word bevestig deur die huidige onenigheid oor die finalisering van die staatsbegroting en die implikasies daarvan vir goeie regering en regeerkundige praktyke. Indien die RNE in krisis verval (soos wat tans die geval is) is verskeie uitkomste moontlik, waaronder 'n nuwe koalisie met ander strategiese vennote waaronder die EFF en/of die MK-party (laasgenoemde meer onwaarskynlik solank Ramaphosa die ANC-leier is); 'n minderheidsregering wat op *ad hoc*-basis steun mobiliseer, en selfs 'n vervroegde verkiesing. Hierdie konteks hou die potensiaal in vir groot onstabiliteit en onsekerheid.

'n Ongesonde politieke ekonomie word veroorsaak deur onder meer die transformasieprojek met kaderontplooiings as meganisme van beheer; die aanvaarding en toepassing van populistiese wetgewing; eskalerende staatskuld; swak finansiële bestuur, veral op plaaslike vlak; swak dienslewering in die algemeen, en uitgebreide endemiese en sistemiese korrupsie tot op die vlak van staatskaping. Hierdie omgewing is allermins bevorderlik vir buitelandse en/of binnelandse investering, wat belangrik en selfs noodsaaklik is vir ekonomies volhoubare groei. Projeksies dui ook nie juis op sterk groei oor die komende vyf jaar nie, en groot strukturele veranderinge (waaronder deregulering en wysigings aan die transformasieprojek), noodsaaklik vir ekonomiese groei, is onwaarskynlik in die nabye toekoms – gegewe die situasie waarin die ANC tans verkeer. Die bereiking van 'n fiskale afgrond, indien nie reeds bereik nie, kan allermins uitgesluit word.[47]

Verswakkende staatsomstandighede, eskalerende patrone van politieke onstabiliteit, endemiese korrupsie en staatskaping lê die grondslag vir 'n misdaadstaat – waarna soms ook verwys word as 'n pakhanate- of predatorstaat. Die uitgebreide vlak waarop politieke elites met misdaad geassosieer word (dit wil sê die wil om op te tree ontbreek) asook 'n wanfunksionele strafregstelsel maak optrede onwaarskynlik en 'n voortsetting van die status quo die meer aangewese opsie indien demokratiese meerderhede en politieke mag en beheer verseker kan word.

Patrone van politieke onstabiliteit, beperkte tot negatiewe ekonomiese groei, swak onderwys, gesondheidsdienste en dienslewering dra ook by tot eskalerende maatskaplike uitdagings waaronder armoede, ongelykheid, werkloosheid (veral onder die jeug), misdaad en georganiseerde misdaad asook patrone van rassisme. Die steeds toenemende getal mense afhanklik van maatskaplike toelae gaan vorentoe al hoe moeiliker volhoubaar wees in beperkende ekonomiese en finansiële omstandighede soos uitgewys. Hierdie tendens sal voortgesit word in die komende vyf jaar, met 'n sterk moontlikheid dat omstandighede nog verder sal versleg.

47 Met 'n fiskale afgrond word bedoel 'n situasie waar staatsuitgawes (lees salarisse, toelaes, rente op staatskuld, ens.) alle staatsinkomste oortref (Rossouw, 2022:4). Die nastrewing van populisme plaas nog groter druk op staatsuitgawes. Verskeie ekonome, waaronder Parsons (2020:1), het reeds gewys op die risiko's ten opsigte van die bereiking van 'n fiskale afgrond.

’n Veranderende internasionale omgewing en swak verhoudings met leidende (lees Westerse) rolspelers kan bydra tot internasionale isolasie, beperkte investering en selfs sanksies. Die Trump-administrasie se optrede teen Suid-Afrika tot dusver (en wat moontlik vorentoe kan kom) is ’n voorbeeld in hierdie verband. Die beëindiging van die AGOA-ooreenkoms (waarna vroeër verwys is) is ’n moontlikheid, terwyl geteikende sanksies teen ANC-elites en andere ook as moontlikhede geopper word. (Die AGOA-ooreenkoms is onlangs vir ’n verdere jaar verleng, maar te midde van verslegtende verhoudinge tussen Suid-Afrika en die VSA.) Hierdie patroon, gegewe die interne situasie in Suid-Afrika en hoe dit vorentoe kan ontvou, kan hierdie veranderlike moontlik baie negatief maak indien verkeerde bondgenote geïdentifiseer word en strategiese handelsvennote (lees die Weste) verwaarloos word – juis dit wat nou besig is om te gebeur.

## 6. Scenariogerigte en evaluerende perspektiewe

Die voorafgaande ontleding beklemtoon die gekompliseerde aard van kernveranderlikes, die samehang en/of konflikterende aard hiervan en die onsekerheid van uitkomste. Nieteenstaande hierdie toedrag van sake bestaan daar tog ’n samehang van kernveranderlikes wat dui op ’n negatiewe tot moontlik baie negatiewe scenario wat oor die volgende vyf jaar hier kan uitspeel. ’n Positiewe scenario is myns insiens meer normatief (of ideaaltipies) van aard en is afhanklik van sake soos sterk en hervormingsgesinde leierskap; die wegbeweeg van ideologies beperkende raamwerke en populistiese benaderings, asook inisiatiewe wat daadwerklike staatsbou en nasiebou bevorder.[48] Die kernveranderlikes sluit in die vermoë (al dan nie) tot:

- Die handhawing van politieke stabiliteit;
- Staatsbou en kapasiteitskepping;
- ’n Politieke raamwerk vir ekonomiese groei en ontwikkeling;
- Nasiebou en die akkommodering van minderhede;
- Demokratiese konsolidasie;
- Die aanpak van maatskaplike uitdagings;
- ’n Heroriëntasie van internasionale verhoudings.

### *6.1 Politieke stabiliteit*

In die omgewingsverkenning is verskeie faktore aangetoon wat tot eskalerende onstabiliteit kan bydra, waaronder verswakkende staatstendense (swak grensbeheer; diensleweringsuitdagings, uitdagings rakende kapasiteit ensovoorts); beperkte ekonomiese groei; swak regeerkundige praktyke en polities-gemobiliseerde verwagtinge (populisties van aard) wat ’n reeds onstabiele politieke situasie verder kan laat versleg. Die klassieke Huntington-tesis (1968:1-8) van die mobilisasie van hoë verwagtinge en die onvermoë van instellings en prosesse (institusionalisering) om hieraan uitdrukking te gee lê ten grondslag van patrone van politieke onstabiliteit in Suid-Afrika. ’n Kombinasie van faktore, waaronder hoë vlakke van armoede; beperkte ekonomiese groei; gemobiliseerde verwagtinge, en instellings wat onderpresteer of selfs heeltemal wanfunksioneel raak, kan lei tot uiterste patrone van stelsel-onstabiliteit.

[48] Raadpleeg Duvenhage (2024:320-341) vir meer besonderhede oor die noodsaak, fokusareas en strategiese aspekte ten opsigte van die fundamentele hervorming van die staatkundige bestel in Suid-Afrika.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

Plaaslike regering kan as 'n voorbeeld van laasgenoemde dien. Sonder daadwerklike ingrypings is 'n bestesaakscenario die status quo, wat toenemend versleg tot 'n negatiewe scenario van uiterste onstabiliteit, onder meer teweeggebring deur snellers soos die 2026/7-plaaslike verkiesing, die Nasionale Konferensie van die ANC waarin nuwe leierskap aangewys moet word, en/of die potensieel destruktiewe rol van antistelselpartye waaronder die MK-party. Ten opsigte van laasgenoemde kan verwys word na die politieke geweld in KZN tydens 2021, soos na verwys in die teks. Die vermoë van die staat kan onder sodanige omstandighede ernstig getoets word, met revolusionêre onstabiliteit 'n moontlikheid binne 'n uiters negatiewe scenario.

### *6.2 Staatsbou en kapasiteitskepping*

Die huidige stand van instellings op verskeie vlakke (nasionaal, provinsiaal en plaaslik) dui op ernstige vlakke van wanfunksionaliteit en selfs institusionele verval, soos in die studie gemotiveer. Die nasionale projek van transformasie en in besonder die ontplooiing van kaders in strategiese posisies op alle vlakke van die regime (semistaatsinstellings ingesluit) lê aan die wortel van die probleem. Dit is ironies dat 'n sterk staat juis nodig is om uitvoering te gee aan die nasionale projek, maar dit word ondermyn deur die genoemde aanstellings, wat ook ten grondslag lê van endemiese korrupsie en praktyke wat met staatskaping verband hou, soos by uitstek deur die Zondo-kommissie van Ondersoek uitgewys is. Laasgenoemde is juis die teenoorgestelde van staatsbou en kapasiteitskepping. Ongeag hierdie negatiewe uitkomste en uitgespelde beloftes tot kapasiteitsbou en die herstel van staatsinstellings het weinig tot dusver hiervan gekom, en ontbreek die politieke wil om die transformasieprojek indringend te hersien, merieteaanstellings te maak en instellings te herbou wat in algemene belang kan optree. Veral op plaaslike vlak bereik die probleem die punt waar dit onbestuurbaar raak. Geen aanduiding bestaan dat die regerende ANC op die oomblik van hierdie fundamentele beleidsoriëntasies (lees radikale transformasie) gaan afwyk nie. Trouens, met die aanvaarding van uiterste populistiese beleidsraamwerke waaronder BELA, die Wet op Onteiening sonder Vergoeding en die NGV, word die teenoorgestelde juis beklemtoon. Dit kan uitloop op 'n negatiewe (tot uiters negatiewe scenario) ingevolge sake soos ekonomiese groei (of eerder die gebrek daaraan); patrone van swak dienslewering en onstabiliteit, en 'n onvermoë om maatskaplike uitdagings suksesvol aan te pak.

### *6.3 Politieke raamwerk vir groei en ontwikkeling*

Die Nasionaal Demokratiese Revolusie-idee as grondslag en *transformatisme* as ideologiese raamwerk het as uitkomste gehad gebrekkige ekonomiese groei, endemiese korrupsie en selfs staatskaping, met ernstig diskriminerende praktyke (lees ekwiteits- en SEB-wetgewing). Hierdie raamwerk vir groei en ontwikkeling (soos telkens in die teks aangetoon) is ontoereikend en die behoefte aan 'n gefundeerde raamwerk, 'n sterk staat wat hieraan uitvoering kan gee en waarvan die grondslag fundamenteel verskil van die sentralistiese, sosialistiese en populistiese beleidsraamwerk eie aan *transformatisme*, is tans dwingend noodsaaklik. Dit is nietemin te betwyfel of die leierskap gereed is vir sodanige fundamentele paradigmaverandering – juis dít wat nou vereis word. Trouens, die aanduidings is daar dat, met die aanvaarding van populistiese wetgewing (soos vroeër aangedui), die ANC veel eerder meer ekstremisties wil handel soos ook bevestig deur die aanvaarding van talle resolusies met 'n sterk populistiese oriëntasie by die laaste Nasionale Konferensie van die regerende party. Die afwesigheid van 'n politieke raamwerk wat op 'n sinvolle en substantiewe wyse die vraagstukke van die tyd kan aanpak, en die oorbeklemtoning en toepassing van uitgediende transformatiewe praktyke


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

beklemtoon 'n negatiewe uitkoms of scenario – moontlik selfs ekstreem negatief. Net daadwerklike politieke hervorming en ideologiese hernuwing sal en kan hier 'n positiewe uitkoms bewerkstellig.

### *6.4 Nasiebou en die akkommodering van minderhede*

'n Prominente verkiesingstendens ('n tendens wat ook tans wêreldwyd voorkom) is die aanwesigheid van identiteitspolitiek, soos waarneembaar in die verbrokkeling van die politieke proses en polarisasie binne die politieke spektrum van demokratiese state. In Suid-Afrika speel die rasidentiteit steeds 'n uiters belangrike rol en soos tydens die apartheidsera word dit wetlik in stand gehou deur soveel as 142 wetlike raamwerke wat aanvaar is sedert 1994.[49] Met rasseverteenwoordigendheid as transformatiewe norm en uitgebreide wetgewende raamwerke met as fokus ekwiteit, swart bemagtiging ensovoorts, is die uitkoms die marginalisering van rasseminderhede en selfs diskriminasie teen laasgenoemde. Met die onlangse begroting is beleid voorgestel waarvolgens nie-swart maatskappye addisioneel belas word om swartbemagtigingsmaatskappye finansieel te bemagtig – dit terwyl maatskappybelasting reeds ernstig skeefgetrek is, soos vroeër in die teks aangedui is. Die wetlike goedkeuring van slagspreuke soos "kill the boer, kill the farmer" dra boonop tot verdere rassespanning by, asook polarisasie wat duidelik spreek teen die wese van die Grondwet wat nierassigheid tot absolute en oorhoofse norm beklemtoon. In die wetlik geïnstitusionaliseerde samelewing waar diskriminerende praktyke voortduur (ongeag die afskaffing van apartheid) word sosiale konfliklyne wetlik in stand gehou met 'n bedreiging vir algemene stabiliteit, demokratiese waardes asook ekonomiese groei en ontwikkeling.

### *6.5 Demokratiese konsolidasie*

Demokratiese konsolidasie beklemtoon die vermoë om demokratiese waardes te kan uitleef binne gevestigde en erkende strukture waardeur die belang van die burgery vooropgestel word. Daar kan min twyfel wees dat die huidige politieke scenario (veral die een ná Mei 2024) 'n ernstige uitdaging rig tot die konsolidasie van demokratiese waardes in 'n snel veranderende nasionale en internasionale omgewing. Uitdagings wat in hierdie verband aangepak sal moet word sluit in: koalisiepolitiek en die aanpassing van rolspelers by 'n veranderende politieke omgewing, finansiële bestuur en aanspreeklikheid, staatsbou en kapasiteitskepping (waarna reeds verwys is); 'n goed funksionerende stelsel van plaaslike regering, en die verwydering van alle vorms van diskriminasie en praktyke wat daarmee verband hou. Die eis om 'n regsorde in algemene belang voorop te stel, lê aan die wortel van die suksesvolle konsolidasie van demokratiese waardes. Ekonomiese groei en die vermoë om maatskaplike uitdagings suksesvol aan te pak is sake wat met suksesvolle demokrasieë verbind word – tans 'n ernstige probleem in Suid-Afrika.

### *6.6 Die aanpak van maatskaplike uitdagings*

In teenstelling met dít wat deur transformasie in die vooruitsig gestel is ('n nierassige, nieseksistiese, demokratiese, vooruitstrewende, en volhoubare orde) het Suid-Afrika met ernstige maatskaplike uitdagings te make, waaronder eskalerende armoede; groterwordende ongelyk-

[49] Die *Institute of Race Relations* se *Index of Race Laws* toon dat daar sedert 1910 319 rasgebaseerde wette in Suid-Afrika aanvaar is. Hiervan is 142 steeds in gebruik, waarvan 117 sedert 1994 aanvaar is (IRR,2025:1).

heid; misdaad en georganiseerde misdaad; van die hoogste werkloosheidsyfers ter wêreld, en institusionele diskriminasie. Hierdie uitdagings kan alleen na behore aangepak word in ’n omgewing van betreklike politieke stabiliteit en funksionerende regering; hoë ekonomiese groei en die vermoë om groei te herlei tot ontwikkeling – veral volhoubare ontwikkeling, en omstandighede waarin sosiale orde en stabiliteit prioriteit geniet. Die aanpak van bogenoemde kwessies hang ten nouste saam met sake wat reeds hierbo hanteer is, inbegrepe die wegbeweeg van die transformasieprojek; die vestiging van ’n werkende demokrasie en demokratiese orde en wat dit veronderstel, en instellings (in besonder plaaslike regering) wat ’n omgewing kan help skep waar groei en ontwikkeling die noodsaaklike grondslag kan verskaf vir die aanpak van die genoemde uitdagings.

’n Nuwe politieke paradigma, soos in die teks beskryf, blyk noodsaaklik te wees vir die suksesvolle aanpak van maatskaplike uitdagings soos hierbo genoem – ’n perspektief wat nog geensins aanwesig is binne die radikale denkkringe van die politieke omgewing, insluitend ten minste sommige ANC-elites nie.

### *6.7 ’n Heroriëntasie van internasionale verhoudings*

Die verandering na ’n nuwe wêreldorde, soos in die teks aangeroer, het belangrike betekenis vir Suid-Afrika gegewe die binnelandse uitdagings soos gestel hierbo. Met ’n wêreldorde wat nuwe reëls definieer en Suid-Afrika se verbintenis tot radikale politieke oriëntasies en belyning met bondgenote wat in konflik staan met diegene wat die meeste in die Suid-Afrikaanse ekonomie investeer (lees in besonder Westerse state), sal ’n nuwe of ten minste veranderende oriëntasie bydra om ’n omgewing daar te stel waar ondersteuning, hulp en investering, eerder as onttrekking, isolasie en selfs sanksies aan die orde is. Die verslegtende verhouding met die VSA (Suid-Afrika se tweede grootste handelsvennoot) en die waarskynlike opskorting van die AGOA-ooreenkoms is sprekend in hierdie verband.

Met ’n wêreld wat toenemend polariseer en konflikte wat eskaleer moet strategiese keuses op wyses gedoen word wat Suid-Afrika se buitelandse belang nie ernstig benadeel nie, soos wat die saak teen Israel by die Internasionale Strafhof tans bewys. Ekonomiese voordeel vir Suid-Afrika eerder as die bevordering van radikale ideologiese en dikwels uitgediende oriëntasies behoort prioriteit te geniet. Met ’n wêreldorde wat tans wankel op die rand van eskalerende en moontlik selfs ’n wêreldkonflik moet verhoudings met state soos Iran, Rusland, Noord-Korea en China met groot omsigtigheid hanteer word – iets wat tans nie die geval is nie. Suid-Afrika se openlike steun vir Iran ten opsigte van die konflik met die VSA en Israel beklemtoon hierdie aspek by uitstek.

Veranderlikes beklemtoon die moontlikheid van ’n verslegtende scenario (selfs ’n baie slegte scenario) wat net omgekeer kan word met daadwerklike hervorming, die identifisering en die implementering van ’n nuwe politieke paradigma om kwessies soos hierbo genoem suksesvol aan te pak. ’n Nasionale Gespreksforum, soos deur die president in die vooruitsig gestel, kan en mag ’n belangrike uitgangspunt in hierdie verband wees.

## BIBLIOGRAFIE

Africa, S. 2022. South Africa’s deadly July 2021 riots may recur if there is no change. https://www.moneyweb.co.za/news/south-africa/south-africas-deadly-july-2021-riots-may-recur-if-theres-no-change/ (25 April 2025).

Ake, C.1975. A definition of political stability. *Comparative politics,* 7(2):271-283.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3323

Akinwotu, E. & Bartlett, K. 2024. In a historic election, South Africa's ANC loses majority for the first time. https://www.npr.org/2024/06/01/nx-s1-4987616/south-africa-election-results-anc-loses-majority-for-the-first-time-npr (Africa – Torture, ill-treatment and executions in African National Congress Camps. Amnesty International. 2 Desember 1992. Al Index 53/27/92.

Amnesty International. 1992. South Africa – Torture, ill-treatment and executions in African National Congress Camps. 2 Desember 1992. Al Index 53/27/92.

ANC. 2017. ANC National Policy Conference: Strategy and tactics of the African National Congress. Discussion document. https://www.anc1912.org.za/50th-national-conference-strategy-and-tactics-of-the-african-national-congress (1 November 2025).

Anoniem. 2019. South Africa is one of the least safe countries in the world. BusinessTech, 24 November. https://businesstech.co.za/news/lifestyle/355519/south-africa-is-one-of-the-least-safe-countries-in-the-world (30 Oktober 2023).

Bartlett, B. 2024. Voter turnout in the 2024 South African elections. https://math.sun.ac.za/bbartlett/assets/2024%20turnout.html (8 Oktober 2024).

Baxter, J. 2020. Latest crime statistics for South Africa – increases in murder rate. https://www.sapeople.com/eish-south-african-stuff/latest-crime-statistics-for-south-africa-increase-in-murder-rate/ (5 Oktober 2020).

Bell, W. 2015. An overview of Future Studies. https://theism.org/dcuments/Bell-(2015)- An-overview-of-Future -Studies.pdf .

Bloomberg. 2020. Advisory group puts a date to South Africa's collapse. BusinessTech, 10 September. https://businesstech.co.za/news/business/432504/advisory-group-puts-a-date-to-south-africas-collapse/ (20 Oktober 2020).

Bole, M.S. 2022. Sustaining Section139(1)interventions in local government: The case of selected Municipalities in North West Province. Potchefstroom: NWU. PhD-verhandeling.

Booysen, S. 2021. Disunited we stand: Coalition politics in South Africa is jinxed when politicians behave badly in pursuit of power. https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2021-07-07-disunited-we-stand-coalition-politics-in-south-africa-is-jinxed-when-politicians-behave-badly-in-pursuit-of-power/ (23 Junie 2024).

Bosman, J.P.G. 2025. Politieke transformatisme en die marginalisering van en diskriminasie teen Afrikaners (1994-2025)-'n hipoteties-verkennende studie. Navorsingsvoorstel: PhD-studie. NWU, Potchefstroom. (Kopie is in outeur se besit).

Botha, R. 2025. South Africa's debt has skyrocketed -new rules are needed to manage it. https://theconversation.com/south-africas-debt-has-skyrocketed-new-rules-are-needed-to-manage-it (25 Maart 2025).

Burger, P. 2023. South Africa has been grey listed for not stopping money laundering and terrorism funding. What it means. Times Live, 26 Februarie. https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2023-02-27-sa-greylisted-for-not-stopping-money-laundering-and-terrorism-funding-what-it-means/ (1 November 2023).

BusinessTech. 2025a. South Africa has no more money. https://businesstech.co.za/news/budget-speech/817127/south-africa-has-no-more-money/ (24 Maart 2025).

BusinessTech. 2025b. Rich people leaving South Africa. https://businesstech.co.za/news/lifestyle/804837/r3-billion-emigration (5 Maart 2025).

Chipkin, I. & Swilling, M. 2018. *Shadow State: The politics of state capture*. Johannesburg: Wits University, 176p.

Cotterill, J. 2021. South Africa counts the cost of its worst unrest since apartheid. https://www.ft.com/content/1b0badcd-2f81-42c8-ae09-796475540ccc (5 Oktober 2021)

Cronje, F. 2017. *A traveller's guide to South Africa* in 2030. Kaapstad: Tafelberg

Curlewis, L. 2022. The South African Criminal Justice system: Under Siege. Pretoria: Referaat gelewer te Universiteit van Pretoria ter afskeid van prof. Koos Malan op 19 Augustus 2022.

Daily Investor. 2022. South Africa on the verge of collapse – economist. https://dailyinvestor.com/south-africa/5825/south-africa-on-the-verge-of-collapse-economist (6 November 2023).

De Jouvenel, B. 2012. *The art of conjecture*. New York: Routledge.

De Ruyter, A. 2023. *Truth to power: My three years inside Eskom*. Johannesburg: Penguin Books.

Du Toit, A. 2023. Russia could cost South Africa's car industry R435 billion and 112 000 jobs this week. TopAuto. https://topauto.co.za/news/81461/russia-could-cost-south-africas-car-industry-r435-billion-and-112000-jobs-this-week (26 Julie 2023).

Du Toit, P. & De Jager, N. 2015. South Africa's Dominant-Party System – Comparative perspectives. https://www.researchgate.net/figure/South African-National-Election-Results-1994-2014_tbl1_292972130 (8 Junie 2023).

Duvenhage, A. 2005a. Politieke transformasie – konseptuele oriëntasie en Suid-Afrikaanse toepassing. *Acta Academica,37(2)*: 1-35.

Duvenhage, A. 2005b.The dynamism of political transformation in South Africa – a general assessment. *Communitas*,10:1-19.

Duvenhage, A. 2020. Suid-Afrika by 'n kantelpunt: 'n slegte-saak-scenario? *LitNet Akademies*, 17(3):241-68.

Duvenhage, A. 2020a. Suid-Afrika in 'n smeltkroes van verandering: eietydse en toekomsperspektiewe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 56(3/4):137-62.

Duvenhage, A. 2021. Politieke transformasie in Suid-Afrika: implikasies vir die staat, die ekonomie en samelewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 61(3):713-37.

Duvenhage, A. 2022. The role of political parties in coalition building at the local government level. In Reddy e.a. (reds.) 2022:187-214.

Duvenhage, A. 2023. Koalisiepolitiek: die kuns van die (on)moontlike? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* https://doi.10.17159/2224-7912/2023/v63n1a6 (25 Januarie 2025).

Duvenhage, A. 2023a. Sal die Suid-Afrikaanse konstitusionele demokrasie die huidige krisis wat die bestel in die gesig staar oorleef? *LitNet Akademies*, 20(1):116-148.

Duvenhage, A. 2023b. Die 2024-verkiesing: is 'n Suid-Afrikaanse Lente op pad? LitNet: Seminare & Essays, 25 Oktober. https://www.litnet.co.za/die-2024-verkiesing-is-n-suid-afrikaanse-lente-op-pad/ (24 Januarie 2024).

Duvenhage, A. 2023c. Patrone van onstabiliteit in die Suid-Afrikaanse politieke omgewing – 'n tendens-ekstrapolasie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(4):1-32.

Duvenhage, A. 2024. Suid-Afrika se belangrikste verkiesing nog. Potchefstroom. Referaat gelewer by die Potchefstroomse Werkgroep van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. (NWU April 2024).

Duvenhage, A. 2024a. Pakhanate-state – 'n konseptualisering, kontekstualisering en Suid-Afrikaanse toepassing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe.* 64(3):487-517.

Duvenhage, A. 2024b. Die fundamentele hervorming van die Suid-Afrikaanse staat – motivering en strategie. *LitNet Akademies* 21(1): 320-341.

Electoral Amendmet Act 1 of 2023. https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/Acts/2023/Act_1_of_2023_Electoral_Amendment_Act.pdf (7 Februarie 2025).

Electoral Commission of South Africa. 2024. What is new in the 2024 elections? https://www.elections.org.za/pw/elections/whats-new-in-the-2024-elections-electoral-amendment-act (20 Januarie 2025).

Eloff, T. 2022. Die ANC kan in sy huidige vorm verdwyn. https://www.afrikanerbond.co.za/die-anc-kan-in-sy-huidige-vorm-verdwyn---mei-2022 (26 September 2022).

Erasmus, D. en L. Hlangu. 2021. Phoenix massacre: What really happened in the deadly collision of brutalized communities. Daily Maverick, 28 Julie. https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-07-28-phoenix-massacre-what-really-happened-in-the-deadly-collision-of-brutalised-communities/ (30 Oktober 2023).

Eunomix. 2020. South Africa heading towards becoming a failed state. Al Jazeera, 10 September. https://www.aljazeera.com/economy/2020/9/10/south-africa-heading-towards-becoming-a-failed-state-report (1 November 2023).

Eyewitness News.2024. Ramaphosa denies resignation allegations after Phala Phala Report. (24 May 2024). https://www.youtube.com/watch?v=5js7BTN6wUE (27 Februarie 2024).

Geldenhuys, D. 1999. Staatsverval. *Poleteia,* 18(2):37-56

Gladwell, M. 2000.T*he tipping point: How little things can make a big difference*. New York. Little Brown.

Global Initiative against transnational Organized Crime. 2022. Strategic organized crime risk assessment – South Africa. https://www.scribd.com/document/595885595/GI-TOC-Strategic-Organized-Crime-Risk-Assessment-South-Africa (30 Oktober 2023).

Greffrath, W.N. 2015. State dysfunction: The concept and its application to South Africa. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Groenewald, P. 2025. VF Plus ondersoek besluit van raadslid op Swellendam om ANC-mosie te steun. https://www.vfplus.org.za/af/jongste-nuus/vf-plus-ondersoek-besluit-van-raadslid-op-swellendam-om-anc-mosie-te-steun/ (30 Januarie 2025).

Grootes, S. 2025. New polling update – the ANC's long electoral slide. https://www.dailymaverick.co.za/article/2025-04-14-polling-update-anc-long-electoral-slide/ (22 April 2025).

Gumede, W. 2021. We are going down, the Mexican way. Sunday Times, 21 Februarie, p. 2.

Haffajee, F. 2022. South Africa's organised crime climbs to Italy's level, racing past Mexico, Somalia and Libya. https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-09-21-south-africas-organised-crime-climbs-to-italys-levels-racing-past-mexico-somalia-and-libya/ (2 November 2022).

Hanley, L. 2021. South Africa: Political unrest leads to business and supply chain disruptions. https://www.thebci.org/news/south-africa-political-unrest-leads-to-business-and-supply-chain-disruptions.html (24 April 2025).

Hanlon, J. 2020. Southern Africa: Mozambique asks EU for military help. https://allafrica.com/stories/202009290483.html (10 Oktober 2020).

Harding, A. 2021. South Africa riots: The inside story of Durban's week of anarchy. BBC News. https://www.bbc.com/news/world-africa-57996373 (4 April 2023).

Heyns, T. 2023. Meer as 11 miljoen huishoudings ontvang gratis dienste – Ramaphosa. Maroelamedia, 10 Julie. https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/meer-as-11-miljoen-huishoudings-ontvang-gratis-dienste-ramaphosa/ (23 April 2025).

Heyns, T. 2025. OVK wil wegdoen met 192 partye. https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/ovk-wil-wegdoen-met-192-partye (17 Maart 2025).

Heywood, A. 2002. *Politics.* 2de uitgawe. New York: Palgrave Foundations.

Hogg, A. 2025. SA's most accurate pollshowsANC down to 32% - its populist gamble has backfired. https://www.biznews.com/interviews/2025/02/24/poll-shows-anc-down-32 (17 Maart 2025).

HSRC. 2024. Elections 2024: The big no-vote: over 11 million registered voters did not cast ballots in 2024 polls. https://hsrc.ac.za/news/latest-news/elections-2024-the-big-no-vote-over-11-million-registered-voters-did-not-cast-ballots-in-2024-polls (21 Januarie 2025).

Huntington, S.P. 1968. *Political order in changing societies*. London: Yale University Press.

ICTJ. 2022. South Africa Most Unequal Country in the world: Report. https://www.ictj.org/node/35024 (24 April 2025).

IEC. 2024. Electoral Commission updates the nation on progress in preparation for the 2024 National and Provincial elections. https://www.elections.org.za/pw/News-And-Media/News-List/News/News-Article/Electoral-Commission-updates-the-nation-on-progress-in-preparation-for-the-2024-National-and-Provincial-Elections?a=AISDGvpz75ps1usOfX7oilbniD9kWlRTewgpYqPEVMk= (26 September 2024).

IEC. 2024a. NPE Results Dashboard 2024. https://results.elections.org.za/dashboards/npe/ (17 Oktober 2024).

IEC. 2024b. Detailed Results. https://results.elections.org.za/dashboards/npe/ (26 September 2024).

IEC. 2024c. IEC results:2024 election results in Kwazulu-Natal (KZN). chrome-extension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/https://results.elections.org.za/home/NPEPublicReports/1334/Regional%20Ballot/Results%20Report/KN/KN.pdf (25 September 2024).

IRR. 2025. Index of race laws. https://racelaw.co.za/index-of-race-law/ (7 April 2025).

Jackson, R. 1993. *Quasi-states: Sovereignty, international relations and the Third World.* Cambridge: Cambridge University Press.

Johnson, R.W. 2015. *How long will South Africa survive? – the looming crisis*. Kaapstad: Jonathan Ball.

Johnson, R.W. 2019a. Our coming train crash. *Politicsweb*, 1 Augustus. https://www.reddit.com/r/southafrica/comments/ckmkc7/our_coming_train_crash_opinion_rw_johnson/?rdt=35348&captcha=1 (3 November 2023).

Johnson, R.W. 2019b. Ramaphosa's losing strategy. *Politicsweb*, 28 Augustus. https://www.politicsweb.co.za/opinion/ramaphosas-losing-strategy (8 Maart 2021).

Johnson, R.W. 2020. Ineenstorting wag op ANC. *Rapport* Weekliks, 27 September, p. 7.

Johnson, R.W. 2020a. How the end will come (ii). *Politicsweb*, 19 Julie. https://www.politicsweb.co.za/opinion/how-the-end-will-come-ii (1 November 2023).

Johnson, R.W. 2020b. Who can lead us back to the promised land? *Politicsweb*, 28 Desember. https://www.politicsweb.co.za/opinion/who-can-lead-us-back-to-the-promised-land (1 November 2023).

Johnson, R.W. 2021. Face up to ANC failure. *Politicsweb*, 28 September 2020. https://www.politicsweb.co.za/opinion/face-up-to-anc-failure (21 Maart 2023).

Johnson, R.W. 2023. Erratic ANC's crazy laws show SA approaching end of an era. *BizNews*, 26 Julie 2023. (Dokument is van die web verwyder, maar in skrywer se besit.)

Joosub, I. 2024. The future of AGOA and its implications for South Africa – a constitutional and economic perspective. https://fwdeklerk.org/the-future-of-agoa-and-its-implications-for-south-africa-a-constitutional-and-economic-perspective/ (31 Maart 2025).

Kadima, D. 2006. The study of party coalitions in Africa: Importance, scope, theory and research methodology. In D. Kadema [red].*The politics of Party Coalitions in Africa.* Johannesburg: Konrad Adenhauer Stiftung and EISA.

Kekana, M. 2019. Financial state of municipalities has worsened – Auditor General. *Mail and Guardian.* 26 Junie. https://mg.co.za/article/2019-06-26-financial-state-of-municipalities (19 Februarie 2020).

Kinnaird, B.A. 2021. The Criminal Justice System is broken and can't be fixed. https://www.psychologytoday.com/za/blog/the-hero-in-you/201812/the-criminal-justice-system-is-broken-and-cant-be-fixed (4 Maart 2020).

Kotze, C. 2025. Zama Zama underground empire still in place after Stilfontein saga. Protection Web. (10 Februarie 2025.

Libera, M. 2024. South Africa's tax base shock. https://businesstech.co.za/news/finance/804878/south-africas-tax-base-shock (18 Maart 2025).

Majozi, P. 2023. SA's problem of lawlessness and disorder. Politicsweb, 10 Julie. https://www.politicsweb.co.za/opinion/south-africas-problem-of-lawlessness-and-disorder (1 November 2023).

Malan, K. 2019. *There is no Supreme Constitution – a critique of statist-individualistic Constitutionalism*. Pretoria: Africa Sun Press.

Malan, K. 2023. The disintegration of the South African order. Politicsweb, 7 Januarie. https://www.politicsweb.co.za/opinion/the-disintegration-of-the-south-african-order (27 Julie 2023).

Malala, J. 2021. Justice Malala: Actually South Africa has a KZN problem. https://www.businesslive.co.za/fm/opinion/home-and-abroad/2021-07-29-justice-malala-actually-sa-has-a-kzn-problem/ (24 April 2025).

Mavuso, S. 2022. 5 most controvercial coalitions in the history of SA local governments. https://iol.co.za/news/politics/2021-10-20-5-most-controversial-coalitions-in-the-history-of-sa-local-governments/ (29 April 2022).

Mazrui, A. 1995. The blood of experience: the failed state and political collapse in Africa. *World Policy Journal:* 12(1):28-34.

Mbete, S. 2024. Making sense of voter turnout in the 2024 South African National and Provincial elections. *Journal of African Elections.* DOI;10.20940/JAE/2024/v23i2a**6** pp. 117-149).

Metelerkamp, T. 2024. Ramaphosa off the hook in Phala Phala case after NPA decline to prosecute. https://www.dailymaverick.co.za/article/2024-10-10-ramaphosa-off-the-hook-in-phala-phala-case-after-npa-declines-to-prosecute/ (14 Maart 2025).

Migdal, J.S. 1988. *Strong societies and weak states: State-society relations and state capabilities in the third world*. Princeton: Princeton University Press.

MK-Party. 2024. MK-party constitution. chrome-extension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/https://mkparty.org.za/wp-content/uploads/2024/10/MK-Booklet_.pdf (21 Januarie 2025).

More, T. 1516. Utopia. London: Folker Shakespeare Library.

Mpani, N. 2024. Democracy tested: What the 2024 African election scorecard reveals about progress and problems. https://mg.co.za/thought-leader/opinion/2024-12-12-democracy-tested-what-the-2024-african-election-scorecard-reveals-about-progress-and-problems/ (21 Januarie 2025).

Myburg, P.L. 2019. Gangster state – Unravelling Ace Magashule's web of capture. Kaapstad. Penguin.

Naim, M. 2012. Mafia states. https://www.foreignaffairs.com/mafia-states (22 September 2023).

Nathan, A. 2013. China at a tipping point? Foreseeing the unforseeable. *Journal of Democracy,* 24(1):20-25.

Neethling, B. 2024. South African municipalities in a R119 billion hole. https://dailyinvestor.com/south-africa/71782/south-african-municipalities-in-a-r119-billion-hole/ (25 Maart 2025).

Netshitenzhe, J. 2024. The SACP and elections: Is the Tripartite Alliance whole greater and better than the sum of its parts. https://mistra.org.za/wp-content/uploads/2024/12/sacpelections20241224.pdf (19 Maart 2025).

O'Neill, A. 2024. South Africa – gross domestic product (GDP) growth rate 2029. (25 Maart 2025).

Owusu-Seyere, E. 2022. Undocumented migrants – The myths, realities, and what we know and don't know. https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-03-23-undocumented-migrants-the-myths-realities-and-what-we-know-and-dont-know/ (18 April 2022).

PARI. 2022. The Zondo Commission: a bite-sized summary. Public Affairs Research Institute. chrome-extension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/https://pari.org.za/wp-content/uploads/2022/09/PARI-Summary-The-Zondo-Commission-A-bite-sized-summary-v360.pdf (14 Maart 2025).

Parsons, R. 2020. Note of comment – immediate press release. NWU Besigheidskool: Potchefstroom.

Pauw, J. 2017. *The President's keepers: Those keeping Zuma in power and out of prison*. Kaapstad: Tafelberg.

Pew Research Center. 2024. Global elections in 2024: What we learned in a year of political disruption. https://www.pewresearch.org/global/2024/12/11/global-elections-in-2024-what-we-learned-in-a-year-of-political-disruption (22 Januarie 2025).

Plaut, M. & Holden, P. 2012. *Who rules South Africa?* Johannesburg: Jonathan Ball.

PMG. 2024. Election results and Allocation of Seats in Parliament (National Assembly) and Provincial Legislators: 2024. https://pmg.org.za/blog/Election%20Results%20and%20Allocation%20of%20Seats%20in%20Parliament%20National%20Assembly%20and%20Provincial%20Legislatures%202024 (28 Januarie 2025).

Pollak, F.L.1973. The image of the futrure. Amsterdam: Elsevier Scientific Publ. Comp.

Republic of South Africa: South African government. 2023. Electoral amendment act, 2023: Act of 2023. https://parliament.gov.za/bill/2300397/ (25 Januarie 2025).

Roberts, B., Bohler-Muller, H. & Struwig, N 2024. 30 years of electoral democracy in SA: HSRC survey captures voter experiences and inform electoral processes. https://hsrc.ac.za/impact-stories/national-surveys/30-years-of-electoral-democracy-in-sa-hsrc-survey-captures-voter-experiences-and-informs-electoral-processes/ (15 Oktober 2024).

Rossouw, J. 2022. Besprekingsdokument: Kwelpunte in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Bondsberaad van die AB: 16 September 2019.

Rotberg, R. 2002. The new state of nation-state failure. *The Washington Quarterly*, 25(3):85-96.

Sakeliga. 2025. Court Case demands that President and Cabinet restore Ditsabotla Municipality themselves. https://www.sakeliga.org.za/insight/court-case-demands-that-president-and-cabinet-restore-ditsobotla-municipality-themselves (22 April 2025).

SABC News. 2024. 2024 election results a victory for democracy. https://www.sanews.gov.za/south-africa/2024-election-results-victory-democracy (17 Oktober 2024).

SABC News. 2024a. IEC receives 579 complaints. https://elections.sabc.co.za/elections2024/news/iec-receives-579-complaints (21 Januarie 2025).

Schwartz, P. 1991. *The art of the long view: Planning for the future in an uncertain world*. New York: Doubleday.

Shaw, M. & Reitano, T. 2013. *The evolution of organized crime in Africa: towards a response.* Pretoria. ISS Africa (April 2013).

Southall, R. 2022. The end is nigh for the ANC – former South African President predicts. https://www.theelephant.info/opinion/2022/05/06/the-end-is-nigh-for-anc-former-south-african-president-predicts/ (10 Junie 2022).

Statista. 2022. Social grants recipients in South Africa 2019, by population group. https://www.statista.com/statistics/1116080/population-receiving-social-grants-in-south-africa-by-population-group/?srsltid=AfmBOorF3MLDvGgSrLpnZ8k8zti4YlbP039zTxyknVFDB7JosjHsY3t9 (2 November 2022).

Strategy and Tactics 2017. chrome-extension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefindmkaj/https://www.anc1912.org.za/wp-content/uploads/2021/01/Strategy-Tactics-2017.pdf (25 April 2025).

Thamm, M. 2021. Days of Zondo: Secret billions poured into State Security Agency to sustain and protect "Zuma regime", claims acting DG Loyiso Jafta. *Daily Maverick*, 26 Januarie. https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-01-26-secret-billions-poured-into-state-security-agency-to-sustain-and-protect-zuma-regime-claims-acting-dg-loyiso-jafta/ (1 November 2023).

The GNU's founding statement of intent- ANC/DA. 2024. https://www.politicsweb.co.za/documents/the-gnus-founding-statement-of-intent-anc/da-documents (Bron in besit van outeur).

Thorne, S. 2024. It will be different this time: Ramaphosa promises NHI won't be looted like the R500 billion Covid fund. https://businesstech.co.za/news/government/772862/it-will-be-different-this-time-ramaphosa-promises-nhi-wont-be-looted-like-the-r500-billion-covid-fund/ (17 April 2025).

Van Vuuren, H. 2017. *Apartheid, Guns and Money*. Kaapstad: Jacana.

Versluis, J.M. & De Lange, J. 2019. Rising crime, low prosecution rates: How law enforcement in SA has all but collapsed. News24, 21 Oktober. https://www.news24.com/citypress/news/rising-crime-low-prosecution-rates-how-law-enforcement-in-sa-has-all-but-collapsed-20191021 (20 Februarie 2020).

Vhumbunu, C.H. 2021. The July 2021 protests and socio-political unrest in South Africa. Accord, 10 Desember. https://www.accord.org.za/conflict-trends/the-july-2021-protests-and-socio-political-unrest-in-south-africa/ (1 November 2023).

Weber, M. 1964. *The theory of social and economic organization*. New York. Free Press.

Zartman, W. (red.). 1995. *Collapsed states: The disintegration and restoration of legitimate authority*. Boulder: Lynne Reiner Publishers.

Zondo Commission. 2022. Final reports. https://www.statecapture.org.za/site/information/reports (geraadplee27 Julie 2024 g).

# Sowjetkritieke op Jan Smuts se holisme as politieke filosofie

***Soviet critiques of Jan Smuts' holism as political philosophy***

**Boris Gorelik**
Senior Research Fellow: Centre for Sub-Saharan Africa
Institute for African Studies, Russian Academy of Sciences
Moscow, Russia
E-pos: boris.gorelik@inafr.ru
ORCID: https://orcid.org/0000-0001-8839-3889


Boris Gorelik


Evgenii Morozov

**Evgenii Morozov**
Senior Research Fellow: Centre for History and Cultural Anthropology
Institute for African Studies, Russian Academy of Sciences
Moscow, Russia
E-pos: evmorozov2012@yandex.ru

**Boris Gorelik** woon in Moskou en spesialiseer in die geskiedenis van interkulturele ontmoetinge en wisselwerking tussen Rusland en Suid-Afrika. Onder sy ander kundigheidsterreine tel transnasionale geskiedenis en die geskiedenis van Russiestalige gemeenskappe in Suid-Afrika. Tans konsentreer hy op die mate waarin Suid-Afrika in die Russiese historiese bewussyn figureer. Hy het 'n doktorsgraad (Kandidaat van die Wetenskappe [kandidat naoek]). Sy boeke, wat in Rusland, Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk gepubliseer is, sluit in *Past and Current Russian Immigration to South Africa* (2007) en, onder sy redakteurskap, *'An Entirely Different World': Russian Visitors to the Cape 1797–1870* (2015). Sy jongste boek, *A Russian on Commando: The Boer War Experiences of Yevgeny Avgustus*, is in 2022 deur Jonathan Ball Publishers in Johannesburg en Londen uitgegee.

**Boris Gorelik** lives in Moscow and specialises in the history of cross-cultural encounters and interactions between Russia and South Africa. Among his other areas of expertise are transnational history and the history of Russophone communities in South Africa. His current focus is on the presence of South Africa in the Russian historical consciousness. Gorelik holds a doctoral degree (Candidate of Sciences [kandydat nauk]). His books, published in Russia, South Africa and the United Kingdom, include *Past and Current Russian Immigration to South Africa* (2007) and, under his editorship, *'An Entirely Different World': Russian Visitors to the Cape 1797–1870* (2015). His latest book, *A Russian on Commando: The Boer War Experiences of Yevgeny Avgustus*, was published by Jonathan Ball Publishers in Johannesburg and London in 2022.

**Datums:**
Ontvang: 2025-08-25 Goedgekeur: 2026-02-06 Gepubliseer: Junie 2026

**Evgenii Morozov** woon in Moskou en spesialiseer in die geskiedenis van internasionale verhoudinge en koloniale beleid in Afrika in die 19de en 20ste eeu. Sy ander akademiese belangstellings sluit in idealismefilosofie en holisme. Sy huidige fokus is die geskiedenis van Noordoos-Afrika en die rol daarvan in internasionale verhoudinge in die tweede helfte van die 19de en die eerste derde van die 20ste eeu. Morozov het 'n doktorsgraad (Kandidaat van die Wetenskap). Van 2007 tot 2010 was hy lid van die kenner- en outeurspan wat verantwoordelik was vir die voorbereiding en publikasie van die *Encyclopaedia Aetheiopica* by die Hiob Ludolf Sentrum vir Etiopiese Studies aan die Universiteit van Hamburg. Sy boeke handel oor die geskiedenis van Ethiopië, internasionale verhoudinge en koloniale beleid, asook idealismefilosofie en holisme.

**Evgenii Morozov** lives in Moscow and specialises in the history of international relations and colonial policy in Africa in the 19th and 20th centuries. His other academic interests include idealist philosophy and holism. His current focus is on the history of Northeast Africa and its role in international relations in the second half of the 19th and first third of the 20th centuries. Morozov holds a doctoral degree (Candidate of Sciences). From 2007 to 2010, he was a member of the expert and author team for the preparation and publication of the *Encyclopaedia Aethiopica* at the Hiob Ludolf Centre for Ethiopian Studies at the University of Hamburg. His books deal with the history of Ethiopia, international relations and colonial policy, as well as with idealist philosophy and holism.

## ABSTRACT

***Soviet critiques of Jan Smuts's holism as political philosophy***

*The emergence of a strongly anti-imperialist and egalitarian analysis of Jan Smuts's philosophy in the postwar Soviet Union – many decades before comparable contemporary appraisals – has not been adequately addressed in the literature. This article explores the reception of Smuts's holism in the USSR, tracing shifts in attitudes toward the doctrine from the 1930s onward in order to identify the scientific, ideological, and foreign-policy factors that shaped these changes. By 1951, holism had come to be regarded in the USSR as a doctrine designed to rationalise the perpetuation of colonial rule and to provide a "scientific" foundation for racial discrimination. Soviet critics, who labelled Smuts and other liberal thinkers "philosophising squires of Anglo-American imperialism", interpreted holism as both a political tool and "a programme of action" for oppression.*

*In the 1930s, however, Soviet attention focused primarily on ontology. In* Holism and Evolution *(1926), Smuts argued that "wholes" were the fundamental units of the universe and possessed an inherent impulse toward organisation. Several Soviet scientists initially saw promise in this philosophy. Holism appeared to offer a synthesis capable of explaining complex dynamic processes within the organism while rejecting crude mechanistic schemes. Ivan Schmalhausen, a leading evolutionary morphologist, engaged with Smuts's holism in his work on organismic integrity. Pyotr Anokhin, a disciple of Ivan Pavlov, encountered Smuts's doctrine while developing his theory of functional systems. Most notably, Vladimir Vernadsky, one of the founders of biogeochemistry, believed that holism might resolve the unproductive dispute between vitalists and mechanists by providing a framework for synthesising empirical data. Nevertheless, Vernadsky acknowledged the inadequacies of Smuts's theories, and both Anokhin and Schmalhausen ultimately rejected holism as incompatible with their materialist approaches. Since the official philosophy of the USSR was dialectical and historical materialism, deviations from it were regarded as ideological errors that could lead to censure or even repression.*


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3943

*After the Second World War, the Soviet reception of Smuts's philosophy changed significantly as relations between the Soviet Union and its former Western allies deteriorated. South Africa acquired strategic importance during the emerging Cold War because of its mineral resources and its potential role as a major naval and air base.*

*At the newly established United Nations, the USSR supported non-European countries in challenging colonial powers. The Soviet denunciation of South Africa's racial policies during the first session of the General Assembly in 1946 foreshadowed its later anti-apartheid position. When the Indian delegation protested discrimination against Indians in the Union of South Africa, the Soviet Union supported the initiative, emphasising that violations of human rights could not be treated solely as domestic matters. The head of the Soviet delegation, Andrey Vyshinsky, reminded the Assembly that the UN Charter protected human rights and freedoms regardless of race. Soviet representatives also opposed South Africa's attempt to annex South West Africa (now Namibia), arguing that such actions contradicted the principles of the UN Charter. During these sessions, Soviet delegates began drawing parallels between the South African government and the Nazi regime. Vyshinsky argued that residential segregation based on racial classification resembled Nazi ghettos, while Andrey Gromyko described Smuts's South Africa as a "breeding ground" for fascism.*

*This political confrontation prompted a shift in Soviet attitudes toward Smuts's political philosophy. The philosopher Pyotr Vyshinsky argued in* Pravda*, the organ of the Central Committee of the Communist Party, that Smuts's political programme was grounded in holistic principles. He concluded that Smuts's idealist doctrine constituted a "reactionary concept based on mysticism, racial obscurantism, misanthropy and an ideology of outright imperialist expansion." Soviet authors increasingly claimed that the primary function of holism was socio-political: namely, to legitimise Anglo-American imperialism. They further argued that holism provided a theoretical basis for racial discrimination. Since such conclusions could not easily be derived directly from Smuts's philosophical texts, critics instead contended that his concept of "Personality" as the highest stage of evolution could be used to justify racial hierarchy and white supremacy.*

*Several authors explicitly linked holism to fascist ideology. This critique was also instrumentalised in domestic scientific disputes. While confronting Trofim Lysenko's pseudoscientific doctrines, Ivan Schmalhausen invoked the political implications of Smuts's philosophy, arguing that by rejecting natural selection, Smuts used his views politically to discredit class struggle and legitimise racial discrimination.*

*From the mid-1950s onward, the Khrushchev Thaw transformed Soviet academia and encouraged a more analytical approach to philosophy. More detailed – though still critical – engagements with Smuts's ideas emerged alongside the rise of cybernetics, producing a new understanding of wholeness. By the late 1960s, discussion of the political implications of holism had largely receded from Soviet literature. Holistic principles were gradually assimilated into late Soviet scientific and philosophical discourse and reinterpreted within a materialist framework. Philosophers such as Erik Yudin and Bonifatiy Kedrov promoted systems analysis within a dialectical framework, seeking to bridge the gap between mechanistic materialism and dynamic conceptions of wholeness. Although direct political attacks on holism diminished, Soviet authors continued to criticise it for treating wholeness as a "metaphysical entity" and for relying on unscientific teleological concepts.*

*Jan Smuts's holism therefore occupied a dual position in Soviet academic discourse: it served both as a source of inspiration for systemic approaches to science and philosophy and*

*as a target of politicised critique. Soviet evaluations of the 1940s and 1950s share much with the arguments of contemporary scholars who posit a direct relationship between Smuts's philosophy and his political practice. Both lines of criticism maintain that holism provided a theoretical justification for white supremacy and racial segregation. Yet these assessments differ substantially in context, unanimity and methodology. Soviet appraisals of holistic political philosophy functioned largely as instruments of Cold War propaganda and were presented as authoritative truth.*

*Contemporary criticism, by contrast, forms part of an ongoing academic debate that allows for disagreement over whether Smuts's philosophy genuinely determined his racial policies or whether a significant divide existed between his abstract thought and his political actions.*

**KEYWORDS:** Jan Smuts, holism, liberalism, Soviet philosophy, political philosophy, dialectical materialism, Cold War, imperialism, racial discrimination, Soviet-South African relations, Vladimir Vernadsky, Pyotr Anokhin, Ivan Schmalhausen, Marxism-Leninism, political implications of holism

**TREFWOORDE:** Jan Smuts, holisme, liberalisme, Sowjet-filosofie, politieke filosofie, dialektiese materialisme, Koue Oorlog, imperialisme, rassediskriminasie, Sowjet-Suid-Afrikaanse betrekkinge, Vladimir Vernadsky, Pyotr Anokhin, Ivan Schmalhausen, Marxisme-Leninisme, politieke implikasies van holisme

## OPSOMMING

Teen die vroeë 1950's het Jan Smuts se filosofie van holisme in die USSR begin bekend staan as 'n doktrine wat daarop gemik was om die voortsetting van koloniale bewind te rasionaliseer en 'n "wetenskaplike" grondslag te bied vir rassediskriminasie, soos dit in Suid-Afrika toegepas is. Die opkoms van 'n sterk anti-imperialistiese en egalitêre analise van Smuts se doktrine in die na-oorlogse Sowjetunie, wat die huidige evaluerings van hierdie aard met baie dekades voorafgegaan het, is nog nie in die literatuur verreken nie. Sowjetkritiek op holisme as politieke filosofie het 'n instrument van propaganda geword, omdat die doktrine geassosieer is met imperialisme, rassediskriminasie en selfs fascisme. Hierdie Sowjetevaluerings van die 1940's–1950's het baie gemeen met die sienings van moderne navorsers, wat 'n direkte verband tussen Smuts se filosofie en sy politieke praktyk veronderstel. Beide strome van kritiek spruit voort uit 'n oortuiging dat holisme 'n teoretiese regverdiging vir rassesegregasie en wit oppergesag gebied het. Die evaluerings verskil egter wat konteks en metodologie betref – die Sowjetevaluerings blyk 'n instrument van Koue Oorlog-propaganda te wees. Teen die laat 1960's het ondersoek na die politieke implikasies van holisme in die Sowjetliteratuur afgeneem. Holistiese idees is geleidelik aanvaar. Jan Smuts se holisme het 'n dubbele rol in Sowjet-akademiese diskoers gespeel, en het gedien as 'n bron van inspirasie vir 'n sistemiese wêreldbeskouing sowel as 'n teiken van verpolitiseerde kritiek.




Smuts: "Laat daar geen sweem van twyfel bestaan oor waarom ek omgee nie..." Hierdie spotprent deur Kukryniksy, 'n prominente Sowjetkunstenaarskollektief, het op 18 November 1946 in *Pravda* verskyn. Dit het gesinspeel op Smuts se bewering by die VN dat die mense van Suidwes-Afrika, (nou Namibië) volle integrasie in die Unie van Suid-Afrika wou hê. Sowjetkoerante het beweer dat die eerste minister se werklike bekommernis die verskaffing van goedkoper Afrika-arbeid vir die goudmynbedryf was.

## 1. Inleiding

"Ideologiese dienaars van die imperialistiese bourgeoisie". Hierdie bynaam is na Jan Smuts en ander liberale denkers geslinger deur die redakteurs van 'n kritiese Sowjetoorsig van kontemporêre Westerse filosofie en sosiologie, getiteld *Against Philosophising Squires of Anglo-American Imperialism* (Oyzerman & Trofimov, 1951:4). Teen 1951, toe die Instituut vir Filosofie van die Sowjet-akademie vir die Wetenskappe hierdie boek uitgegee het, het Smuts se filosofie van holisme al in die USSR bekend geword as 'n doktrine wat ontwerp is om die voortsetting van koloniale bewind te rasionaliseer en 'n "wetenskaplike" grondslag te bied vir rassediskriminasie, soos dit in Suid-Afrika toegepas is. Kortom, daar is veronderstel dat holisme 'n politieke instrument, "'n program van aksie" vir onderdrukking was (Leonov, 1948:124; Potekhin, 1948:41; Trakhtenberg, 1951:67). Vir die Sowjetleser was dit meer as bloot akademiese menings. Sulke gesaghebbende naslaanwerke soos die *Groot Sowjetensiklopedie* en verklarings in die *Filosofiese Ensiklopedie* het Smuts se abstrakte idees direk aan sy politieke beleid gekoppel (*Bol'shaya Sowjetskaja entsiklopediya*, 1957:279; Konstantinov, 1960:65).

Die magdom Sowjetgeskrifte oor holisme in die naoorlogse jare en die heftigheid van die teregwysing is merkwaardig. Smuts se filosofiese werk was nooit maklik beskikbaar in die Sowjetunie nie en niks is in Russies vertaal nie. In Brittanje, die Verenigde State en Suid-Afrika het akademici Smuts se filosofie wyd bespreek nadat sy hoofwerk oor die onderwerp, die boek *Holisme en evolusie,* in 1926 gepubliseer is. Smuts het voorgestel dat stelsels as geheelhede


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3943

verstaan moet word eerder as kombinasies van geïsoleerde dele. Sy teleologiese evolusionisme was veronderstel om ’n kompromie tussen meganistiese en vitalistiese sienings te wees (Bowler, 2001: 141, 169-170, 245, 285; Du Pisani, 2024: 373-374, 384). Die prominensie van holisme het egter in die laat 1930’s afgeneem.

Dit is geen wonder dat Sowjetouteurs Smuts se idealistiese filosofie verwerp het nie. Sy begrip van holisme het gegaan oor die vorming van ’n omvattende, sintetiese uitkyk wat meganisme en reduksionisme getransendeer het. In teenstelling hiermee was die Sowjet-Marxistiese tradisie gewortel in die streng dialektiek van materialisme, wat ’n klasgebaseerde, historiese en streng wetenskaplike evaluering van die werklikheid vereis het. Die meganistiese evaluering van holisme was grootliks dieselfde in die USSR as in die Weste. Bioloë het die vitalistiese neigings en teleologiese benadering daarvan betwis. Filosowe het Smuts se metafisika as verouderd en sonder die nodige strengheid beskou (Hogben, 1930:298; Levy, 1932:vi-vii, 77-78; Tansley, 1935:297 en ook ook Bowler, 2001:177, 183; Du Pisani, 2024:378-379 en Hancock, 1968:192 dien as voorbeelde). Tog het Westerse akademici selde sulke fel kritiek op Smuts se politieke filosofie uitgespreek as dié in die naoorlogse Sowjetunie. In die eerste drie dekades sedert die publikasie van *Holisme en evolusie* het hulle hoofsaaklik die wetenskaplike en ontologiese aspekte van sy filosofie bespreek.

Daar was ’n duidelike verskil tussen Smuts as voorstander van vryheid en universalistiese aspirasies enersyds, en sy steun vir imperialisme en rassesegregasie andersyds. Hierdie verskil het waarskynlik in sy politieke praktyk na vore gekom toe hy die skepping van die Britse Statebond, die Volkebond en die Verenigde Nasies bepleit het, wat sy visie van vrywillige onderling gekoppelde entiteite beliggaam het (Du Pisani, 2024:376; Sweet, 2024:334, 355-356, 361). Terselfdertyd het Smuts sosiale en residensiële segregasie in Suid-Afrika onderskryf en geglo dat burgerregte geleidelik verkry moet word. Daar is beweer dat sy holistiese filosofie met die klem op eenheid uitsluitlik op wit Suid-Afrikaners as verteenwoordigers van die Westerse beskawing toegepas is en dat dit hul swart landgenote van die visie van geheelheid uitgesluit het (Du Pisani, 2024:379; Garson, 2007:153, 167, 170, 173, 177-178; Marks, 2001:205).

Smuts se politieke teenstanders was van mening dat hy die Britse Ryk (die “groter geheelheid”) wou konsolideer as ’n vergestalting van holisme in die praktyk, tot nadeel van kleiner nasionale identiteite onder die samestellende state (Crafford, 1943:239; Hancock, 1968:193). Dit lyk of baie min kontemporêre kritici, hoofsaaklik linksgesind, holisme egter as ’n weerspieëling of fondament van Smuts se rassebeleid beskou het (Crafford, 1943:227; Hoernlé, 1935:394, 396, 399, 403; raadpleeg ook Hoernlé, 1939:106; Hogben, 1930:224). Hulle het beweer dat sy steun vir segregasie en wit oorheersing ’n teenstrydigheid en selfs ontkenning van sy eie filosofie ten aansien van die Afrikabevolking was, vanweë politieke dienstigheid. Maar selfs hierdie kritiek op “die grootste lewende Suid-Afrikaner” is gewoonlik op ’n eerbiedige wyse uitgespreek, uitgaande van Smuts se ruimhartigheid.

Daar bestaan breë ooreenstemming dat sy filosofiese toewyding tot “heelmaking” en sintese sy wêreldbeskouing as staatsman beïnvloed het (Dubow, 2008:56, 58; Du Pisani, 2025; Sweet, 2024:333). ’n Eenvoudige projeksie van Smuts se holisme op sy internasionale staatsmanskap en binnelandse rassebeleid bly egter debatteerbaar. Die sentrale twispunt was ’n oorsaaklike verband tussen Smuts se filosofie en sy politieke besluite. Daar is opgemerk dat daar geen eksplisiete bespreking van rasseverhoudinge en rassehiërargieë in sy filosofiese werke is nie, insluitend *Holisme en evolusie* (Garson, 2007:159-161, 175; Sweet, 2024:343).

Die Sowjetevaluerings van holisme in die 1940’s en 1950’s stem ooreen met die huidige trant van evaluering, wat ’n direkte verband tussen Smuts se filosofie en sy politieke agenda


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3943

postuleer. Voorstanders van hierdie siening bevraagteken sy liberale oortuigings (Morefield, 2014:179). Smuts se filosofie het 'n naturalistiese rasionaal verskaf vir die differensiële behandeling van Afrikane en Europeërs, gegrond op hul waargenome vlakke van "holistiese ontwikkeling" (Anker, 2001:157; Mazower, 2009:53, 64). Na bewering was 'n begeerte om wit oppergesag te handhaaf 'n belangrike motivering in beide sy plaaslike en internasionale pogings. Daar is selfs voorgestel dat Smuts sy filosofie gevorm het om sy diskriminerende rassebeleid te regverdig (Anker, 2001:194-195). Moderne kritici van Smuts merk ook op dat die kolonies en afhanklike gebiede (hoewel nie die dominiums nie) in die geopolitieke toepassing van holisme as ondergeskikte dele beskou is wat hulle aan die dominante metropolitaanse "geheel" van die Britse Ryk (of Statebond) moes onderwerp. Daarom het holisme imperiale uitbreiding en die onderwerping van verskeie nasies gelegitimeer (Morefield, 2014:184, 190).

Soos hier bo genoem is, is die opkoms van 'n sterk anti-imperialistiese en egalitêre analise van Smuts se doktrine in die naoorlogse Sowjetunie, wat die huidige evaluerings van hierdie aard met baie dekades voorafgegaan het, nog nie in die literatuur verreken nie. In hierdie artikel ondersoek ons die ontvangs van Smuts se holisme in die USSR deur gebruik te maak van verskeie akademiese en populêre Sowjet-publikasies om veranderinge in houdings teenoor hierdie filosofie sedert die 1930's na te spoor. Ons poog om die wetenskaplike, ideologiese en buitelandse beleidsfaktore te identifiseer wat hierdie verskuiwings gedryf het en Sowjet-akademici aangespoor het om die politieke implikasies van die doktrine van holisme ná 1945 te bestudeer.

## 2. 1930's: Fokus op ontologie

Jan Smuts het sy filosofie in sy boek *Holisme en Evolusie* (wat vir die eerste keer in 1926 gepubliseer is) asook in verskeie ander werke uiteengesit. Hy het gepostuleer dat "geheelhede" fundamentele eenhede van die heelal is (Smuts, 1929:640; Smuts, 1936:97). Hierdie metafisiese konsep het 'n inherente drang in die natuur vir toenemende organisasie gesuggereer, waar ontluikende eienskappe nie tot individuele komponente gereduseer kon word nie (Smuts, 1936:97, 315, 322). Smuts het die wêreld beskryf as 'n hiërargie van geheelhede van deeltjies tot die heelal wat elkeen as 'n kwalitatief nuwe entiteit deur evolusie gevorm is. Smuts se benadering het gekontrasteer met meganisisme en materialistiese reduksionisme en het sigself belyn met objektiewe idealisme, aangesien dit 'n innerlike oogmerk of doel van geheelmaking ge mpliseer het wat meer as ? fisiese verduideliking is (Smuts, 1945:145 156).

In die 1920's en 1930's is dialektiese en historiese materialisme as die amptelike filosofie van die USSR gevestig. Dit het ontwikkel in 'n rigiede gesentraliseerde vorm wat ander denkwyses uitgesluit het. Die veldtog teen revisionisme en idealisme het op institusionele vlak plaasgevind: filosofiese skole wat van Marxistiese ortodoksie afgewyk het, het sensuur en selfs onderdrukking in die gesig gestaar.

Tog het 'n paar Sowjetwetenskaplikes in die 1930's belofte in Jan Smuts se filosofie gesien. In fisiologie is holisme byvoorbeeld beskou as 'n poging om die uitgebreide empiriese navorsingsdata te hersien om 'n siening van komplekse dinamiese prosesse binne die organisme as geheel te sintetiseer. Daar is ook gesê dat holisme 'n neiging toon om growwe meganistiese skemas te repudieer om biologiese prosesse te verduidelik. Die aantrekkingskrag daarvan lê daarin om analitiese benaderings in die natuurwetenskap te bevraagteken. Hierdie verskuiwing is beskou as 'n reaksie teen die verouderde positivistiese verstaan van fisiologiese prosesse. Sommige Sowjetdenkers het ook geglo dat holisme 'n geskikte filosofiese raamwerk bied vir

’n ekologiese perspektief wat die interafhanklikheid tussen organismes en hul omgewing beklemtoon (Anokhin, 1935:9; Buchnev, 2022:395).

Sowjetakademici wat met die konsep van die “organisme as ’n geheel” geworstel het, het die potensiaal van holisme geëvalueer en Engelse uitgawes van Smuts se werk aangehaal. Pyotr Anokhin, ’n dissipel van Ivan Pavlov, het van Smuts se doktrine te wete gekom toe hy gewerk het aan ’n teorie van funksionele stelsels om neurofisiologiese meganismes aan die geïntegreerde aktiwiteit van ’n persoon te koppel, ’n teorie wat die grondslag van psigofisiologie gelê het. Anokhin het geglo dat probleme in die fisiologie opgelos kon word deur die organisme as ’n sisteem te beskou. Ivan Schmalhausen, ’n toonaangewende Sowjet- evolusionêre morfoloog en embrioloog, het ook Smuts se holisme oorweeg. Schmalhausen het organismiese integriteit as noodsaaklik vir individuele en evolusionêre ontwikkeling beskou, wat ooreengestem het met Smuts se konsep dat “geheelmaking” die evolusionêre proses dryf. Nietemin het beide Anokhin en Schmalhausen holisme verwerp as ’n gebrekkige teorie wat strydig was met hul eie materialistiese en sistemiese wetenskaplike benaderings. Anokhin verklaar dat in holisme “sintese tot ’n soort kategoriese imperatief groei, wat soortgelyk aan entelegie is” (Anokhin, 1935:9). Metafisiese spekulering moes plek maak vir ’n materialistiese analise van die spesifieke integrerende faktore binne ’n organisme (Schmalhausen, 1938:5-7, 73).

Voor die Tweede Wêreldoorlog was geeneen van die voorste Sowjetakademici méér ontvanklik vir Smuts se filosofie as Vladimir Vernadsky nie. Hy was ’n grondlegger van die biogeochemie, waarvan die filosofiese sienings nie altyd met Sowjetdogmas ooreengestem het nie. Die holistiese idee van “geheelhede” as ’n fundamentele kenmerk van die wêreld het gekorreleer met Vernadsky se eie sienings oor die biosfeer as ’n geïntegreerde stelsel waarvan die energie, struktuur en samestelling deur die kollektiewe aktiwiteit van die organismes daarvan bepaal word. Smuts se holisme het ook ’n filosofiese raamwerk gebied wat met Vernadsky se interdissiplinêre benadering tot wetenskaplike ondersoek en met sy eie wetenskaplike bevindinge ooreengestem het (Vernadsky, 1934:14).

In sy laaste boek, *Wetenskaplike Denke as ’n planetêre Verskynsel* (1938; nie gepubliseer in sy leeftyd nie), voer Vernadsky aan dat holisme, danksy die fokus op geïntegreerde natuurlike entiteite, die onproduktiewe dispuut tussen vitaliste en meganiste in die biologie kon beëindig. Na sy mening het die holistiese siening ’n omvattende raamwerk gebied vir die sintetisering van empiriese data:

> [...] dit lyk vir my of die filosofie van holisme, met sy nuwe begrip van die lewende organisme as ’n verenigde geheel binne die biosfeer, dit wil sê ’n natuurlike, selfopenbarende lewende liggaam, vir die eerste keer probeer het om ’n nuwe perspektief aan die teorie van kennis te gee. (...) Ons het te make met ’n fassinerende filosofiese beweging wat van groot betekenis kan wees vir die spesifieke probleem van die ondeurdringbare grens wat lewende en inerte natuurlike liggame in die biosfeer skei, dit wil sê die lewende en die dooie in hul wetenskaplike en werklike manifestasie (Vernadskiy, 2013:149).

Holisme het Vernadsky nie ten volle tevrede gestel nie. Hy gee toe dat Jan Smuts se teorieë en Alfred North Whitehead se prosesfilosofie ontoereikend is omdat hulle nie daarin slaag om met die nuwe verskynsels in die wetenskap om te gaan nie en konseptueel vasgevang bly in “17e-eeuse” paradigmas (Vernadskiy, 2013:430). Nietemin het Vernadsky holisme beskou as ’n belowende rigting vir die bevordering van wetenskaplike denke, vergeleke met die amptelike Sowjetfilosofie van dialektiese materialisme.

Van die laat 1920's het die regering se steun vir Marxisme-Leninisme daartoe gelei dat filosofiese ondersoek  wat van dié ideologieë afgewyk het, onderdruk is. Openbare afkeuring van hierdie dogmas het gevaarlik geword. Vernadsky merk op dat Sowjetfilosowe gedwing is om hul vorige geskrifte te herroep en om Marxisme-Leninisme as die waarheid te beskou, anders het die bedreiging van vervolging en materiële ontbering hulle in die oë getaar (Vernadsky, 2013:156).

In die 1930's het Sowjet- filosofiese denke grootliks ontaard in skolastiek, wwat gekenmerk is deur 'n onwrikbare aanklewing van dialektiese materialisme as 'n onfeilbare universele metode. Enige afwyking van Marxisme-Leninisme is as 'n ideologiese mistasting beskou. 'n Aggressiewe veldtog wat Arkady Timiryazev, 'n prominente fisikus, teen "idealisme" gevoer het, illustreer nie net die onderdrukking van alternatiewe denke nie, maar ook die politieke belangrikheid van Marxistiese filosofie in die USSR. Timiryazev het in 'n komitee gedien wat verseker het dat die Minsterie van Onderwys se besluite aan regeringsbeleid voldoen het. Hy het idealisme beskou as 'n "diep vyandige" ideologie Timiryazev het ook geglo dat die bekendstelling van Smuts se holisme en Vernadsky se filosofiese doktrine die denke van die Sowjetjeug kon korrupteer en die revolusionêre gees van die werkersklas en intelligentsia kon verswak (Timiryazev, 1933:94-122).

## 3. Die begin van Sowjet-Suid-Afrikaanse konfrontasie by die VN

Die Sowjetpers het Suid-Afrika selde in die 1920's en 1930's gedek, met slegs spesialiste wat gebeure daar gevolg het. Dit het in 1946 dramaties verander. Kort ná die oorwinning in die Tweede Wêreldoorlog het die verhoudings tussen die Sowjetunie en sy voormalige Westerse bondgenote begin versleg. Brittanje en die Verenigde State het beswaar gemaak teen die Sowjetbereidwilligheid om kommunistiese regimes dwarsdeur Oos-Europa te vestig en te ondersteun. In die laat 1940's het hierdie konfrontasie 'n hoogtepunt bereik. Suid-Afrika het belangrik geword in die daaropvolgende Koue Oorlog vanweë sy strategiese minerale soos chroom en platinum, en sy potensiaal as 'n belangrike vloot- en lugbasis as die Midde-Ooste en Noord-Afrika aan die Sowjets oorgeneem sou word. Hierdie posisie het Suid-Afrika se rol as 'n belangrike Westerse vennoot verstewig (Filatova & Davidson, 2013:201-202).

Ná die Tweede Wêreldoorlog het Jan Smuts toenemende kritiek van die kant van die VN vir sy segregasiebeleid in Suid-Afrika begin ervaar. Dit was die begin van internasionale ondersoek na van en mobilisering van menings teen Suid-Afrika se rassebeleid, wat die teenstrydighede in Smuts se sienings oor vryheid, demokrasie en menseregte blootgelê het.

Smuts het met kommer kennis geneem van 'n toename in anti-imperialistiese aanslae, aangemoedig deur die USSR. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het Suid-Afrika en die Sowjetunie diplomatieke betrekkinge aangeknoop en saam Nazisme beveg. Smuts het die USSR se beslissende rol in die weerstand teen Hitler waardeer en 'n alliansie met Sowjet-Rusland as strategies regverdigbaar beskou in die konteks van 'n wêreldoorlog, die Rooi Leër se prestasies in die openbaar geprys en fondsinsamelingsveldtogte deur die Vriende van die Sowjetunie en Mediese Hulp vir Rusland onderskryf (Arkhangelskaya, 2020:79; Davidson., Filatova, 1998:32-35). Maar ná die oorwinning het die USSR nie-Europese lande gehelp om koloniale moondhede uit te daag omdat hulle die beginsels van menseregte en selfbeskikking in gedrang gebring het wat in die VN-Handves vasgelê is. Die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die VN het voor sterk afkeuring te staan gekom weens die stand van die land se rasse-verhoudinge, die Indiese vraagstuk en die geldigheid van die Suidwes-Afrika-mandaat.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3943

Die Sowjetveroordeling van Suid-Afrika se rassebeleid tydens die eerste sitting van die Algemene Vergadering in 1946 was ’n voorspelling van die anti-apartheidstandpunt in die VN in die 1960’s en daarna. Die toonaangewende Sowjetdagblaaie het artikels oor die politieke situasie in die Unie van Suid-Afrika begin publiseer en die rasseverhoudinge as fundamenteel ondemokraties en deurdrenk met onverdraagsaamheid en haat voorgehou. Daar is gesê dat eerste minister Smuts goedkoop arbeid bo sy verklaarde liberale beginsels geprioritiseer het, met ‘fascistiese elemente’ wat baie regeringsinstellings beheer (byvoorbeeld *Pravda,* 1946a; *Pravda,* 1946d; *Pravda,* 1946e).

Suid-Afrika se standpunt op die Algemene Vergadering in Oktober–November 1946 het uitgebreide afkeurende dekking in die USSR ontvang. Die Indiese afvaardiging het geprotesteer teen die diskriminasie teen die Indiese bevolking in die Unie, met verwysing na die Wet op Grondbesit van Asiate no. 28 van 1946 (Buitengewone Staatskoerant van 26 Oktober 1966, bl. 24: https://www.lac.org.na/laws/GGsa/rsagg1576.pdf) wat kort tevore deur die Unieparlement aangeneem is. Indië het ’n einde aan die onbillike praktyke en nakoming van die bilaterale ooreenkomste geëis. Smuts en ander Suid-Afrikaanse afgevaardigdes het aangevoer dat die kwessie ’n interne aangeleentheid was waaroor die VN geen jurisdiksie gehad het nie, maar hul pogings het misluk om dit van die agenda te verwyder, (Nicholls, 1961:319). Die Sowjetunie het die Indiese regering se versoek gehandhaaf en beklemtoon dat die skending van menseregte en internasionale ooreenkomste nie streng gesproke binne die binnelandse jurisdiksie van Suid-Afrika was nie. Die hoof van die Sowjetafvaardiging, Andrey Vyshinsky, het die vergadering daaraan herinner dat die VN-Handves menseregte en vryhede ongeag ras beskerm (*Pravda*, 1946b). In ’n verslag oor die verrigtinge het die *Pravda*-korrespondent beklemtoon dat “die Sowjetafvaardiging besig was om ’n regverdige en billike saak te verdedig” (Izakov, 1946:4).

Op 8 Desember 1946 het die Algemene Vergadering ’n resolusie aanvaar wat verklaar het dat die behandeling van Indiërs met ooreenkomste tussen Indië en Suid-Afrika en die VN-Handves moes ooreenstem. Die dokument het ook internasionale toesig oor Suid-Afrika se interne beleide beklemtoon. Dit was die eerste keer dat die VN ’n sensurerende siening oor die land se rasseverhoudinge uitgespreek het en daarop aangedring het dat daar hervorming moes plaasvind.

Aangesien die Suid-Afrikaanse regering geweier het om aan die vereistes te voldoen, is die saak weer tydens die 1947-sitting bespreek. Op 15 November het die Sowjetafgevaardigde, Andrey Gromyko, die Suid-Afrikaanse rassebeleide as ’n skending van VN-beginsels gekritiseer, wat dit ’n saak van globale kommer gemaak het. Met erkenning van Smuts se vorige bydraes, met inbegrip van sy rol in die opstel van die VN-Handves, het Gromyko beklemtoon dat dit nie die eerste minister se medepligtigheid aan die sistemiese skending van menseregte in Suid-Afrika verskoon nie (Brykin, 1963:86-90). Ten spyte van die Sowjetondersteuning, het ’n Indies geleide resolusie misluk wat onderhandelinge tussen die twee lande versoek het.

Die Suid-Afrikaanse regering het ook die anneksasie van Suidwes-Afrika nagestreef, ’n gebied wat sedert 1920 ingevolge ’n mandaat van die Volkebond geadministreer is. Smuts se pleidooie vir die inlywing van Suidwes-Afrika by die Unie tydens die San Francisco-konferensie en die VN se Algemene Vergadering in 1946 het voor aansienlike teenkanting te staan gekom. Om die eis te legitimeer, het Suid-Afrika konsultasies met die plaaslike bevolking gevoer, maar die Algemene Vergadering het dit nie aanvaar nie. Verteenwoordigers van die USSR het daarop gewys dat steun vir anneksasie hoofsaaklik van die Europese minderheid en Afrikastamhoofde gekom het, wat as onder verpligting teenoor Suid-Afrikaanse belange beskou is, terwyl die sienings van die meerderheid geïgnoreer is.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3943

Tydens debatte in die Trusteeskapkomitee het Sowjetafgevaardigdes daarop aangedring dat die goedkeuring van ’n anneksasie die beginsels van die VN-Handves fundamenteel sou ondermyn en die organisasie se globale aansien sou skaad (Brykin, 1963:63). In ’n konsepresolusie, wat op 26 November 1946 voorgelê is, het die Sowjetafvaardiging beklemtoon dat anneksasie strydig met die beginsels van die VN-Handves sou wees en dat die gebrek aan politieke outonomie in Suidwes-Afrika enige beweerde konsultasie met sy mense ongeldig sou maak (Brykin, 1963:71). Die resolusie is uiteindelik deur die Algemene Vergadering aanvaar. Hoewel dit die inlywing van die hand gewys het, het die resolusie aanbeveel dat Suidwes-Afrika onder internasionale trusteeskap geplaas moes word. Die Suid-Afrikaanse regering is versoek om ’n trusteeskapooreenkoms vir die gebied voor te lê. Die Sowjetunie het ten gunste van hierdie resolusie gestem.

Suid-Afrika het strydig met die uitspraak van die Algemene Vergadering opgetree. In 1947 het Smuts verklaar dat sy regering nie van plan was om met volle inlywing voort te gaan nie, hoewel dit sou voortgaan om Suidwes-Afrika te regeer en die status quo sou handhaaf. Suid-Afrika was die enigste voormalige mandaathouer wat geweier het om ’n trusteeskapooreenkoms aan die VN voor te lê (Ballinger, 1963:363). Die eerste minister het die VN-sekretaris-generaal meegedeel dat dit Suid-Afrika se standpunt was dat die organisasie nie die gesag gehad het om Volkebond-mandate te herroep nie. *Izvestiya,* die orgaan van die Presidium van die Opperste Sowjet, het opgemerk dat ‘aangesien die Verenigde Nasies nie as ’n middel vir oorheersing oor onderdrukte volke gebruik kan word nie, verwerp Smuts dit in die openbaar en minag hy die besluite van die Algemene Vergadering blatant’ (Moran, 1947).

Dit was tydens die 1946- en 1947-sessie van die Algemene Vergadering dat Sowjetverteenwoordigers parallelle begin trek het tussen die Suid-Afrikaanse regering en die Naziregime. Vyshinsky het in Oktober 1946 daarop gewys dat die residensiële segregasie gebaseer op rasseklassifikasies, wat deur die Smuts-regering afgedwing is, soortgelyk was aan die Nazi-praktyke om Jode in ghetto’s te vestig (*Pravda,* 1946b & 1946c). Gromyko het die Algemene Vergadering in November 1947 toegespreek en gesê: “Wat in die Unie van Suid-Afrika plaasgevind het, toon ’n treffende ooreenkoms met Nazi-teorie en -praktyk in rasseaangeleenthede.” Hy het verklaar dat Smuts se Suid-Afrika ’n “teelaarde” vir fascisme en neofascisme was (Brykin, 1963:89).

Sowjet- politieke kommentators, gelei deur die amptenary, het soortgelyke verbande tussen Smuts en Hitler getrek. Hierdie outeurs het die Suid-Afrikaanse eerste minister direk met Nazi-ideologie en -praktyk geassosieer. Daar is gesê dat ’n nuwe fascistiese bedreiging besig was om uit Suid-Afrika na vore te tree. Sowjetouteurs het beweer dat Smuts ’n toonaangewende voorstander van rassistiese denke was. Boonop is die Suid-Afrikaanse regering as potensieel fascisties uitgebeeld, omdat die ideologie van Nazisme ook op rassediskriminasie gebaseer was (Berezhkov, 1947:25; *Izvestiya,* 1946).

## 4. 1940’s–1950’s: fokus op politieke filosofie

Sowjetkritiek op Smuts se holisme as politieke filosofie het klaarblyklik in 1947 begin. Van die begin af was dit duidelik ’n weerspieëling van die buitelandse beleid van die Sowjetunie en ’n instrument van propaganda. Heel moontlik het die vroegste gepubliseerde lang teks deur 'n Sowjetouteur wat uitsluitlik aan holisme gewy is in *Pravda* verskyn, die mondstuk van die Sentrale Komitee van die Kommunistiese Party, verskyn. Artikels oor politiese en ideologiese sake in dié koerant het die standpunt van die Kommunistiese Party en, by uitbreiding, die


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3943

Sowjetregering verteenwoordig. *Pravda* het gedien as die invloedrykste middel vir die verspreiding van party-ideologie, riglyne en interpretasies van gebeure. ’n Lang artikel oor Smuts se holisme was ’n gesaghebbende verklaring oor hoe Sowjetburgers hierdie doktrine moes evalueer. Die outeur, Pyotr Vyshinsky (geen verwantskap met Andrey Vyshinsky nie), het die Instituut vir Filosofie van die Sowjet-Akademie vir Wetenskappe verteenwoordig. Vyshinsky was sowel ’n geleerde as ’n sleutelakademikus by die land se voorste filosofiese instelling. Sy afkeuring van Smuts se holisme het dus nie bloot sy persoonlike sienings uitgedruk nie, veral omdat dit ’n onderwerp met duidelike politieke implikasies was. Sy werk moes met die amptelike ideologie ooreenstem en help om dit te versprei.

Vyshinsky het aangevoer dat Smuts se politieke agenda op holistiese beginsels gebaseer was. Die Suid-Afrikaanse leier het probeer om die onderwerping van ander nasies en gebiede te legitimeer deur te beweer dat die Britse Statebond (of die Britse Ryk – Vyshinsky het blykbaar nie tussen die twee onderskei nie) die perfekte “geheel” was en wêreldwyd versprei moes word. Sy idealistiese doktrine was hoofsaaklik ’n regverdiging vir imperialistiese uitbreiding en rasse-onderdrukking. “Smuts se filosofie van ‘holisme’”, het hy afgesluit, “is dus ’n reaksionêre konsep gebaseer op mistisisme, rasse-obskurantisme, misantropie en onteenseglik ’n ideologie van imperialistiese uitbreiding.” (Gornyy, 1947:4)

Die volgende jaar het Vyshinsky sy evaluering van holisme uitgebrei in sy artikel getiteld “J Smuts, ’n filosoof en politikus van moderne slawe-eienaars”. In dieselfde trant het die prominente Sowjet-Afrikanis, Ivan Potekhin, ’n toekomstige direkteur van die Instituut vir Afrikastudies, asook verskeie filosowe holisme en die politieke implikasies daarvan ondersoek. In die naoorlogse tydperk het filosofie in die USSR onder streng ideologiese beheer gebly. Die fokus was op die versterking van Leninisme en Stalinisme. Die bevordering van wetenskaplike denke is voortgesit parallel met, maar streng binne die grense wat deur die partylyn gestel is. In die bespreking van holisme het Sowjetouteurs intuïsionisme, teleologisme en die antidialektiese aard van die holistiese siening van evolusie veroordeel. Smuts se doktrine is gesien as ’n reaksie op die krisis van die liberale wêreldbeskouing. Die belangrikste kritiek op sy politieke filosofie kan soos volg opgesom word:

1. Die primêre funksie van holisme was vermoedelik sosiopolities: om Anglo-Amerikaanse imperialisme en die verdere uitbreiding daarvan te regverdig. Dit was nie ’n wetenskapgebaseerde filosofie nie, hoewel dit voorgegee het om ’n idealistiese antwoord op die krisis van meganistiese oortuigings te bied. Smuts se holisme was bloot ’n teoretiese stawing van sy politieke sienings en praktyke, ’n instrument vir globale Europese oorheersing (Bykhovskiy, 1953:122; Kremyanskiy, 1952:54-55; Leonov, 1948:71, 124; Potekhin, 1948:40-41; Trakhtenberg, 1951:66; Vyshinskiy, 1948:51-52). Smuts was inderdaad ’n imperialis, maar die Sowjetkritici het die feit geïgnoreer dat hy die ryk wou herkonfigureer. Hy het dit in die vooruitsig gestel dat dit in ’n gemenebes sou transformeer, ’n goedaardige, vrywillige assosiasie van selfregerende nasies. Hierdie konsep was hiërargies en op rassebasis geskoei. Smuts was ten gunste van die toekenning van outonomie aan dominiums, terwyl gebiede met minder “ontwikkelde” mense steeds vanuit die metropool regeer sou word (Du Pisani, 2025:846-847; Morefield, 2014:190).

2. Daar is gesê dat holisme ’n teoretiese basis vir rassediskriminasie in Britse kolonies bied, wat insluit ’n regverdiging van die onderdrukkende stelsel in Suid-Afrika. Hierdie bewerings was nie gegrond op *Holisme en Evolusie* en ander filosofiese tekste deur Smuts nie. Blykbaar het Sowjetouteurs gevoel dat Smuts se konsep van “Persoonlikheid” as die hoogste evolusionêre stadium ter stawing van rassehiërargieë gedien het. Volgens Smuts

was vryheid 'n "opperste prys" wat toegeken is in hierdie gevorderde stadium van holistiese ontwikkeling (Smuts, 1936:106-107, 309). Deur sekere rassegroepe met laer vlakke van "Persoonlikheid" te assosieer, kon holisme die differensiële behandeling van hierdie groepe regverdig. As Smuts se siening van vooruitgang ("geheelhede" wat hiërargies ontwikkel) (Smuts, 1936:143) gekoppel is aan 'n stelsel waar rassegroepe op verskillende evolusionêre vlakke geposisioneer is, volg dit dat sy filosofie gebruik kon word om wit oppergesag en rassesegregasie as 'n natuurlike uitkoms van hierdie evolusie te rasionaliseer.

Sowjetkritici van holisme het beweer dat wit oppergesag met Smuts se filosofiese sienings ooreengestem het. Hulle het bewyse van Smuts se rassisme aangehaal uit sy politieke lesings en toesprake, soos "The White Man's Task" (1917) of "native Policy in Africa" (1929). Die Sowjetouteurs het geredeneer dat, indien dit nodig was om imperialisme deur holisme en ander filosofiese doktrines te regverdig, die morele bankrotskap daarvan vir die gekoloniseerde volke duidelik geword het (Leonov, 1948:124; Potekhin, 1948:41, 43; Trakhtenberg, 1951:67; Vyshinskiy, 1948:42, 46, 59;). Potekhin het daarop gewys dat Afrikane verouderde samelewingsstrukture verwerp om demokrasie, moderniteit en nasionale onafhanklikheid deur die politieke stryd na te streef. Smuts wou Afrikane verhinder om hul doel te bereik deur hulle in 'n "primitiewe staat" te hou deur tradisionalisme en segregasie voor te staan (Potekhin, 1948:43).

3. Verskeie outeurs het holisme direk aan fascistiese ideologie gekoppel (Schmalhausen, 1948:12). Sonder om bewyse aan te haal, het die *Concise Dictionary of Philosophy* (1951) verklaar dat "Smuts eksplisiete politieke neofascistiese afleidings het' uit sy holisme gemaak 'wat onderwerping van verslaafde nasies en klasse in die naam van 'n superieure 'geheelheid' geëis het" (Rozental & Yudin, 1951:572).

Sowjetanalise van Smuts se holisme het geblyk deel te wees van die ideologiese konfrontasie met die Weste tydens die Koue Oorlog. Tog kon sulke kritiek op ander maniere as 'n instrument gebruik word. Dis byvoorbeeld gebruik deur voorstanders van evolusionêre biologie in debatte met Trofim Lysenko, die direkteur van die Instituut vir Genetika, wat Lamarck-konsepte aanvaar en sy eie pseudowetenskaplike idees voorgestaan het. Met die hulp van sy kollegas het Lysenko sy posisie gebruik om meningsverskille te onderdruk en sy anti-Mendeliaanse teorieë tot amptelike Sowjetdoktrine te verhef. Hulle het die konsep van gene as oorerflikheidsfaktore ontken en in plaas daarvan op die oorerwing van verworwe eienskappe aangedring, interspesifieke kompetisie verwerp, wat 'n noodsaaklike deel van Darwinisme is. Ivan Schmalhausen, die direkteur van die Instituut vir Evolusionêre Morfologie en hoof van die Departement vir Darwinisme aan die Moskouse Staatsuniversiteit, was onder die vele wetenskaplikes wat teen Lysenko se pseudowetenskaplike doktrines gekant was.

In sy toesprake en publikasies in 1947–1948 het Schmalhausen die verwerping van natuurlike seleksie en interspesifieke kompetisie as 'n ernstige wetenskaplike mistasting voorgehou wat negatiewe politieke implikasies kon hê. Hy het die filosofie van die "militante obskurantis" Smuts as voorbeeld aangehaal. Net 'n jaar tevore, toe hy holisme in sy universiteitshandboek oor Darwinisme bespreek het, het hierdie Sowjetbioloog geen verwysing gemaak na die politieke implikasies van Smuts se filosofie nie (Schmalhausen 1946:131-132, 168, 326-327). Maar in sy latere werke, ná Vyshinsky se artikel in *Pravda,* het dit 'n belangrike deel van Schmalhausen se afkeuring van daardie doktrine geword. Die Suid-Afrikaanse staatsman, het hy beklemtoon, het natuurlike seleksie geïgnoreer, wat vanuit 'n Darwinistiese oogpunt die enigste integrerende faktor van evolusie was (Schmalhausen , 1947:182). Schmalhausen het ook aangevoer dat Smuts en sy volgelinge

hul antiwetenskaplike postulerings na die menslike samelewing uitgebrei het om rassediskriminasie en 'n stelsel van segregasie en uitbuiting te regverdig. Volgens die Sowjetwetenskaplike het Smuts, deur te postuleer dat verdraagsaamheid en onderlinge bystand in die natuur oorheersend was, sy verwronge biologiese sienings polities gebruik om teen die legitimiteit van die klassestryd te argumenteer. Verder het holisme na bewering 'n gevaarlike ideologiese instrument vir fasciste en imperialiste geword in hul teenkanting teen wetenskaplike materialisme en egte Darwinisme (Schmalhausen, 1948:12).

Nietemin was Schmalhausen nie in staat om evolusionêre biologie en konvensionele genetika teen Lysenko se aanslag te beskerm nie. In 1948 is Schmalhausen uit sy leiersposisies verwyder – 'n slagoffer van die veldtog wat teen dosyne uitgesproke teenstanders van die amptelik goedgekeurde maar antiwetenskaplike biologiese teorieë gemik was. Volgelinge van Lysenko het ook holisme begin veroordeel en Smuts se filosofie en segregasionistiese politieke doktrine met Mendeliaanse genetika verbind. Daar is gesê dat Smuts se regverdigings vir rassehiërargie en die onderwerping van Afrikavolke gebaseer was op reaksionêre bewerings van onveranderlike oorerflike eienskappe van rasse (Studitskiy, 1950:331-350). Intussen moes Schmalhausen die beskuldigings van Lysenko se ondersteuners weerlê dat hy nie die politieke implikasies van Smuts se filosofie konsekwent genoeg gesensureer het nie (Schmalhausen, 1990:85).

Smuts en sy Verenigde Party is in die Suid-Afrikaanse algemene verkiesing van 1948 deur die Nasionale Party verslaan. Sowjetkommentators het Smuts se beleid beskou as 'n voorloper tot die nuwe Nasionalistiese regering se meer eksplisiete diskriminerende optrede. Hulle het beweer dat sy meningsverskil met die Nasionaliste bloot gegaan het oor 'n verkil in die wyses om die swart meerderheid te onderdruk (Ol'derogge & Potekhin, 1951:45-46). Smuts het verloor, het hulle verduidelik, omdat die land se welgestelde industrialiste sy liberale gebare oordrewe gevind en Malan aan bewind gebring het. "Dit was Smuts self wat 'n pad gebaan het vir ekstreme reaksionêre", was die slotsom waartoe Yury Polyakov gekom het in *Komsomolskaya Pravda* (Polyakov, 1948).

In die 1950's het die VN sy fokus van spesifieke geskille na die afkeuring van Suid-Afrika se rassebeleid in die algemeen verbreed. 'n Kommissie het in 1953 bevind dat die Nasionale Party se ideologie van apartheid die VN-Handves oortree het, wat die Suid-Afrikaanse regime 'n simbool maak van alles wat die organisasie teengestaan het. Hierdie konfrontasie het gegroei namate die wêreld toenemend menseregte en dekolonisasie ondersteun het, terwyl Suid-Afrika statutêre rassediskriminasie verskans het.

Terselfdertyd het die Sowjetregering die Verenigde State as sy vernaamste globale teenstander begin beskou. Anti-Amerikanisme het prominent in die propaganda geword. Van die vroeë 1950's af het Sowjetnarratiewe Suid-Afrika dikwels met die Verenigde State vergelyk en daarop gewys dat beide rassediskriminasiestelsels gehandhaaf het. Die prominente politieke kommentator Sergey Datlin het opgemerk dat Truman se Amerika dieselfde metodes van onderdrukking en uitbuiting van swart mense as apartheid-Suid-Afrika gebruik het (Datlin, 1950:191). Lavrentiy Beria, adjunkvoorsitter van die Ministersraad van die Sowjetunie, het in 1952 aan die kongres van die Kommunistiese Party gesê dat die twee berugste regimes van rassediskriminasie dié in die Verenigde State van Amerika en in die Unie van Suid-Afrika was (Beriya, 1952:11).

## 5. 1960's–1980: herevaluering van holistiese beginsels

Die groter vryheid van die Khrushchev-era het vanaf die middel-1950's beduidende veranderinge in die Sowjetwetenskap en -filosofie meegebring, wat analitiese benaderings en 'n groter belangstelling in metodologie bevorder het. Die gedetailleerde, hoewel kritiese, ondersoeke van Smuts se idees, tesame met die opkoms van kubernetika en inligtingsteorie, het gelei tot 'n nuwe begrip van geheelheid. Onder Sowjetbioloë en wetenskapsfilosowe was daar steeds belangstelling in die konsepte van *sistemisiteit* en *integriteit*, maar die bevordering daarvan het nie openlike begronding in holisme behels nie. Aangesien Smuts se filosofie begrippe bekendgestel het wat nie wetenskaplik geverifieer kon word nie, is holisme as pseudo-wetenskaplik beskou. Sowjetakademici het dit gekarakteriseer as filosofiese dekorum vir 'n skikking tussen wetenskap en godsdiens.

Alexander Spirkin, 'n prominente figuur in die filosofie van kubernetika, het hierdie nuwe perspektief geartikuleer. Hy het geredeneer dat, hoewel die ontleding van dele van kritieke belang is, ware begrip voortspruit uit 'n begrip van hul verhouding binne die groter geheel. Dit beteken dat individuele elemente slegs behoorlik verstaan kan word in die konteks van die geheel waarbinne hulle behoort (Spirkin, 1963:200). Hoewel Smuts nie direk aangehaal is nie, kan die invloed van holistiese metodologie in die ontwikkelende Sowjetfilosofie van wetenskap, biologie en sosiale studies onderskei word. Filosowe soos Erik Yudin en Bonifatiy Kedrov het sistemiese analise binne 'n dialektiese raamwerk bevorder en die gaping tussen meganistiese materialisme en die dinamiese struktuur van geheelheid oorbrug (Kedrov, 1983; Yudin, 1978).

In die laat 1950's en vroeë 1960's het Sowjetakademici voortgegaan om Smuts se holisme te veroordeel as 'n reaksionêre filosofie wat daarop gemik is om as 'n teoretiese grondslag vir die uitbuitende hiërargie van imperialisme en wit oppergesag te dien (Blauberg, 1963:46-47; Bogomolov, 1962:322-323; Dynnik, 1964:270; Karlyuk, 1958:100-101; Konstantinov, 1960:65; Sviderskiy, 1961:71). Die *Groot Sowjetensiklopedie* (1957) het die dikwels herhaalde bewering onderskryf dat Smuts die hiërargie van "geheelhede" bedink het om 'die verslawing van koloniale volke' te regverdig (*Bol'shaya sovetskaya entsiklopediya*, 1957:279).

Ná die Sharpeville-slagting van 1960 het die Algemene Vergadering en Veiligheidsraad apartheid nie bloot meer net veroordeel nie, maar begin om optrede teen apartheid te eis. Die VN het diplomatieke en ekonomiese sanksies aanbeveel. Dit is sedert 1962 geleidelik ingestel, wat die VN se sterkste veroordeling van 'n lidstaat tot op hede was. Apartheidsideologie is nou duidelik as skadeliker beskou as die politieke implikasies van Smuts se doktrine. In hierdie tydperk was Sowjetverwysings na holisme as 'n politieke filosofie geneig om kort en herhalend te wees, en is dit nie deur bewysplase ondersteun nie.

Die enigste nuwe idee in hierdie verband het moontlik gekom van Gerasim Yugay, 'n prominente biologiese filosoof. In 1962 het hy gepostuleer dat holisme se klem op die voortreflikheid van die geheel bo die dele daarvan direk in totalitarisme uitdrukking vind, met die inherente ondergeskiktheid wat daaraan verbonde is. Volgens Yugay het hierdie filosofiese standpunt, wanneer dit op geopolitiek toegepas word, die metropool as die dominante 'geheel' en kolonies as ondergeskikte "dele" beskou (Yugay, 1962:14-15). Die outeur het nie na enige van Smuts se geskrifte verwys om sy punt te bewys nie. Hy sou dit moeilik vind om sulke bewyse te vind, want Smuts het volgehou dat individualiteit die uiteindelike geheel was, en het statisme en outoritarisme verwerp (Dubow, 2008:57).

Oor die algemeen is die filosofiese kritiek op holisme tot die laat 1960's eksplisiet binne die raam van die konteks van die Koue Oorlog geplaas. Hierdie kritiek is gegrond op die

uitgangspunt dat die wêreld ’n onomkeerbare oorgang van kapitalisme na sosialisme beleef. Hierdie intense konfrontasie het die materialistiese wêreldbeskouing van Marxisme-Leninisme teenoor idealisme geplaas, wat deur Sowjetideoloë gekarakteriseer is as iets wat aan die verval was (Dynnik, 1964:6). Volgens hierdie siening het Westerse filosowe holistiese konsepte voorgestaan om die “uitgeleefde” kapitalistiese stelsel te verdedig. Daarom is die evaluering van holisme as relevant in ’n politieke en ideologiese sin aangebied (Blauberg, 1963:47).

In die laat 1960’s was daar ’n drastiese afname in besprekings van holisme in Sowjet-navorsing. Dit blyk dat kritiek uit die Sowjetunie teen idealisme bykans geen agting gegee het nie aan die 1970's se Westerse herlewing van belangstelling in holistiese beginsels, metodes en teorieë wat op korrelasie tussen mens en natuur, en individue en samelewings gefokus het. Wat Smuts se holisme betref, het besprekings oor die politieke implikasies van hierdie filosofie verdwyn. Selfs die outeurs wat Smuts se doktrine as ’n regverdiging van imperialisme en wit oppergesag gekritiseer het, het opgehou om na hierdie aspekte te verwys in hul werke wat ná 1956 verskyn het (kyk byvoorbeeld Kremyanskiy, 1952:54-55 en Kremyanskiy, 1969:47; Afanas’yev, 1964:4, 98-99 en Afanas’yev, 1980:56). Hulle het hulself beperk tot kommentaar oor holisme se mislukking om ’n materiële of oorsaaklike verduideliking vir die integriteit van komplekse stelsels te verskaf, en het eerder teruggeval op ’n onwetenskaplike teleologiese konsep van geheelheid (Schmalhausen, 1969:320-321).

Internasionaal het holisme sedert die 1970’s weer prominensie in akademiese diskoers gekry, veral danksy vooruitgang in rekenaartegnologie (Du Pisani, 2024:381). Teen die 1980’s het Sowjetfilosowe hulle tot ’n sistemiese benadering vir die ontleding van komplekse verskynsels gewend en wegbeweeg van reduksionisme. Hoewel hulle die term “holisme” vermy het, die kerngedagte daarvan relevant geword: die erkenning van die ... wat uit interaktiewe dele voortspruit. Sowjetwetenskap het dialektiek met hierdie sistemiese siening geïntegreer en geheelheid as ’n inherente eienskap van die objektiewe materiële werklikheid gedefinieer, veral in lewende stelsels. Nietemin het Sowjetouteurs voortgegaan om holisme te kritiseer omdat dit geheelheid as ’n “metafisiese entiteit” eerder as ’n gevolg van natuurlike materiële prosesse beskou het, en sodoende evolusie en ander eienskappe van lewe op soortgelyke wyse in iets abstraks verander het (Dubinina, Platonova, 1984:101).

Ná die ontbinding van die USSR in 1991 het ’n belangstelling in holisme in Rusland se liberaler intellektuele klimaat herleef. Dit het van ’n suiwer filosofie in ’n praktiese inter-dissiplinêre metode oorgegaan, wat ’n alternatief vir die reduksionistiese denke van die Sowjetera gebied het. Dit was in ooreenstemming met die internasionale tendens om holistiese teorie as nuttig te beskou vir die verstaan van ingewikkelde stelsels oor sowel die geestes-wetenskappe sowel as natuurwetenskappe heen (Du Pisani, 2024:383-386). Navorsers pas dit toe op moderne kubernetika, sinergetika en sisteemteorie. Hierdie holistiese benadering word ook in die linguistiek vir die analise van taal as ’n lewende stelsel gebruik; in sielkunde vir die skep van geïntegreerde terapieë; in geneeskunde, vir pasiëntsorg met inagneming van sosiale, fisiese en sielkundige faktore; en in die ekologie vir die begrip van die onderlinge afhanklikheid van die natuur en die samelewing (Galkina & Orlov, 2019:256-271; Dyomina, 2016:24-26; Knyazeva, 2016:23-35; Medvedeva & Sidel’nikova, 2021:421-423; Morozov, 2010). In post-Sowjet-Rusland het holisme ’n metodologiese instrument geword vir die begrip van komplekse stelsels oor talle wetenskaplike en praktiese velde heen.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.3943

## 6. Gevolgtrekkings

In die 1930's het Jan Smuts se filosofie van holisme verskeie prominente Sowjetwetenskaplikes geïnteresseer wat die potensiaal daarvan vir die begrip van komplekse biologiese stelsels raakgesien het. Pyotr Anokhin en Vladimir Vernadsky het dit gesien as 'n manier om empiriese data te sintetiseer en verder as meganisisme in die natuurwetenskap te beweeg. Tog het die amptelike Sowjetfilosofie, wat in dialektiese materialisme gewortel was, holisme grootliks as onwetenskaplik en idealisties verwerp.

Ná die Tweede Wêreldoorlog het die Sowjetsiening van Smuts se filosofie ingrypend verander. Sowjetkritiek op holisme as politieke filosofie het 'n instrument van beide buitelandse beleid en propaganda geword, omdat die doktrine met imperialisme, rassediskriminasie en selfs fascisme geassosieer is. Hierdie tendens het verskerp namate Suid-Afrika se rassebeleid deur die VN onder die loep geneem is, met die USSR wat 'n leidende rol in die veldtog gespeel het.

Sowjetkritiek in die 1940's–1950's het baie gemeen gehad met die sienings van moderne navorsers, wat 'n direkte verband tussen Smuts se filosofie en sy politieke praktyk veronderstel, veral rakende imperialisme en rasseverhoudinge in Suid-Afrika. Beide strome van kritiek spruit voort uit 'n oortuiging dat holisme 'n teoretiese regverdiging vir rassesegregasie en wit oppergesag bied. Hulle beweer dat Smuts sy hiërargiese holistiese idees op die internasionale verhoog toegepas het en die Britse Statebond as 'n geordende stelsel beskou het wat wit heerskappy en imperialisme voortgesit het. Die evaluerings verskil egter in hul konteks, eenstemmigheid en metodologie. Die Sowjetevaluerings van holistiese politieke filosofie blyk 'n instrument van Koue Oorlog-propaganda te wees, wat die Sowjetunie se buitelandse beleid weerspieël het. Dit is as die enigste waarheid aangebied. In teenstelling hiermee is moderne kritiek op politieke aspekte van holisme 'n akademiese debat, wat meningsverskil toelaat.

Teen die laat 1960's het ondersoeke na die politieke implikasies van holisme in die Sowjetliteratuur afgeneem. Holistiese idees is geleidelik in 'n nuwe sistemiese benadering binne die Sowjetunie se wetenskaplik-filosofiese diskoers geassimileer en binne 'n materialistiese raamwerk geherinterpreteer.

In die Sowjetera was daar 'n merkbare spanning tussen die aantrekkingskrag van holisme vir individuele navorsers en die verwerping daarvan deur die staatsgesanksioneerde ideologie. Boonop het die kritiek op Smuts se filosofie 'n instrument in die Sowjetunie se ideologiese en politieke stryd geword. Ons het uitgebreide bewyse hiervoor gevind in wetenskaplike debatte, soos die een tussen evolusionêre bioloë en voorstanders van Trofim Lysenko, en in die anti-Westerse propaganda. Jan Smuts se holisme het 'n dubbele rol in die akademiese diskoers in die Sowjetunie gespeel, en het as sowel 'n bron van inspirasie vir 'n sistemiese wêreldbeskouing as 'n teiken van gepolitiseerde kritiek gedien.

## BIBLIOGRAFIE

Afanas'yev, VG. 1964. *Problema tselostnosti v filosofii i biologii*. Moscow: Mysl'.

Afanas'yev, VG. 1980. Sistemnost' i obshchestvo. Moscow: Politizdat.

Anker, P. 2001. *Imperial ecology: Environmental order in the British Empire, 1895–1945*. Cambridge, Mass; London: Harvard University Press.

Anokhin, P. 1935. Problema tsentra i periferii v sovremennoy fiziologii nervnoy deyatel'nosti. In Anokhin, P (ed.). *Reports on the problem of centre and periphery in the physiology of nervous activity. Experiments with anastomosis of nerves*. Gorky: Gorky State Publishing House, pp 9-70.

Arkhangelskaya, AA. 2020. Vneshnepoliticheskiy mekhanizm YuAS i razvitiye diplomaticheskikh otnosheniy (1910–1948). *Journal of the Institute for African Studies*. 3:74-86.

Ballinger, RB. 1963. The Territory of South West Africa. *Current History*, 45(268):361-365.

Berezhkov, V. 1947. Diskriminatsiya indiytsev v Yuzhno-Afrikanskom Soyuze. *Novoye vremya*. 31:25-28.

Beriya, L. 1952. *Rech' na XIX syezde VKP(b) 7 oktyabrya 1952 g.* Moscow: Gosudarstvennoye izdatel'stvo politicheskoy literatury.

Blauberg, IV. 1963. *Problema tselostnosti v marksistskoy filosofii*. Moscow: Vysshaya shkola.

Bogomolov, AS. 1962. *Ideya razvitiya v burzhuaznoy filosofii XIX i XX vekov.* Moscow: Izdatel'stvo Moskovskogo universiteta.

*Bol'shaya sovetskaya entsiklopediya*. 1957. Vol 46. Moscow: Izdatel'stvo "Bol'shaya sovetskaya entsiklopediya".

Bowler, PJ. 2001. *Reconciling science and religion: The debate in early-twentieth century Britain*. Chicago and London: University of Chicago Press.

Brykin, VA. (ed). 1963. *SSSR i strany Afriki 1946–1962 gg. Dokumenty i materialy*. Vol 1. Moscow: Gosudarstvennoye izdatel'stvo politicheskoy literatury.

Buchnev, DV. 2022. Protsessual'noye myshleniye A. N. Uaytkheda i filosofiya russkogo kosmizma. *Filosofiya istorii filosofii*. 3:384-400.

Buitengewone Staatskoerant van 26 Oktober 1966, bl. 24: https://www.lac.org.na/laws/GGsa/rsagg1576.pdf.

Bykhovskiy, BE. 1953. Organizmizm – reaktsionnoye antinauchnoye napravleniye v biologii. *Priroda*. 42(12):122-123.

Crafford, FS. 1943. *Jan Smuts. A biography*. Garden City, NY: Doubleday, Doran & Co.

Datlin, S. 1950. Yuzhnoafrikanskiy obraz zhizni. *Znamya*. 5:189-192.

Davidson, A & Filatova, I. 1998. Opyt konsul'skikh otnosheniy. *Asia and Africa Today* 1:32-37.

Du Pisani, K. 2024. Father of Holism: The intellectual legacy of Jan Smuts. In Boucher, D. & Ngqulunga, B (eds.). *Reappraising the life and legacy of Jan C Smuts*. Johannesburg: University of Johannesburg Press, pp 367-396.

Du Pisani, K. 2025. 'Saviour' of the Empire: Jan Smuts's conceptualisation of the British Commonwealth of Nations. *The Journal of Imperial and Commonwealth History.* 53(4):824-859.

Dubinina, NP., Platonova, GV. (eds) 1984. *Dialektika zhivoy prirody*. Moscow: Izdatel'stvo Moskovskogo universiteta.

Dubow, S. 2008. Smuts, the United Nations and the rhetoric of race and rights. *Journal of Contemporary History.* 43(1):43-72.

Dynnik, MA. (ed). 1964. *Sovremennaya filosofiya i sotsiologiya v stranakh Zapadnoy Yevropy i Ameriki (Istoriko-filosofskiye ocherki).* Moscow: Nauka.

Dyomina, LA. 2016. Kholisticheskiy podkhod k obucheniyu inostrannomu yazyku v neyazykovom vuze. *Pedagogika. Voprosy teorii i praktiki*. 1(1):24-26.

Filatova, I & Davidson, A. 2013. *The hidden thread: Russia and South Africa in the Soviet era*. Johannesburg and Cape Town: Jonathan Ball Publishers.

Galkina, EV & Orlov, AB. 2019. Tsennostnyy protsess i tsennostnaya sistema kak oriyentiry samoissledovaniya. *Mir psikhologii*. 3:256-271.

Garson, N. 2007. Smuts and the idea of race. *South African Historical Journal.* 57(1):153-178.

Gornyy, P. [Vyshinskiy, P.] 1947. Ob odnoy filosofii rasovogo gneta i chelovekonenavistnichestva. *Pravda*, 16 May, p 4.

Hancock, WK. 1968. *Smuts: The fields of force 1919–1950*. Cambridge: The Cambridge University Press.

Hoernlé, RFA. 1935. Freedom in the present-day world. *Philosophy* 10(40):394-408.

Hoernlé, RFA. 1939. *South African native policy and the liberal spirit*. Lovedale: Lovedale Press.

Hogben, K. 1930. *The nature of living matter*. London: Kegan Paul, Trench, Trubner & Co.

Izakov, B. 1946. Perviye dni. *Pravda*, 30 October, p 4.

*Izvestiya*. 1946. "Demokratiya" v Yuzhnoy Afrike (Obzor pechati). 4 December, p 4.

Karlyuk, AS. 1958. Nekotoriye aspekty bor'by protiv "fizicheskogo" idealizma v trudakh VI Lenina. In Gorbach, VI (ed.). *Voprosy marksistskoy filosofii v trudakh VI Lenina*. Minsk: Izdatel'stvo Akademii nauk BSSR, pp 75-107.

Kedrov, BM. 1983. *Besedy o dialektike. Shestidnevn·yye filosofskiye dialogi vo vremya puteshestviya.* M: Molodaya gvardiya.

Knyazeva, EN. 2016. Vozvrashcheniye k yedinstvu: metodologicheskiye aspekty evolyutsionnogo kholizma. *Vestnik Tomskogo gosudarstvennogo universiteta. Filosofiya. Sotsiologiya. Politologiya*. 3:23-35.

Konstantinov, FV (ed). 1960. *Filosofskaya entsiklopediya*. Vol. 1. Moscow: Sovetskaya entsiklopediya.

Kremyanskiy, VI. 1952. K voprosu o tselostnosti organizma. Kritiko-bibliograficheskiy obzor. *Vestnik Moskovskogo universiteta. Biologiya i pochvovedeniye*. 6:51-69.

Kremyanskiy, VI. 1969. *Strukturniye urovni zhivoy materii. Teoreticheskiye i metodologicheskiye problemy.* Moscow: Nauka.

Leonov, MA. 1948. *Ocherk dialekticheskogo materializma.* Moscow: OGIZ; Gosudarstvennoye izdatel'stvo politicheskoy literatury.

Levy H. 1932. *The universe of science*. London: Watts & Co.

Marks, S. 2001. White masculinity: Jan Smuts, race and the South African War. *Proceedings of the British Academy.* 111:199-223.

Mazower, M. 2009. *No enchanted palace: The end of empire and the ideological origins of the United Nations*. Princeton and Oxford: Princeton University Press.

Medvedeva, EN & Sidel'nikova, YM. 2021. Filosofiya kholisticheskoy meditsiny: dostoinstva i nedostatki. *Yevraziyskoye nauchnoye ob'yedineniye*. 2021. 5-6:421-423.

Moran, R. 1947. Fel'dmarshal Smets idet naprolom... *Izvestiya.* 2 February, p 4.

Morefield, J. 2014. *Empires without imperialism: Anglo-American decline and the politics of deflection*. Oxford; New York: Oxford University Press.

Morozov, EV. 2010. *Kholizm*. Saarbrücken: Lambert Academic Publishing.

Nicholls, GH. 1961. *South Africa in my time*. London: George Allen & Unwin Ltd.

Ol'derogge, DA & Potekhin, II. 1951. Funktsional'naya shkola v etnografii na sluzhbe britanskogo imperializma. In Potekhin, II (ed.). *Anglo-amerikanskaya etnografiya na sluzhbe imperializma. Sbornik statey*. Moscow: Izdatel'stvo Akademii nauk SSSR, pp 41-66.

Oyzerman, TI & Trofimov, PS. 1951. Vmesto predisloviya. In Oyzerman, TI & Trofimov, PS (eds). *Protiv filosofstvuyushchikh oruzhenostsev amerikano-angliyskogo imperializma. Ocherki kritiki sovremennoy amerikano-angliyskoy burzhuaznoy filosofii i sotsiologii*. Moscow: Izdatel'stvo AN SSSR, pp 59-87.

Polyakov, Y. 1948. Vmesto Smetsa – Malan. *Komsomol'skaya pravda*. 5 June, p 4.

Potekhin, II. 1948. Funktsional'naya shkola etnografii na sluzhbe britanskogo imperializma. *Sovetskaya etnografiya*. 3:3-49.

*Pravda.* 1946a. Kak vyglyadit "demokratiya" v Yuzhno-Afrikanskom Soyuze. 26 August, p 4.

*Pravda.* 1946b. Na sessii General'noy Assamblei organizatsii Ob"yedinennykh natsiy. 26 October, p 4.

*Pravda.* 1946c. Na sessii General'noy assamblei organizatsii Ob"yedinennykh natsiy. 28 November, p.3.

*Pravda.* 1946d. Prizyv pomoch' 8 millionam negrov Yuzhnoy Afriki osvobodit'sya ot rabstva. 4 November, p 3.

*Pravda.* 1946e. Yuzhnoafrikanskiy zhurnalist o prityazaniyakh Smetsa. 28 November, p. 3.

Rozental', M.; Yudin, P. (eds). 1951. *Kratkiy filosofskiy slovar'.* Moscow: Gosudarstvennoye izdatel'stvo politicheskoy literatury.

Schmalhausen , I I. 1938. *Organizm kak tseloye v individual'nom i istoricheskom razvitii*. Moscow; Leningrad: Izdatel'stvo Akademii nauk SSSR.

Schmalhausen, II. 1946. *Problemy darvinizma*.. Moscow: Sovetskaya nauka.

Schmalhausen, II. 1947. Predstavleniya o tselom v sovremennoy biologii. *Voprosy filosofii*. 2:177-183.

Schmalhausen, II. 1948. Vneshniye faktory, mezhvidovaya bor'ba i vnutrividovoye sorevnovaniye v ikh vzaimodeystvii. In Yudintsev, SD (ed.). *Vnutrividovaya bor'ba u zhivotnykh i rasteniy*. Moscow: Moskovskiy gosudarstvennyy universitet, pp 3-13.

Schmalhausen, II. 1969. *Problemy darvinizma*. 2nd edition. Leningrad: Nauka.

Schmalhausen, II. 1990. *Voprosy darvinizma*: Neopublikovanniye raboty. Moscow: Nauka.
Smuts, JC. 1929. Holism. In *The Encyclopaedia Britannica*. 14th ed. London; New York: The Encyclopaedia Britannica, pp 640-644.
Smuts, JC. 1936. *Holism and evolution*. 3d ed. London: Macmillan and Co.
Smuts, JC. 1945. *Plans for a better world*. London: Hodder and Stoughton.
Spirkin, AG. 1963. *Kurs marksistskoy filosofii*. Moscow: Izdatel'stvo sotsial'no-ekonomicheskoy literatury.
Studitskiy, AN. 1950. Mendelevsko-morganovskaya genetika na sluzhbe amerikanskogo rasizma. In Mitin, MB (ed.) *Protiv reaktsionnogo mendelizma-morganizma. Sbornik statey*. Moscow; Leningrad: Izdatel'stvo Akademii nauk SSSR, pp 326-350.
Sviderskiy, VI. 1961. Ob idealisticheskom izvrashchenii kholizmom problemy elementov i struktury. *Vestnik Leningradskogo universiteta*. 16(11). *Seriya ekonomiki, filosofii i prava*. 2:61-72.
Sweet, W. 2024. Smuts, *Holism, and Political Philosophy*. In Boucher, D & Ngqulunga, B (eds.). *Reappraising the life and legacy of Jan C Smuts*. Johannesburg: University of Johannesburg Press, pp 333-366.
Tansley, AG. 1935. The use and abuse of vegetational concepts and terms. *Ecology.* 16(3):284-307.
Timiryazev, AK. 1933. Volna idealizma v sovremennoy fizike na Zapade i u nas. *Pod znamenem marksizma*. 5:284-307.
Trakhtenberg, OV. 1951. Angliyskaya burzhuaznaya filosofiya – ideologicheskoye orudiye podzhigateley voyny i dushiteley demokratii. In Oyzerman, TI& Trofimov, PS (eds). *Protiv filosofstvuyushchikh oruzhenostsev amerikano-angliyskogo imperializma. Ocherki kritiki sovremennoy amerikano-angliyskoy burzhuaznoy filosofii i sotsiologii*. Moscow: Izdatel'stvo AN SSSR, pp 59-87.
Vernadsky, VI. 1934. *Problemy biogeokhimii.* Part 1. *Znacheniye biogeokhimii dlya poznaniya biosfery*. Leningrad: Izdatel'stvo Akademii nauk SSSR.
Vernadsky, VI. 2013. *Sobraniye sochineniy*. Vol 10. Moscow: Nauka.
Vernadsky, PY. 1948. Y. Smets – filosof i politik sovremennykh rabovladel'tsev. In *Filosofskiye zapiski*. Vol 2. Moscow and Leningrad: Izdatel'stvo Akademii nauk SSSR, pp 40-59.
Yudin, EG. 1978. *Sistemnyy podkhod i printsip deyatel'nosti: Metodologicheskiye problemy sovremennoy nauki.* Moscow: Nauka.
Yugay, GA. 1962. *Problema tselostnosti organizma. Filosofskiy analiz*. Moscow: Izdatel'stvo sotsial'no-ekonomicheskoy literatury.

# Kreasionisme, Intelligente Ontwerp en Natuurwetenskap

***Creationism, Intelligent Design, and Natural Science***

**JA van den Heever**
Departement Plant- en Dierkunde
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos:



Jurie v/d Heever

Jurie van den Heever studeer aan die Departement Soölogie, Universiteit Stellenbosch en behaal vervolgens die grade BSc (Soölogie en Botanie), BSc Honneurs (Soölogie), MSc (Soölogie) en PhD (Paleontologie, 1988). Hy word in 1973 aangestel as Junior Lektor in die Departement Soölogie, Universiteit Stellenbosch. Vanaf 1974-1988 is hy Navorser, Senior Navorser en Hoof van die Departement Karoo Paleontologie by die eertydse Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad. Vanaf 1988-2007 is hy Senior Lektor in die Departement Soölogie (later Departement Plant- en Dierkunde) aan die Universiteit Stellenbsoch. Hy tree in 2007 af, maar word op ’n deeltydse basis heraangestel en is steeds ’n dosent en navorsingsgenoot. Jurie doseer vergelykende anatomie van werweldiere, werweldier-embriologie, die evolusie van werweldiere, Paleontologie en Filosofie van Biologie. Hy publiseer veral oor die verwantskappe en evolusie van die Soogdieragtige-reptiele van die Suid-Afrikaanse Karoo. Hy tree op as studieleier, medestudieleier en eksterne eksaminator vir ’n aantal MSc- en PhD-kandidate en dien van 2000-2002 as President van die Paleontologiese Vereniging van Suid-Afrika. In 1996 en 2001 ontvang hy die Rektorstoekenning vir voortreflike onderrig. Van 2000-2021 was hy ’n spanlid op die RSG wetenskapprogram “Hoe Verklaar Jy Dit?” Ná 1994 lewer

Jurie van den Heever studied at the Department of Zoology at Stellenbosch University and obtained the degrees BSc (Zoology and Botany), BSc Honors (Zoology), MSc (Zoology) and PhD (Paleontology, 1988). In 1973 he served as Junior Lecturer in the Department of Zoology, University of Stellenbosch. From 1974-1988 he was Researcher, Senior Researcher and Head of the Department of Karoo Paleontology at the then South African Museum in Cape Town. From 1988-2007 he was employed as Senior Lecturer in the Department of Zoology (later Department of Botany and Zoolgy) at Stellenbosch University. He lectured on the comparative anatomy of vertebrates, vertebrate embryology, the evolution of vertebrates, Paleontology, and Philosophy of Biology. He published mainly on the relationships and evolution of the mammal-like reptiles of the South African Karoo and collaborated with colleagues at the University of Chicago, the University of Houston and the Karl Eberhards University in Tübingen. He served as supervisor, co-supervisor and external examiner for a number of MSc and PhD candidates and from 2000-2002 acted as President of the Paleontological Society of South Africa. In 1996 and again in 2001 he received the Rector`s Award for Exemplary Tuition. As translator and technical advisor, he

**Datums:**
Ontvang: 2025-09-15 Goedgekeur: 2026-05-01 Gepubliseer: Junie 2026


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2816

| | |
|---|---|
| hy, met verloop van tyd, meer as 90 praatjies oor die beginsels van evolusie by skole en onderwysvergaderings dwarsdeur die Weskaap. Hy is tans mede-redakteur van die *Journal of Interdisciplinary Ethical Research.* | was involved with more than 40 childrens` books on animals. From 2000-2021 he was a team member on the RSG science program "Hoe Verklaar Jy Dit?" (How Do You Explain That?). After 1994 when, for the first time ever, evolution became an integral part of the Biology Curriculum in schools, he delivered, over time, more than 90 talks explaining the principles of evolution at schools and teaching organizations all across the Western Cape. He retired in 2007, but was reappointed as Senior Lecturer on a part time basis and is still a Research Associate in the Department of Botany and Zoology. His current interests focus on the evolution of morality, the origins of gender differences, and the spectrum of human sexuality. He is also co-editor of the international *Journal of Interdisciplinary Ethical Research.* |


**ABSTRACT**

***Creationism, Intelligent Design, and Natural Science.***

*Ever since Darwin, the intellectual divide between religion and science has progressively widened to the extent that it is currently impossible to offer rational explanations of the origin, development, and current complexity of life within the cosmos, with recourse only to a literal reading of biblical texts. Despite the wide-ranging explanatory power of the evolutionary process, dyed-in-the-wool fundamentalists still regard the Bible as a textbook which explains the true origin of the cosmos and all life therein.*

*Contrary to the enormous scientific database supporting findings in the Natural Sciences, and especially evolutionary biology, religious fundamentalists perpetually disregard this body of research, claiming it to be erroneous or even completely false. Reasonable people, however, point to the fact that established research cannot be overthrown on a whim – in order to disprove evidence-based research, improved research findings are required. The late Carl Sagan (1979:62) has pointed out that extraordinary claims require extraordinary proof, and in this respect the fundamentalists consistently fail.*

*This contribution offers a critical review of four articles published in the Journal of Humanities 2023, 63(2):192-261 (hereafter JH). Presented from an outdated Reformed religious perspective, in conjunction with the now defunct traditional Creationism and Intelligent-Design Creationism (hereafter ID) hypotheses, the contributions fail to acknowledge research in Reformed Theology and Natural History over the past more than one hundred years.*

*Spangenberg (2023) has extensively refuted the religious claims of the authors, pointing out that they do not recognize paradigm shifts in biblical studies, and consequently argue from an outdated exegesis.*

*Claiming a scientific approach, the authors create the impression that their discourse is based on proven research in natural history, yet repeatedly resort to convoluted explanations based on a literal reading of biblical passages, specifically Genesis 1–3, thereby misconstruing rational research results and incorrectly claiming that their fundamentalist approach to science dovetails with their reading of biblical texts.*

*The fundamental problem with the approach of the four JH-authors is that they construe and defend an entire cosmology based on the a-priori conviction of the existence of an Intelligent Designer. Their claim that they embrace new developments in religion and science is insincere and misleading as they employ dated research, quote authors incorrectly, negatively manipulate research results, consistently ignore evidence-based research, question established scientific findings, misquote scientists and events, do not recognize the efficacy of natural selection, propound the anthropic principle, question the standard cosmological model, negate the natural evolution of complexity, misconstrue the origin of biodiversity in the Cambrian, falsely represent the origin and evolution of humanity, and present an incomplete bibliography against the backdrop of the now defunct traditional Creationism and ID hypotheses.*

*The claim by the JH-authors that the services of an Intelligent Designer are indispensable because so-called irreducibly complex systems cannot evolve naturally, leads to an important argument against the Intelligent Design hypothesis. If the lack of a scientific explanation constitutes proof of the existence of an Intelligent Designer, the irrefuteable conclusion, in the light of established explanations for so-called irreducibly complex systems, must be that an Intelligent Designer is superfluous or non-existent.*

*In the final analysis, the four articles under discussion are scientifically suspect. Spangenberg (2023:976) has commented on the fact that the JH-authors lack an ethical approach to research and show no respect for the valid research and logical reasoning of other researchers. In addition, the peculiar statements with regard to the natural sciences, raises questions about the scientific integrity of the authors as well. In contrast to the assumptions of the JH-authors, scientists do not reject the existence of an Intelligent Designer per se. The concept simply does not resort within the field of study of the natural sciences, because it offers no predictions or explanations. Evolutionary biology currently supplies the most acceptable explanation for the presence and relationships of all life forms on the third planet, including the evolution of human species. A metaphysical explanation is simply not an essential component of this concept. There is nothing unusual about a metaphysical explanation for the nature of things, but to represent it as empirically true, whilst the Designer does not form part of the explanation, is unacceptable. The authors also do not present a rational explanation of how this information was acquired and how interactions between a metaphysical entity and physical objects are possible. They also ignore the fact that modern science has already answered the questions they ask about so-called irreducibly complex systems.*

**KEYWORDS:** Natural science, creationism, intelligent design, comparative anatomy, embryology, paleontology, evolution, Cambrian diversification, astronomy.

**TREFWOORDE:** Natuurwetenskap, kreasionisme, intelligente ontwerp, vergelykende anatomie, embriologie, paleontologie, evolusie, Kambriese diversifikasie, sterrekunde.

## OPSOMMING

In 1859 veroorsaak Charles Darwin `n intellektuele waterskeiding tussen wetenskap en geloof met sy boek *On the Origin of Species by Means of Natural Selection* waarin hy aantoon dat spesies natuurlikerwys verander, dat nuwe spesies so ontstaan en dat spesies nie onveranderlik is nie. Sedertdien het die speelveld tussen wetenskap en geloof konseptueel verander. Ondanks

die enorme databasis wat tans die bevindings van die natuurwetenskappe en spesifiek die evolusionêre biologie ondersteun, verskyn daar steeds bewerings van godsdienstige Fundamentaliste dat sulke bevindings op losse skroewe staan, of doodgewoon onwaar is. Redelike mense aanvaar egter dat bewese navorsing nie lukraak as ongeldig afgemaak kan word nie, maar slegs deur beter navorsing aan te bied (Sagan 1979:62).

In 2023 verskyn daar vier bydraes in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63(2), naamlik Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:192-210, Dreyer & Van der Walt 2023a:211-228, Dreyer & Van der Walt 2023b:229-245 en Dreyer & Van der Walt 2023c:246-261 (hierna TGW-outeurs) wat oënskynlik oor wetenskap en godsdiens handel. In hulle diskoers skep die TGW-outeurs die indruk dat hulle wetenskaplike bevindings op ’n verantwoordelike en gebalanseerde manier hanteer, maar omseil telkens bewese bevindings ten gunste van die naïewe realisme van die Kreasionisme en Intelligenteontwerpkreasionisme (hierna: IO).

Hierdie bydrae is gevolglik afgestem op ’n kritiese beoordeling van die manier waarop die TGW-outeurs wetenskaplike data, aan die hand van hulle eiesoortige vertolking van die reformatoriese geloofsoortuiging, deur die lens van die Kreasionisme en IO plooi, asof dit hulle siening van die werklikheid ondersteun. Spangenberg (2023:952) wys juis daarop: “Navorsers kan nie hulle navorsing begin deur ’n aantal geloofsveronderstellings uit te spreek wat die navorsing sal begelei nie. Doen navorsers dít, lei hulle gevolgtrekkings gewoonlik terug na hulle voorveronderstellings.”

Die TGW-outeurs verleen besondere prominensie aan die aansprake van die tradisionele Kreasionisme en hedendaagse IO. Dit is dus belangrik om die herkoms en ongelukkige geskiedenis van die Kreasionisme in Suid-Afrika, asook die ontstaan en verval van IO, vlugtig onder die loep te neem.

## 1. Inleiding

Die TGW-outeurs, ten spyte van die feit dat godsdienstige oortuigings soos die Fundamentalisme oor die algemeen, Kreasionisme en IO al male sonder tal teologies, regsinnig en wetenskaplik as bewysloos uitgewys is, poog steeds om deur middel van selektiewe en onakkurate stellings, hedendaagse gereformeerde teologie en die Natuurwetenskap aan die hand daarvan te vervang. Dreyer, Van der Walt & Denton (2023:196) verduidelik dat

> ’n Reformatoriese siening van die werklikheid, in die konteks van hierdie artikels, verwys na ’n moderne of kontemporêre perspektief op godsdienstige oortuigings en praktyke wat nuwe insigte en interpretasies van tradisionele leerstellings inkorporeer. Dit behels `n kritiese herondersoek van godsdienstige leerstellings en ’n gewilligheid om aan te pas en te ontwikkel in reaksie op nuwe wetenskaplike, kulturele en sosiale begrippe van die wêreld.

Deur vooraf te verklaar dat hulle vertrekpunt ’n “reformatoriese” verstaan van die werklikheid is, problematiseer die TGW-outeurs hulle eie betoog, aangesien hulle hedendaagse gereformeerde teologie ignoreer (Spangenberg 2023:967). Verskans in hierdie voorafbeslote, a priori-posisie, word ongelukkig onverdedigbare “waarheidsaansprake” oor die aard en metodes van die natuurwetenskap op so ’n manier aangebied, dat groot dele van bewese wetenskaplike navorsing gerieflik geïgnoreer word.

Dreyer & Van der Walt (2023c:248) konstateer: “Om by voorbaat een van die moontlike verklarings vir empiriese waarnemings uit te sluit slegs omdat dit van die navorser se wêreldbeeld verskil, verteenwoordig swak, ongeldige wetenskapsbeoefening.”


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2816

Eerstens is hierdie aanspraak bloot oningelig en foutief. Navorsers sluit nie die betrokkenheid van 'n Opperwese uit vanweë hulle lewens- en wêreldbeskouing nie. Wetenskaplike navraag is afgestem op pogings om rasionele verklarings vir natuurlike verskynsels te bied wat aanvaar of verwerp word, slegs op grond van die wetenskaplike meriete daarvan. Die bonatuurlike vorm natuurlikerwys nie deel van hierdie projek nie. IO word ook nie verwerp omdat dit bonatuurlike aansprake maak nie, maar omdat dit nie deur gevestigde getuienis of feite ondersteun word nie. Die TGW-outeurs verstaan blykbaar nie dat metodologiese naturalisme herhaalbare empiriese verifiëring as 'n betroubare metode gevestig het nie, juis om die aard van die natuurlike wêreld te ontleed en te verklaar. Dit beteken nie noodwendig dat die bestaan van 'n metafisiese entiteit ontken word nie. Dit bevestig bloot die feit dat daar redelike verduidelikings van die natuurlike wêreld bestaan wat nie noodwendig 'n bonatuurlike entiteit voorveronderstel nie.

Tweedens fouteer die TGW-outeurs as hulle 'n metafisiese entiteit as verklaring vir empiriese waarnemings aanbied. Derdens fouteer hulle omdat hulle self vanuit 'n onbewese, a priori-aanname wetenskaplikes kritiseer, terwyl daar ten opsigte van hulle benadering ook kritiese vrae geopper kan word. Sulke ambivalensie getuig van 'n diepliggende onvermoë om die werklike aard en werkwyse van die wetenskap na waarde te skat.

Spangenberg (2023:947-970) weerlê paslik en krities, vanuit suiwer teologiese oorwegings, die verouderde en misleidende godsdienstige aansprake van die TGW-outeurs.

In hulle repliek op die kritiek van Spangenberg (2023) fouteer Dreyer & Van der Walt (2024:354) weer in hulle interpretasie van hoe wetenskaplikes te werk gaan: "Om by voorbaat te besluit dat 'n verklaring wat oorweldigend aan alle wetenskaplike navorsingsvereistes voldoen, nie waar kan wees nie, bloot omdat 'n individu dit nie GLO nie, verteenwoordig nie geldige wetenskapsbeoefening nie."

Die stelling is blatant onwaar op twee vlakke. Eerstens voldoen hulle a-priori-, metafisiese benadering hoegenaamd nie as 'n verklaring wat oorweldigend aan alle navorsingsvereistes voldoen nie. Tweedens word wetenskaplike bevindings bepaal deur getuienisgebaseerde resultate en nie deur wat wetenskaplikes glo nie. Deur te beweer dat kreasionisme en IO aan wetenskaplike kriteria voldoen, is vals en beteken dat Dreyer & Van der Walt (2024:345) bloot besig is met 'n naïewe poging tot verdagmaking.

Stoker (2024:37) se ondersteuning van die TGW-outeurs, is ewe-eens verdag, omdat dit nie wetenskaplik of teologies verantwoordbaar is nie. Spangenberg (2024:520) sit dit duidelik uiteen in sy repliek.

Daar is natuurlik ook die keersy van die munt. Die betoog om die natuurwetenskap en veral die evolusionêre biologie te diskrediteer, word versluier deur deurgaans oënskynlik erkenning aan bekende wetenskaplike bevindings te gee deur middel van lang, onnodige, min of meer korrekte verduidelikings wat ongelukkig deurspek is met mistastings. Dit word gedoen net om uiteindelik die natuurwetenskap te verloën deur die volgende verklaring:

> Die sentrale teoretiese uitgangspunt is dat kontemporêre waarnemings in alle dissiplines van die natuurwetenskap, die beste verklaar word deur die bestaan en betrokkenheid van God in die skepping. Akademiese integriteit verg dat daar afgewyk moet word van 'n normatiewe materialisme (wat by voorbaat enige metafisiese interpretasies uitsluit), wat tans nog wyd aangehang word (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:196).

Weergawes van hierdie mantra vind herhaaldelik neerslag in die vier artikels (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:198, 199, 207, Dreyer & Van der Walt 2023a: 214, 224, 226, Dreyer & Van der Walt 2023b: 232, 237, 240, 241, 242 en Dreyer & Van der Walt 2023c: 248, 253, 254,

259) en negeer so die enorme korpus van bewese navorsing in die natuurwetenskappe. Spangenberg (2023:950) is korrek wanneer hy sê:

> Die navorsers van die onderhawige artikels se poging om te bewys dat Genesis 1-3 met die moderne natuurwetenskaplike resultate versoen kan word, is onoortuigend, omdat hulle nie die historiese en kulturele kontekste van dáárdie verhale in ag neem nie. Voorts lees die navorsers hul oortuigings in die tekste in en laat sodoende die Bybel buikspreek.

## 2. Kreasionisme

Westerlinge wat in ’n Opperwese of Kreator glo, staan gewoonlik bekend as Christene of kreasioniste, (met ’n kleinletter-k). Hulle is bewus daarvan dat die Bybel saamgevoeg is uit literêre tekste wat verskillende genres verteenwoordig en waarin die metafoor en die mitologie kwistig aangewend word en ook dat die Skeppingsberig ingeklee is deur tekste van Babiloniese oorsprong. Dit is gevolglik voor die hand liggend dat die skeppingsberig betreffende die ontstaan en die wel en wee van die kosmos, nie historiese gebeure reflekteer nie. Daarom was Adam en Eva beslis nie historiese figure soos die TGW-outeurs beweer nie, (Dreyer & Van der Walt 2023b: 237), maar ’n metafoor wat die samestellers van die Bybel gebruik het om die mitiese ontstaan van die mensdom te verduidelik. Die kreasioniste, (met ’n kleinletter-k), is bewus van hierdie toedrag van sake en weet dat die teks nie ’n histories korrekte weergawe is van die gebeure waarvan daar berig word nie, aangesien die verskillende skrywers en samestellers mense van hulle tyd was, met die kennis en lewens-en wêreldbeskouing van mense uit die Ou Nabye Ooste. Miljoene sulke Christene, dwarsdeur die wêreld, weet dit, maar aanhang steeds die Bybel as ’n spesiale bron van geestelike vertroosting, leiding en insig as deel van hulle daaglikse bestaan. Dit is dus hoegenaamd nie nodig om die Bybel as ’n wetenskaplike handboek te probeer vestig nie. Trouens, dit is ’n onbegonne taak om ons huidige begrip van die wel en wee van die kosmos in die Skrif te vind.

Kreasioniste (met ’n hoofletter- K), daarenteen, is diegene wat, teen alle logika in, die Bybel as ’n histories korrekte weergawe van God se presiese woorde en dade sien. Die Kreasionisme volgens Dreyer & Van der Walt (2023a:214):

> … is gebaseer op godsdienstige oortuigings wat die wyse waarop die natuurwetenskap geïnterpreteer word, bepaal. Kreasioniste voer aan dat die kompleksiteit van lewende organismes, sowel as die bestaan van bewussyn nie deur willekeurige, onbegeleide prosesse verklaar kan word nie en dus deur ’n hoër mag ontwerp moes gewees het.

Hiervolgens kwalifiseer die TGW-outeurs ruimskoots as Kreasioniste. Ten spyte van hulle erkenning dat daar sterk bewyse teen die Kreasionisme bestaan, onderskryf hulle Kreasionisme sowel as IO asof hierdie onbewese aansprake rasionele verklarings aangaande die ontstaan en bestaan van die kosmos bied.

Die bewering dat akademiese integriteit vereis dat daar afgewyk moet word van die normatiewe materialisme val vreemd op, aangesien hulle, in teenstelling met hedendaagse Gereformeerde teologie, steeds, op eg Kreasionistiese wyse, aandring op die letterlike waarheid van etiologiese verhale soos dié in Genesis en ander Bybeltekste. Hieronder resorteer die skepping van al die wilde diere en voëls uit grond en die name wat Adam aan elkeen sou toegeken het. Dit laat ’n vraagteken oor watter name die eierlêende soogdiere en die luidiere van onderskeidelik die onontdekte Australië en die Amasone sou gekry het. Verskeie ander uitsprake in die bydraes illustreer ook die Kreasionistiese ingesteldheid van die outeurs. Hulle aanvaar, onder andere, die historiese bestaan van Kain en Lameg (Dreyer & Van der Walt


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2816

2023c: 254), ’n pratende slang (Dreyer & Van der Walt 2023c: 255), profesieë oor die nuwe aarde in Jesaja (Dreyer & Van der Walt 2023c: 256), Adam en Eva as historiese persone (Dreyer & Van der Walt 2023b: 2sewe en dertig), die drempelgebeurtenis wat die paradysverhaal bevestig “(…) as ’n bewysbare werklikheid, so ook Eva se Skepping uit Adam” (Dreyer & Van der Walt, 2023b: 242), die sondeval (Dreyer & Van der Walt 2023c: 254) en Eva se skepping uit een van Adam se ribbes (Dreyer & Van der Walt 2023c: 237), desnieteenstaande die feit dat alle mans steeds, natuurlikerwys, 12 paar volledige ribbe besit.

Ziony Zevit, ’n kenner van Bybel-literatuur en die Semitiese tale van die Noordweste, het reeds in 2015 ’n teksaanpassing in Genesis uitgewys. Volgens Zevit se vertaling is Eva uit Adam se *os baculum*, of penisbeen, geskep en nie uit een van sy ribbes nie. Hy verdedig sy stelling skriftuurlik en wys tereg daarop dat penisbene algemeen onder manlike soogdiere voorkom, veral by die Carnivora en die Primates. Mans besit egter nie ’n *os baculum* nie, maar wel ’n lengteverlopende litteken aan die onderkant van die penis. Dié litteken ontstaan in die embrio op ongeveer tien weke wanneer die kante van die urogenitale groef versmelt om die penis te vorm.

Die gebrek aan ’n *os baculum* by die mens was algemene kennis in die Ou Nabye Ooste en volgens Zevit het die Bybelskrywers die litteken geïnterpreteer as die plek waar die been verwyder is om Eva te skep. “The Hebrew word translated as [flesh] in these verses is *basar*, a word often used to refer to penis in Biblical Hebrew (Exodus 28:42; Leviticus 15:2-3, 16; Ezekiel 16:26; 23:20)” Zevit (2015:35).

Die woord *rib* in die Bybel is dus waarskynlik ’n eufemisme. Dundes (1983:47-53) het reeds vroeër tot dieselfde gevolgtrekking gekom, maar vanuit ’n ander vertrekpunt.

Met hulle aandrang op verouderde reformatoriese oortuigings ignoreer die TGW-outeurs óf hulle verklaarde gewilligheid om nuwe begrippe in ag te neem, óf hulle lees eenvoudig nie wyd genoeg nie. Hulle stellings strook geensins met goed-ondersteunde navorsing in die teologie nie (Spangenberg, 2023: 966) en ook nie met natuurwetenskaplike bevindings oor die afgelope paar honderd jaar nie. Dit blyk dus dat die TGW-outeurs onbewus daarvan is dat die bevindings van die natuurwetenskappe en hulle interpretasie van die Bybel nie twee kante van dieselfde munt is nie. Deur te beweer dat Eva uit een van Adam se ribbes geformeer is, ignoreer hulle byvoorbeeld die totale korpus van menslike embriologie en seksualiteit.

### *2.1 Beknopte agtergrond tot die Kreasionisme*

Kreasionisme het in Suid-Afrika op soortgelyke wyse as in die VSA ontplooi en alhoewel die onderskeie toestande nie identies was nie, is daar insiggewende ooreenkomste.

Na die Noord-Amerikaanse Burgeroorlog (1861-1865) het die oorwonne, verarmde en ontheemde Suide teruggegryp na die geestelike sekerheid van hulle eens Bybelgetroue samelewing, met die Koning James I vertaling van die Bybel as rigtinggewende handboek. ’n Reeks boekies getiteld *The Fundamentals: a testimony to the truth* is tussen 1910 en 1915 in die VSA gepubliseer en wêreldwyd versprei om hulle oortuigings te reflekteer, as riglyn vir ’n gesonde geestelike lewe te dien en uiting te gee aan die anti-modernistiese standpunte van die Fundamentalisme. Insiggewend is die feit dat hierdie reeks boekies ook in Die Kerksaak (1931:121-122) van die Stellenbosse teoloog, professor Johannes du Plessis, gefigureer het, toe hy deur die Kweekskool ontslaan is oor sy modernistiese benadering tot die Skrif.

Die fiasko van die bekende Scopes evolusie-verhoor van 10-21 Julie 1925 in Tennessee, (nie in 1920 (1925 [sic], soos die TGW-outeurs dit verkeerdelik aangee nie), het egter die Kreasioniste in die VSA ’n embarasserende knou toegedien, sodat hulle jare lank ’n lae profiel

gehandhaaf het. Die suksesvolle lansering van die Russiese ruimtetuig, Sputnik, in 1957, het die VSA so ontnugter dat alles in die stryd gewerp is om Rusland op wetenskaplike gebied in te haal en verby te steek. Gevolglik is wetenskaponderrig op skool drasties hersien en het evolusie deel van die biologieleerplan geword (Numbers, 2007: 35, Scott & Matzke, 2007: 8669).

Die Fundamentaliste het heftig hierop gereageer, die woord *kreasionisme* gekaap om hulle geloofsoortuiging te verwoord en dit so eng gedefinieer dat dit uiteindelik organisatories as "Wetenskaplike Kreasionisme" herformuleer is. Lidmaatskap van hierdie godsdienstige groepering het van applikante vereis om 'n verklaring te onderteken dat die Bybel, in sy geheel, letterlik en histories waar is (Miller 2008:40). Hiervolgens is die Koning James I vertaling van die Bybel 'n wetenskaplike handboek waarin elke jota en tittel histories korrekte inligting bevat, soos dit deur God gespreek is. Adam en Eva was historiese figure, soortgelyk aan die oortuiging van die TGW-outeurs. Sedertdien is die Kreasionisme in die VSA egter teologies, regsinnig en wetenskaplik volledig ontmasker as wensdenkery. Frye (1983:62) wys juis daarop dat hoofstroom Protestantse, Katolieke en Joodse geloofsgemeenskappe in die VSA lank reeds die godsdienstige aansprake van die Kreasionisme verwerp het.

Dit is opvallend, gesien die verknegtheid van die TGW-outeurs aan die naïewe realisme van die Kreasionisme, dat hulle skynbaar nie vertroud is met die historiese lotgevalle van hierdie denkraamwerk in Suid-Afrika nie. Weens die beklemmende invloed wat dit op die beoefening van wetenskap uitgeoefen het en waarna die ondersteuners daarvan steeds streef, is dit gevolglik van primêre belang om iets te verstaan van die toestande wat tot die vestiging daarvan gelei het, asook die invloedryke rol wat teoloë van die Universiteit van Princeton in die VSA en die Vrije Universiteit in Amsterdam gespeel het in die godsdienstige gretigheid waarmee dit destyds, veral na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), gepropageer en aanvaar is.

Destyds is gepoog om die godsdienstige oortuigings en politieke aspirasies van die Afrikaner slegs deur die lens van die naïewe realisme te definieer. Dat dit uiteindelik onsuksesvol was, is algemeen bekend. Net soos in die verarmde suide van die VSA het die lotgevalle van die Afrikaner vrugbare teelaarde vir die Kreasionisme gebied.[1]

Selfs voor, maar veral ná die Anglo-Boereoorlog was Afrikaners in 'n haglike posisie. Die gevolge van die Anglo-Boereoorlog, die Eerste Wêreldoorlog, die 1918-griep en die depressie daarna het die Afrikanergemeenskap besonder nadelig getref.

Volgens Deist (1994:103) het die teologiese oortuigings van Abraham Kuyper van die Vrije Universiteit in Amsterdam, gerugsteun deur die fundamentalistiese beskouings van die Princeton-teoloë, wat op die absolute feilloosheid van die Bybel aangedring het, in Suid-Afrika tot 'n eiesoortige hibried van die Calvinisme, die Nieu- of Boere-Calvinisme, gelei. Erasmus (1946:11) verwys na hierdie oortuiging van sekere Afrikaners soos volg: "Ons wil nie 'n ingevoerde Calvinistiese stempel dra nie, nie 'n anderlandse Calvinistiese tipe na-aap nie, nie die spreekbuis van oorsese Calvinisme wees nie, maar ons eie Boerepad loop en as Calviniste onsself wees (…)".

Dit is 'n Calvinisme wat aangepas is by: "(…) nasionale verskille van aanleg, temperament, volksaard, geskiedenis en omstandighede. (…) en daardeur is ons volk in die vorige eeu bewaar, aan die een kant teen verengelsing en aan die ander kant vir verbastering."

1 Hier kan slegs enkele momente uitgelig word, maar De Klerk (1976), Kinghorn (1986), Deist (1994) en Giliomee (2004) kan gerus geraadpleeg word vir 'n meer gedetailleerde uiteensetting.

Teen die dertigerjare van die vorige eeu was hierdie soort Calvinisme so eksklusief, onverdraagsaam en absolutisties dat die stelling *contra principia negantem, non est disputandum* ("daar kan nie met diegene wat van die Calvinistiese standpunt verskil, geargumenteer word nie") dikwels in die literatuur van die tyd voorgekom het (Kock 1936:85).

Hierdie omvangryke en voorskriftelike sosiale eksperiment het gevolglik ook bepaal dat ware wetenskap slegs onder die sambreel van die Boere-Calvinisme en die stelsel van Christelike Nasionale Onderwys kan gedy. Dus is dit feitlik onmoontlik om die knellende invloed wat hierdie weergawe van die naïewe realisme op die sosio-politieke ontplooiing van die Afrikaner uitgeoefen het te oorskat, juis omdat dit in sekere kringe in Suid-Afrika steeds verdedig word.

Van hulle plase verdryf, het gedwonge verstedeliking Afrikaners tot aksie laat oorgaan. Hoofsaaklik deur die intelligentsia en predikante gedryf, is daar daadwerklik gepoog om Afrikaners te verenig en sosiaal op te hef. Die sosiale en politieke krisis wat die Afrikaner in die gesig gestaar het, was van so 'n aard dat 'n akademiese teologie as 'n luukse beskou is. Die versugting was na 'n praktiese benadering tot die geloof wat duidelike voorligting, sekerheid en hoop kon bied, sonder om die Bybel as basisdokument van die geloof te bevraagteken. Malan (1934:277) verduidelik hierdie benadering tot die Skrif soos volg:

> Onder die nood en stryd van die tyd is dit verstaanbaar dat die neiging nou daar is om minder aandag aan teologie te gee, en almeer waarde te heg aan geloofsversekering en vaste oortuigings, om almeer te soek na roeping en krag tot Christelike arbeid. Dit kan so ver gedrywe word dat daar te min erns gemaak word met die vraag na waarheid. ( …) 'n Swakke teologie kan beskerm word omdat dit werk, d.i. terwille van die praktiese resultate wat dit lewer.

'n Tipiese voorbeeld van hierdie voorskriftelike denkraamwerk vind ons in die katkisasieboek van Gerdener (1927:360) waar hy katkisante, as voornemende lidmate, inlig oor die verleidelike gevare wat die Afrikanerjeug in die stad bedreig: "En dan die Dans! Tweelingsuster van Dronkenskap, die bondgenote van Duisternis en Dood! … Een ding staan vas: Dobbel, Dronkenskap en Dood begin nie verniet met dieselfde letter as Duisternis, Dood en Duiwel nie – hulle staan aan mekaar se kant."

Gerdener noteer dit om voor die hand liggende redes, ten spyte van die feit dat die woorde *Dominee*, *Diaken*, *Dogma* en *Dordtse Leerreëls* in die katkisasieboek ook met die letter D begin.

Die Kreasionistiese tema van die absolute historisiteit van die Skrif, soos bepaal deur die Boere-Calvinisme, is voortdurend gepropageer en gevestig. Die boeke van die sosioloog Geoffrey Cronje, *'n Tuiste vir die Nageslag* (1945) en *Regverdige Rasse-apartheid* (1947) is toonbeelde hiervan.

Die naïewe realisme was dus 'n manier om die Afrikaner godsdienstig en polities deur die bril van die Kreasionisme te veranker, en dit het uitgespeel in die opvoedkunde as die stelsel van Christelik-Nasionale Onderwys. Strauss (1949:70) skryf juis:

> Op hierdie stadium van ons betoog behoort dit vir elke Christenleser duidelik te wees dat daar geen sprake van Christelik-wetenskaplike onderwys en opvoeding kan wees as die vakwetenskappe nie t.o.v, álle kosmiese funksies en álle kosmiese dingindividualiteite (*sic*) Christelik beoefen word nie.

Die volle omvang van hierdie onpraktiese, Kreasionistiese benadering word deur ander, maar veral Strauss (1949:70), duidelik uitgestippel:

> Gee die onderwys oor aan die leiding van ’n afvallige rekenkunde en die grondslag is (wetenskaplik) kant en klaar gelê vir ’n afvallige meetkunde, afvallige fisika, skeikunde, biologie, plantkunde, dierkunde, sielkunde, logika, geskiedenis, taalkunde, sosiologie, ekonomie, estetika, regsleer, etiek en selfs geloofsleer.

Dit is opvallend hoe die aansprake van Strauss (1949:70), ná al die jare, steeds resoneer in die oortuigings van Dreyer, Van der Walt & Denton (2023:196):

> Die sentrale teoretiese uitgangspunt is dat kontemporêre waarnemings in alle dissiplines van die natuurwetenskap, die beste verklaar word deur die bestaan en betrokkenheid van God in die skepping.

Murray (1936:68) tel onder die weiniges wat hierdie toepassing van die Kreasionisme betwyfel het. “Oor die eienaardige opvatting van ’n Christelike fisiologie en ’n Christelike matesis wat in die Kuyperse Universiteit van Amsterdam ontstaan het, is al baie geskryf.” In ’n poging om die gereformeerde godsdiens in Suid-Afrika teen die potensieel nadelige invloed van hierdie soort hermeneutiek te beskerm, maan hy: “Ons moet tog nie die Kuyperisme gaan verwar met Calvinisme nie, of Potchefstroomisme met Afrikanerisme nie!” (Murray, 1936:70).

Dat dit bloot onpraktiese wensdenkery was, is sedertdien duidelik uitgewys. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die verhandeling van Esterhuizen (1974) waarin sy, met wiskunde as model, Strauss (1949) se fantasievlugte oor “Christelike Wetenskap” op elegante wyse kelder.

Gerekende teoloë het ook ’n spaan in die water gesit soos blyk uit ’n berig in die *Star*-koerant van 1955 waarin ’n verslaggewer rapporteer dat Dominee J.D. Vorster, latere moderator van die NG Kerk, tydens ’n jaarvergadering van die Kaapse Ring van die NG Kerk verklaar het dat evolusie in direkte konflik met die Bybel is en nie in teksboeke vir skole ingesluit moet word nie (Sturgess, 1957:136). Katkisasieboeke in die sestigerjare het op dieselfde tema gehamer. Ironies genoeg was daar destyds reeds uitgebreide bewyse dat evolusie as natuurverskynsel ook die mens ingesluit het.

Die uitsprake van die TGW-outeurs is tekenend van die blywende effek van die godsdienstige Fundamentalisme wat ons uiteindelik duur te staan gekom het. Ten spyte hiervan funksioneer sekere Afrikaanse gelowiges en gereformeerde kerkgenootskappe steeds in die dampkring daarvan. In sy intreerede omarm Schulze (1981:12), steeds die uitgediende paradigma van ’n Christelike wetenskap in die skadu van die gewetensklousule. Sprekend van hierdie soort benadering tot onderrig is die brief van Marius Smit (Rapport, 28 Februarie 2016), dosent aan die Noordwes-Universiteit, waarin hy beweer dat wetenskaponderrig in skole skool kinders se godsdiensbeskouings ondermyn en dat die skeppingsleer verpligte inhoud van alle vakke moet wees, aangesien dit deeglik wetenskaplik gefundeerd is – ’n aanspraak wat beslis binne die raamwerk van kognitiewe dissonansie resorteer.

Die “Reformatoriese” vertrekpunt van die TGW-outeurs verteenwoordig dus, sowel teologies as wetenskaplik, ’n onverdedigbare en negatiewe konsep binne die breër gereformeerde gemeenskap.

Olivier (2009:4) noem byvoorbeeld:

> In Suid-Afrika het die Calvinistiese Protestantisme sedert die Europese volksplanting ’n bepalende rol in die politieke ontwikkeling van die land gespeel. Die posisie van die kerk tydens die apartheidsera het daartoe bygedra dat die geloofwaardigheid en integriteit van die kerk tot ’n groot mate aangetas is en dat mense wantrouig staan teenoor die kerk se vermoë om daadwerklik Skrifgetroue leiding te gee.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2816

Die vrymoedigheid waarmee die TGW-outeurs die IO-hipotese aanvaar en vertroetel, getuig eweneens van ’n gebrekkige begrip van die historiese oorsprong en verval daarvan. Scott en Matzke (2007:8675) wys juis daarop dat: “(…) examination of both the history and content of ID shows that it is a form of creationism, despite the persistent efforts of proponents to obscure this connection.”

## 3. Intelligente Ontwerp

Die filosoof David Hume het reeds, volgens Grayling (2014:77), in 1779 bedenkinge oor die bestaan van ’n Intelligente Ontwerper geopper aangesien daar, volgens hom, ander en beter verklarings vir natuurlike verskynsels bestaan het. William Paley (1802:1) se analogie tussen die komplekse ontwerp van ’n sakhorlosie en lewende organismes het weer die aandag op ’n Intelligente Ontwerper (1802:40) gevestig. Charles Darwin (1859) se boek oor hoe spesies werklik ontstaan, het egter die konsep van ’n Intelligente Ontwerper in die ban gedoen. In 1996 roep Michael Behe, ’n biochemikus van Lehigh Universiteit in Pennsylvanië, weer die skim van Intelligente Ontwerp in sy boek Darwin’s Black Box op. Volgens hom het evolusie wel ’n beperkte funksie in die groter geheel, maar op die vlak van die mikrobiologie is die interaksies tussen verskillende komponente so onreduseerbaar kompleks dat slegs ’n Intelligente Ontwerper dit kan vermag. Wie die Intelligente Ontwerper is en hoe hy/sy te werk gaan, is egter nog nooit onthul nie, aangesien daar geen fisiese of metafisiese navorsing deur die ondersteuners van IO ter insae is nie. Die ooglopende probleem is egter wie die Ontwerper ontwerp het en wie die Ontwerper van die Ontwerper ontwerp het, ad infinitum in die diep verlede in. Die aanspraak op ’n Ewige Ontwerper is insgelyks onverdedigbaar. Dit wil egter voorkom asof die TGW-outeurs a-priories aanvaar dat die Ontwerper die God van hulle weergawe van die Gereformeerde geloofsoortuiging is.

Die hedendaagse IO-faksie poog om die intellektuele vakuum van die Kreasioniste met behulp van glibberige stellings en ’n oënskynlik wetenskaplike benadering te vul. Daarom word daar dikwels in die omgang na hierdie hipotese verwys as Intelligente Ontwerp Kreasionisme, of in die omgangstaal, as Kreasionisme met ’n aandpak aan.

Verstokte Kreasioniste in die VSA en elders is egter nie gedienstig met die aansprake van die ondersteuners van IO nie, aangesien laasgenoemde ’n beperkte mate van evolusie toegee.

Die Nederlandse teoloog Bram van de Beek (2005:222) maak die punt dat:

> Biologische problemen, afgezien van complexiteit, worden door intelligent design niet opgelost. Ondertussen worden wel nieuwe problemen geïntroduceerd, waarbij de oplossing voor het ene probleem in het niet zinkt. Er is door tegenstanders van intelligent design al op gewesen dat er eerder reden is om te spreken van stupid design.

Die verduidelikings wat ondersteuners van IO aanbied, word ook wyd vanuit akademiese kringe bevraagteken. Pennock, (2000:274) wys daarop dat IO weens ’n gebrek aan verifikasie verwerp behoort te word. “IDC’s [Intelligenteontwerpkreasioniste] can reveal nothing positive about their intentionally nebulous Designer without undermining the key element of the strategy they have adopted.”

Volgens Shanks (2004:223) sluit bestaande teorieë in die fisika enige postulaat aangaande ’n intelligente ontwerper uit: “It remains at best an evidentially ungrounded possibility – a possibility from which rational beings may reasonably withhold their assent. At worst, it may be incoherent nonsense and hence not even a candidate to be judged right or wrong.”

Die Britse filosoof A.C. Grayling (2014:77) merk pertinent op:

> Moreover, the design hypothesis is implausible because it purports to offer an explanation by invoking something itself unexplained. The deists who feel disquiet about this should have taken their disquiet seriously, because explaining something by something unexplained amounts, obviously, to no explanation at all.

In sy boek, Darwin`s Black Box (1996) beweer Behe dat die konsep van onreduseerbare kompleksiteit ’n fundamentele eienskap van die biologie is wat, volgens hom, evolusionêre, bioloë sedert die tyd van Darwin wetend of onwetend, nie wou erken nie. Dit is egter nie die geval nie.

Gishlick (2006:71) stel:

> Irreducibly complex systems have not been missed, they were just not considered insurmountable obstacles for evolution because of exaptation and mosaic evolution. The example of the avian flight system shows clearly that it is not evolutionary biologists who are missing something fundamental.

Die term *eksaptasie* verwys na die feit dat biologiese aanpassings of sisteme met tyd van funksie kan verander om dan nuwe funksies te vervul (Gould en Vrba, 1982). Mosaïek-evolusie is die verskynsel waar evolusionêre veranderings in verskillende sisteme van ’n organisme nie teen dieselfde tempo plaasvind nie. By die mens het die ontwikkeling van bipedalisme byvoorbeeld nie in samehang met uitgesproke veranderings in die skedel of breingrootte gepaard gegaan nie.

Ten spyte van ’n oorweldigende hoeveelheid waarnemings en eksperimentele bewyse dat kompleksiteit natuurlikerwys as ’n emergente verskynsel algemeen in die natuur voorkom, definieer Behe (1996:39) ’n onreduseerbaar komplekse sisteem as: “a single system composed of several well-matched, interacting parts that contribute to the basic function, wherein the removal of any one of the parts causes the system to effectively cease to function.” Ongelukkig gebruik hy die voorbeeld van ’n muisval en beweer dat dit nie sal funksioneer tensy al die komponente teenwoordig is nie. Die verlies van slegs een onderdeel is dus genoeg om die muisval onwerkbaar maak. Dit is egter onwaar, aangesien Young (2006:21) met redes aantoon dat ’n muisval, waarvan een of meer dele afwesig is, steeds werk. Boonop is die moderne muisval die eindproduk van ’n reeks verskillende ontwerpe. Een weergawe was selfs toegerus met ’n handwapen. Dit is ook nie ’n toepaslike voorbeeld nie, aangesien muisvalle menslik beplande artefakte is, met voorbedagte rade ontwerp en met ’n finale doel geproduseer is.

Behe se tweede onoorkomelike probleem is dat hy ook die werweldieroog as voorbeeld van onreduseerbare kompleksiteit voorhou. Volgens hom kan so ’n oog slegs funksioneer indien al die huidige onderdele teenwoordig is en daarvoor is ’n Intelligente Ontwerper noodsaaklik. Wat hy egter ignoreer, is dat daar meer as veertig aangetekende gevalle is wat toon hoe die werweldieroog met verdrag natuurlikerwys uit ligsensitiewe selle in die epidermis ontwikkel het. Volgens Lamb *et al.* (2008:415): “there is now overwhelming evidence that the vertebrate eye did indeed arise through an evolutionary sequence involving countless tiny steps.” Hulle noem dan dat hierdie scenario embriologies, geneties, filogeneties en deur ’n verskeidenheid lewende voorbeelde, wat die spektrum van oogontwikkeling toon, bevestig word. Die wiskundige analise van Nilsson en Pelger (1994) kom tot dieselfde gevolgtrekking. Boonop word elke stadium in hulle ontwikkelingsmodel ondersteun deur lewende voorbeelde. Selfs die proteïene in die lense van die Cephalopoda en die Vertebrata is soortgelyk aan proteïene met ander sellulêre funksies. “Selection has thus recruited gene products that were

already there" Nilsson & Pelger (1994:57). "It follows that the many primitive eye designs of recent animals may be perfectly adequate, and simply reflect the animal`s present requirements. In this context it is obvious that the eye was never a real threat to Darwin`s theory of evolution" (Nilsson & Pelger, 1994:58).

Behe plaas ook 'n vraagteken by funksionaliteit en opper die nuttelose, retoriese vraag of 'n halwe oog dan ook nuttig kan wees. Dit is egter duidelik dat die werweldieroog nie onreduseerbaar kompleks is nie, want sonder die lens of die keëltjies is gedeeltelike visie steeds moontlik. Die leefstyl van enige gesiggestremde persoon toon die irrelevansie van so 'n vraag.

Dit weerlê ook die IO aanspraak dat alles binne 'n biologiese sisteem perfek moet wees vir die stelsel om te kan funksioneer. Binne die evolusionêre biologie hoef 'n sisteem nie altyd perfek te wees nie, dit hoef net te funksioneer. Baie mense en ander diere lei produktiewe lewens sonder dat al die komponente van die oog en/of enige ander orgaan optimaal funksioneer, soos enige para-olimpiese atleet kan getuig.

Evolusionêre ontwikkeling maak staat op die gebruik en hergebruik van bestaande komponente en organe – soos die werweldieroog wat nie *de novo* met al die onderdele in plek ontstaan het nie. Dit is 'n produk van die voortdurende sortering van ontelbare mutasies en die seleksie van funksionele kombinasies. In teenstelling hiermee verklaar Behe, per definisie, dat 'n onreduseerbaar komplekse sisteem sal staak as selfs net een komponent faal. Die produksie van so 'n onbetroubare eindproduk bevraagteken beslis die vermoë en intelligensie van die Ontwerper wat hy in gedagte het.

Behe fokus veral op die biochemiese en mikrobiologiese sisteme soos die flagellae (sweephare) van bakterieë, die bloedstollingskaskade en die immuunsisteem wat alles, volgens hom, voorbeelde van onreduseerbare kompleksiteit is. Oor die algemeen is biochemiese sisteme vir die meeste mense 'n grootliks geslote boek. Gevolglik bied dit 'n maklike manier om oningeligte mense te beïndruk. Ten spyte van die aansprake van Behe en sy ondersteuners is hierdie stelsels reeds deeglik nagevors en weerspieël almal 'n natuurlike ontstaan (Ussery, 2006:49-54, Musgrave, 2006:72-84, Miller, 2008, Miller, 1999).

Behe (1996) skram egter weg van komplekse sisteme op die vlak van organismes want, volgens hom, is nie al die komponente bekend nie. Dit is egter onwaar, want in die Biologie is die ontwikkeling van organismes en hulle paleontologiese herkoms van kritiese belang, aangesien evolusie 'n oorkoepelende proses is en nie net tot proteïene beperk is nie. Dit behels die oorlewing van die totale organisme en die vermoë om vrugbare nageslag te lewer. Dus, as daar onreduseerbaar komplekse sisteme op die vlak van organismes bestaan, kan die evolusie en strukturele komponente daarvan nagevors word.

> Accordingly, if we find irreducibly complex systems at the organismal level, we should be able to investigate their structure and evolution just as well as we can in molecular systems, if not better (Gishlick, 2006:59).

Die natuur wemel van onreduseerbaar komplekse sisteme vanaf blomplante tot by die mens. Enkele interessante voorbeelde is die "duim" van die panda, Ailuropoda melanoleuca (Gould, 1986), die evolusie van walvisse uit landdiere (Padian en Angielczyk, 2007, Thewissen et al 2009), die evolusie van die buitenste twee middeloorbeentjies van soogdiere uit die onderkaakgewrig van die soogdieragtige-reptiele (Gould, 1990) en die ontstaansgeskiedenis van vlug by voëls (Gishlick, 2006). Volgens Behe (1996:39) se eie kriteria kwalifiseer al hierdie voorheen raaiselagtige sisteme as onreduseerbaar kompleks, maar dit is tans, net soos baie

ander soortgelyke voorbeelde, volledig opgelos met behulp van die embriologie, paleontologie en die anatomie.

> The avian flight system provides an excellent example of how an irreducible complex system evolves by small steps through selection for different functions, a series of functional and morphological changes detailed in the fossil record of dinosaur*s*(Gishlick 2006:60).

Hierdie komplekse stelsels voldoen ten volle aan Behe (1996:39) se minimumverseiste vir ’n onreduseerbare komplekse sisteem, want dit bestaan uit baie meer as net drie komponente.

Gilchrist (1997:14) wys tereg daarop dat ondersteuners van IO daarop aandring dat hulle ’n lewensvatbare en meer korrekte alternatief vir Neo-Darwiniaanse evolusie bied, maar hulle doodsteek is dat, ten spyte van hulle buitensporige aansprake, hulle geen navorsing doen nie. Al hulle bewerings is op hoorsê gebaseer. Indien hulle wel sou navorsing doen en hulle aardskuddende aanklag teen Darwin en evolusie kon regverdig, sou dit ’n wending in die wetenskap beteken. Wetenskaplikes sou met ywer hulle navorsing gebruik. Dit is egter nie die geval nie.

Wetenskaplike teorieë is nie bloot net idees of hipoteses nie, maar verteenwoordig die basiese navorsingsgereedskap van professionele wetenskaplikes. Dit is belangrik om te verstaan dat, anders as ’n hipotese wat enige ongeverifieerde gedagte kan insluit, ’n teorie op feitelike inligting berus wat die resultaat van navorsing is. As IO inderdaad ’n lewensvatbare alternatief vir die evolusieteorie bied, behoort wetenskaplikes dwarsdeur die wêreld dit nuttig te kan aanwend om die patroonmatighede van die natuur te kan ontrafel - soos tans die geval met die evolusionêre biologie is. Die toetssteen is dus om te bepaal of wetenskaplikes inderdaad van IO in hulle navorsing gebruik maak.

In ’n poging om die frekwensie van navorsingspublikasies tussen IO en evolusie te bepaal, gebruik Gilchrist (1997:14-15) vyf gerekenariseerde databasisse wat wetenskaplike artikels, joernale, verslae en boeke katalogiseer, om die wetenskaplike uitsette van IO en evolusie te vergelyk. Die resultate is verstommend. In vergelyking met die heelwat meer as 100 000 artikels oor evolusie was daar slegs sewe en dertig trefwoorde wat die sleutelwoorde *intelligente ontwerp* gebruik het. Hiervan het geeneen wetenskaplike navorsing gerapporteer wat IO as ’n teorie in die Biologie gebruik het nie.

> This search of several hundred thousand scientific reports published over several years failed to discover a single instance of biological research using intelligent design theory to explain life`s diversity(Gilchrist, 1997:15).

Van die sewe en dertig verwysings wat die woorde *intelligent design* insluit, gebruik nie een dit as ’n teorie in die biologie nie. Van die 30 artikels in die *Expanded Academic Index* het 12 oor rekenaarsagteware of hardeware gehandel. Agt was oor ontwerp in argitektuur of ingenieurswese, twee het oor kuns in die advertensiewese gehandel en een oor literatuur. Van die oorblywende sewe het vyf oor die debat oor die goedkeuring van die IO-boek *Pandas* deur skoolrade gehandel en die laaste twee was kommentare in ’n Christelike tydskrif oor die boek van Michael Behe, *Darwin`s Black Box.* Die bewering dat IO ’n lewensvatbare alternatief vir die natuurwetenskap en veral evolusie bied, is inderdaad ’n pypdroom.

Aangesien daar geen verifieerbare wetenskaplike navorsing is wat die Kreasionsime en IO-kreasionisme ondersteun nie, is dit verbasend dat die TGW-outeurs sulke wilde aannames opper dat wetenskaplikes tans saamstem dat die beste verklaring vir die biologiese diversiteit wat ons tans op aarde sien, beter deur die skeppende hand van ’n Opperwese verklaar word.

Dit kom dus verkeerdelik voor asof die TGW-outeurs die ondersteuners van IO as wetenskaplikes beskou.

Dit is gevolglik ook nie korrek om van IO as ’n teorie te praat nie, aangesien ’n teorie op bewese navorsing geskoei is. Op sy beste is dit ’n hipotese, en die wetenskaplike metode vereis dat daar gepoog moet word om hipoteses te falsifieer. In dié verband is die Kreasionisme en die konsep van IO soos deur Behe en sy ondersteuners veronderstel word, behoorlik gefalsifiseer en die TGW-outeurs slaag nie daarin om hulle voortgesette ondersteuning daarvan wetenskaplik te verantwoord nie.

Behe het egter sy nemesis tydens die bekende hofsaak *Kitzmiller vs Dover (2005)* in die VSA teëgekom, waar hy ten gunste van IO getuig het en onder eed verklaar het dat die wetenskap nooit ’n evolusionêre verklaring vir die kompleksiteit van die immuunsisteem sou vind nie. Agt-en-vyftig joernaalartikels, nege boeke en ’n aantal teksboeke oor die evolusie van die immuunsisteem is toe voor hom op die getuiebank gestapel. Aangesien hy onder eed was, kon hy nie die bestaan van die materiaal ontken nie en het bloot gesê dat dit nie goed genoeg is nie (Jones 2005:78, Miller: 2008:73). Sy saak het in duie gestort en sy medegetuies, asook sy getroue agterryers William Dembski en Stephen Meyer het, sonder om te getuig, soos mis voor die son verdwyn.

In sy uitspraak in die *Dover vs Kitzmiller*-saak het Regter Jones, onder andere, bevind:

> We find that ID fails on three different levels, any one of which is sufficient to preclude a determination that ID is science. They are: (1) ID violates the centuries-old ground rules of science by invoking and permitting supernatural causation; (2) the argument of irreducible complexity, central to ID, employs the same flawed and illogical contrived dualism that doomed creation science in the 1980s; and (3) ID`s negative attacks on evolution have been refuted by the scientific community. … it is additionally important to note that ID has failed to gain acceptance in the scientific community, it has not generated peer-reviewed publications, nor has it been the subject of testing and research (Jones, 2005:63-64).

Met verwysing na regter Jones se uitspraak, noem Rutherford (2007:170): “He handed down a damning judgement that intelligent design is not science” en sê ook:

> But the *Kitzmiller vs Dover* verdict, matched this September with the outlawing of intelligent design in the UK national curriculum, marked the official neutering of this unpleasant, sneaky movement in much of the western world (Rutherford 2007:170).

## 4. Natuurwetenskap

As toonbeeld van die lukrake manier waarop daar met bewese inligting omgegaan word, dien die stelling van Dreyer, Van der Walt & Denton (2023:195) dat Darwin se evolusieteorie in die agtiende eeu in plaas van die negentiende eeu gepubliseer is. Bowendien was dit nie Darwin se evolusieteorie nie. Heelparty navorsers voor hom het al die basiese konsep van verandering in die natuur aangespreek, ook sy eie oupa. Die boek het in der waarheid oor die ontstaan van spesies deur middel van natuurlike seleksie gehandel. Die korrekte titel is immers *On the Origin of Species by Means of Natural Selection, or the preservation of favoured races in the struggle for life* (Darwin, 1859). Die woord *evolusie* verskyn nie in die teks nie en is die eerste keer deur Darwin in 1871 in *The Descent of Man and Selection in Relation to Sex* gebruik (Sloan, 2024: *nulla pagina*). ’n Mens sou redelikerwys kon verwag dat die TGW-outeurs noukeuriger sou omgaan met verwysings na vorige navorsing. Volgens Dreyer, Van der Walt

en Denton (2023:204) het Darwin bloot na die ontstaan van die mens verwys in sy boek *The Descent of Man and Selection in Relation to Sex* en geen diepgaande bespreking daaroor gevoer nie. Dit is egter nie korrek nie want die boek word juis gewy aan die ontstaan van die mens en die verwantskap met die dierewêreld. Darwin (2013:4) wys spesifiek daarop:

> The sole object of this work is to consider, firstly, whether man, like every other species, is descended from some pre-existing form, secondly, the manner of his development; and thirdly, the value of the differences between the so-called races of man.

Dreyer, Van der Walt & Denton (2023:204) verwys ook na debatte rondom evolusie waarin die mens altyd sentraal gestaan het en noem: "… die 1860 Harvard-debat tussen Huxley en Owen,…" Ook dié stelling is tiperend van die onverskillige manier waarop bekende inligting verhaal word. Eerstens was dit nie 'n formele debat nie, ten spyte daarvan dat daar dikwels na dié woordewisseling as die Huxley-Wilbeforce debat verwys word. Tweedens het dit nie by Harvard in die VSA plaasgevind nie, maar by die Universiteitsmuseum van Oxford in Engeland tydens die jaarvergadering van die destydse Britse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap. Derdens was dit nie 'n woordewisseling tussen Huxley en Owen nie. 'n Bydrae van John Draper was onder bespreking toe Biskop Samuel Wilberforce sy bekende vraag aan Thomas Huxley gevra het en Huxley, volgens oorlewering, sy ewe bekende, pittige, antwoord gelewer het. Vierdens was Richard Owen teenwoordig, maar het nie aan die woordewisseling deelgeneem nie. Dit is moeilik te verstane hoe die TGW-outeurs natuurwetenskaplikes moeiteloos van 'n gebrek aan akademiese integriteit beskuldig in die lig van sulke blatant foutiewe beriggewing oor bekende gebeure.

Hulle aanspraak dat die ontstaan van lewe nie deur evolusie verklaar kan word nie (Dreyer & Van der Walt 2023a:226) dui op gebrekkige kennis. Evolusie is 'n gevestigde teorie in die natuurwetenskappe en Darwin se formulering daarvan as afkoms met modifikasie geld steeds. Per definisie maak dit geen aanspraak oor die ontstaan van lewe nie en verwys slegs na die verwantskap tussen lewensvorme en hoe hulle met tyd verander.

Dreyer, Van der Walt & Denton (2023:198) verwys ook na die ses massiewe sterrestelsels wat Labbé *et al*. (2023) vermeld en beweer dat: "Hierdie sterrestelsels is heeltemal te groot om met behulp van huidige modelle verklaar te word en mag ons begrip oor hoe die vroegste sterrestelsels in die heelal gevorm het, fundamenteel verander." Dit is egter nie wat Labbé *et al.* (2023) impliseer nie, aangesien hulle slegs hulle bevindings rapporteer. Sterrekundiges (pers. komm. drs. Anslyn John en Patrick McCarthy[2]) is dit eens dat ons nie hier met 'n paradigma-verskuiwing te doen het nie en alhoewel die bevindings nuwe vrae oor die ontstaan van sterrestelsels aan die orde stel, val die waarnemings steeds binne die parameters van die standaard kosmologiese model. Dreyer & Van der Walt (2023a:214) verklaar, sonder enige verwysings, dat:

> …'n groeiende stem van gesaghebbende navorsers wat beweer dat die voorwaardelike toestande vir lewe, sowel as die kompleksiteit daarvan, dui op fyn beplande, begeleide meganismes. In teenstelling met 'n normatiewe materialistiese vertrekpunt, propageer sulke navorsers 'n openheid om die data te volg tot die mees waarskynlike, logiese gevolgrekking. Hierdie gevolgtrekking behels die voortdurende betrokkenheid van 'n Skepper vanaf die beginmoment van die skepping, tot op hede.

2 Dr Patrick McCarthy is die Direkteur van die Noir Sterrekundige Laboratorium (Nasionale Infrarooi Astronomiese Navorsingslaboratorium in Tuscon, Arizona) en 'n voormalige kollega van Labbé.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2816

Wie die navorsers is, word nie genoem nie, maar die verwysing na kompleksiteit dui veral op ondersteuners van IO soos Michael Behe, William Dembski & Stephen Meyer. Dié here doen egter geen navorsing oor IO nie en gevolglik bestaan daar geen wetenskaplike begronding vir hulle aansprake nie. Die TGW-outeurs vermeld ook geensins dat IO reeds regsgrondelik en wetenskaplik as ’n ontoereikende verklaring vir die werklikheid van ons bestaan uitgewys is nie.

### *4.1 Die ontstaan van die heelal*

Die TGW-outeurs wend deurgaans wetenskaplike bevindings selektief aan en plooi dit voortdurend asof dit hulle eiesoortige, a-priori-, metafisiese vertrekpunt verifieer. Hulle ondersteun die konsep van ’n oerknal want, vir hulle, impliseer dit ’n skeppingsoomblik en die gepaardgaande betrokkenheid van ’n Skepper (Dreyer, Van der Walt & Denton 2023:198). As enigste bewys van ’n skeppingsoomblik val hulle terug op Gen. 1:1: “In die begin het die Here die hemel en die aarde geskape” (Dreyer, Van der Walt & Denton, 2023:198). Voorts beweer hulle dat die huidige gebrekkige kennis omtrent die heelal: “… van alles wat bestaan …” (Dreyer, Van der Walt & Denton 2023:201) duidelik in die Bybel gestel word: “Nou ken ek slegs gedeeltelik … (1 Kor 13:12b, 2020-vertaling).”

As verklaring vir die oorsprong van die aarde word sterrekundige bevindings buite rekening gelaat en daar word teruggeval op die skeppingsverhaal in Genesis 1:2: “Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.” (Dreyer, Van der Walt & Denton 2023:201). Alhoewel daar toegegee word dat God eers na miljarde jare die aarde bewoonbaar gemaak het sodat die mens hom kon eer en prys: “- want die hele skepping bestaan ter wille van die eer van God …”, word die skeppingsverhaal steeds aangebied as verklaring vir die volgorde waarin God die aarde omskep het as geskikte woonplek vir die mens (Dreyer, Van der Walt & Denton 2023:201).

Die aanspraak dat die oerknal van die bonatuurlike ontstaan van die heelal getuig, kan nie uit die Skrif gefundeer word nie en die vertroue wat die TGW-outeurs in die kosmologiese insigte van die Bybelskrywers van die Ou Nabye Ooste openbaar, is ongelukkig misplaas en neem nie die literêre konteks van die teks in ag nie.

Die aandrang op ’n bonatuurlike ontstaan van die heelal swig noodwendig voor die oorwig van wetenskaplike inligting tot die teendeel. Stenger (2012:186) noem dat: “A number of models exist for an uncreated origin of the visible universe that have been published by reputable scientists in reputable, peer-reviewed journals. They are all presented in mathematical detail and are consistent with established physics and cosmology.”

### *4.2 Die antropiese beginsel*

Die antropiese beginsel impliseer dat die heelal en sy inwoners beide so kompleks is dat dit nie natuurlikerwys kon ontstaan het nie, maar slegs met die medewerking van ’n bonatuurlike entiteit. Ten spyte van redelike wetenskaplike verklarings dat die heelal en alles daarin ’n natuurlike oorsprong gehad het, dring Dreyer, Van der Walt & Denton (2023:198) daarop aan dat: “Die beste interpretasie van waargenome data, sowel as teoretiese fisiese modelle, impliseer die bestaan van ’n Skepper wat die voorwaardes bepaal het vir die heelal om te bestaan, voordat die skeppingsmoment plaasgevind het.” Ongelukkig bestaan daar nie enige teoreties fisiese modelle wat hierdie sienswyse ondersteun nie. Een van die implikasies hiervan is ook dat die heelal met voorbedagte rade vir die mens geskep is, ’n Bybelse oortuiging wat nog net deur


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2816

Kreasioniste gehuldig word. Ongelukkig word die antropiese aansprake nie deur waargenome data of kosmologiese modelle ondersteun nie.

Earman (1987:315) verklaar, na aanleiding van 'n gedetailleerde analise van die verskillende aspekte van die antropiese beginsel:

> And insofar as anthropic principles are directed at promoting Man or Conciousness to a starring role in the functioning of the universe, they fail; for either the promotion turns out to be an empty tease or else it rests on woolly and ill-founded speculations.

Ikeda & Jefferys (2006: *nulla pagina***)** toon, met behulp van 'n uitgebreide en gedetailleerde formele waarskynlikheidsanalise, logiese gebreke in die fynverstelling-argument en kom tot die onvermydelike gevolgtrekking dat: "The Anthropic Principle does not support supernaturalism." Verder: "The anthropic argument should be dropped. It is wrong." Stenger (2006:178) wys ook daarop dat die verskillende faksies onder die ondersteuners van Kreasionisme mekaar onderling weerspreek. Aan die een kant beskou hulle die natuur so onherbergsaam dat lewe nie natuurlikerwys kon ontwikkel het nie en daarom is 'n bonatuurlike entiteit noodsaaklik. Aan die ander kant word daar beweer dat die konstantes en wetmatighede van die heelal so spesifiek en wonderbaarlik fyn deur die Skepper ingestel is "…die ensemble van pragtige, verfynde, funksionele parameters…" (Dreyer, Van der Walt & Denton 2023:199), sodat verskillende lewensvorme en veral mense, kan gedy. Beide vertolkings kan ongelukkig nie korrek wees nie.

Volgens Fulmer (2001) is die antropiese argument, wat hy die APDA (*Anthropic Principle Design Argument)* noem, nie 'n bewys vir die bestaan van 'n opperwese nie, omdat dit logies onsamehangend is. Volgens hom bevat die argument 'n fatale fout:

> My argument requires only what the APDA itself requires: that many fundamental facts of our universe are not logically necessary, and therefore the real universe could have been otherwise than it is. The APDA depends on the claim that we can know it is very improbable that other universes, with different laws or constants, could support life. Therefore, to refute the APDA I need only show that we cannot know this. And it follows from the structure of the APDA itself that we cannot. So, the APDA is incoherent on its own terms (Fulmer 2001:103).

Op grond hiervan verklaar hy:

> The new teleological argument for a designing God fails to show that our universe is uniquely or even especially suitable for life. Therefore, it supplies no support for the conclusion that the universe must have been designed by a Creator (Fulmer 2001:108).

Trouens, Stenger (2006:178) wys daarop dat:

> Those who argue that life is improbable need to open their minds to the possibility that life might be likely with many different configurations of laws and constants of physics. Furthermore, nothing in anthropic reasoning indicates any special preference for human life or indeed intelligent or sentient life of any sort – just an inordinate fondness for carbon.

Kortom, die logiese slotsom vanuit verskeie gesigspunte ten opsigte van ons teenwoordigheid op die planeet, is dat die heelal nie spesiaal fyn ingestel is om ons teenwoordigheid te verseker nie. Die teendeel is waar. Ons is hier omdat die heelal is soos dit is. "The fine-tuning argument would tell us that the sun radiates light so that we can see where we are going. In fact, the

human eye evolved to be sensitive to light from the sun. The universe is not fine-tuned for humanity. Humanity is fine-tuned to the universe." (Stenger, 2006:184)

Mosterin (2005) bied 'n gedetailleerde, rasionele uiteensetting van die ontstaan en ontwikkeling van die antropiese beginsel. Sy slotopmerking is insiggewend:

> In its weak version, the anthropic principle is a mere tautology, which does not allow us to explain anything or to predict anything that we did not already know. In its strong version, it is a gratuitous speculation only sustained by previous religious faith (Mosterin 2005: *nulla pagina*).

### *4.3 Die kosmiese tydsverloop*

Kreasioniste, soos trouens die TGW-outeurs ook, betoog dikwels dat die kosmiese tydsverloop te kort was om die huidige graad van kompleksiteit in die natuur met behulp van lukrake mutasies te vermag, aangesien 'n eksponensiële aantal mutasies benodig sou wees (Dreyer, Van der Walt en Denton, 2023:206). Dit is demonstreerbaar onwaar. Wilf & Ewens (2010) wys daarop dat sulke aantygings die invloed van natuurlike seleksie ignoreer en toon met 'n elegante wiskundige formulering dat daar inderdaad genoeg tyd was.

> Evolution is an in parallel process, with beneficial mutations at one gene locus being retained after they become fixed in a population while beneficial mutations at other loci become fixed. In fact, this statement is essentially the principle of natural selection" Wilf & Ewens 2010:22454).

Volgens Dreyer, Van der Walt & Denton (2023:207) sou Dawkins in *The Blind Watchmaker* (1986:7) gesê het: "It is grindingly, creakingly crushingly obvious that, if Darwinism were really a theory of change, it couldn`t work." Aangesien die boek juis oor evolusie en die rol van natuurlike seleksie handel, kom die aanhaling uiters vreemd voor en verskyn beslis nie op bladsy 7 nie. Trouens, die aanspraak is is absoluut onwaar aangesien die aanhaling glad nie in die boek verskyn nie.

Dreyer, Van der Walt & Denton (2023:207) konstateer ook dat:

> Alle hipotetiese meganismes wat deur natuurkundiges voorgestel is om om die aanduidings vir intelligente ontwerp in die natuur te omseil, is mettertyd weerlê, soos die Miller-Urey eksperiment in 1952, RNA-wêreldtesis (1962), Punctuated Equilibrium (1972) en Natural Genetic Engineering (1992). Die fatale fout met al hierdie voorstelle bly die oorsprong van die aanvanklike inligting, wat die argument vir 'n ontwerpende "Verstand" in die heelal versterk.

Die Miller-Urey-eksperiment is een van die eerste suksesvolle pogings waar aminosure uit 'n oplossing van anorganiese bestanddele soos metaan, ammoniak, waterstof en water met behulp van 'n elektriese vonk gesintetiseer is (Miller 1953:528-529). Die eksperiment het bewys dat komplekse molekules natuurlikerwys uit eenvoudige molekules kan ontstaan.[3]

Robertson en Joyce (2012:1) noem dat daar tans sterk getuienis bestaan dat 'n "RNS-wêreld" DNS en proteïen-gebaseerde lewe voorafgegaan het. Hulle beskou die konsep van 'n RNS-wêreld as 'n mylpaal in die vroeë geskiedenis van lewe op aarde: "While this concept

---

3 Beide die verwysings na Milller in die TGW-outeurs se bibliografie word verkeerd aangegee.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.2816

does not explain how life originated, it has helped to guide scientific thinking and has served to focus experimental efforts" (Robertson en Joyce 2012:18).

Eldredge & Gould (1972) wys daarop dat die afstammingslyne van baie spesies min of geen morfologiese verandering na hulle eerste verskyning in die paleontologiese suksessie toon nie, 'n verskynsel bekend as stasis. Met toenemende evolusionêre druk sal 'n takson, geologies gesproke, binne 'n relatief kort tydsverloop oorsprong aan nuwe spesies gee, waarna stasis weer intree. Hulle noem hierdie proses *Gepunktueerde Ekwilibria*. Die verdeling van 'n spesie in twee dogterspesies staan as *kladogenese* bekend - in teenstelling tot die tradisionele Darwiniaanse konsep van Filetiese Gradualisme waarvolgens afstammingslyne, met verloop van tyd, geleidelik transformeer.

Shapiro (1992:99) noem dat 'n analise van hoe lewende selle hulle genome herstruktureer, 'n groot verskeidenheid biochemiese sisteme blootgelê het. Bakteriese weerstandigheid teen antibiotika is 'n voorbeeld hiervan: "(…) these results show that living cells have (and use) the biochemical apparatus to evolve by a genetic engineering process."

Dit is onduidelik hoekom die TGW-outeurs so ooglopend fouteer deur dié besondere gevalle, wat niks met die metafisika te doen het nie, uit te sonder. Dit is veral ook opvallend dat hulle deurgaans versuim om die korrekte Afrikaanse terminologie te gebruik.

### *4.4 Die Kambriese biodiversifikasie*

Volgens Dreyer, Van der Walt & Denton (2023:206) was die "Kambriese Ontploffing" een van verskeie diskontinuïteite in die paleontologiese geskiedenis wat tot nuwe spesies gelei het en wat geen sigbare verbintenis met enige vorige organismes gehad het nie. Hulle sien dit as bewys: "…dat lewe op aarde diskontinu ontwikkel het, wat daartoe lei dat die oorsprong van nuwe data in die DNS heeltemal nuwe organismes tot gevolg het." Ter ondersteuning van hierdie stelling haal hulle Morris (2000:4426) aan. Wat hulle aan Moris toedig, is egter nie wat hy sê nie. Hy stel dit duidelik dat gene herontplooi is "(…) the Cambrian period provided such a rich interval for the redeployment of genes that led to more complex bodyplans." Strydig met hulle stelling dat hierdie nuwe organismes geen sigbare verbintenisse met enige vorige organismes het nie, toon Morris se tabel (4427) spesifiek dat die Metazoa reeds in die Pre-Kambrium ontstaan het. Daarom is die faunistiese diversifikasie tydens die Kambrium 'n kontinue verskynsel, tans bekend as die *Kambrium Biodiversifikasie* en nie as 'n ontploffing nie. Dit verteenwoordig egter 'n belangrike periode in die kladogenese van die Metazoa. Die tempo van spesiasie dui egter nie op unieke omstandighede nie.

Dreyer, Van der Walt & Denton (2023:234) ignoreer resente navorsing en beweer dat daar nog nie bevredigende antwoorde vir Kambriese Diversifikasie, of die dryfkrag daaragter, gevind is nie. Hulle verwys na Fisher (1930) se *Genetical Theory of Natural Selection* waarin hy Mendel se bevindings ten opsigte van die genetika versoen met natuurlike seleksie. Die tweede uitgawe van die boek verskyn in 1958 en die terme *Cambrian* of *Cambrian Explosion* verskyn nie in die indeks nie. Die TGW-outeurs ignoreer egter Servais *et al.* (2023) wat, met inbegrip van tektoniese gebeure en kontinentale fragmentering, aantoon dat daar nie 'n ontploffing van lewe in die Kambrium of Ordovisium was nie, maar 'n enkele langdurige radiasie.

### *4.5 Evolusie van die mens en taal*

Ten opsigte van menslike evolusie is die TGW-outeurs se konsep van proto-mense en 'n drempelgebeurtenis reeds deur Spangenberg (2023) weerlê. Volgens Dreyer, Van der Walt &

Denton (2023:204) is die belangrikste rede vir die onsekerheid ten opsigte van die oorsprong van die mens, die ordegrootte van die tydsverloop. Hiervoor verwys hulle na Brandt (2015:nulla pagina): "No new technology can overcome the fundamental mismatch between the human lifespan and the timescales of the earth, stars, and the universe itself." Dit is weer 'n rookskerm, aangesien Brandt (2015) nie oor die evolusie van die mens skryf nie. Hy is 'n sterrekundige, verbonde aan NASA, wat variasies in die rotasie van sterre en sterrestelsels bestudeer en hoe dit waarnemings oor die ouderdom daarvan beïnvloed:

> … we now know the ages of the Earth and universe to much better than 1 percent, and are beginning to date individual stars. Our ability to measure ages, to place ourselves in time as well as in space, stands as one of the greatest achievements of the last one hundred years (Brandt 2015: *nulla pagina*).

As ondersteuning vir hulle aanname "Die taal van die mens is 'n baie onlangse ontwikkeling in die mens se geskiedenis, met geen getuienis van stadige, geleidelike verandering, of 'n vooraf bestaande stelsel met verandering van funksie vanweë natuurlike seleksie nie.", haal Dreyer & Van der Walt (2023c:252) Scott (2007) aan. Die TGW-outeurs se stelling is egter nie korrek nie, aangesien die artikel van Scott & Matzke (2007) 'n kritiese afwysing van IO-Kreasionisme is en die woord *taal* nie in die teks voorkom nie.[4]

Dit is ook nie korrek dat die gegraveerde oker uit die Blombosgrot die eerste simboliese artefak is wat met moderne gedrag vereenselwig kan word nie. Marean *et al.* (2007:907) wys daarop dat die rooi pigmente by Pinnacle Point reeds 164 000 jaar gelede voorkeur geniet het:

> We have identified the earliest appearance of a dietary, technological and cultural package that included coastal occupation, bladelet technology, pigment use and dietary expansion to marine shellfish, and is dated to a time close to the biological emergence of modern humans.

Ná 'n bondige uitleg van menslike genetika, val die TGW-outeurs weer op die Skeppingsverhaal terug en beweer dat Eva Adam se genoom moes gedeel het, want sy is uit een van sy ribbes gevorm. Hierdie soort wensdenkery is reeds aangespreek.

Volgens Dreyer & Van der Walt (2023b:236), met verwysing na Hawks *et al* (2017) het die anatomies moderne mense se slanker skelet 50 000 tot 30 000 jaar gelede in Afrika ontwikkel. Die vermelde publikasie handel egter nie daaroor nie, maar wel oor hoe genoomanalises van die mens 'n groot hoeveelheid resente positiewe seleksie toon en hoe dit met 'n toename in populasiegrootte saamhang.

'n Relatief klein groepie anatomies moderne mense het wel 164 000 jaar gelede aan die suidpunt van Afrika by Pinnacle Point, naby die huidige Mosselbaai, tydens 'n wêreldwye ystyd, bestaan. Afrika was wel koud en droog, maar die Suidpunt was letterlik 'n oase. Vondse in veral grot PP13B vertel 'n interessante verhaal oor die leefwyse van die destydse inwoners.

Marean (2016: *nulla pagina*) noem dat:

> The remains also debunk the abiding notion that cognitive modernity evolved long after anatomical modernity: evidence of behavioral sophistication abound in even the older archaeological level at PP13B. This advanced intellect no doubt contributed significantly to the survival of the species, enabling our forebears to take advantage of the sources

[4] Die verwysing in die teks en die inskrywing in die bibliografie is foutief, aangesien die naam van die tweede outeur ontbreek en die joernaalverwysing onvolledig is.

> available on the coast, while elsewhere on the continent populations of *H. sapiens* died out as cold and drought claimed the animals and plants they hunted and gathered, the lucky denizens of Pinnacle Point were feasting on the seafood and carbohydrate-rich plants that proliferated there despite the hostile climate.

Sealey (2009:323-324) wys daarop dat die inwoners van Pinnacle Point in die Suid-Kaap reeds 164 000 jaar gelede die tegnologie om silkreet, ’n rotssoort wat ongeskik is vir die vervaardiging van funksionele klipwerktuie, met behulp van pirotegnologie tot ’n bruikbare basis vir klipwerktuie te omvorm, bemeester het. Dit is eksperimenteel bevestig dat hierdie ingewikkelde tegnologie 20kg droë hardehout vir elke 3kg klip benodig het en dat die vuurbehandeling ure lank teen ongeveer 350°C, warmer as enige kampvuur, in stand gehou moes word. Daarna moes dit stadig afkoel.

Talle oorblyfsels van skulpvis, wat net tydens laagwater, gedurende springgety, versamel kon word, is ook in die grotte ontdek. Op daardie stadium was die Pinnacle Point grotkompleks kilometers van die kus af as gevolg van die daling in seevlak weens die ystyd. Dit blyk dat die inwoners die kognitiewe vermoë besit het om die korrelasie tussen twee oënskynlik onverwante natuurverskynsels, naamlik die stand van die maan en laagwater gedurende springgety, te ontsyfer en hulle kon op dié manier hulle versameltogte aan die kus daarvolgens beplan. Marean (2016:*nulla pagina*) noem dat om die stand van die maan as aanwyser te gebruik, die mense van Pinnacle Point waarskynlik ’n soort maankalender gepraktiseer het om hulle periodieke besoeke aan die kus te optimaliseer.

Heelwat rooi-oker is ook by Pinnacle Point ontdek wat, fyngemaak en met dierevet gemeng, ’n bruikbare verf vorm waarmee die liggaam of ander oppervlaktes versier kan word. “Such decorations typically encode information about social identity or other important aspects of culture – that is, they are symbolic” (Marean, 2016: *nulla pagina*).

Dit is ook moeilik verstaanbaar hoe bogenoemde komplekse gedrag suksesvol bedryf kon word sonder een of ander vorm van taalgebruik. Pagel (2017:3) noem dat: “Linguistic and biological evolution share features beyond descent with modification, including mechanisms of mutation and replication, speciation, drift and horizontal transfer.” Volgens hom dui die fossiele en genetiese inligting daarop dat taal waarskynlik 150 000 tot 200 000 jaar oud is.

Dedui & Levinson (2013:12) wys daarop dat: “The antiquity of modern language and speech capacities going back to at least the common ancestor of Neanderthals, Denisovians and modern humans some half a million years ago, raises new and interesting questions (…)” Volgens Braga & Thackeray (2007:23) toon tomografiese analise van die skedel van *Australopithecus africanus* reeds op die aanvanklike ontwikkeling van Broca se gebied. Hulle noem terselfdertyd dat die antropoloog, Phillip Tobias, dit voorheen ook in die skedel van *Homo habilis* waargeneem het.

Bewese navorsing dui dus daarop dat die mense van Pinnacle Point tot komplekse doelgerigte gedrag, probleemoplossing en waarskynlik ook een of ander vorm van taal in staat was - eienskappe wat ’n lang aanloop vertoon en nie as ’n resente verskynsel afgemaak kan word nie.

### *4.6 Inkonsekwenthede in die vier artikels.*

Normaalweg sou enkele vingerfoutjies in die teks van ’n artikel nie rede tot kommer wees nie. Die vier artikels van die TGW-outeurs bevat egter ’n opvallende aantal foute en daarom is dit belangrik om die aandag daarop te vestig, gesien hulle aandrang op wetenskaplike integriteit.

Die tekste dui op op hoogs inkonsekwente gebruik van titels van wetenskaplike publikasies asook onnoukeurige aanhalings en verwysings. Die titel van *Origin of Species* word op drie verskillende bladsye verkeerd gespel. Die Orde Primates word as *Primata* gegee. Die taksa *Homo* en *Pan* word as *homo* en *pan* geskryf. Outeurs word verkeerd aangehaal en van die aangehaalde outeurs verskyn nie almal in die bibliografie nie. Opsigtelik verkeerde interpretasies van wetenskaplike gegewens, word as die waarheid aangebied.

In hulle bespreking van die rol van die Therapsida of soogdieragtige-reptiele van die Suid-Afrikaanse Karoo, maak Dreyer & Van der Walt (2023c:235) gebruik van bedenklike Afrikaanse terme. Dit is deurgaans die gebruik om wetenskaplike terme in Latyn of Grieks net so in Afrikaans te gebruik, anders kan dit taalkundig tot vreemde konsepte lei. In dié verband vertaal hulle die Synapsida as *sinapsieke* en die Therapsida as *terapsiede*, beide ontoepaslike terme.

## 5. Gevolgtrekking

Die vier artikels onder bespreking is wetenskaplik verdag, maak gebruik van uitgediende konsepte, foutiewe interpretasies van bewese navorsingsresultate en Afrikaanse terme wat vreemd op die oor val. Vanuit teologiese oorwegings verwys Spangenberg (2023:967) spesifiek na die gebrek aan ’n etiese benadering tot navorsing in die vier artikels, want: “Hulle toon duidelik géén respek vir ernstige navorsing en logiese argumentvoering deur ander navorsers nie.” Die eiesoortige uitsprake van die TGW-outeurs met betrekking tot die Natuurwetenskap is ingelyks kommerwekkend met betrekking tot akademiese integriteit. Deur die tradisionele Kreasionisme en IO as wetenskaplik gefundeerde modelle aan te bied, is doodgewoon ’n onaanvaarbare manier om die natuurwetenskap vanuit onbewese aannames en ’n verouderde godsdienstige agenda te kritiseer. Ten beste is dit ’n versugting na die *Sancta simplicitas* of heilige eenvoud van die goeie ou dae. Ten slegste is dit ’n onaanvaarbare benadering tot die Natuurwetenskap en moderne gereformeerde teologie. Dit wil voorkom asof die TGW-outeurs nie eintlik in getuienis-gebaseere, wetenskaplike bevindings geïntereseerd is nie, maar slegs hulle eiesoortige godsdienstige agenda wil propageer.

In teenstelling met die aansprake van die TGW-outeurs verwerp wetenskaplikes nie die bestaan van ’n Intelligente Ontwerper *per se* nie. Dit val egter buite die natuurwetenskap se werksveld omdat dit geen voorspellings of verduidelikings bied nie. Die evolusionêre biologie verskaf tans steeds die mees aanvaarbare verklaring vir die teenwoordigheid van en verwantskappe tussen alle lewensvorme op die derde planeet. Hiervoor is ’n metafisiese verklaring nie essensieel nie, en vorm nie noodwendig deel van die verduideliking nie. Daar is egter niks ongewoon aan ’n metafisiese verklaring vir die werklikheid nie, maar om soos die TGW-outeurs, dit as empiries waar aan te bied, terwyl die Ontwerper nie deel van so ’n verklaring vorm nie, is onaanvaarbaar. Hulle verskaf ook nie ’n rasionele verduideliking van hoe hierdie inligting bekom is nie en hoe interaksies tussen ’n metafisiese entiteit en fisiese voorwerpe moontlik is nie. Hulle ignoreer ook die feit dat die moderne wetenskap reeds die vrae wat hulle oor kompleksiteit vra, beantwoord het, desondanks hulle verklaarde gewilligheid om, in reaksie op nuwe wetenskaplike bevindings, aan te pas en te ontwikkel.

Om te bepaal of enigiets waar is of nie, moet daar ten minste bepaal word of die aanspraak betekenisvol is. Dat die mens sakhorlosies en muisvalle kan vervaardig sê absoluut niks oor die moontlike bestaan van intelligente ontwerpers en of hulle heelalle kan ontwerp en vervaardig nie. Die fundamentele probleem met die aansprake van die TGW-outeurs is dat hulle ’n hele kosmologie verdedig op grond van ’n a priori-aanname dat ’n Intelligente Ontwerper betrokke

is. Hiervoor takel hulle wetenskaplike bevindings af, lê navorsers woorde in die mond, of ignoreer bloot doodgewoon getuienis-gebaseerde bevindings.

Die sterrekundige, Carl Sagan (1979:62), het by geleentheid opgemerk dat buitegewone aansprake buitegewone bewyse vereis. Ongelukkig struikel die TGW-outeurs telkens oor hierdie hekkie.

Die aanspraak dat die dienste van 'n Intelligente Ontwerper noodsaaklik is, omdat natuurlike seleksie nie by magte is om verandering in die natuur te verklaar nie, lei tot 'n belangrike argument teen IO. Indien die gebrek aan 'n wetenskaplike verklaring inderdaad bewys van die bestaan van 'n Intelligente Ontwerper is, is die onweerlegbare implikasie dat bewese wetenskaplike verklarings, vir sogenaamde onreduseerbaar komplekse sisteme, outomaties 'n bewys is dat 'n Intelligente Ontwerper onnodig is, of selfs nie bestaan nie.

Bewese navorsing dui onteenseglik op die stelselmatige evolusionêre ontwikkeling van die totale menslike anatomie, met inbegrip van die brein, bewussyn, verbeelding, moraliteit en taal. "The picture produced by the evidence is completely consistent with the operation of natural processes, with no need to posit any interventions of divine or miraculous origin – despite our wishes and desires to the contrary" (Brace 2007:301).

## BEDANKINGS

'n Spesiale woord van dank aan die volgende persone vir hulle positiewe ondersteuning en opbouende kritiek.

Professore Savill Daniels (Genetika), Rufus Gouws (Afrikaans), Jannie Hofmeyr (Biochemie), Anne Louw (Biochemie) en drs Patrick McCarthy (Sterrekunde) en Anslyn John (Teoretiese fisika).

Dank aan Marleen Hendrikz, Bibliotekaris, US-biblioteek, vir uitgebreide literatuursoektogte en die beskikbaarstelling van relevante boeke en artikels.

## BIBLIOGRAFIE

Behe, M.J. 1996. *Darwin`s Black Box: the biochemical challenge to evolution.* New York: Free Press.

Brace, C.L. 2007. Human Emergence: natural process or divine creation? In Petto, A. J & Godfrey, L.R. (eds). *Scientists Confront Creationism: Intelligent Design and Beyond*. London: W.W. Norton & Company, pp. 272-306.

Braga, J. & Thackeray, F. 2007. Diamond anniversary of mrs Ples. *Quest* 4(1):23.

Brandt, T.D. 2015. Dating the Earth, the Sun and the Stars. *Institute for Advanced Study*. ias.edu/ideas/2015/brandt-dating-the-earth. [15 Junie 2024].

Cronjé, G. 1945. *'n Tuiste vir die Nageslag: Die Blywende Oplossing van Suid-Afrika se Rassevraagstukke.* Johannesburg: Publicité Handelsreklamediens.

Cronjé, G. 1947. *Regverdige Rasse-Apartheid: met die medewerking van Prof. Dr. E.P. Groenewald en Dr W.M. Nicol.* Stellenbosch: Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika.

Darwin, C. 1859. *On the origin of species by means of natural selection, or the preservation of favoured races in the struggle for life*. London: John Murray.

Darwin, C. 1871. *The Descent of Man, and selection in relation to sex*. London: John Murray.

Darwin, C. 2013. *The Descent of Man and selection in relation to sex.* Wordsworth Editions Limited, Ware: Hertfordshire.

Dawkins, R. 1986. *The Blind Watchmaker*. London: Longman Scientific and Technical.

Dedui, D. & Levinson, S.C. 2013. On the antiquity of language: the reinterpretation of Neandertal linguistic capacities and its consequences. *Frontiers in Psychology, Language Sciences* 4:1-17.

Deist, F. 1994. *Ervaring, Rede en Metode in Skrifuitleg. 'n Wetenskapshistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk 1840-1990.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing,

De Klerk, W.A. 1976. *The Puritans in Africa: A Story of Afrikanerdom.* London: Pelican Books.

Die Kerksaak.1931. *Die Kerksaak tussen Prof. J. du Plessis en die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. 'n Woordelike Verslag van die Verrigtinge, met die Uitspraak, in die Hooggeregshof, Kaapstad, November-Desember 1931*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

Dreyer, J. & Van der Walt, K. 2023a. Die ontstaan van lewe: "In die begin was die Woord daar." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63(2):211-228.

Dreyer, J. & Van der Walt, K. 2023b. Die oorsprong van die mens: "Laat Ons mense maak." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63(2):229-245.

Dreyer, J. & Van der Walt, K. 2023c. Boosheid in die mens: "Tot stof sal jy terugkeer." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63(2):246-261.

Dreyer, J. Van der Walt, K. & Denton, R. 2023. Die oorsprong van alles: "Dit was aand en dit was oggend." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 63(2):192-210.

Dreyer, J, & Van der Walt, K. 2024. Kommentaar op Spangenberg, I 2024. Die Bybel, die Christelike Geloof en die Natuurwetenskappe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 64(2):354-356.

Dundes, A. 1983. "Couvade in Genesis," In Ben-Ami & Dan (eds). *Studies in Aggadah and Jewish Folklore. Folklore Research Center Studies VII,* Jerusalem: Magnes Press, pp. 35-47.

Earman, J. 1987. The SAP also rises: a critical examination of the anthropic principle. *American Philosophical Quarterly,* 24(4):307-317.

Eldredge, N. & Gould, S.J. 1972. Punctuated Equilibria: an alternative to phyletic gradualism. In Schopf, T.J.M. (ed). *Models in Paleobiology*. San Francisco: Freeman, Cooper & Company, pp. 82-115.

Erasmus, D.F. 1946. Ons Eie Calvinisme. *Die Gereformeerde Vaandel,* 14(11):11-12.

Esterhuyze, A. 1974. *Wysbegeerte van die Wetsidee*. Verhandeling voorgelê vir Magistergraad in die Natuurwetenskappe, Randse Afrikaanse Universiteit, pp. 1-94.

Fisher, R.A. 1930. *The Genetical Theory of Natural Selection*. Oxford: The Clarendon Press.

Fisher, R.A. 1958. *The Genetical Theory of Natural selection.* New York: Dover Publications Inc.

Frye, R.M. 1983. So-Called "Creation-Science" and Mainstream Christian Rejections. *Proceedings of the American Philosophical Society.* 127(1):61-70.

Fulmer, G. 2001. A Fatal Logical Flaw in Anthropic Principle Design Arguments. *International Journal for Philosophy of Religion.* 49:101-110.

Gerdener, G.B.A. 1927. *Handboek by die Katkisasie*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.

Gilchrist, GW. 1997. The Elusive Scientific Basis of Intelligent Design Theory. *Reports of the National Center for Science Education*. 17(3):14-15.

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'nBiografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Gishlick, A.D. 2006. Evolutionary Paths to Irreducible Systems: The Avian Flight Apparatus. In Young, M & Edis,T. (eds). *Why Intelligent Design Fails: A Scientific Critique of the New Creationism.* London: Rutgers University Press, pp. 58-71.

Gould, S.J. 1986. *The Panda`s Thumb: More Reflections in Natural History.* Harmondsworth, Penquin Books Ltd pp.19-25.

Gould S.J. 1990. An Earful of Jaw. *Natural History* 3:12-23.

Gould, S.J. & Vrba, E.S. 1982. Exaptation – a missing term in the science of form. *Paleobiology* 8(1):4-15.

Grayling, A.C. 2014. *The God Argument: The case against religion and for humanism.* London: Bloomsbury Publishing Plc.

Hawks, J., Wang, E.T., Cochran, G.M., Harpending, H.C., & Moyzis, R.K. 2007. Recent acceleration of human adaptive evolution. *Proceedings of the National Academy of Sciences,* 104:20753-20758.

Ikeda, M & Jefferys, B. 2006. The Anthropic Principle does not support supernaturalism. In Martin, M & Monnier, R. (eds.). *The Improbability of God*. Buffalo, New York: Prometheus Books. pp.150-166.

Jones, J.E. III. 2005. Uitspraak in die hofsaak *Kitzmiller v Dover*, 1-139. Documentcloud.org/documents/2426499-kitzmiller-v-dover-decision.

Kinghorn, J., Borchardt, C., Combrink, B., De Villiers, E., Groenewald, J., Theron, F. & Wiechers, M. 1986. In Kinghorn (red). *Die NG Kerk en Apartheid*. Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika.

Kock, P. de B. 1936. Calvinisme en etiek. *Die Gereformeerde Vaandel*, 4(3):84-88.

Labbé, I., Van Dokkum, P., Nelson, E., Bezanson, R., Suess, K.A., Leja, J., Brammer, G., Whitaker, K., Mathews, E., Stefanon, M., & Wang, B. 2023. A population of red candidate massive galaxies 600 Myr after the big bang. *Nature,* 616:266-269.

Lamb, T.D., Pugh, E.D. en Collin, S.P. 2008. The Origin of the Vertebrate Eye. *Evo Edu Outreach* 1:415-426.

Malan, D.J. 1934. Probleme waarmee die Kerk vandag moet worstel. *Die Soeklig*, 12:276-278.

Marean, C.W., Bar-Matthews, M., Bernatchez, J., Fisher, E., Goldberg, P., Herries, A.I.R., Jacobs, Z. Jerardino, A. Karkanas, P., Minichillo, T., Nilssen, P.J., Thompson, E., Watts, I. & Williams, H.M. 2007. Early human use of marine resources and pigment in South Africa during the Middle Pleistocene. *Nature* 449:905-908.

Marean, C.W. 2016. When the sea saved humanity. *Scientific American, S.A. Special Edition* 25(4):*nulla pagina*.

Miller, K.R. 1999. *Finding Darwin`s God. A scientist`s search for common ground between God and evolution.* London: Harper Perrenial.

Miller, K.R. 2008. *Only a Theory: Evolution and the Battle for America`s Soul*. New York: Viking.

Miller, S.L. 1953. A production of amino acids under possible primitive earth conditions. *Science*, 117:528-529.

Morris, S.C. 2000. The Cambrian "explosion": slow-fuse or megatonnage? *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America*, 97(9):4426-4429.

Mosterin, J. 2005. Anthropic Explanations in Cosmology In Háyek, P., Valdés-Villanueva, L & Westerstahl, D. (eds). *Logic Methodology and Philosophy and Science. Proceedings of the 12th International Congress.* London: King`s College Publications, pp. 441-473.

Murray, A.H. 1936. Calvinisme Volgens Opvatting van die Afrikaanse Kerke. In *Christus Die Deur: Die Twee Rigtings van die Kalvinisme.* Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, pp. 61-70.

Musgrave, I. 2006. Evolution of the Bacterial Flagellum. In Young, M & Edis, T. (eds). *Why Intelligent Design Fails: A Scientific Critique of the New Creationism.* London: Rutgers University Press, pp. 72-84.

Nillson, D. & Pelger, S. 1994. A pessimistic estimate of the time required for an eye to evolve. *Proceedings of the Royal Society of London* B:53-58.

Numbers, R.L. 2007. Darwinism, Creationism, and "Intelligent Design." In Petto, A. J & Godfrey, L.R. (eds). *Scientists Confront Creationism: Intelligent Design and Beyond.* London: W.W. Norton and Company, pp. 31-58.

Padian, K. & Angielczyk, K.D. 2007. "Transitional Forms" versus Transitional Features. In Petto, A.J & Godfrey, L.R. (eds). *Scientists Confront Creationism: intelligent design and beyond.* London: W.W. Norton & Company, pp. 197-230.

Pennock, R.T. 2000. *Tower of Babel: The evidence against the new creationism.* Cambridge, Massachusetts,:, MIT Press.

Rutherford, A. 2007. Dover trial Documentary Screens. *Nature* 450:170.

Robertson, M.P. & Joyce, G.F. 2012. The origins of the RNA World. *Cold Spring Harbor Perspectives in Biology.* 4:1-22.

Sagan, C. 1979. *Brocas Brain*. New York: Random House.

Schulze, L.F. 1981. Die beginsel van die wetenskap: Calvyn en ons. *Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO Reeks H: Inougurele Rede, nr. 88:1-12.*

Scott, EC & Matzke, NJ. 2007. Biological design in Science Classrooms. *Proceedings of the National Academy of Sciences,* 104, Supplement 1:8669-8676.

Sealey, J. 2009. Modern behaviour in ancient South Africans: evidence for the heat treatment of stones in the Middle Stone Age. *South African Journal of Science*, 105:323-324.

Servais, T., Cascales-Miñana, B., Harper, D.A.T., Lefebvre, B., Munnecke, A., Wang, W. & Zhang, Y. 2023. No (Cambrian) explosion and no (Ordovician) event: a single long-term radiation in the early Palaeozoic. *Palaeogeography, Palaeoclimatology, Palaeoecology*, 623:1-20.

Shanks, N. 2004. *God, the Devil, and Darwin: A critique of intelligent design theory.* New York: Oxford University Press.

Shapiro, J.A. 1992. Natural genetic engineering in evolution. *Genetica*, 86:99-111.

Sloan, P. 2024. Evolutionary Thought Before Darwin. *The Stanford Encyclopedia of Philosophy*,

nulla pagina. Zalta, E. N & Nodelman, U. (eds). https://plato.stanford.edu/archives/fall 2025/entries/evolution-before-darwin/

Spangenberg, I. 2023. Die Bybel, die Christelike geloof en die natuurwetenskappe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 63(4):947-970.

Spangenberg, I. 2024. Repliek op die artikel van Henk Stoker, die reaksie van Johan Dreyer en Kobus van der Walt en die mening van Charl-Piere Naudé. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 64(3):519-522.

Stenger, V.J. 2012. *God and the Folly of faith: The incompatibility of science and religion*. New York: Prometheus Books.

Stenger, V. 2006. Is the Universe Fine-Tuned for Us? In Young, M. & Edis, T. (eds). *Why Intelligent Design Fails: A Scientific Critique of the New Creationism*. Londen: Rutgers University Press, pp. 172-184.

Stoker, H. 2024. (On)bevooroodeelde benaderings tot die bevindings van wetenskaplike ondersoek: 'n Reaksie op die geloof-wetenskap diskoers. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 64(2):357-375.

Strauss, H.J. 1949. *Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys.* Bloemfontein: SACUM Beperk.

Sturgess, I.M. 1957. *A Critical Investigation into the Teaching of Biology in the Government Secondary Schools of the Transvaal in the Light of Contemporary Trends*. PhD-thesis. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand,

Thewissen, J.G.M., Cooper, L.N., George, J.C. & Bajpai, S. 2009. From Land to Water: The Origin of Whales, Dolphins and Porpoises. *Evolution: Education & Outreach,* 2:272-288.

Ussery, D. 2006. Darwin`s Transparent Box: The Biochemical Evidence for Evolution. In Young, M. & Edis,T. (eds). *Why Intelligent Design Fails: A Scientific Critique of the New Creationism.* London: Rutgers University Press, pp. 48-57.

Van de Beek, B. 2005. *Toeval of schepping? Scheppingstheologie in de context van het moderne denken.* Kampen: Uitgeverij Kok.

Wilf, H.S. & Ewens, W.J. 2010. There`s plenty of time for evolution. *Proceedings of the National Academy of Sciences* 107(52):22454-22456.

Young, M. 2006. Grand Designs and Facile Analogies: Exposing Behe`s Mousetrap and Dembski`s Arrow. In Young, M & Edis, T. (eds). *Why Intelligent Design Fails: A Scientific Critique of the New Creationism*, London: Rutgers University Press, pp. 20-31.

Zevit, Z. 2015. Was Eve Made from Adam`s Rib – or His Baculum? *Biblical Archaeology Review* 41(5):32-35.

# Die verontreiniging van die menslike liggaam in perspektief[1]

***Defiling the human body in perspective***

**Bert Olivier**
Departement Filosofie en Klassieke Kultuur
Universiteit van die Vrystaat
Suid-Afrika
E-pos: olivierg1@ufs.ac.za



Bert Olivier

**Bert Olivier** is ereprofessor in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat, Suid-Afrika. Sy werk is interdissiplinêr en sy publikasies omvat akademiese artikels en boeke oor 'n breë verskeidenheid van dissiplines soos filosofie, kunsteorie, argitektuur, letterkunde, psigoanalitiese teorie, flimkuns, kommunikasiestudies en sosiale teorie. In 2004 is die Stalsprys vir Filosofie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Bert toegeken, terwyl die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in 2012 'n Uitsonderlike Professorskap aan hom toegeken het. Hy is ook 'n NNS-gegradeerde navorser, en sy publikasies in populêre media strek oor 'n uitgebreide gebied wat filosofiese, kulturele en sosiopolitieke sake insluit.

**Bert Olivier's** principal position is that of Honorary Professor of Philosophy at the University of the Free State, South Africa. His work is inter-disciplinary and he has has published academic articles and books across a wide variety of disciplines, including philosophy, art theory, architecture, literature, psychoanalytic theory, cinema, communication studies and social theory. Bert received the South African Stals Prize for Philosophy in 2004 by the South African Academy for Science and Art, and a Distinguished Professorship from Nelson Mandela Metropolitan University in 2012. He is also an NRF-rated researcher, and has written extensively in popular media on philosophical, cultural and sociopolitical issues, among others.

[1] Die inhoud van hierdie artikel asook die menings wat hierin gelug word, is dié van die outeur. Die artikel is ná 'n lang en oorwoë keurproses vir publikasie. Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* verwelkom robuuste akademiese debat wat enige artikel betref aanvaar.

**Datums:**
Ontvang: 2025-10-03 Goedgekeur: 2026-05-12 Gepubliseer: Junie 2026


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4273

**ABSTRACT**

***Defiling the human body in perspective***

*In the light of what one has witnessed in the course of approximately the last six years, it is probably not difficult for informed people to relate the notion of 'defiling (or desacralising, violating) the human body' to the time in which we live. For example, there is accumulating evidence that the so-called COVID "vaccines" contain nanoscale items which change the human body into something it was not before the jab was administered. However, one may be less inclined to connect this idea with historical events dating back centuries, which may nonetheless be understood as providing a suitable backdrop for a comprehension of what has been happening recently, probably for a number of decades already.*

*The historical events in question date back to the beginning of the 14th century, when a papal bull (named after the leaden seal or "bulla" which marked it as authentic) was issued (by Pope Boniface VIII) to decree that it was prohibited by the Catholic Church to cut the body of a deceased person into pieces, because it was in conflict with the Church's sacraments. The context in which this happened concerns the seven Christian crusades aimed at liberating Jerusalem from Mohammedan occupation. This is explored in the first of the fascinating two-volume study of the Dutch phenomenologist, J.H. Van den Berg, titled* Het Menselijk Lichaam, Part One – Het Geopende Lichaam [The Human Body – The Opened Body]. *These volumes trace the changing conceptions of the human body from approximately the 14th century until the 20th century, against the backdrop of Hippocrates's notion of medical treatment in ancient Greece.*

*During the crusades it seemed unacceptable to bury important figures among fallen soldiers in the soil of a foreign country, but sending their bodies back to Europe posed the intractable problem of the flesh decomposing in the heat – there were no cooling or freezing facilities like those of today. A "solution" that presented itself was to boil the bodies, remove the flesh from the skeleton, inter the flesh in the foreign land, and return the skeleton to the country where the deceased had come from. The papal bull mentioned earlier addressed this state of affairs by rejecting this practice. Here is the explanatory subtitle of the papal bull (I translate from the Dutch in Van den Berg's book, p. 79):*

> Cutting the corpses into pieces and boiling them, with the aim of separating the bones, through this treatment, from the flesh, to send them for burial in their own country, is in conflict with the sacraments.

*Van den Berg makes it clear that that the papal bull concerned the procedure during the crusades of cutting up and boiling bodies of important figures who had died, with the purpose of returning their bones to their home countries. He quotes from the bull, in which this practice was described as the "cruel breaking apart of bodies," which was "hideous in the eyes of God," to emphasise the gravity with which this matter was regarded.*

*The point of elaborating on this rather grisly historical phenomenon is to highlight the intrinsic value, even sacrosanctity, that was attributed to the human body during the late Christian Middle Ages, as manifested in the horror with which what was seen as an act of desacralisation was regarded. As Van den Berg proceeds to demonstrate, this was not limited to the papal bull's rejection of the dismemberment practice during the crusades described above. In fact, it is apparent from his perspicacious interpretive analysis of the attitude of two of the first anatomists in history, Mundinus (also known a Mondino De'Luzzi) and Vigevano (Guido da Vigevano), that the people of the time – specifically those whose attention was*

*focused on the human body – were, to use Van den Berg's term, "pervaded" ("doordrongen") by this same "rejection" (p. 82).*

*Put differently, all the available evidence suggests that these anatomists perceived the human body, which they studied, as inviolable, sacrosanct – so much so that they recoiled from what they clearly perceived as violating it by certain acts that were required for the productive practice of their science. In the case of Mundinus this amounted to a refusal to boil the basilar bone – a section of the main skull bone, with a critical function regarding the structural integrity of the skull base and cavity – which is so complicated that it requires careful scrutiny, and was impossible to study thoroughly at the time unless all the tissue was removed from it through boiling, which also prevented decomposition. The puzzling thing is that Mundinus's refusal was not explicitly prescribed by the Church; just like Vigevano after him, he was free to boil bones to facilitate anatomical study, and yet he refrained from doing this, even calling it "a sin" which he "omitted" (p. 81). Van den Berg observes that Mundinus was probably aware of this. Nevertheless, one is struck by the resonance of the latter's refusal with the papal bull's decree concerning the boiling and dismemberment of corpses.*

*In the case of Vigevano, Mundino's student, his refusal to engage in what he evidently understood as the defilement or desanctification of the human body manifests itself differently. Like Mundinus, he must have known that anatomical studies involving opening (or boiling) the bodies of the deceased were not overtly forbidden by the Church, and yet, judging by the introduction to his book on anatomy (1345), he also chose to (mis-)understand the Church's position on this. Van den Berg quotes Vigevano as follows (I translate from the Dutch, p. 83):*

> Because the practice of anatomical investigation has been prohibited by the Church, and medical knowledge would be imperfect for as long as it is not accompanied by insights gained from dissection, therefore shall I, Guido of Vigevano, demonstrate the anatomy of the human body by means of faithful images [that is, drawings], which makes it possible to study anatomy without being troubled by smells [probably a reference to decomposing flesh].

*Van den Berg points out the ostensible contradiction in this statement, which amounts to Vigevano saying that he practices anatomy because the Church forbids it. However, the true intention of the Italian anatomist emerges, he observes, when one reflects on the sense of providing anatomical drawings: by providing these illustrations, Vigevano was intent on preventing future anatomists from "sinning" by cutting and opening up the bodies of the dead. At the same time the Dutch philosopher hastens to point out the conspicuous hypocrisy on the part of Vigevano: for the sake of his successors, and for the sake of his book, Vigevano himself must of necessity have "sinned" by dissecting and observing the structure of the human body.*

*The point of all of this is that both Mundinus and his student Vigevano were sufficiently persuaded of the sanctity of the human body (of the deceased) that – notwithstanding the fact that the Church did* **not** *prohibit the dissection of cadavers by anatomists – they nevertheless continued believing that it would be a significant sin to defile or violate human corpses by opening them up, even if this was done in the interest of science. They displayed nothing less than a blind spot as far as the Church's affirmative position on anatomical procedures was concerned, evidently motivated by a deep-rooted belief that, as the Paulinian dictum has it, "…your body is a temple of the Holy Spirit within you, whom you have from God" (1 Corinthians 6: 19). From this one can infer that it would equally have been regarded as a sin by them if the body of a living person had been "opened up" by physicians.*

*How does this 14th-century perspective compare with the attitude towards the human body that one witnesses in today's world? Does one perceive a similar deference, or perhaps rather reverence, for the human body today? Putting it plainly, the medieval detour above, puts current practices involving the human body in a perspective that should be unsettling disconcerting and downright disturbing to anyone who values their own body, and those of others, for the well-nigh miraculous living entity it is. Anyone who doubts this merely has to take note of the many instances of one's body recovering from serious illness.*

*Returning to the issue of violating the body, for a long time, anatomists, physicians and surgeons have no longer been bothered by the thought that it might be sinful, or "wrong" to open up human bodies (in anatomy or during surgery) when this is done to further the health or recovery of the person whose body it is. But somewhere along the line the attitude that one must presuppose on the part of such well-meaning scientists and physicians changed. Unless this is assumed, one cannot possibly explain the veritable contempt, if not hatred, for human bodies that arguably underpins the development of pseudo-vaccines (referred to at the outset in this article), which demonstrably change the bodies of people in whom they are injected, into something that is no longer what they were before the injection. If you doubt this, consider this abstract of the study by Oller, Santiago & Broudy (2025):*

> The CDC denies that COVID-19 injections from Pfizer, Moderna, or Novavax can cause magnetism, even at the site of the injection. The CDC claims that the three ferromagnetic metals consisting of iron, cobalt, and nickel, and the rare earth chemicals used in magnets cerium, hafnium, lanthanum, gadolinium, and erbium are not in the US approved injectables. However, a 2024 study using inductively coupled plasma-mass spectrometry (ICP-MS), detected all these and many other undeclared elements in lots of Pfizer, Moderna, and five other brands of COVID-19 injectables. By contrast with the CDC denials, James Giordano, who has become Director of the Defense Advanced Research Projects Agency (DARPA), has argued since 2018 that the human brain is the battleground for DARPA's "disruptive technologies" of warfare using magnetic nanoparticles delivered "intranasally, intravenously, or intraorally" all without surgery to achieve "mind-control" by adjusting the frequencies, power, and directionality of the electromagnetic forces. The science of magnetofection is little known but has been under development for decades. We explain it here and ask, could militarized experimentation with magnetic nanoparticles be involved in causing the documented outcomes of proteinaceous clotting, cardio-vascular conditions, strokes, new autoimmune diseases, unprecedented rapidly developing "prion diseases", "turbo" cancers, and sudden deaths many of these occurring in otherwise young and healthy recipients of the experimental COVID-19 injectables? The research discussed in this paper implies that an affirmative answer cannot be ruled out.

*If the use of "disruptive technologies" pertaining to "warfare using magnetic nanoparticles" which are injected into the human body – supposedly, and ironically, for "protecting" it against the effects of a "lethal" pathogen called the "novel coronavirus" – which was probably manufactured in a laboratory (Dellatto 2023; Henein 2023) – does not strike one as an assault on the integrity and intrinsic value of one's body (or its sanctity), I would argue that one lacks a certain value-orientation that is essential for human life to survive, and to flourish. Anyone who approves of the procedures described in the abstract above, displays nothing less than abject nihilism – something the 14th-century anatomists discussed earlier certainly did not display.*

*Furthermore, the study cited above is one of many – too many to refer to here. Everywhere one looks you find similar scientific reports (never encountered in mainstream media) on the devastating outcomes the COVID 'vaccines' (particularly the mRNA varieties) have had on the bodies of millions of people who took the injection in good faith, never suspecting that they were nothing more than human guinea pigs. One could go on and on about this – study after study reveals the ineradicably detrimental effects of the COVID 'vaccines' among their recipients.*

*Perhaps the final blow to our bodily integrity and its irreplaceable value comes from a 2023 study, where the researchers found that – contrary to what so-called fact-checkers had claimed – "…mRNA COVID vaccines permanently integrate into the DNA of some COVID-vaccinated people." Put bluntly, it has the capacity to alter human DNA, changing one from* Homo *and* Gyna sapiens *into something else, namely a biogenetically altered "variation" on our naturally evolved hominin species. Does anyone have the right to use, or abuse, genetic science to change the human body in what can only be described as a violent, violating, manner? Arguably not.*

*It is superfluous to labour the point further; it has been shown that, compared to the value attached to the human body in the 14th century, as witnessed in the refusal of two anatomists, to "sin" by dissecting the deceased human body, judging by the consequences of receiving (particularly the mRNA) COVID jab in the present time, powerful agencies have no compunction about defiling and damaging the bodies of human beings. This is abundantly demonstrated by many scientific studies that reveal the detrimental, and in many instances lethal, effects on people's bodies of the contents of these pseudo-vaccines. This cynical disregard for the value and moral integrity of the human body – clearly perceptible in 14th-century attitudes – is symptomatic of a reprehensible, pervasive nihilism on the part of the "people" who have orchestrated the unconscionable assault in question, and constitutes the most encompassing "crime against humanity" in recorded history.*

*Thorough attention is also given to two heuristic sources: firstly, Habermas's theory of the three divergent "interests" which guide three distinct groups of sciences, and which repudiate the previously accepted conception of scientific practice being "neutral" or "disinterested". Secondly, Lacan's psychoanalytic theory of "the four discourses" is scrutinised, which similarly discloses the fact that language is not disinterested either, insofar as it unavoidably promotes some kind of power. Against this backdrop it is theoretically understandable what motivated the (attempted) large-scale democide, which manifested itself in 2020.*

**KEY WORDS:** defilement, human body, reverence, techno-science, COVID-19, "vaccines", nihilism

**TREFWOORDE:** verontreiniging, menslike liggaam, eerbied, tegno-wetenskap, COVID-19, "entstowwe", nihilisme

## OPSOMMING

Dit waarskynlik nie moeilik vir ingeligte mense om die idee van "die verontreinigde liggaam" met sommige van die gebeure oor die afgelope ses jaar in die wêreld te verbind nie. Groeiende wetenskaplike getuienis dui daarop dat die veronderstelde COVID-19-"entstowwe" mikroskopiese voorwerpe bevat wat die menslike liggaam kwalitatief omvorm tot iets wat dit nie vóór die toediening van die inspuiting was nie. Hierdie verreikende gebeure kontrasteer drasties met houdings teenoor die menslike liggaam in die verre verlede, wat die historiese konteks

voorsien om tydgenootlike ontwikkelinge beter te begryp. Hierdie konteks dateer terug na die 14de eeu, toe die pous 'n dekreet (bul) uitgereik het wat tydens die kruistogte 'n verbod op die opsny van 'n gesneuwelde soldaat se liggaam geplaas het omdat dit teenstrydig was met die Katolieke Kerk se sakramente, waarvolgens die mens se liggaam as heilig beskou is. Daarbenewens het twee vroeë anatome van die tyd, Mundinus en Vigevano, eweneens geweier om lyke oop te sny vanweë hul eerbied vir die menslike liggaam, al het die Kerk nie wat die anatomie betref so iets verbied nie. In teenstelling met die Middeleeuse opvatting, wat die verontreiniging van die liggaam verwerp het, is daar tans steeds toenemende getuienis dat sodanige verontreiniging reeds geruime tyd aan die gang is, spesifiek in die vorm van die tegnowetenskaplike konstruksie van die sogenaamde "nuwe koronavirus" – wat demonstreerbaar geen natuurlike entiteit is nie – asook, nog erger, van (veral) die mRNA pseudo-entstowwe, wat gedeeltelik bioties, gedeeltelik tegnies van aard is.

Vir diegene wat oningelig is, mag dit na Grieks klink, dog die bewyse hiervoor is in die vorm van patente deur dapper verklikkers aan die lig gebring. Bowendien bring meer en meer wetenskaplike studies in Emosiebelaaide woord tydskrifte aan die lig dat die uitwerking van hierdie substansies, wat in biljoene mense se liggame gespuit is, verreikend van aard is op 'n negatiewe manier. Die gevolge wissel van ernstige patologiese simptome tot sterftes. Daar word na hierdie studies verwys daaruit aangehaal, en dit wat nou in die openbare ruimte toeganklik is, word onder die loep geneem en bespreek, deur byvoorbeeld te wys op die media-onderdrukking van gegewens oor die toenemende sterftes onder diegene wat goedertrou die "inspuiting" aanvaar het. 'n Belangrike aspek van die argument fokus op die vraag wat die moontlike motivering was/is vir die afkeurenswaardige aanslag teen die mensdom via tegnowetenskaplike middele. Om hierdie vraag te beantwoord, word daar uitvoerig aandag gegee aan twee heuristiese bronne: Habermas se teorie van die drie uiteenlopende "belange" wat onderliggend is aan drie verskillende groepe wetenskappe, en wat die voorheen aanvaarde opvatting dat wetenskapsbeoefening "neutraal" of "waardevry" is die nek omdraai. Tweedens word Lacan se psigoanalitiese teorie van "die vier diskoerse" onder die loep geneem, wat eweneens aan die lig bring dat *taal*, vir sover dit onvermydelik die een of ander soort mag bevorder, nie "onskuldig" is nie. Teen hierdie agtergrond kan verstaan word op watter gronde die grootskaalse (poging tot) mensemoord wat in 2020 kop uitgesteek het ontkiem en gegroei het. Op die keper beskou, is dit 'n manifestering van radikale nihilisme, wat met woord en daad teengestaan moet word.

**Inleiding: Laat-Middeleeuse opvattings oor die menslike liggaam**

In die lig van wat in die loop van ongeveer die afgelope ses jaar dwarsoor die wêreld gebeur het – sedert die aanvang van die sogenaamde "pandemie" – is dit waarskynlik nie moeilik vir ingeligte mense om die idee van "die verontreinigde liggaam" met sommige van hierdie gebeure te verbind nie. Daar is byvoorbeeld groeiende wetenskaplike getuienis dat die veronderstelde COVID-19-"entstowwe" mikroskopiese, nanoskaalvoorwerpe bevat (Oller, Santiago & Broudy 2025; sien ook Dmitry 2023) waarvan die uitwerking op die menslike liggaam daarop neerkom dat laasgenoemde kwalitatief nadelig omvorm word tot iets anders as wat dit vóór die toediening van die inspuiting was (meer hieroor in wat volg). In vergelyking met hierdie verreikende gebeure in die huidige tyd mag 'n mens vermoed dat soortgelyke verskynsels in die verre verlede waarskynlik afwesig was, wat by nadere ondersoek wel blyk die geval te wees, ofskoon hierdie verlede juis die historiese konteks voorsien om tydgenootlike ontwikkelinge beter te begryp.

Die tersaaklike historiese gebeurtenisse dateer terug na die begin van die 14de eeu, toe ’n pouslike bul (so genoem vanweë die loodseël of “bulla” wat die outentisiteit daarvan bevestig het) deur Pous Boniface VIII uitgereik is, met die dekreet dat die Katolieke Kerk ’n verbod op die opsny van ’n oorlede persoon se liggaam plaas omdat dit teenstrydig was met die Kerk se sakramente. Die omstandighede waaronder hierdie bevel uitgevaardig is, was die sewe kruistogte wat daarop gemik was om Jerusalem van Mohammedaanse besetting te bevry, wat deur die Nederlandse fenomenoloog, J.H. Van den Berg, in die eerste van sy boeiende tweevolumestudie, getitel *Het Menselijk Lichaam*, *Deel Een – Het Geopende Lichaam* (1959) onder die loep geneem word. Teen die agtergrond van Hippokrates se benadering tot mediese behandeling, fokus hierdie volumes op die veranderende opvattings ten opsigte van die menslike liggaam vanaf ongeveer die 14de tot die 20ste eeu.

Gedurende die kruistogte – so herinner Van den Berg (1959: 74-81) ons – was dit klaarblyklik onaanvaarbaar om belangrike figure onder die gesneuwelde soldate in die grond van ’n vreemde land te begrawe. Die alternatief, om hul liggame terug te stuur na Europa, het voor die onoorkomelike probleem te staan gekom dat hul vlees in die hitte sou ontbind. Daar was immers geen verkoelings- of bevriesingsfasiliteite soos vandag nie. ’n “Oplossing” hiervoor was om die lyke te kook, die vlees van die geraamte te verwyder en in die vreemde land te begrawe, en die skelet terug te stuur na die oorledene se land van oorprong. Die pouslike bul waarna vroeër verwys is, het op hierdie praktyk betrekking gehad, en het dit ondubbelsinnig verwerp (Van den Berg 1959: 79):

> Zij de lijken stuksnijden en koken met het doel de beenderen, door deze behandeling van het vlees gescheiden, ter begrafnis naar het eigen land te zenden, zijn verstoten van de sakramenten.

Van den Berg maak dit dus duidelik dat die pouslike bul die gebruik om die beendere van belangrike gesneuweldes langs die weg van bogenoemde prosedure na hul tuislande te vervoer om daar ter aarde bestel te word, uitdruklik deur die pous verwerp en dus verbied is. Hy haal verder uit die bul aan (p. 80), waar hierdie praktyk as “wreed uit elkaar slaan van het lichaam” en “afschuwelijk voor het aangezicht van de verheven God” beskryf word, om die ernstige lig te beklemtoon waarin hierdie saak beskou is. Hy maak ook die (soos weldra sal blyk) belangrike opmerking dat die pouslike bul geen woord oor anatomiese “opening” van die liggame van dooie mense rep nie.

Die rede vir bostaande uitbreiding op hierdie ietwat grusame historiese verskynsel is om die aandag te vestig op die intrinsieke waarde, of selfs die heiligheid waarmee die menslike liggaam tydens die Christelike Laat Middeleeue bejeën is. Dit blyk immers uit die afgryse waarmee die verskeuring van lyke, soos hier bo beskryf, bejeën is, selfs wanneer die rede daarvoor begrypbaar was. Soos Van den Berg verder demonstreer, was dit nie tot die pouslike bul se verwerping van die liggaamlike verbrokkelingspraktyk tydens die kruistogte beperk nie. Om die waarheid te sê, dit blyk uit Van den Berg se skerpsinnige interpretasie van die benadering van twee van die vroegste anatome in die geskiedenis – Mundinus (Mondino De’Luzzi) en Vigevano (Guido da Vigavano) – tot die vraag of dit geregverdig is om die menslike liggaam te “open” (met ander woorde, in die gang van anatomiese ondersoek oop te sny), dat hulle eweneens sodanige praktyk verwerp het. Van den Berg (1959: 82) gebruik die woord “doordrongen” om te beklemtoon dat hulle “deurdring” was van die gees van sodanige verwerping, in weerwil van die feit dat die pous **nie** die anatomiese praktyk (om lyke oop te sny ten einde die nodige waarnemings wat op hul wetenskap betrekking het uit te voer) belet het nie.

Anders gestel, uit Van den Berg se werk blyk dit dat al die beskikbare getuienis daarop dui dat hierdie anatome die menslike liggaam, wat hulle bestudeer het, as heilig en onskendbaar beskou het – soveel so dat hulle selfs weggedeins het van bepaalde handelinge wat argumenteerbaar nodig was vir die produktiewe bedryf van hul wetenskap.

By Mundinus het hierdie uiters konserwatiewe houding na vore gekom in sy weiering om die rotsbeen (*basilar bone*) – 'n onderdeel van die hoofskedelbeen, met 'n kritiese funksie ten opsigte van die strukturele integriteit van die skedelbasis en -holte – te kook ten einde die bestudering daarvan te vergemaklik. Hierdie been is so gekompliseerd dat dit sorgvuldige waarneming vereis, wat gedurende daardie tyd (die 14de eeu) onmoontlik was sonder die verwydering van alle liggaamsweefsel nadat dit gekook is (wat natuurlik ook ontbinding verhoed het). Die eienaardige ding is dat, soos reeds kortliks genoem, Mundinus se weiering nie eksplisiet deur die Kerk verbied is nie. Net soos Vigevano ná hom, kon hy beendere kook ten einde anatomiese studie te vergemaklik, en tog het hy homself hiervan weerhou en daarna verwys as 'n "sonde" wat hy "vermy" (Van den Berg 1959:81). Van den Berg merk op dat Mundinus waarskynlik hiervan bewus was. Die weerklank van laasgenoemde se verwerping van anatomiese praktyke, soos die oopsnyding en kook van lyke, met die pouslike bul ten opsigte van die verbrokkeling van dooie liggame, is nietemin opvallend.

By Vigevano, Mundino se leerling, word die weiering om wat hy klaarblyklik as die verontreiniging (of ontheiliging) van die menslike liggaam beskou het, op 'n ander wyse gemanifesteer. Hy het waarskynlik ook, soos Mundinus, geweet dat anatomiese navorsing wat die oopsny of kook van lyke behels nie uitdruklik deur die Kerk belet is nie. Desnietemin, te oordeel aan die inleiding van sy boek oor anatomie (1345), het hy eweneens verkies om die kerklike standpunt hieroor te "misverstaan". Van den Berg haal Vigevano as volg aan (1959:83):

> Aangezien het verrichten van anatomisch onderzoek door de kerk is verboden, en medische kennis onvolmaakt moet heten zolang zij niet gepaard gaat met ontleedkundig inzicht, daarom zal ik, Guido van Vigevano, de anatomie van het menselijk lichaam demonstreren aan de hand van getrouwe afbeeldingen, welke afbeeldingen tevens mogelijk maken anatomie te bestuderen zonder deur de reuk gehinderd te zijn. [Waarkynlik 'n verwysing na ontbindende liggaamsweefsel; B.O.]

Van den Berg vestig die aandag op die oënskynlike teenspraak in hierdie stelling, wat daarop neerkom dat Vigevano sy eie praktisering van anatomie regverdig met die **verbod** wat die Kerk daarop geplaas het. Die ware bedoeling van die Italiaanse anatoom word egter duidelik, so merk hy op, wanneer 'n mens oor die sin van die anatomiese tekeninge nadink: Deurdat hy hierdie illustrasies voorsien, wou Vigevano toekomstige anatome verhoed om te "sondig" deur die liggame van dooies oop te sny. Terselfdertyd haas die Nederlandse fenomenoloog om op Vigevano se opvallende skynheiligheid te wys: Ter wille van sy nakomelinge en ter bevordering van sy eie boek moes Vigevano self noodwendig "gesondig" het deur die oopsny, ontleding en waarneming van die struktuur van die menslike liggaam.

Die rede vir bostaande uitbreiding op die twee Italiaanse anatome se paradoksale houding ten opsigte van die beoefening van anatomie, is om te beklemtoon dat beide Mundinus en sy leerling, Vigevano, genoegsaam van die heiligheid en onskendbaarheid van die menslike liggaam (in hierdie geval van die dooies) oortuig was, dat – ongeag die feit dat die Katolieke Kerk **nie** die ontleding van lyke deur anatome verbied het nie – hulle desnietemin volgehou het met hul oortuiging, dat dit 'n kardinale sonde sou wees om lyke van mense te verontreinig deur hulle oop te sny, selfs al sou dit in die belang van die wetenskap wees. Hulle het niks

minder as ’n blinde kol vertoon vir die Kerk se bevestigende posisie wat anatomiese prosedures betref nie, klaarblyklik gemotiveer deur die diepgewortelde oortuiging dat – soos die Pauliniese uitspraak dit ste “… jou liggaam is ’n tempel vir die Heilige Gees in jou, wat jy van God het” (I Korinthe 6:19). Hieruit kan ’n mens aflei dat dit eweseer vir hulle ’n sonde sou wees indien die liggaam van ’n lewende persoon by wyse van ’n operasie deur snykundiges “geopen” sou word (wat lank reeds ’n onbevraagtekende mediese gebruik is).

**Hedendaagse gebruike ten opsigte van die menslike liggaam**

’n Mens mag wonder hoe hierdie Laat Middeleeuse opvattings oor die menslike liggaam met die huidige tyd vergelyk, maar lesers sal onthou dat daar aan die begin van hierdie artikel reeds ’n vlugtige aanduiding gegee is van wat ’n mens kan verwag – toe daar na die steeds vermeerderende wetenskaplike navorsing verwys is, waaruit blyk dat die sogenaamde COVID-19-“entstowwe” geensins “entstowwe” in die tradisionele sin is nie. Inteendeel, soos reeds kortliks genoem, bring die resentste studies (byvoorbeeld Oller, Santiago & Broudy 2025) aan die lig dat hulle eintlik eksperimenteel van aard is, en bowendien ’n kwalitatief transformerende, detrimentele uitwerking op mense se liggame het. Hieruit kan reeds afgelei word dat daar vandag, in wat veronderstel is om (tegno-)“wetenskaplike” kringe te wees, geen vergelykbare eerbied vir die menslike liggaam bespeur kan word nie – al is dit natuurlik die geval dat eerbied vir die liggaam by sekere organisies (soos kerke) en individue steeds die opvatting mag wees. Wat dit betref, verskaf die Middeleeuse ompad, soos hier bo uiteengesit, huidige mediese en farmaseutiese praktyke waarby die menslike liggaam betrokke is, in ’n perspektief wat na regte hoogs ontstellend behoort te wees vir iedereen wat hul liggaam, asook dié van ander mense, waardeer as die vrywel wonderbaarlike entiteit wat dit is. Enigiemand wat dit betwyfel, hoef slegs kennis te neem van die vele gevalle van die herstel van ’n mens se liggaam ná ’n ernstige siekte, wat die liggaam se vermoë om sigself te genees, bevestig soos hierdie uittreksel eksplisiet aandui (American Chemical Society):

> Almost everyone is born with one or more kinds of innate immunity or defenses against things that could hurt us. Examples of these defenses include our skin; tears (to get rid of dust/bugs/germs); mucus (like snot to trap germs/dust, which we sneeze and cough up, or swallow and excrete); saliva (to break down pathogens, or disease-causing germs); and stomach acid (to kill foreign particles that we’ve swallowed). When you get a fever, it’s your body’s way of fighting the infection, because by raising our body’s temperature, we make it difficult for pathogens to multiply. More examples include the way that blood clots work to stop bleeding, and how scabs form over wounds as they heal. These are all ways your body works naturally to protect you!

Wat die kwessie van die verontreiniging van die liggaam betref, is dit natuurlik lank reeds die geval dat anatome, mediese dokters en snydokters hulself geensins meer oor die vraag bekommer of dit moontlik “sondig” of moreel verkeerd mag wees om menslike liggame oop te sny nie, mits dit gedoen word (in die geval van lewendes) met die veronderstelde doel om hul gesondheid of herstel van ’n siekte daardeur te bevorder. ’n Mens moet egter aanneem dat hierdie benadering by welmenende mediese (en farmaseutiese) wetenskaplikes intussen by sommige verander het. Sonder ’n sodanige aanname is dit onmoontlik om die waaragtige minagting, indien nie haat nie, te begryp vir mense en menslike liggame, wat klaarblyklik onderliggend is aan die ontwikkeling van pseudo-entstowwe wat ’n (demonstreerbare) vernietigende uitwerking op mense se liggame het. Indien die akkuraatheid van hierdie stelling

betwyfel word, kan ’n mens slegs die abstrak sorgvuldig oorweeg van die artikel deur Oller, Santiago en Broudy (2025) waarna hier bo verwys is, en in gedagte hou dat dit maar één van vele is wat die afgelope tyd in invloedryke wetenskaplike tydskrifte verskyn het (die volle artikel kan gelees word deur die skakel in die bibliografie te volg):

> The CDC denies that COVID-19 injections from Pfizer, Moderna, or Novavax can cause magnetism, even at the site of the injection. The CDC claims that the three ferromagnetic metals consisting of iron, cobalt, and nickel, and the rare earth chemicals used in magnets cerium, hafnium, lanthanum, gadolinium, and erbium are not in the US approved injectables. However, a 2024 study using inductively coupled plasma-mass spectrometry (ICP-MS), detected all these and many other undeclared elements in lots of Pfizer, Moderna, and five other brands of COVID-19 injectables. By contrast with the CDC denials, James Giordano, who has become Director of the Defense Advanced Research Projects Agency (DARPA), has argued since 2018 that the human brain is the battleground for DARPA’s ‘disruptive technologies’ of warfare using magnetic nanoparticles delivered ‘intranasally, intravenously, or intraorally’ all without surgery to achieve ‘mind-control’ by adjusting the frequencies, power, and directionality of the electromagnetic forces. The science of magnetofection is little known but has been under development for decades. We explain it here and ask, could militarized experimentation with magnetic nanoparticles be involved in causing the documented outcomes of proteinaceous clotting, cardio-vascular conditions, strokes, new autoimmune diseases, unprecedented rapidly developing ‘prion diseases’, ‘turbo’ cancers, and sudden deaths many of these occurring in otherwise young and healthy recipients of the experimental COVID-19 injectables? The research discussed in this paper implies that an affirmative answer cannot be ruled out.

Indien die benutting van “ontwrigtende tegnologieë” wat op “oorlogvoering deur middel van magnetiese nanopartikels” betrekking het (soos hier bo aangedui) en in mense se liggame ingespuit word ’n mens nie as ’n aanslag op die integriteit en intrinsieke waarde (selfs heilig-heid) van mense se liggame tref nie, sou ek wou argumenteer dat daar sprake is van die **afwesigheid** van ’n bepaalde waardeoriëntasie wat onmisbaar is vir die oorlewing en florering van die menslike spesie. Immers: Die toediening van genoemde inspuitings is, ironies genoeg, voorgehou as **noodsaaklike** beskerming teen die uitwerking van ’n “dodelike” patogeen bekend as die “nuwe koronavirus” – wat waarskynlik nie ’n natuurlike oorsprong gehad het nie, maar in ’n laboratorium vervaardig is (Dellatto 2023; Henein 2023) – in teenstelling met die gebruik van ander effektiewe middele soos ivermektien en hidroksiechlorokien (Kennedy 2021:47-145; 2022:16-27). Indien ’n mens die prosedures goedkeur wat in bostaande abstrak beskryf word, sou dit argumenteerbaar blyke gee van volslae nihilisme – die afwesigheid van ’n sin vir intrinsike waarde – wat beslis nie by die 14de-eeuse anatome wat vroeër bespreek is, bespeur kan word nie.

Bowendien is die studie waarna verwys is, soos reeds opgemerk, slegs een van baie (te veel om vollediglik bespreek te word). Oral waar ’n mens in die “alternatiewe media” soek, vind jy soortgelyke verslae of wetenskaplike studies – wat nêrens in hoofstroommedia gerapporteer word nie – oor die verpletterende uitwerking wat die sogenaamde COVID- (veral mRNA)-“entstowwe” op die liggame van miljoene mense gehad het, wat goedertrou en niksvermoedend die inspuiting geneem het, min wetende dat hulle niks meer as menslike proefkonyne was nie. So het Roh Jung, Suh, en Kim (2024) byvoorbeeld in ’n internasionale mediese tydskrif volgens die artikel se abstrak as volg verslag gedoen:

**Background**
The challenges of the COVID-19 pandemic extend to concerns about vaccine side effects, particularly potential links to neurodegenerative diseases such as Alzheimer's disease (AD).

**Aim**
This study investigates the association between COVID-19 vaccination and the onset of AD and its prodromal state, mild cognitive impairment (MCI).
**Design**
A nationwide, retrospective cohort study leveraging data from the Korean National Health Insurance Service was conducted.

**Methods**
The study, conducted in Seoul, South Korea, analyzed data from a random 50% sample of city residents aged 65 and above, totaling 558 017 individuals. Participants were divided into vaccinated and unvaccinated groups, with vaccinations including mRNA and cDNA vaccines. The study focused on AD and MCI incidences post-vaccination, identified *via* ICD-10 codes, using multivariable logistic and Cox regression analyses. Patients with vascular dementia or Parkinson's disease served as controls.

**Results**
Findings showed an increased incidence of MCI and AD in vaccinated individuals, particularly those receiving mRNA vaccines, within three months post-vaccination. The mRNA vaccine group exhibited a significantly higher incidence of AD (odds ratio [OR]: 1.225; 95% confidence interval [CI]: 1.025–1.464; $P=0.026$) and MCI (OR: 2.377; CI: 1.845–3.064; $P<0.001$) compared to the unvaccinated group. No significant relationship was found with vascular dementia or Parkinson's disease.

**Conclusions**
Preliminary evidence suggests a potential link between COVID-19 vaccination, particularly mRNA vaccines, and increased incidences of AD and MCI. This warrants the need for further research to elucidate the relationship between vaccine-induced immune responses and neurodegenerative processes, advocating for continuous monitoring and investigation into the vaccines' long-term neurological impacts.

Om hierdie bevindinge ietwat te verhelder, verduidelik Bergman (2024) hulle as volg:

> A leading American epidemiologist has warned the public that Covid mRNA "vaccines" are a "chemical lobotomy" that "cause severe brain damage and DEVASTATE mental health."
> The warning was issued by renowned McCullough Foundation epidemiologist Nicolas Hulscher.
> Hulscher has been one of the leading voices in raising alarms about the dangers of mRNA "vaccination."
> During a new interview… Hulscher warned that a major study [sien Roh, Jung, Suh, en Kim 2024; B.O.] has confirmed that the mRNA injections have caused multiple neurological disorders to surge.
> He explains that the spike protein from the COVID shots is entering the brain and causing inflammation.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4273

> This inflammation then causes brain damage, leading to severe cognitive impairment. Hulscher revealed that cognitive impairment has skyrocketed by a staggering 140% among those who received mRNA jabs.

’n Mens sou so kon voortgaan – die een studie ná die ander lê die onuitwisbare nadelige uitwerking bloot van die COVID-“entstowwe” op diegene wat hulle ontvang het wat nie eens meer deur die CDC in Amerika geïgnoreer kan word nie (Bergman 2025, 2025a). In die abstrak van nog ’n belangrike onlangse studie oor die “[…] outcomes of myocarditis after mRNA COVID-19 vaccination in Australia” in die mediese tydskrif *Nature’s Vaccines* word beweer (Deng, Van Eldik, O’Moore, Buttery e.a. 2025):

> Clinical progression and medium-long term morbidity from myocarditis following mRNA COVID-19 vaccinations remains an important but undefined public health concern. We conducted prospective follow-up of individuals with either confirmed or probable myocarditis following monovalent Pfizer-BioNTech BNT162b2 or Moderna mRNA-1273 vaccination between 21 April 2021 and 5 July 2022 in Australia. Of 256 individuals who consented to follow up, mostly males following a second dose, 60% (133/221) had ongoing symptoms at 3-6 months and 35% (81/231) at 12-18 months. Self-reported ongoing exercise restrictions, medication requirements, and hospital re-presentations were associated with ongoing symptoms, as was a lower self-reported health status and quality of life.

Dit is waarskynlik oorbodig om verdere getuienis van die dodelike aard van wat aanvanklik voorgehou is as die “reddende” middel teen COVID-19 (Kennedy 2021: 47-145; 2022: 16-27) hier te verstrek, in weerwil van oorvloedige aanduidings dat hierdie pseudo-entstowwe juis die teenoorgestelde uitwerking gehad het, soos ondubbelsinnig uit Robert Malone en Denis Rancourt (Malone 2023) se navorsing blyk. Reeds in 2023 het die dodetal wat aan die toediening van dié “entstowwe” toegeskryf kan word op 17 miljoen gestaan. In die loop van sy verduideliking van sy navorsingmetode – met ander woorde, hoe hy uitgekom het by die totaal van 17 miljoen sterftes wat aan die “entstowwe” toegeskryf kan word – verklaar dr Rancourt (in die getranskribeerde teks van sy mondelinge aanbieding (Malone 2023)):

> And so if we look at, this is how we prove that the vaccines were actually causing the death, is that every time you rolled out a dosed [sic], you got immediately following an excess mortality. So this is the case of Israel. So doses one and two, then the first booster, the second booster, and so on. And you can do it by age group like we’re doing it here. You start with the most elderly and you go down by age.
>
> And what you find is that by age, the toxicity of the vaccine, because we come to understand that the vaccine is a toxic substance that each person is going to react to differently, just like in toxicology, that if you give more doses, it’s more dangerous because there’s damage from the first doses. All the principles of toxicology are being followed here in addition to the high age dependence. So what we found is that there is an exponential increase in the toxicity of the vaccine per dose. And the doubling time by age is four or five years of age. So your risk of dying per injection doubles every four or five years in age.

Geen wonder nie dat Ed Dowd (Lindfield 2025) – ’n datadeskundige – in ’n resente onderhoud daarop wys dat daar tans volgens data wat van versekeringsmaatskappy afkomstig is, ongeveer 5000 mense per week in Amerika sterf van oorsake wat met die COVID-“entstowwe” verband hou – ’n volksmoord op groot skaal. ’n Verontrustende verskynsel rondom hierdie opsien-

barende gebeure is dat die gesinne van gestorwenes, asook ernstig "beseerdes", deur vrees die stilswye opgelê word, en dat die hoofstroommedia alle inligting hieroor onderdruk – dit is slegs in alternatiewe media toeganklik.

Dit mag verrassend voorkom dat Pfizer – die farmaseutiese maatskappy wat verantwoordelik is vir een van die mRNA-"entstowwe" wat wêreldwyd vir biljoene mense ingespuit is – self 'n ondersoek uitgevoer het oor die uitwerking daarvan, waarvan 'n vergelyking tussen "gevaksineerdes" en "ongevaksineerdes" deel uitgemaak het. Die resultate is doodgeswyg deur die hoofstroommedia, maar wel deur alternatiewe nuusbronne gerapporteer. Só skryf Dmitry (2024):

> This study, conducted under the oversight of European regulators, analyzed health outcomes in over 12 million vaccinated individuals compared with 12 million matched unvaccinated controls. It specifically examined 37 adverse events of special interest (AESIs), ranging from cardiovascular conditions to autoimmune disorders.
>
> While it is generally acknowledged that the unvaccinated population in the study had poorer overall health – evidenced by higher all-cause mortality rates – **the vaccinated population exhibited alarming and undeniable increases in specific conditions directly linked to the vaccine.** [Vetdruk in oorspronklike; B.O.]

Wat egter nie varrassend is nie, is dat die volledige lys van "ongunstige gebeurlikhede" ("adverse events") wat op "inenting" met Pfizer se mRNA-"entstof" mag – en dikwels wel – volg, nie maklik opspoorbaar is nie, maar tog met behulp van kenners op die gebied van internet-soektogte onder oë geneem kan word (Pastebin 2022). Hierdie lys beloop nie minder as 1295 items nie. Hier is 'n arbitrêr gekose uittreksel van die lys (vanaf nommer 264 tot 279):

> Central nervous system lupus
> Central nervous system vasculitis
> Cerebellar artery thrombosis
> Cerebellar embolism
> Cerebral amyloid angiopathy
> Cerebral arteritis
> Cerebral artery embolism
> Cerebral artery thrombosis
> Cerebral gas embolism
> Cerebral microembolism
> Cerebral septic infarct
> Cerebral thrombosis
> Cerebral venous sinus thrombosis
> Cerebral venous thrombosis
> Cerebrospinal thrombotic tamponade
> Cerebrovascular accident [die mediese term vir "beroerte" B.O.]

Uit die inligting wat in hierdie afdeling na vore gebring is, behoort dit begrypbaar te wees waarom daar reeds aan die begin van hierdie artikel gesuggereer is dat – in vergelyking met die Laat Middeleeue – daar weinig tekens is dat die menslike liggaam in die huidige tyd met eerbied bejeën en met intrinsieke waarde beklee word. Die anatome van die 14de eeu sou tot in hul wese met afgryse geskok wees indien hulle geweet het van die laakbare verontreiniging van die menslike ligaam, soos hier bo aan die hand van verwysings na die uitwerking van "entstowwe" daarop gedemonstreer. Die vraag wat ontstaan, is hoe so 'n weersinwekkende

degenerasie van menslike moraliteit, wat sekerlik deur die tersaaklike gegewens aan die hand gedoen word, moontlik was. ’n Belowende terrein van ondersoek in hierdie verband sou waarkynlik die vraag na “navorsingbelange” wees, aangesien die misdrywe – soos om mense met dodelike chemiese middels in te spuit, wat nietemin as middele tot herstel van ’n dodelike siekte voorgehou is – breedweg in die veld van wetenskapsbeoefing plaasgevind het (en waarskynlik nog steeds plaasvind).

**Die “belange” wat wetenskappe begelei**

Die bostaande opskrif mag eienaardig voorkom vir diegene wat nog steeds (verkeerdelik) glo dat wetenskapsbeoefening “neutraal” of “waardevry” is, soos wat vroeër die geval was. Wat genoemde beskouing ignoreer, is dat waardes ’n integrale rol in wetenskapsbeoefening speel. In die wetenskapsfilosofie kan ’n mens aantoon dat – soos Alan Chalmers (2013: 12) opmerk – ondubbelsinnige “feite” **nie** wetenskaplike kennis voorafgaan nie; inteendeel:

> […] the very idea that the adequacy of our scientific knowledge should be tested against the observable facts would make no sense if, in proper science, the relevant facts must always precede the knowledge that might be supported by them. Our search for relevant facts needs to be guided by our current state of knowledge […]

Kortweg gestel: wetenskaplike “waarneming” gaan onvermydelik gepaard met – dit wil sê, voorveronderstel – bestaande (wetenskaplike) kennis wat dit moontlik maak om dit wat waargeneem word wetenskaplik te verstaan of interpreteer. Hierdie stelling is analoog aan (en argumenteerbaar ook versoenbaar met) Jürgen Habermas (1971: 196-310; sien ook Bernstein 1976: 191-200) se teorie van die “belange” of “interesse” wat wetenskapsbeoefening begelei – met ander woorde, fundamentele belange (wat waardevoorkeur behels) wat dit – parallel aan Chalmers se opmerking hier bo – moontlik maak om wetenskaplike kennis van ’n sekere aard te verwerf.

Waarop kom Habermas se teorie van begeleidende “belange” neer? Dit artikuleer die korrelasie tussen wat hy die drie “kognitiewe belange” (interesse, waardes) noem, en bepaalde groeperings van wetenskappe wat daardeur “gelei” (of gedryf) word, en wat op hul beurt in drie onderskeibare terreine van menslike bestaan gewortel is. Die drie (metodologies en epistemologies relevante) kognitiewe belange en ooreenstemmende groepe wetenskappe, asook die bestaansterreine waarin hulle gefundeer is, is as volg.

Eerstens onderskei Habermas die **tegniese belang van beheer** (kontrole), wat onderliggend is aan die **empiries analitiese wetenskappe**. Laasgenoemde sluit dissiplines in soos ingenieurswese, fisika, chemie, rekenaarwetenskap, rekeningkunde, maar ook wetenskappe soos psigologie, vir sover dit met die doel van beheer, byvoorbeeld via psigometrie, of beoefen word aan die hand van wat as “psy-ops” bekend staan. Hierdie belang, en die korresponderende groep wetenskappe, is volgens Habermas op **arbeid** (wat onmisbaar is vir oorlewing) as onderskeidende aspek van sosiale menslike bestaan gegrond.

Tweedens is daar die **praktiese** (dit wil sê etiese) **belang van wedersydse verstaan** (begrip), wat die **histories-hermeneutiese wetenskappe** onderlê – insluitend geskiedenis, literatuurstudie, linguistiek, filosofie, antropologie, kunsgeskiedenis en -teorie, die klassieke, filologie en kommunikasiekunde. Op hul beurt is die praktiese interesse, asook die daarmee-ooreenstemmende groep wetenskappe, op die sosiaal-menslike praktyk van **kommunikatiewe interaksie** gebaseer.

Laastens identifiseer Habermas die **emansipatoriese belang** wat die **kritiese sosiale wetenskappe** fundeer en dryf, waaronder sosiologie, sosiale en kritiese psigologie, politieke wetenskap, psigoanalise, kritiese ekonomie en (weereens) filosofie. Laasgenoemde dissipline behoort tot sowel die tweede as die derde groep van dissiplines, omdat dit deur beide die praktiese as die emansipatoriese belange gerig word. Die emansipatoriese interesse is volgens Habermas in (die strewe na) **mag** gefundeer, vir sover dit ’n verskynsel is wat onvervreembaar is van ’n sosiale (menslike) bestaanswyse.

Hoe help Habermas se onderskeid tussen hierdie drie groepe wetenskappe en hul begeleidende belange ’n mens om die voorafgaande uiteensetting van ’n demonstreerbare aanslag teen die menslike liggaam, en tegelykertyd teen die mens, in die huidige tyd beter te verstaan? Dit is nie moeilik om in te sien dat diegene wat met kwade bedoelings wetenskappe soos genetika, farmasie en rekenaarwetenskap benut het om moordwapens in die gewaad van sogenaamde “entstowwe” te vervaardig, gemotiveer is deur die **tegniese interesse van beheer** (of kontrole; wat eintlik ook met die strewe tot **mag** vervleg is) nie. Dit is kenmerkend van die empiries analitiese wetenskappe.

Trouens, in watter mate dit die geval is, is ten beste waarneembaar in die getuienis oor die ware aard van sowel die sogenaamde “nuwe koronavirus” as die mRNA-“entstowwe” wat deur Karen Kingston – ’n ervare biotegniese analitikus wat as verklikker na vore gekom het – blootgelê is. Haar werk is in verskeie media gerapporteer, asook op haar eie “substack”-webwerf, en vestig die aandag op die verstommende biotegnologie wat die skepping van die veronderstelde “virus”, asook die “entstowwe” (wat sy as “biowapens” beskryf) moontlik gemaak het. Op grond van ’n onderhoud met Kingston doen Healthranger (2022) as volg verslag:

> In a bombshell interview that features key screen shots of patents, science journal articles and corporate documents, Karen Kingston lays out the argument for mRNA COVID “vaccine” injections actually being **exotic technology implantations** [vetdruk in oorspronklike; B.O.] that can be used to achieve global enslavement and/or genocide… This interview features video screen shots of several key documents.

In die artikel wys Mike Adams (die “Healthranger”) daarop dat Kingston se openbaringe alles behalwe “samesweringsteorieë” is; inteendeel. Al die elemente of bestanddele van die pseudo-entstowwe wat sy in die onderhoud met Adams opnoem en bespreek (insluitend “magnetic hydrogels” en “soft actuators”) kan in wetenskaplike literatuur opgespoor word. Die verskil is egter dat hulle in die huidige “entstowwe” versamel is, met demonstreerbaar skadelike oogmerke. Die eienskappe van die “magnetic hydrogels” en “soft actuators” in die “entstowwe” word in die relevante wetenskaplike artikeloorsigte beskryf as (Healthranger 2022):

> “[…] *having properties of magnetic nanoparticles [which] enable their use as magneto-mechanic remote actuators to control the behavior of the cells encapsulated within the hydrogels under the application of external magnetic fields”,* en “*soft actuators with physical intelligence”* [respektiewelik*; B.O.*].

Wat Kingston wesenlik na vore gebring het, is dat hierdie “bio-sintetiese strukture” wat deur die pseudo-entstowwe in mense se liggame “geplant” is die kapasiteit besit om gedigitaliseerde inligting te versend en te ontvang, wat genoemde strukture in staat stel om as ’n netwerk binne die liggame van “ingeëntes” te funksioneer. In kombinasie met eksterne kunsmatige intelligensie of KI-vermoëns wat deur 5G-bandwydtesnelheid versnel word, kan hierdie netwerkstrukture volgens Kingston as wapens teen die mensdom gebruik word (Healthranger


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4273

2022; Kingston 2023, 2023a; Olivier 2024a). Wat die biotegnologiese konstruksie van genoemde pseudo-entstowwe betref, is die opsienbarendste inligting afkomstig van Kingston, dat sowel die "nuwe koronavirus" as die bestanddele van die mRNA-"entstowwe" nanoskaal-hibriede entiteite is; dit wil sê, gedeeltelik bioties en gedeeltelik tegnies. Rhoda Wilson (2022) lewer as volg hierop kommentaar:

> Kingston is a biotech analyst with more than 20 years of experience. She has been reviewing research that has been conducted on COVID 'vaccines' over more than a decade. "I really want the truth to be understood and the evidence to be seen and evaluated," she told Adams. So, during the interview, she discussed some of the patents she has found: in particular, quantum dots "because that's the backbone technology and energy of this AI [artificial intelligence] bioweapon," she said. "It's part biology and part technology … that's always been the intention of COVID-19."

Hierdie uitweiding op die ware, maar versteekte, aard van die "koronavirus" en die sogenaamde "mRNA-entstowwe" – wat hulle klaarblyklik **nie** is nie – dien as onweerlegbare demonstrasie dat die tegno-wetenskappe wat instrumenteel was/is in hul uitvinding, deur die **tegniese interesse van kontrole** gerig is, met ander woorde, intrinsiek met die **strewe tot (tegniese) mag** vervleg is. Nodeloos om uit te wys, funksioneer hierdie grondliggende "belange" waarop uiteenlopende soorte wetenskaplike kennis berus grootliks **onbewustelik**, wat die aandag op die dissipline vestig, wat tematies op die fenomeneen van die menslike **onbewuste** gekonstrueer is, naamlik psigoanalise as praktyk en teorie.

**Jacques Lacan se teorie van die "vier diskoerse"**

Jacques Lacan staan tereg bekend as Sigmund Freud – die "uitvinder" van psigoanalise – se Franse erfgenaam. Afgesien van die noemenswaardige aantal teoretiese en filosofiese bydraes wat Lacan tot psigoanalitiese denke gemaak het, is veral sy teorie van die sogenaamde "vier diskoerse" relevant vir die huidige tema. Die filosoof Fichte is bekend vir sy opmerking dat "[d]ie soort filosofie wat 'n mens kies, afhang van watter soort persoon jy is." Lacan se teorie kan begryp word as 'n psigoanalitiese uitbreiding daarop, met die klem op magsverhoudinge.

Vir Jacques Lacan (2007; vergelyk ook Olivier, 2012) is 'n "diskoers" 'n spesifieke wyse waarop die wêreld, die samelewing of ander mense benader word, vir sover dit onvermydelik deur **taal** bemiddel word. "Taal" word hier egter nie as onskuldige, neutrale kommunikasie-middel beskou nie; inteendeel, "diskoers" kan beskryf word as "taal in die diens van mag". Bowendien is die sosiale sfeer deurspek met diskoerse, aangesien sosiale verhoudinge deur diskursiewe verhoudinge georden word. Nodeloos om te beklemtoon, gedra mense hulself op verskillende wyses namate hul handelinge deur die imperatiewe van verskillende diskoerse gerig word. Jacques Lacan se teorie van die "vier diskoerse" – wat eintlik vier *tipes* diskoers is – verteenwoordig 'n nuttige en insigbevorderende heuristiek, nie slegs vir selfverstaan nie, maar ook vir die verstaan van die onbewuste motiewe wat onderliggend is aan verskillende wetenskappe. Elkeen van die vier diskoerse – die diskoers van die *meester*, van die *universiteit*, van die *histerikus* en van die *analitikus* – dui op 'n eiesoortige, verskillende subjekposisie, mits onthou word dat die menslike subjek deur taal gekonstitueer word.

Individue wat geneig is om hiërargies of outoritaristies te dink en te handel, is gewoonlik in die greep van die **meestersdiskoers** in een van die vele beliggamings daarvan. Patriargie is 'n bekende en steeds wydverspreide meestersdiskoers – die diskoers van die "heerskappy van die vader" – wat in regerings, opvoeding, die besigheidswêreld en kerke funksioneer. Tot

onlangs was die diskoers van neoliberale kapitalisme dié meestersdiskoers van die huidige era, ofskoon dit sigself as ’n beliggaming van die histerikus se diskoers vermom (Olivier 2012). Nodeloos om uit te wys, is individue in die greep van die diskoers van die meester herkenbaar aan hul gewilligheid om om hulself aan enige vorm van gesag (outoriteit) te onderwerp.

Die *diskoers van die universiteit* is die diskoers van *kennis* – ironies nie ’n kritiese, vraagstellende opvatting van kennis nie, maar van die soort kennis wat die sosiale en politieke status quo ondersteun, byvoorbeeld standaardteorieë van ekonomie, wat bestaande ekonomiese magsrelasies in stand hou en versterk. Hierdie diskoers is gepredikeer op ’n opvatting van (wetenskaplike) kennis as sistematies “verenig”, en in beginsel “voltooibaar” (ofskoon so-iets in beginsel onmoontlik is).

Wetenskaplikes wat kennis op hierdie wyse benader, verraai daardeur hul stilswyende verbintenis tot die diskoers van die universiteit, asook geslote kennissisteme. Desnieteenstaande is die universiteitsdiskoers nie versoenbaar nie met die ware aard van wetenskap, wat dit met filosofie deel nie. Sowel wetenskap as filosofie is oop kennissisteme, wat daarop neerkom dat hulle in beginsel selfkrities en oop is vir histories nuwe insigte, ontdekkings en teorieë. Per slot van sake is nie een van hulle in ’n tydlose vakuum gesitueer nie en daarom, soos alle menslike kennis, **hersienbaar** – ’n insig wat reeds millennia gelede in Sokrates se bekende opmerking vervat is, dat die enigste ding waarvan mense kan seker wees, is hoe **min** hulle weet.  Dit stem ook ooreen met wat Jacques Derrida (1997: 16-24) die “messiaanse struktuur van ervaring” noem, waarmee hy na die onvoorspelbaarheid van toekomstige sosiale ervaring verwys, asook na die paradoksale idee dat ’n mens “die overwagte moet verwag” (wat natuurlik van die antieke denker Heraklitus, afkomstig is), en dus steeds gereed moet wees vir vir die koms van ’n “messiaanse gebeurtenis”, op ’n tydstip wanneer jy dit die minste verwag. (Derrida praat nie hier van die religieuse idee van ’n Messias of Verlosser nie, ofskoon die idee van ’n histories onspesifiseerbare gebeurtenis metafories daaraan ontleen is.)

Die ware verteenwoordiger van krities vraende, hersienbare wetenskap (en ook filosofie) is die **diskoers van die histerikus**, wat daaraan herkenbaar is dat ’n mens in jou navorsing onder die vaandel van epistemiese bevraging en vraagstelling optree. Daarby voorveronderstel dit ’n opvatting van kennis as struktureel onbepaalbaar, met ander woorde, dat kennis nie alleen op enige gegewe moment **empiries** onvolledig is nie, maar in beginsel onderworpe is aan onsekerheid, oftewel die onbepaalbaarheid (Engels: indeterminacy) van wat Lacan die “onsimboliseerbare reëele” noem (dit wat taal oorstyg, dit wil sê wat die grense van taal aandui, soos byvoorbeeld in die geval van traumatiese gebeure; Lacan 1981:53-56). Iets soortgelyks kan in Heisenberg se beroemde onbepaalbaarheidsbeginsel (“indeterminacy principle”) bespeur word, waarvolgens ’n mens nie **terselfdertyd** die snelheid **en** die posisie van ’n elektron in verhouding tot die kern van ’n atoom kan meet nie (Fink 1997:133-134).

Die **diskoers van die analitikus** is herkenbaar in the handelinge van diegene wat nie genoeë neem met blinde onderwerping aan die diskoers van die meester, of met die universiteitsdiskoers, wat die meestersdiskoers dien nie, maar eweneens nie bereid is om sonder meer die onophoudelike bevraagtekening (van beide voorgenoemde diskoerse) deur die diskoers van die histerikus te aanvaar nie. In teenstelling hiermee voer die analitikus se diskoers aan dat histeriese bevraagtekening van die verabsoluteerde meesters- en universiteits-diskoerse moet uitloop op die besef dat ’n mens **nie** sonder ’n **gerelativeerde** meestersdiskoers kan klaarkom nie. Met ander woorde, ’n sodanige keuse berus op die insig dat geen meestersdiskoers “finaal” of afdoende kan wees nie, maar dat jy ook nie sonder diskursiewe selfbemagtiging kan funksioneer nie, op voorwaarde dat jou gekose meestersdiskoers deurentyd


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4273

bevraagteken word totdat die grense daarvan ’n mens noop om ’n ander meestersdiskoers toe te eïen. Waarop hierdie diskursiewe strategie berus, is die poststrukturalistiese insig dat ’n middeweg tussen **syn** (stabiliteit, permanensie) en **wording** (verandering, fluktuering) herhaaldelik gevolg moet word. Postrukturalistiese teorie (filosofie) is ’n voorbeeld van die “saamdink” van syn en wording, met ander woorde, ’n keuse ten gunste van die logika van “sowel as” (“beide en”), in plaas van die Aristoteliaanse logika van “óf dit, óf dat”.

Uit die voorafgaande sal duidelik wees dat die diskursief dominante posisie waarin ’n mens jouself bevind ’n deurslaggewende rol speel in die keuses wat jy maak. Net soos vroeër in die geval van Habermas se belangeteorie, moet ’n mens ook hier vra hoe Lacan se diskoersteorie daartoe bydra om die demonstreerbare verontreiniging van die menslike liggaam deur die “tegnowetenskap” – soos Jean-Francois Lyotard dit sou noem – in die gewaad van veral farmaseutiese tegnologie te verstaan, en watter alternatiewe daarvolgens geïdentifiseer kan word.

Ooglopend is die twee diskoerse onderliggend aan die ontwikkeling van die dodelike pseudo-entstowwe, wat reeds miljoene lewens wêreldwyd geëis het, die van die **meester** en die **universiteit**, waar eersgenoemde die wêreld orden volgens onbevraagtekenbare imperatiewe, wat in hierdie geval onmiskenbare totalitêre afmetinge vertoon (Olivier 2024b), terwyl laasgenoemde in die diens staan van hierdie meesterdiskoers. Die diskoerse van die **histerikus** (diskursiewe bevraagtekening) en van die **analitikus** (bemiddeling tussen bevraging en bemagtiging), is kennelik nié verantwoordelik vir die gewetenlose benutting van natuurwetenskaplike en rekenaar wetenskaplike kennis om ’n program van bevolkingsvermindering te loods nie (Dmitry 2024, 2025; Olivier 2023, 2023a, 2023b, 2024); want dit is waarop dit neerkom, hoe ondraaglik die gedagte ook al mag wees, dat wesens wat oënskynlik mense is ’n sodanige mensemoord beplan (en gedeeltelik uitgevoer) het. Die Hippokratiese eed, wat **in beginsel** bindend is wat die handelinge van mediese (asook farmaseutiese) wetenskaplikes betref, was klaarblyklik nie voldoende om hierdie moreel afkeurenswaardige dade te verhoed nie, ofskoon die motief agter Hippokrates se formulering daarvan waarskynlik **juis** was dat hy sodanige moontlikheid voorsien het (Olivier 2025).

Terwyl die diskoerse van die histerikus en die analitikus, saam met die kommunikasiebevorderende geesteswetenskappe en kritiese sosiale wetenskappe, wat onderskeidelik deur praktiese en emansipatoriese belange gelei word, noemenswaardig daartoe sou kon bydra om ’n herhaling van soortgelyke betreurenswaardige verskynsels te verhoed, moet ’n mens verder dink. Daar moet gevra word of ’n **ander** funderende **belang**, of **diskoers**, gekonseptualiseer kan word, wat die grondslag kan wees vir ’n wetenskaplike benadering wat die menslike liggaam – maar inderdaad alle beligaamde wesens – met eerbied vir die ontologiese eiesoortigheid daarvan sou benader.

## Slot: ’n Alternatiewe, leidende belang: *Gelassenheit*

’n Leidraad ten opsigte van sodanige alternatief tot die leidende belange en diskoerse wat hier bo bespreek is, word in Martin Heidegger se begrip van *Gelassenheit* (‘laat-wees’; ‘vrylating’) gevind. Wat beteken dit? Anders as die indruk wat deur die woord geskep word, is *Gelassenheit* niks passiefs nie, dog eerder ’n **aktiewe** ingesteldheid wat “dinge toelaat om hulself te wees”. Dit is betekenisvol dat Heidegger (1960:24-26) die begrip ook ten opsigte van tegnologie benut, om aan te dui dat ’n mens nie mag toelaat om daardeur gedomineer te word nie. Volgens Heidegger kom dit daarop neer dat ’n mens gelyktydig “ja” en “nee” moet sê vir tegnologie; *ja*, ek sal tegniese apparate gebruik; *nee*, ek sal nie toelaat dat tegnologie my “eksklusief aan-

spreek (en toeëien)" nie. Daar is immers baie verskillende wyses waarop 'n mens aangespreek word, soos byvoorbeeld deur kuns, of deur die natuur *as* natuur, en nie slegs as 'n tegnologies-benutbare "hulpbron" nie.

Wat argumenteerbaar juis in die huidige tyd gebeur het, is 'n toeëiening van mense (wetenskaplikes) deur die kontrole geöriënteerde imperatiewe van die (bio)tegnologie, vir sover die blote tegnologiese kennis en tegniese vaardigheid, om dodelike entiteite soos die "koronavirus" en die sogenaamde COVID-"entstowwe" te konstrueer, aanleiding gegee het tot die aktualisering daarvan. Indien 'n etos van *Gelassenheit* toonaangewend was, sou dit nie gebeur het nie. *Gelassenheit* impliseer 'n oproep en imperatief om alle dinge, anorganies én organies – insluitend mense – **hulself** te laat wees, ooreenkomstig hul intrinsiek-ontologiese eiesoortigheid.

Dit is opmerkenswaardig dat Heidegger (1977: 4; 16-20) 'n fundamentele onderskeid tussen tegnologie en die "essensie" daarvan tref, wat hy "*Gestell*" ('be-raming'; Engels: *enframing*) noem, en sigself niks tegnologies is nie. *Gestell* funksioneer in die ontologiese register, wat die wyse bepaal waarop die sosiale werklikheid verskyn en georganiseer word – dit wil sê, dit "be-raam" die manier waarop 'n mens na die wêreld kyk. Dit is verhelderend om Heidegger vergelykenderwys te verstaan: die Westerse Middeleeue was 'n "teosentriese" era in die sin dat alle vrae en probleme (religieus, filosofies, sosiaal, ekonomies, polities) teen die agtergrond van die onbevraagtekende geloof benader is, naamlik dat mense 'n bevoorregte plek in God se Skepping beklee. Ofskoon eindelose debatte oor die verhouding tussen God en die mensdom, geloof en rede, asook kerk en staat gevoer is, is die fundamentele aanname ten opsigte van God se **sentraliteit** vir die verstaan van alles op die aarde en daarbuite, volgens die beskikbare getuienis, nie betwyfel nie.

Parallel hieraan konstitueer die "wese" van tegnologie, naamlik *Gestell* ('be-raming') die omvattende ontologiese en epistemologiese paradigma of *epistemé* wat implisiet as onbevraagtekende aanname funksioneer, wanneer vrae of probleme vanuit alledaagse "gesonde verstand" of op wetenskaplike vlak benader word, ongeag die onderwerp van 'n gesprek of van navorsing. In die huidige era ontsnap geen sosiale instelling – siviel of militêr – hieraan nie, soos ook duidelik waarneembaar is in die tegnowetenskaplike ontwikkeling en konstruksie van die "nuwe koronavirus" en die pseudo-entstowwe wat hier aan die orde gekom het.

In die lig van die voorafgaande behoort dit duidelik te wees dat, in vergelyking met die intrinsieke waarde wat daar in die 14de eeu aan die menslike ligaam toegeken is – soos waarneembaar in die pouslike verbod op die "opsny" van gesneuwelde soldate se lyke, asook in die weiering van twee baanbrekeranatome om liggame oop te sny – daar vandag by wyse van kontras sprake is van presies die teenoorgestelde. In plaas van getuienis dat die menslike liggaam met eerbied benader word, skroom tegnowetenskaplikes in die huidige tyd glad nie om mense se liggame te onteer deur hulle met dodelike substansies in te spuit nie, wat – soos hier bo met verwysing na wetenskaplike studies gedemonstreer is – velerlei patologiese toestande veroorsaak, wat dikwels tot die dood lei.

Die ergste slag teen die menslike liggaam se integriteit en onvervangbare waarde is miskien van 'n 2023-studie (Dmitry 2023) afkomstig, waar die navorsers aantoon dat – in teenstelling met sogenaamde "feite-kontroleerders" – "…mRNA COVID vaccines permanently integrate into the DNA of some COVID-vaccinated people". Anders gestel, het hierdie "entstof" die vermoë om menslike DNA te verander, waardeur *Homo* en *Gyna sapiens* in iets wat geneties kwalitatief anders is, omvorm word, naamlik 'n biogeneties getransformeerde variasie op die natuurlik-geëvolueerde menslike hominien spesie. Het enigiemand die reg om genetiese

wetenskap op hierdie wyse te gebruik – of eerder: te **misbruik** – ten einde die menslike liggaam op gewelddadige wyse te verander? Argumenteerbaar **nie**.

Hierdie siniese verontagsaming van die waarde en morele integriteit van die menslike liggaam (wat so opvallend was in die 14de eeu) is myns insiens simptomaties van 'n deurdringende, afkeurenswaardige nihilisme aan die kant van diegene wat verantwoordelik is vir hierdie ongekende, gewetenlose aanslag op die menslike liggaam, wat terselfdertyd ook 'n aanval op die diepste wese van die mens is. As daar ooit 'n **wêreldwye** "misdaad teen die mensdom" gepleeg is, kwalifiseer hierdie sistematiese poging om bevolkings op geslepe wyse te "verminder" inderdaad daarvoor.

## BIBLIOGRAFIE


American Chemical Society. 2023. The healing power of chemistry: How your body is its own bodyguard. ACS: https://www.acs.org/education/celebrating-chemistry-editions/2023-ncw/healing-power-of-chemistry.html (24 Augustus 2025).

Bergman, F. 2024. Top epidemiologist sounds alarm: mRNA "vaccination" is "chemical lobotomy". Slaynews, 24 Julie: https://slaynews.com/news/top-epidemiologist-sounds-alarm-mrna-vaccination-chemical-lobotomy/ (7 September 2025).

Bergman, F. 2025. CDC launches official investigation into surging deaths among Covid-vaxxed. Slaynews, 24 Augustus: https://slaynews.com/news/cdc-launches-official-investigation-surging-deaths-covid-vaxxed/ (24 Augustus 2025).

Bergman, F. 2025a. Major study confirms covid "vaccines" violate "biological weapons convention". Slaynews, 6 September: https://slaynews.com/news/major-study-confirms-covid-vaccines-violate-biological-weapons-convention/ (7 September 2025).

Bernstein, R.J. 1976. *The restructuring of social and political theory*. Oxford: Basil Blackwell.

Chalmers, A.F. 2013. *What is this thing called science*? Fourth edition. Queensland: University of Queensland Press.

Dellatto, M. 2023. Timeline: How the covid lab leak origin story went from 'conspiracy theory' to government debate. *Forbes*, 26 Februarie: https://www.forbes.com/sites/marisadellatto/2023/02/26/timeline-how-the-covid-lab-leak-origin-story-went-from-conspiracy-theory-to-government-debate/?sh=731ef10437b9 (31 Maart 2026).

Deng, l., Van Eldik, A., O'Moore, M., Buttery, J. et al. 2025. Surveillance and follow up outcomes of myocarditis after mRNA COVID-19 vaccination in Australia. *NPJ Vaccines*, 16 July: https://www.nature.com/articles/s41541-025-01206-w (9 Augustus).

Derrida, J. 1997. The Villanova Roundtable: A conversation with Jacques Derrida. In Caputo, J.D. *Deconstruction in a Nutshell*. New York: Fordham University Press, pp. 4-28.

Dmitry, B. 2023. New study proves fact checkers wrong: Covid mRNA Vaccines permanently alter human DNA. *The People's Voice*, 24 Desember: https://thepeoplesvoice.tv/new-study-proves-fact-checkers-wrong-covid-mrna-vaccines-permanently-alter-human-dna/ (7 Januarie 2025).

Dmitry, B. 2024. Pfizer's Buried Vaccinated vs Unvaccinated Study Reveals 'Shocking' Cardiac Results among Vaxxed. *The People's Voice*, 21 Desember: https://thepeoplesvoice.tv/pfizers-buried-vaccinated-vs-unvaccinated-study-reveals-shocking-cardiac-results-among-vaxxed/ (7 Januarie 2025).

Dmitry, B. 2025. German prosecutors warn Bill Gates 'prison Awaits' as cancer-causing DNA Found in Covid Vaccines**.** *The People's Voice*, 14 May: https://thepeoplesvoice.tv/german-prosecutors-warn-bill-gates-prison-awaits-as-cancer-causing-dna-found-in-covid-vaccines/ (7 Julie 2025).

Fink, B. 1997. *The Lacanian Subject: Between language and* Jouissance. Princeton: Princeton University Press.

Fleetwood, J. 2025. Pfizer's own data confirm injuries match human DNA fragments in its vaccine plasmid – Blood, immune and neurological harms line up exactly. Modernity, 2 September: https://modernity.news/2025/09/02/pfizers-own-data-confirm-injuries-match-human-dna-fragments-in-its-vaccine-plasmid/ (7 September).

Habermas, J. 1971. *Knowledge and Human Interests*. Shapiro, J.J. (trans.). Boston: Beacon Press.

Healthranger. 2022. Biotech analyst Karen Kingston unveils PATENTS and documents describing the covid vaccine 5G link, biosynthetic AI nanotech, 'soft actuators' and NEUROWEAPONS implanted with needles. *Citizens New*s, 6 Oktober: https://www.naturalnews.com/2022-10-06-biotech-analyst-karen-kingston-unveils-patents-covid-vaccine-5g-link-biosynthetic-ai-nanotech.html / https://citizens.news/663687.html (24 Mei 2023).

Heidegger, M. 1960. *Gelassenheit*. Pfullingen: Verlag Neske.

Heidegger, M. 1977. The question concerning technology. In: *The question concerning technology and other essays*. Vert. Lovitt, W. New York: Harper Torchbooks, pp. 3-35.

Henein, M. 2023. The proximal origin of a cover up – Part 1. *The Tenpenny Report*, 28 Julie: https://vaxxter.com/the-proximal-origin-of-a-cover-up-part-1/ (7 Januarie 2025).

Kennedy, R. F. (Jr). 2021. *The real Anthony Fauci. Bill Gates, Big Pharma and the global war on democracy and public health*. New York: Skyhorse Publishing.

Kennedy, R.F. (Jr). 2022. *A letter to liberals. Censorship and COVID: An attack on science and American ideals*. USA: Children's Health Defense.

Kingston, K. 2023. *Calling on law enforcement to SEIZE ALL VACCINE BIOWEAPONS in the USA (feat. Karen Kingston)*. Brighteon Broadcast News, May 23: https://www.brighteon.com/75e5515c-7849-40da-b31f-0b1dd0cf766f (24 Mei 2023).

Kingston, K. 2023a. mRNA vaccines are a sham. People are being injected with nanotech. *The Kingston Report*, 1 Maart: https://karenkingston.substack.com/p/the-term-mrna-vaccines-is-a-sham (21 Julie 2023).

Lacan, J. 1981. *The four fundamental concepts of psychoanalysis. The seminar of Jacques Lacan, Book XI*. Vert. Sheridan, A. New York: W.W. Norton & Co.

Lacan, J. 2007. *The other side of psychoanalysis; 1969-1970. The seminar of Jacques Lacan, Book 17*. Vert. Grigg, R. New York: W.W. Norton & Co.

Lindfield, D. 2025. 5,000 Americans killed by Covid 'vaccines' every week, insurance data shows. Slay News, 19 September: https://slaynews.com/news/5000-americans-killed-covid-vaccines-every-week-insurance-data-shows/ (20 September 2025).

Malone, R.W. 2023. *Not 14M lives saved, but over 17M dead*. Brownstone Institute, 27 November: https://brownstone.org/articles/not-14m-lives-saved-but-over-17m-dead/ (7 Januarie 2024).

Olivier, B. 2012. Lacan on the discourse of Capitalism: critical prospects. In Olivier, B. *Intersecting Philosophical planes – philosophical essays*. Frankfurt: Peter Lang Publishers, pp. 47-67.

Olivier, B. 2015. The tacit influences on one's ways of teaching and doing research. *Alternation, Interdisciplinary Journal of Humanities and Social Sciences*, special edition No. 16, 2015, pp. 346-371 **(**ISSN 1023-1757).

Olivier, B. 2023. Beyond Agamben's '*Homo sacer*' – The 'pandemic' as final reduction of humanity to 'bare life', Part 2. *Psychotherapy and Politics International*, Vol. 21(1 & 2):1-22. https://ojs.aut.ac.nz/psychotherapy-politics-international/article/view/27

Olivier, B. 2023a. How (most) philosophers have failed humanity. *Phronimon, – Journal of the South African Society for Greek Philosophy and the Humanities*, 2023; #13440, pp. 1-25. https://doi.org/10.25159/2413-3086/13440

Olivier, B. 2023b. Van Orwell se *1984* tot die aktualisering daarvan in 2020-2023. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 63(3):615-631.

Olivier, B. 2024. When 'psychopathic' is no exaggeration. *Brownstone Institute*, 22 Januarie: https://brownstone.org/articles/when-psychopathic-is-no-exaggeration/

Olivier, B. 2024a. The limits of artificial intelligence (AI). *Alternation – Interdisciplinary Journal for the Study of the Arts and Humanities in Southern Africa*, Spec. Ed. 43, Open Issue 07, pp. 10-31.

Olivier, B. 2024b. Dungeons and Dragons archetypes come to life. *Brownstone Journal*, 17 September 2024: https://brownstone.org/articles/dungeons-and-dragons-archetypes-come-to-life/

Olivier, B. 2025. The Hippocratic Oath and the Covid debacle. *Brownstone Journal*, 7 Julie: https://brownstone.org/articles/the-hippocratic-oath-and-the-covid-debacle/

Oller, J.W., Santiago, D., & Broudy, D. 2025. The CDC denies Magnetic elements in COVID injectables while DARPA promotes mind-control research with magnetic nanoparticles migrated to the brain.

*International Journal of Innovative Research in Medical Science*, 10(7):255-271. https://www.ijirms.in/index.php/ijirms/article/view/2101 (24 Augustus 2025).

Pastebin. 2022. APPENDIX 1. LIST OF ADVERSE EVENTS OF SPECIAL INTEREST, 1 Maart: https://pastebin.com/rjRv8jai (8 Januarie 2023).

Roh, J.H., Jung, I., Suh, Y., en Kim, M-H. 2024. A potential association between COVID-19 vaccination and development of Alzheimer's disease. *QJM: An International Journal of Medicine*, Volume 117, Issue 10, October, pp. 709–716: https://academic.oup.com/qjmed/article/117/10/709/7684274?login=false (7 September 2025).

Van den Berg, J.H. 1959. *Het Menselijk Lichaam*, *Deel Een – Het Geopende Lichaam*. Nijkerk: Callenbach Uigewers.

Wilson, R. 2022. Covid 'tests' and 'vaccines' are delivering a hybrid biological/technological weapon which is activated by 5G, fibre optics and light. *The Exposé*, 26 Oktober: https://expose-news.com/2022/10/26/covid-tests-and-vaccines-are-delivering-a-weapon/ (28 Oktober).

# Die integrasie van film in Afrikaansonderrig: Praktyke van intermediêrefaseonderwysers

***The integration of film in Afrikaans education: Practices of Intermediate Phase teachers***

**Florence Coertzen**
Skool vir Taalonderwys, Vakgroep Afrikaans vir Onderwys, Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika
E-pos: Florence.Coertzen@nwu.ac.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-2268-7806

**Elma Marais**
Skool vir Taalonderwys, Vakgroep Afrikaans vir Onderwys, Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika
E-pos: elma.marais@nwu.ac.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-8674-7206

**Rochelle Marais-Botha**
Skool vir Taalonderwys, Vakgroep Afrikaans vir Onderwys
Fakulteit Opvoedkunde
Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika
E-pos: Rochelle.MaraisBotha@nwu.ac.za
ORCID: https://orcid.org/0000-0002-3293-257X



Florence Coertzen



Elma Marais



Rochelle Marais-Botha

**Florence Coertzen** is 'n dosent in die Departement Afrikaans vir Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit en dien as programkoördineerder van die Afstandprogram vir die Intermediêre Fase. Sy het meer as 'n dekade se ondervinding in die onderrig van leerders vanaf die Intermediêre tot die Senior fase en VOO-fase. Florence beskik oor 'n meestersgraad in die geesteswetenskappe en 'n PhD in Kurrikulumstudies, met 'n fokus op die gebruik van film in Afrikaansklaskamers.

Haar navorsingsbelangstellings sluit die integrasie van tegnologie in onderrig en leer in, met spesifieke fokus op kreatiewe en multimodale benaderings tot taalonderrig. Sy neem deel aan verskeie gemeenskaps- en navorsingsprojekte

**Florence Coertzen** is a lecturer in the Department of Afrikaans for Education at the North-West University and serves as the programme coordinator of the Intermediate Phase distance learning programme. She has over a decade of experience in teaching learners from Intermediate to Senior Phase, as well as the FET phase. Florence holds a master's degree in humanities and a PhD in Curriculum Studies, with a focus on the use of film in Afrikaans classrooms.

Her research interests include the integration of technology in teaching and learning, with a specific focus on creative and multimodal approaches to language teaching. She participates in various community and research projects that

**Datums:**
Ontvang: 2025-09-15 Goedgekeur: 2026-01-29 Gepubliseer: Junie 2026


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4010

| | |
|---|---|
| wat fokus op tegnologie-ondersteunde en spelgebaseerde leerbenaderings. Florence bring kreatiwiteit en verbeelding na beide haar navorsing en klaskamerpraktyk, en streef daarna om studente op ’n dinamiese, leerdergesentreerde wyse te begelei.<br>Buite haar akademiese werk is Florence ’n toegewyde eggenoot en ma van twee seuns, en sy is passievol oor die ontwikkeling van toekomstige onderwysers en die verbetering van Afrikaansonderrig in Suid-Afrikaanse skole. | focus on technology-assisted and play-based learning approaches. Florence brings creativity and imagination to both her research and classroom practice, and strives to guide students in a dynamic, learner-centred manner.<br>Outside of her academic work, Florence is a dedicated wife and mother of two sons, and she is passionate about developing future teachers and improving Afrikaans education in South African schools. |
| **Prof. Elma Marais** is ’n medeprofessor in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit (NWU), Suid-Afrika. Sy spesialiseer in taalonderrig, kurrikuluminnovasie en opvoedkundige tegnologie, met ’n fokus op die integrasie van digitale hulpmiddels soos kunsmatige intelligensie en spel-gebaseerde pedagogieë, insluitend LEGO® Six Bricks®, in die opleiding van onderwysers.<br>Sy het ’n PhD in Kurrikulumstudies aan die NWU verwerf en het aanvullende nagraadse kwalifikasies in Hoër Onderwys, Instruksionele Ontwerp en Onderrig met Tegnologie voltooi. In 2023 ontvang sy die instelling se toekenning vir gemeenskapsbetrokkenheid in onderrig en leer vir haar werk met LEGO® as onderrigmiddel in gemeenskappe.<br>Prof. Marais is ’n ervare navorser op die gebied van opvoedkundige tegnologie, spelgebaseerde leer en onderrigpraktyk. Sy het reeds verskeie befondsde projekte wat fokus op die gebruik van gemengde realiteit in taalonderwyseropleiding, kunsmatige intelligensie en die insluiting van manipuleerbare hulpmiddels soos LEGO® Six Bricks® in die onderwys gelei en daaraan deelgeneem. Sy publiseer gereeld in akademiese tydskrifte en tree op as studieleier vir MEd- en PhD-studente in verwante velde. Haar werk dra steeds by tot innoverende onderrigpraktyke en die professionele ontwikkeling van toekomstige opvoeders. | **Prof. Elma Marais** is an Associate Professor in the Faculty of Education at the North-West University (NWU), South Africa. Her scholarly expertise lies in language education, curriculum innovation, and educational technology, with a particular emphasis on the integration of digital tools such as artificial intelligence and play-based pedagogies, including LEGO® Six Bricks®, in teacher education.<br>She holds a PhD in Curriculum Studies from the NWU and has completed additional postgraduate qualifications in Higher Education, Instructional Design, and Teaching with Technology. In 2023 she received NWU’s institutional award for community engagement in teaching and learning in recognition of her work with LEGO® as a teaching tool in diverse communities.<br>Prof. Marais is an established researcher in educational technology, play-based learning, and pedagogical practice. She has led and contributed to several externally funded projects focused on mixed reality in language teacher education, the role of artificial intelligence in higher education, and the integration of manipulative learning tools such as LEGO® Six Bricks® in teaching and learning. She publishes regularly in peer-reviewed journals and supervises MEd and PhD students in related fields. Through her research and teaching, she continues to advance innovative pedagogical practices and contribute to the professional development of future educators. |
| **Dr. Rochelle Marais-Botha** is ’n Senior Lektor in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit, waar sy deel is van die Skool vir Taalonderwys, Vakgroep Afrikaans vir Onderwys.<br>Haar onderrigverantwoordelikhede sluit Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal in, met ’n fokus daarop om toekomstige opvoeders toe te rus met sterk vakkennis en pedagogiese vaardighede. Dr. Marais-Botha se navorsing sentreer | **Dr Rochelle Marais-Botha** is a Senior Lecturer in the Faculty of Education at North-West University, where she serves within the School of Language Education, Subject Group Afrikaans for Education.<br>Her teaching responsibilities include Afrikaans Home Language and First Additional Language, where she focuses on preparing future educators with strong subject knowledge and pedagogical expertise. Dr Marais-Botha’s |

| | |
|---|---|
| rondom die integrasie van tegnologie as pedagogiese hulpmiddel in die Afrikaanse klaskamer, met 'n besondere belangstelling in die ontwikkeling van innoverende onderrigbronne wat taalonderrig en -leer bevorder. Haar akademiese werk weerspieël 'n sterk verbintenis tot die bevordering van onderrigpraktyke deur digitale hulpmiddels en interaktiewe metodologieë wat leerderbetrokkenheid versterk.<br>Sedert haar aanstelling in 2013 het sy betekenisvolle bydraes gelewer tot onderrig, navorsing en programontwikkeling. Sy dien tans as programleier van die BEd Intermediêre Fase, 'n rol waarin sy toesig hou oor kurrikulumkoördinering, programgehalte en studente se akademiese ontwikkeling.<br>Deur haar leierskap, onderrig en navorsing lewer dr. Marais-Botha 'n wesenlike bydrae tot die vooruitgang van Afrikaanse onderwys en onderwysersopleiding, en verseker sy dat gegradueerdes goed voorberei is vir meertalige en tegnologies dinamiese klaskameromgewings. | research is centred on the integration of technology as a pedagogical tool in the Afrikaans classroom, with a particular interest in innovative resource creation that enhances language teaching and learning. Her scholarship reflects a strong commitment to advancing teaching practices through digital tools and interactive methodologies that foster learner engagement. Since her appointment in 2013, she has made significant contributions to teaching, research, and programme development. She currently acts as Programme Leader for the BEd Intermediate Phase, a role in which she oversees curriculum coordination, programme quality, and student academic development.<br>Through her leadership, teaching, and research, Dr Marais-Botha contributes to the advancement of Afrikaans education and teacher training, ensuring that graduates are well-prepared for multilingual and technologically dynamic classroom environments. |


## ABSTRACT

***The integration of film in Afrikaans education: Practices of Intermediate Phase teachers***

*This article examines the current use of film in the Afrikaans classroom for the Intermediate Phase, focusing on teachers' experiences and the integration of film as a teaching tool. In today's media-driven world, visual literacy has become increasingly essential for engaging learners, especially in language education. Although film has the potential to enhance engagement, comprehension, and critical thinking, its integration into the Afrikaans curriculum remains inconsistent.*

*The study investigates how film is utilised in classrooms and teachers' perceptions regarding its effectiveness. Data were gathered through qualitative methods, including open-ended questionnaires and semi-structured interviews with 28 Afrikaans teachers from various schools. The findings reveal a mixed response to the use of film in education. While some teachers embrace film as a dynamic tool for presenting complex concepts in a visually accessible manner, many encounter significant challenges that hinder its effective use. These challenges include a lack of technological resources, time constraints within the school day, and the often-advanced language of films, which can exceed learners' proficiency levels.*

*The research highlights two main perspectives among teachers. One group views film positively, recognising its ability to motivate learners, develop their language skills, and enrich their understanding of narrative structures. These teachers appreciate film's alignment with the needs of Generation Alpha – learners who are visually oriented and accustomed to interacting with digital media. For them, film is a valuable tool that can facilitate comprehension and foster deeper engagement with content. Moreover, they find that film encourages creativity, enhances critical thinking, and provides a multi-sensory learning experience that benefits a variety of learning styles.*

*In contrast, another group of teachers is more sceptical about the practical implementation*



https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4010

*in the classroom. These teachers express concerns about the lack of appropriate technological infrastructure, such as projectors or sound systems, at their schools, making the use of film logistically challenging. Additionally, many feel constrained by the rigid time structure of the curriculum, which limits opportunities to incorporate extended film-based activities into their lessons. Some teachers also express uncertainty about the pedagogical value of film, particularly when it is viewed as a form of entertainment rather than a serious educational tool. A recurring theme in the findings is the stigma associated with film in the classroom, with some teachers fearing that its use may be perceived by colleagues or administrators as a sign of laziness or a lack of teaching rigour.*

*Despite these challenges, there is a consensus that film holds significant educational potential. Teachers acknowledge that film can cater to different learning preferences, especially for visual learners, and provide a means to bridge the gap between abstract concepts and real-life applications. Film can be analysed to explore narrative elements such as character development, plot, and theme, similar to traditional literary works. However, the study found that teachers often hesitate to use film in this manner, as they tend to view it as supplementary rather than integral to the curriculum. The research indicates a lack of formal guidance within the curriculum regarding the use of film, with few explicit references to its educational use in the Intermediate Phase guidelines.*

*A significant finding of the study is the gap between the potential of film as a teaching tool and the practical realities experienced by teachers. While many teachers recognise the benefits of film, few actively incorporate it into their teaching practices. Those who do often report using film sporadically, usually as a means of introducing new topics or for enrichment purposes. Very few teachers consistently use film as a core component of their lesson plans.*

*The article concludes that while film is underutilised in the Intermediate Phase Afrikaans classroom, it has the potential to be a powerful educational tool if teachers receive the proper support. The study emphasises the need for professional development programs focused on the pedagogical uses of film. Furthermore, the inclusion of film in the curriculum should be made more explicit, with clear guidelines on how it can be used to meet language learning objectives.*

*In summary, the article identifies both the opportunities and challenges of using film in the Afrikaans classroom. The findings suggest that while film offers significant benefits for learner engagement and language development, its effective integration requires a shift in both perception and practice. Teachers need to overcome the logistical and cultural barriers currently hindering the use of film and recognise its potential as a legitimate and valuable teaching tool. By doing so, they can enhance the learning experience for their learners, making lessons more relevant, engaging, and suited to the needs of today's visually oriented learners.*

**KEYWORDS:** Film, Intermediate Phase, Afrikaans Classroom, Curriculum, Teaching Materials

**TREFWOORDE:** Film, Intermediêre Fase, Afrikaansklaskamer, Kurrikulum, Onderrigmateriaal

## OPSOMMING

Hierdie artikel lewer verslag van navorsing oor die huidige gebruik van film in die Afrikaansklaskamer van die intermediêre fase (Graad 4–6). Die navorsing fokus op die ervarings van onderwysers en hoe – indien enigsins – hulle film in hulle onderrig integreer. Die bevindings toon dat film groot potensiaal het om leerders meer betrokke te maak en taalvaardighede te verbeter, maar dat implementering beperk word deur faktore soos tegnologiese probleme,

tydsbeperkings, die persepsie dat film nie ’n gesaghebbende onderrigmiddel is nie, en die hoë taalvlak van sekere films. Sommige onderwysers sien film as ’n waardevolle hulpmiddel wat komplekse konsepte visueel oordra en wat veral nuttig is vir visueel ingestelde leerders. Ander vermy dit weens genoemde uitdagings of die siening dat dit nie as gesaghebbende onderrigtekste gebruik kan word nie.

Die bevindings toon verder ook dat film hoofsaaklik gebruik word as aanvullende aktiwiteit om leesbegrip te versterk en letterkunde te ondersteun. Onderwysers meld egter verskeie struikelblokke, soos beperkte toegang tot toepaslike films, beperkte tyd en ’n gebrek aan riglyne in die kurrikulum.

Benewens hierdie uitdagings word positiewe uitkomste ook geïdentifiseer: film stimuleer entoesiasme vir Afrikaans, bevorder kritiese denke en bied geleenthede vir die ontwikkeling van visuele en kulturele geletterdheid. Die artikel beveel aan dat onderwysers, ten opsigte van die integrasie van film in Afrikaansonderrig in die intermediêre fase, professionele ontwikkeling ontvang, en dat kurrikulumontwerpers duideliker riglyne verskaf.

Die studie beklemtoon die behoefte aan beter ondersteuning en opleiding om film effektief in die Afrikaanse kurrikulum te integreer. Daar word voorgestel dat film ’n kragtige hulpmiddel kan wees om leerderbetrokkenheid en begrip te bevorder.

## 1. Inleiding

Die afgelope paar dekades is die pedagogiese potensiaal van film – veral om leerders se betrokkenheid te verhoog en komplekse konsepte op ’n visueel toeganklike manier oor te dra – toenemend erken (Marquis *et al*., 2020:130; Cromarty, Young & Elias, 2023). In ’n konteks waar digitale media ’n sentrale rol in die leerders se alledaagse lewens speel, is dit noodsaaklik dat onderwysers in die intermediêrefase-Afrikaansklaskamer ook hierdie hulpmiddels doelbewus aanwend om onderrig meer relevant en effektief te maak.

Ten spyte van die erkenning van film se potensiaal as ’n onderrigmiddel (Blasco *et al.*, 2015; Mishra, 2017), bly empiriese ondersoek na die praktiese aanwending daarvan in die intermediêre fase van die Suid-Afrikaanse konteks beperk. Die gebrek aan omvattende integrasie van film in die kurrikulum laat vrae ontstaan oor hoe die medium werklik deur onderwysers in die praktyk benut word.

Daar word verslag gedoen van die huidige benutting van film deur onderwysers in die intermediêrefase-Afrikaansklaskamer, met ’n spesifieke fokus op hoe film tans in die Huistaal- (HT) en Eerste Addisionele Taal- (EAT) klaskamers as onderrigmiddel geïntegreer en aangewend word. Die doel is om die huidige integrasie van film in die Afrikaansklaskamer van die intermediêre fase te verstaan, potensiële voordele te ondersoek en uitdagings te identifiseer.

## 2. Literatuuroorsig

Die effektiewe integrasie van film in die klaskamer vereis ’n diepgaande begrip van die konteks van die leerder. Leerders in die intermediêre fase behoort aan Generasie Alfa (gebore tussen 2012 en 2015) en word gekenmerk as “digitale inboorlinge” met ’n sterk visuele ingesteldheid en blootstelling aan gevorderde tegnologie vanaf ’n vroeë ouderdom (McCrindle, Wolfinger & Salt, 2009; Turk, 2017). Hulle verkies interaktiewe, visuele en speelgebaseerde leerbenaderings (Jha, 2020; McCrindle, 2022). Dié eienskappe stel unieke eise aan die onderrigpraktyk in die Afrikaansklaskamer en benadruk die noodsaaklikheid vir onderwysers om tegnologiese hulpmiddels, soos film, doelbewus in te span om leerders te betrek, en betekenisvolle leer te fasiliteer en hulle visuele geletterdheid te ontwikkel.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4010

### 2.1 *Visuele geletterdheid*

Visuele geletterdheid verwys na die vermoë om visuele inligting te interpreteer, krities te evalueer en betekenisvol te benut (Wileman, 1993; Matusiak, 2020:173). In die konteks van film sluit dit die ontleding van kamerawerk, beligting, kleurgebruik en karakterontwikkeling in (Möller, 2007). Stokes (2002:12) vergelyk visuele geletterdheid met taal – dit verg leer, insig en oefening. Om film doeltreffend in die klaskamer aan te wend, moet onderwysers oor basiese vaardighede in visuele analise en beeldspraak beskik. Die Nasionale Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) (DBO, 2011b:18) erken visuele geletterdheid as deel van taalvaardigheid, en sluit die interpretasie van visuele tekste soos reklame en spotprente in – wat 'n basis vorm vir die gebruik van film as onderrigmiddel. Die gebruik van film as 'n visuele medium dra by tot die ontwikkeling van leerders se visuele geletterdheid en die ontginning van 'n dieper betekenis van die visuele medium. Dit is egter kommerwekkend dat film nie noodwendig as 'n geskikte medium in die KABV of Jaarlikse Onderrigplan (JOP) gesien word nie. In die intermediêre fase behoort die klem te val op die pedagogiese waarde wat film het en hoe film as teks in die taalklaskamer kan funksioneer.

### 2.2 *Filmstudie en die KABV*

Die KABV vir die intermediêre fase verwys slegs indirek na film in verband met media-geletterdheid en resensies, sonder om filmstudie as onderriginhoud te spesifiseer (DBO, 2011b:28, 109). In teenstelling hiermee bevat die KABV vir die VOO-fase eksplisiete verwysings na filmstudie as verryking, insluitend aspekte soos dialoog, karakterbeelding en kinematografie (DBO, 2011c:28). Die teenstelling dui op 'n duidelike leemte in die intermediêre fase se riglyne – veral gegewe leerders se toenemende blootstelling aan visuele media. Die gebrek aan formele erkenning van film as teks skep onsekerheid oor die geldigheid van film as onderrigmiddel in die intermediêre fase. Die leemte kan moontlik juis wees omdat die meeste onderwysers film as 'n medium van genot eerder as 'n erkende tekstipe vir die klaskamer ag, of sien as 'n studie van hoe film vervaardig word en geanaliseer kan word eerder as 'n tekstipe om taalontwikkeling te ondersteun.

### 2.3 *Film as teks*

Die KABV van die intermediêre fase skryf nie spesifieke tekste voor nie, en laat ruimte vir onderwysers om verskeie teksvorme, insluitend film, te gebruik (DBO, 2011a:25). Film as teks sluit geskrewe,[1] ouditiewe en visuele elemente in, wat dit 'n ryk en veelsydige medium vir taalonderrig maak (Steckmest, 2021; Edgar-Hunt, Marland & Rawle, 2015).

Gillard (2019) en Vetrie (2004:39) beklemtoon dat film, soos literêre tekste, ontleed kan word met betrekking tot struktuur, karakterisering en tema, en dat dit geletterdheid, kritiese denke en kreatiewe skryf bevorder. Die gebruik van film as teks stel leerders met verskillende vaardighede in staat om op gelyke vlak deel te neem aan take, en verhoog motivering en betrokkenheid (Teasley & Wilder, 1997).

Film bied dus nie net 'n alternatiewe teksvorm nie, maar ook 'n betekenisvolle manier om leerinhoud aan te bied en literêre konsepte te ontsluit, belyn met taalonderrigbenaderings.

[1] Film as teks bevat geskrewe elemente soos draaiboeke, onderskrifte, tekste in die beeld (soos aanhalings of SMS'e), en titel- of krediettonele, wat almal gebruik kan word om lees- en skryfvaardighede in die taalonderrig te versterk.

### *2.4 Onderrigbenaderings*

Die KABV stel vier komplementêre onderrigbenaderings voor: teksgebaseerd, kommunikatief, proses en geïntegreerd (DBO, 2011b:14). Film kan op sinvolle wyse by elk van hierdie benaderings soos volg geïntegreer word:


Teksgebaseerde benadering: Film kan as multimodale teks gebruik word om die narratief, die tema en karakterontwikkeling te analiseer, en sluit sodoende natuurlik aan by die fokus op teksstrukture en doelgerigte teksproduksie (Edgar-Hunt *et al*., 2015).

Kommunikatiewe benadering: Films bied outentieke taalgebruik en kontekste, en ondersteun luister, kyk, praat en skryf binne realistiese situasies (King, 2002:248). Dit bevorder leer deur betekenisvolle taalblootstelling en verhoogde leerderbetrokkenheid (Olivier, 2009:50).

Geïntegreerde benadering: Omdat film geskrewe, ouditiewe en visuele elemente bevat, dien dit as ’n ideale medium vir geïntegreerde taalontwikkeling. Dit bied geleenthede vir veelvuldige assesseringsvorme en sluit aan by die praktiese aard van taalgebruik soos deur die KABV vereis.

Prosesbenadering: Die prosesbenadering word volgens die KABV gebruik wanneer leerders mondelinge en geskrewe tekste moet produseer (DBO, 2011a:14). Vir die gebruik van film word daar vervolgens vanaf die bestaande prosesbenadering in die KABV ’n aangepaste prosesbenadering voorgestel, wat spesifiek voorsiening maak vir die kyk van film. Die aangepaste prosesbenadering lyk as volg (sien Figuur 1):

Film kan benut word binne ’n aangepaste kykproses wat prekyk-, kyk- en postkykaktiwiteite insluit – soortgelyk aan tradisionele leesprosesse. Leerders kan idees voorspel, inligting evalueer en kreatief in verskeie taalvaardighede verwerk.




**Figuur 1:** *Aangepaste prosesbenadering vir die kyk van film*


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4010

Hierdie aanpassing is belangrik, aangesien dit 'n leemte uitlig en vul ten opsigte van die gebruik van film as onderrigmateriaal. Film bied 'n ryk visuele ervaring, en deur die proses-benadering van die KABV aan te pas vir 'n kykaktiwiteit, word leerders aangemoedig om aktief deel te neem aan die leerproses waar film as teks aangewend word.

Film ondersteun dus die pedagogiese uitgangspunte van die KABV en verdien om as waardevolle onderrigmiddel oorweeg te word.

Die navorsingsmetodologie om die insigte wat deur die literatuuroorsig verkry is te toets en te verdiep word voorts uiteengesit.

## 3. Navorsingsmetodologie

Hierdie studie is onderneem binne die raamwerk van 'n empiriese ondersoek, met 'n interpretatiewe paradigma, kwalitatiewe benadering en fenomenologiese navorsingsontwerp. Die metodologiese keuses is gemaak om diepgaande insigte te verkry in die praktyke en subjektiewe ervarings van onderwysers wat film in die intermediêrefase-Afrikaansklaskamer gebruik. Interpretivisme fokus op die diepgaande veranderlikes en faktore wat verband hou met 'n spesifieke konteks. Dit beskou mense anders as bloot fisiese verskynsels, omdat dit diepte en betekenis toevoeg deur die aanname dat mense nie op dieselfde wyse as fisiese verskynsels ondersoek kan word nie (Alharahsheh & Pius, 2020:41). terwyl kwalitatiewe navorsing fokus op nie-numeriese data om komplekse onderwyspraktyke te verstaan (Bhandari, 2020). Die fenomenologiese ontwerp het dit moontlik gemaak om die wese van onderwysers se ervarings met filmgebruik vas te vang en die betekenis wat hulle daaraan heg, te ondersoek. Deur gebruik te maak van die genoemde metodologie kon die studie fokus op ryk, genuanseerde beskrywings wat bydra tot 'n omvattende begrip van hoe film in die klaskameromgewing geïntegreer word. Vervolgens word die deelnemers, data-insamelingsmetodes, analiseprosesse en etiese oorwegings van die studie in meer besonderhede bespreek.

### *3.1 Deelnemers*

'n Doelgerigte steekproef[2] is gebruik met 28 onderwysers, vanuit diverse skole en agtergronde, wat aan die studie deelgeneem het. Die deelnemers het bestaan uit mans en vroue met 1 tot 43 jaar ondervinding. 12 onderwysers onderrig Afrikaans HT, 13 Afrikaans EAT en drie onderrig beide HT- en EAT-leerders in graad vier tot ses. Ryk en gedetailleerde data is opgelewer oor verskillende benaderings tot filmintegrasie.

### *3.2 Data-insamelingsmetodes*

Data is versamel deur gebruik te maak van drie hoofmetodes:

- Oop vraelyste is gebruik om aanvanklike insigte en perspektiewe van die onderwysers te verkry.
- Semigestruktureerde fokusgroeponderhoude is gekies om dieper in die temas wat uit die vraelyste na vore gekom het, in te delf.
- Dokumentanalise is ook gebruik om aanvullende data te verkry en die inligting uit die vraelyste en onderhoude te trianguleer.

2 'n Doelgerigte steekproef is 'n navorsingsmetode waarin deelnemers bewustelik gekies word omdat hulle spesifieke eienskappe of ervaringe het wat relevant is vir die studie.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4010

### *3.3 Data-analise*

’n Induktiewe data-analise is gebruik. Data is geanaliseer deur middel van ’n tematiese analise om patrone en temas rakende filmintegrasie te identifiseer. Atlas.ti 23-sagteware is gebruik om te help met die kodering en organisering van die data.

### *3.4 Etiese oorwegings*

Etiese goedkeuring is van die Noordwes-Universiteit (NWU) se Fakulteit Opvoedkunde Etiekkomitee verkry. Deelnemers het vrywillig en anoniem deelgeneem en kon op enige stadium aan die studie onttrek. Vertroulikheid, respek en eerlikheid in verslaggewing is gehandhaaf (Du Plessis, 2016:73; Hartell & Bosman, 2016:40,41).

## 4. BEVINDINGS

Vervolgens word die kernbevindings van die studie bespreek. Die fokus val op die gebruik van film as onderrigmateriaal in die Afrikaansklaskamer van die intermediêre fase. Die data wat ingesamel is, bied insig in onderwysers se houdings teenoor filmgebruik, die waarde wat hulle daarin raaksien, sowel as die struikelblokke wat hulle ervaar. Die bevindings word tematies gerangskik om ’n gestruktureerde uiteensetting van die resultate te gee. Eerstens word daar gefokus op die film self en die verskeie aspekte wat daaruit voortvloei, waarna die ondersoek uitbrei na die rigtinggewende rol van die KABV in verband met filmgebruik in die klaskamer.

### *4.1 Film*

In hierdie afdeling word daar ’n deursigtige blik gewerp op die rol van film in die onderwys vanuit die perspektief van die deelnemers aan die studie. Die bespreking bied ’n dieper insig in die komplekse landskap van filmgebaseerde onderrig en verken die uitdagings en geleenthede in die intermediêre fase wat met die gebruik van film as onderrigmiddel gepaard gaan.

#### *4.1.1 Aanmoediging en ontmoediging van filmgebruik*

Die klaskamer bied ’n ryk omgewing vir ontdekking en leer, waar onderwysers voortdurend op soek is na innoverende maniere om leerders te inspireer en te bemagtig. Die gebruik van film as onderrigmateriaal is een van die waardevolle hulpbronne wat beskikbaar is om konsepte konkreet en betekenisvol te maak en die leerervaring te verdiep. Die besluit om film in die klaskamer te integreer, is nietemin nie altyd eenvoudig nie, en daar is ’n verskeidenheid faktore wat die besluit beïnvloed. Hierdie kompleksiteit word in die navorsing ondersoek deur die persepsies van onderwysers oor die gebruik van film in die konteks van die KABV te verken. Uit die data het dit duidelik geword dat die gebruik van film in die klaskamer twee uiterste standpunte na vore bring. Aan die een kant het sommige onderwysers die gebruik van film as ’n opwindende en aanmoedigende benadering beskou, dikwels as gevolg van die beskikbaarheid van tegnologie in die klaskamer of die vryheid wat die KABV toelaat om innoverende onderrigmetodes te kies. Aan die ander kant was daar onderwysers wat versoek het om film in die klaskamer te vermy, dikwels as gevolg van beperkings soos die gebrek aan geskikte tegnologie, tydsbeperkings, of die persepsie van ’n hoë graad van taalgebruik in films wat nie by die vaardigheidsvlak van leerders pas nie.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4010

Die meerderheid van die onderwysers wat nie gemotiveerd voel om film te gebruik nie, het aangedui dat die afwesigheid van die nodige tegnologie in hul klaskamers ’n groot hindernis is. Daar was ook deelnemers wat benadruk het dat hulle die besluit om film te gebruik of nie, as ’n persoonlike keuse beskou het, wat dikwels gebaseer was op die spesifieke behoeftes van hul klas en die beperkte tyd wat beskikbaar is vir lesbeplanning.

> *S4D10*[3] *(p. 9): Nee, dit is my eie keuse. Ek mag enige media gebruik om my les te verduidelik en die verwagte uitkomste te verkry.*

Hierdie bevindings dui aan dat die bereidwilligheid van onderwysers om film in die klaskamer te gebruik, beïnvloed word deur ’n kombinasie van kontekstuele en praktiese faktore.

### *4.1.2 Aspekte wat met film onderrig kan word*

Wanneer deelnemers gevra is oor watter aspekte hulle belangrik ag in die onderrig van en met film, het daar ’n verskeidenheid van antwoorde na vore gekom. Dit word visueel in Figuur 2 opgesom.




**Figuur 2:** *Filmaspekte wat belangrik is om te onderrig*

---

[3] In hierdie artikel word skole geïdentifiseer as S1, S2, ensovoorts, en deelnemers word benoem volgens hul skool en hul volgorde van deelname aan die studie. Byvoorbeeld, S3D4 verwys na die vierde deelnemer van Skool 3.

Een opvallende waarneming uit die deelnemers se antwoorde is dat niemand taalvaardigheid of kurrikulumintegrasie as kernaspekte van filmonderrig genoem het nie. Dit kan moontlik verklaar word deur die onderwysers se ervaring en die persepsie dat film nie as ’n teks beskou word nie, maar eerder as ’n aparte genre wat buite die formele kurrikulum staan.

Dit blyk uit Figuur 2 dat die onderwysers film eerder as ’n letterkundige brondokument beskou wat vir narratiewe ontleding gebruik kan word. Hierdie perspektief dui daarop dat die onderwysers film sien as ’n hulpmiddel vir die ontleding van teks, eerder as ’n integrale komponent van die kurrikulum vir die ontwikkeling van taalvaardighede of kurrikulumintegrasie.

Hierdie bevinding benadruk die idee dat film in die onderwys dikwels beskou word as ’n aanvulling tot bestaande materiaal eerder as ’n kernonderrigmiddel. Dit laat ruimte vir verdere verkenning van hoe film meer effektief as teks in die Afrikaansklaskamer geïntegreer kan word om beide taalvaardigheid en kurrikulumdoelwitte te ondersteun.

*4.1.3 Die gebruik van film as onderrigmateriaal*

In die ondersoek na die huidige gebruik van film as onderrigmateriaal, het ’n tendens na vore gekom van ’n praktyk wat, hoewel bestaande, nie wyd verspreid is nie. Slegs ’n klein groep onderwysers het aangedui dat hulle film aktief in die klas gebruik, en dit was dikwels vir spesifieke doelwitte soos kreatiewe skryf, begripsvrae of as inleiding tot ’n nuwe onderwerp.

Van die deelnemers wat wel idees oor die gebruik van film gedeel het, het die meeste gespekuleer oor hoe film moontlik gebruik kan word, eerder as om bestaande praktyke te beskryf. Hierdie antwoorde was dikwels vaag en het nie ’n duidelike raamwerk vir die potensiële gebruike van film in die Afrikaansklas gebied nie. Byvoorbeeld, daar was geen spesifieke aanduiding dat film vir bepaalde taalvaardighede gebruik sal word nie, maar eerder dat dit addisioneel tot die leesboek sal dien of bloot dat hulle van die TV in die mediasentrum gebruik sal maak.

Die navorsing het aan die lig gebring dat die meeste deelnemers selde of nog nooit film as onderrigmateriaal in hul klasse gebruik het nie. Dit dui op ’n groot leemte in die gebruik van film as onderrigmateriaal. S2D1 het byvoorbeeld aangedui dat film nog nooit as ’n opsie oorweeg is nie:

> *S2D1 (p. 1): Ek het dit nog nooit in my klas gebruik, film, as sulks nie. Want soos ek self alreeds gesê het, die kinders sukkel al klaar reeds om Afrikaans te verstaan, om basiese beginsels te verduidelik.*

Hierdie sienings neem egter nie die verskeie fasette van film as genre in ag nie. Film bevat juis talle visuele wenke wat begrip kan vergemaklik, omdat betekenis soms gegenereer kan word sonder volledige taalbegrip. Die film *Wall-E*, byvoorbeeld, kommunikeer sterk temas van omgewingsbewustheid en die noodsaaklikheid van menslike verbintenis, hoofsaaklik deur nie-verbale middele soos visuele beelde en karakteraksies. Pixar se animasiekortfilms is ook illustratiewe voorbeelde, aangesien hierdie kortfilms slegs musikale agtergronde en geen dialoog het nie. ’n Moontlike probleem is dat sommige onderwysers slegs vollengtefilms sou oorweeg, en nie die opsie van korter animasies of gedeeltes van films nie. Daar bestaan die moontlikheid dat film in sekere klaskamers hoofsaaklik met passiewe kyk geassosieer word., maar dit is juis hier waar onderwysers aktief betrokke moet wees en taalvaardighede in aktiwiteite moet integreer, en by uitstek as fasiliteerder optree.

Daar was egter ’n handvol deelnemers wat positief teenoor die gebruik van film in die klaskamer gestaan het, en wat film of videomateriaal van tyd tot tyd gebruik. S1D1 het entoesiasties verklaar:

> *S1D1 (p. 1): So dis ’n “amazing” ding, dit is, jy weet, daar is soveel hulpbronne wat jy kan gebruik, YouTube, Netflix en al daai het Afrikaanse films op, so dis vir my lekker, want hulle verstaan die storie, hulle kan visueel met dit assosieer.*

S4D2 het genoem dat hulle soms die *Future-Fun CAPS* gebruik, waar kort stories en video’s as deel van die inhoud ingesluit word. S9D3 het suksesvolle ervaring met spesifieke Afrikaanse films in die graad 5-klas en het *Trompie en die Boksombende* gebruik.

Tussen hierdie positiewe ervarings het sommige deelnemers ook hul beperkings uitgelig. S2D2, S3D1 en S7D1 het afsonderlik beklemtoon dat ’n gebrek aan toerusting ’n hindernis is. S7D1 som dit as volg op:

> *S7D1 (p. 1): Dis vir ons moeilik, want ons het nie noodwendig die toerusting om hierdie goeters te doen nie, ons het nie toegang tot byvoorbeeld projektors, skerms en goeters nie.*

S3D1 verduidelik dat leerders eers aan film as ’n teks gewoond moet raak, en dat leerders vroeër blootgestel moet word aan film sodat dit van nut kan wees in die intermediêre fase. Die onderwysers is egter ook nie bereid om blootstelling te gee in hul klas nie.

Laastens het S2D2 ’n ernstige tekort aan gepaste Afrikaanse films vir die intermediêre fase as ’n belemmering in die effektiewe gebruik van film as onderrigmateriaal aangedui.

Die deelnemers se uiteenlopende ervarings en opinies oor filmgebruik werp lig op die verskeidenheid persepsies binne die onderriggemeenskap. Terwyl sommige onderwysers opgewonde is oor die moontlikhede wat film kan bied, bestaan daar ook verskeie uitdagings wat die implementering daarvan bemoeilik en veroorsaak dat ander deelnemers nie film gebruik nie, en selfs nie daarmee wil eksperimenteer nie.

#### *4.1.4 Die rol van film in skoolonderrig*

Tydens die ondersoek na die rol van film in skoolonderrig, het deelnemers verskeie insigte gedeel oor die belangrikheid van film as onderrigmateriaal. ’n Oorweldigende meerderheid van 23 deelnemers het erken dat hulle glo dat film belangrik is vir skoolonderrig, alhoewel hulle dit nog nie self gebruik het nie. Volgens die deelnemers kan film leerders se visuele sintuie prikkel, die begrip van stories versterk, en ’n nuwe insig en belangstelling in die vak bied. Daar is erkenning dat film kan help om lesse interessanter te maak en visueel ingestelde leerders te ondersteun.

Een groep deelnemers het gesinspeel op die idee dat die integrasie van film bydra tot ’n toegankliker onderrigervaring en die potensiaal het om taalvaardighede te versterk deur die ontleding van film as teksmedium. Hulle het die alomteenwoordigheid van tegnologie in leerders se lewens benadruk en voorgestel dat die gebruik van film in die klaskamer die belangstelling van leerders kan aanwakker.

Terselfdertyd het ’n klein groepie deelnemers nie film as belangrik in skoolonderrig beskou nie. Hulle het bekommernisse uitgespreek oor die taalvermoë van leerders, die betroubaarheid van bronne, en die reeds veeleisende aard van die onderrigprogram. Dit blyk dat daar ’n mate van onsekerheid is oor die vaardighede wat deur film onderrig kan word. Die uiteenlopende perspektiewe van die deelnemers illustreer die kompleksiteit van die rol van film in skool-

onderrig, die uiteenlopende interpretasies van die KABV en die noodsaaklikheid van 'n deeglike oorweging van die voor- en nadele van die gebruik van film as onderrigmateriaal.


### *4.1.5 Film in vergelyking met ander genres*

Die meeste deelnemers meen dat leerders film meer boeiend ervaar as ander genres soos kortverhale of romans. Hulle beskou film as toeganklik, vinnig en visueel stimulerend – faktore wat veral by moderne, visueel ingestelde leerders aanklank vind. Alhoewel 'n klein groepie deelnemers noem dat persoonlike voorkeure steeds 'n rol speel, dui die algemene konsensus op film se potensiaal om leerderbetrokkenheid te verhoog – 'n waarneming wat ooreenstem met bevindings in vorige afdelings.

### *4.1.6 Die waarde van film as onderrigmateriaal in die onderrig van Afrikaans*

Die insluiting van film as 'n teks in die intermediêre fase se kurrikulum is van groot belang. In 'n tydperk waar visuele kommunikasie 'n al hoe groter rol in ons samelewing speel, is dit noodsaaklik vir leerders om die vaardighede te ontwikkel om visuele tekste, soos films, te verstaan en te interpreteer. Films kan ook 'n sterk emosionele impak op kykers hê (Sindelar, 2022), en bied 'n ryk platform vir die verteenwoordiging van diverse kulturele stemme en identiteite, wat waardevolle gesprekke oor kulturele diversiteit en inklusiwiteit kan aanmoedig (Bahat & Ovsenik, 2020). Verder kan die bestudering van films leerders help om emosionele intelligensie te ontwikkel deur die herkenning en begrip van emosies in narratiewe kontekste (Bahat & Ovsenik, 2020), terwyl dit ook help om kritiese denke te konseptualiseer (Baratta, 2019:1).

Hoewel die meeste deelnemers óf geen film in hul klaskamers gebruik het nie, óf dit nog nooit oorweeg het nie, het ek hulle gevra wat hulle as die moontlike voordele van die integrasie van film in die Afrikaansklas beskou. Die genoemde voordele was uiteenlopend, met elke deelnemer (behalwe een wat geen antwoord verskaf het nie) wat verskeie voordele aangedui het. Die perspektiewe van die deelnemers oor hierdie voordele word in Figuur 3 geïllustreer.




**Figuur 3:** *Voordele by die gebruik van film in die klaskamer*

Uit die moontlike voordele wat deur die deelnemers oor die gebruik van film in die klaskamer genoem is, blyk daar konsensus te wees dat die integrasie van film as onderrigmateriaal ’n positiewe impak op beide leerders en onderwysers kan hê. Tog word film nie oorwegend deur onderwysers gebruik nie. Die gebruik van film kan die leerervaring meer boeiend maak, leerders se aandag langer behou en hulle meer betrokke by die leerproses maak. Dit kan ook die onderwyser help om verskillende leerstyle te akkommodeer en dalk leerders bereik wat nie deur tradisionele onderrigmetodes bereik word nie.

Volgens die onderwysers lê die kognitiewe voordele van film daarin dat dit leerders help om makliker te onthou, ’n breër verwysingsraamwerk te ontwikkel en beter te presteer. Dit kan leerders help om konsepte beter te internaliseer en hul begrip te verbeter.

Belangrike stellings wat die voordele bevestig, sluit in:

> *S1D4 (p. 20): Ja, party leerders leer makliker met visuele bronne.*

> *S5D13 (p. 14): Ja, dit kan EAT-leerlinge help met die uitspraak van woorde.*

> *S6D14 (p. 4): Ja, bevorder verbeelding, gebruik meer as een sintuig en bevorder dus geheue. Bevorder taal en taalvaardigheid.*

> *S7D20 (p. 14): Ja, want dan word verskillende leerders geakkommodeer (ouditiewe en visuele leerders). Dit sal die werk ook pret maak vir die leerders.*

> *S9D24 (p. 4): Ja, verbreed leerders se verwysingsraamwerk.*

Die resultate dui daarop dat die effektiewe integrasie van film in die Afrikaansklas ’n wye verskeidenheid voordele vir leerders kan inhou. Merkwaardig is dat selfs onderwysers wat nie film gebruik nie, die waarde daarvan erken. Dit wys op ’n bewustheid van die potensiaal van film as onderrigmiddel. Tog bestaan daar ’n duidelike gaping tussen teoretiese aanvaarding en praktiese implementering. Verskeie deelnemers skram steeds weg van die gebruik van film, ondanks hul erkenning van die moontlike voordele. Alhoewel slegs ’n klein groepie onderwysers tans werklik film integreer, beskou die meerderheid dit tog as relevant en toepaslik binne die Afrikaansklaskamer. So verwoord deelnemer S1D1 dit:

> *S1D1 (p. 3 ): Want daar is mense wat nie ’n storieboek kan lees nie, maar visueel ’n ding kan sien en dit kan onthou.*

S1D2 stem hiermee saam:

> *S1D2 (p. 3): En veral as hulle ook sukkel om te skryf, soos byvoorbeeld die LSEN-kinders. Van hulle kan nie behoorlik skryf nie, so as hulle die storie kyk, kan hulle vir jou vertel.*

Die konteks van die skool speel ook ’n belangrike rol, soos deur S2D1 aangedui:

> *S2D1 (p. 2): Ek dink dit sal lekker wees vir die kinders, dit sal iets anders wees vir die kinders, dit het ’n plek, maar ’n mens kan ook net die skool in gedagte bring, want soos ek sê ons skool se Afrikaans is baie swak. As dit dalk miskien ’n sterker Afrikaanse Huistaal-skool was, met graagte, maar ek dink dit hang net af van die skool.*

Vanuit hierdie onderwysers se stellings is dit duidelik dat hulle film as ’n moontlike teks in die Afrikaansklaskamer sien, en dat dit oorwegend vanuit die konteks van hul leerders se omstandighede en vermoë gemotiveer is en dat die taalvaardigheid wat deur die bepaalde aktiwiteit ontwikkel moet word sentraal moet staan. Dit is egter nie die geval met al die

deelnemers nie, soos gesien kan word in S3D2 se siening dat dit slegs van waarde is vir Afrikaans Huistaal-leerders (S3D2, p. 2) of ouer leerders, soos in die Senior of VOO-fase (S3D1, p. 2). S3D3 (p. 1) het selfs aangevoer dat dit moeilik is om films in die laerskool te gebruik.

Volgens laasgenoemde deelnemers het film, soos in die KABV weergegee, geen plek in die intermediêre fase nie. Die deelnemers se beskouing of film gepas is en gebruik kan word in die intermediêre fase is nie die enigste oorweging wat die deelnemers gegee het wanneer hulle die gebruik van film in die Afrikaansklaskamer beoordeel nie. Verskeie onderwysers het aangedui dat dissipline, en die geval van goeie dissipline in hul klaskamer wanneer film gebruik word, 'n groot oorweging is.

Hierdie siening is nie net ondersteun deur die oorgrote meerderheid van die deelnemers nie, maar as 'n sterk oorweging verwoord wanneer hulle besluit oor watter aktiwiteite om in die klas aan te wend. S3D2 het aangedui dat dit juis dalk ook leerders se belangstelling in Afrikaans en Afrikaanse films as medium is wat leerders se dissipline negatief kan beïnvloed, veral as hulle nie verstaan wat in die film gesê word nie.

Alhoewel sommige onderwysers aangedui het dat hulle die waarde van film in dié fase kan sien, en dit sou wou gebruik, was daar egter tydens die skoolbesoeke en die semigestruktureerde fokusgroeponderhoude geen lesplanne of voorbeelde wat die onderwysers kon verskaf om aan te dui dat hulle dit wel in sekere omstandighede gebruik nie. Daarom kan daar van die veronderstelling uitgegaan word dat film op hierdie stadium uiters min tot geensins in die onderskeie onderwysers se klaskamers gebruik word nie, selfs al het verskeie deelnemers aangedui dat die literatuurprojek in die derde kwartaal 'n uitstekende geleentheid sou wees om film in die kurrikulum te integreer (S1D2, S8D1, S6D3, S9D2, S9D3).

#### *4.1.7 Uitdagings ten opsigte van die gebruik van film as onderrigmateriaal*

Die potensiaal van film bring unieke uitdagings vir die Afrikaansonderwyser na vore. Tydens die onderhoude het verskeie uitdagings op die voorgrond getree wat dit vir onderwysers moeilik, of selfs onmoontlik, maak om film effektief in die Afrikaansklas te gebruik. Hierdie uitdagings word kortliks in Figuur 4 opgesom.

Die uitdagings wat deur die onderwysers uiteengesit word, is nie net geldig nie, maar kan ook die bereidwilligheid van onderwysers beïnvloed.

Tegnologie- en kragprobleme is uitdagings wat vir die meeste onderwysers onoorkombaar is. Sonder toegang tot tegnologie kan film nie gewys word nie, en as daar geen krag is nie, word die keuses verder beperk.

Dissipline en tyd as uitdagings kan 'n beduidende rol speel. Onderwysers moet nie net voldoen aan die vereistes van die Departement van Onderwys nie, maar dissipline in die klaskamer is ook fundamenteel vir effektiewe leer.

Die uitdagings rakende geskikte hulpmiddels en gepaste taalgebruik in daardie hulpbronne word ten sterkste beïnvloed deur onderwysers se kennis van beskikbare hulpmiddels of hul vaardighede om self hulpbronne te skep. Daarom moet daar ondersoek word wat deelnemers as kriteria vir die seleksie van 'n gepaste film beskou.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4010




**Figuur 4:** *Uitdagings ten opsigte van die gebruik van film*

*4.1.8 Stigma gekoppel aan die gebruik van film in die klaskamer*

Tydens die onderhoude het dit ook aan die lig gekom dat sommige onderwysers probeer om die gebruik van film te vermy weens die negatiewe stigma wat in die skoolomgewing daaraan gekoppel word. Hierdie bespreking was beperk tot S1, en word deur die volgende aanhaling bevestig:

> *S1D1 (p. 8): So in jou kop kan jy nie net agteroor sit en 'n fliek kyk en dan dink dat jy jou kinders leer nie. Dit was vir my 'n groot aanpassing om dit te doen. Want nou dink ek, my kinders kyk fliek. Jy weet, ek is nie 'n onderwyser nie. Maar dan loop daar nou 'n ander onderwyser verby, dan dink hulle die juffrou is veronderstel om klas te gee, nou kyk sy fliek. Ek het dieselfde, ek het ook SW gegee jare terug, toe doen hulle die Khoi-San. Toe wys ek vir hulle daai fliek van Leon Schuster, met die heilige eier waarmee hulle rugby speel. En ek het baie kritiek daarteen gekry. Die hoof, en goed, het gedink ek is besig om te speel. Ek is te lui om my werk te doen, nou wys ek vir hulle 'n fliek. En dis eintlik nie so nie. Maar sien, dis die probleem, dan loop meneer verby ons klasse, en hy sien hier is juffrou besig om Eksodus te kyk. So ek dink dit is ook, daardie perspektief kan ook net verander, van, ons is nie lui nie. Ons gebruik dit regtig as 'n addisionele bron. En jy lewe in die moderne wêreld. Jy het kindertjies wat eerder betrokke gaan wees om, en dit is nie altyd noodwendig die regte ding nie, maar jy gaan 'n kind dalk beter leer deur vir hom 'n TV-program te laat kyk as wat jy gaan leer hoe om boek te lees.*

Hierdie aanhaling illustreer die stigma wat sommige onderwysers ervaar oor die gebruik van film in die klaskamer. S1D1 erken die uitdaging om film as ’n leermiddel te aanvaar, veral deur ouer generasies, en dui aan dat negatiewe persepsies verband hou met die idee dat die gebruik van film luiheid of ’n gebrek aan toewyding aan die onderrigproses impliseer. Om hierdie persepsies te verander, moet die onderwyser die pedagogiese waarde van film aan die hoof en ander onderwysers verduidelik. Dit dui ook op ’n groter probleem in die onderwys, waar daar steeds ’n fokus is op tradisionele onderrigmetodes soos stilsit en luister, eerder as om die wêreld te ondersoek, kreatief te wees, en te onderrig op ’n manier wat leerders bevoordeel.

Die feit dat film byvoorbeeld gebruik word om leerders na afloop van eksamens in sommige skoolkontekste op te pas terwyl onderwysers administratiewe take voltooi, dra by tot hierdie stigma. Film kan egter ’n waardevolle onderrigmateriaal wees wat leerervarings kan uitbrei en leerders in ’n moderne konteks kan betrek, mits die onderwyser aktief by die proses betrokke is. Indien ander onderwysers verby die klas loop en waarneem dat die onderwyser saam sit en kyk of ander take verrig terwyl die film vertoon word, sal hulle waarskynlik ’n negatiewe konnotasie daaraan koppel. Indien die onderwyser egter aktief as fasiliteerder tydens die filmvertoning optree, wat insluit om die film te stop, klasbesprekings te lei en leerders te betrek, sal die proses meer opvoedkundig wees en minder geneig wees om ’n negatiewe stigma op te lewer.

Hierdie bespreking toon die noodsaaklikheid van ’n verandering in persepsies oor die gebruik van film in die klaskamer, en die erkenning van die potensiële waarde daarvan as effektiewe onderrigmateriaal.

#### *4.1.9 Opleiding*

Aangesien die gebruik van film onder die deelnemers so beperk was, was ek geïnteresseerd om uit te vind of die deelnemers dink dat dit ’n vereiste moet wees dat daar opleiding en blootstelling aan onderwysers gegee word ten opsigte van die gebruik van film in die intermediêre fase.

’n Oorweldigende 17 deelnemers het geantwoord dat hulle wel dink dat opleiding in hierdie verband voordelig kan wees. Sommiges het ook hul antwoorde gestaaf:

> S3D8 (p.*10): Ja, onderwysers moet verander en kan aanpas. Mens is nooit te oud om te leer nie.*
>
> *S5D12 (p. 5): Ja – dit vorm deel van die nuwe ontwikkeling van tegnologie.*
>
> *S5D14 (p. 15): Ja, want skole doen nog steeds die tradisionele manier van leerders leer. Blootstelling aan ander maniere van leer is belangrik vir ontwikkeling.*
>
> *S7D21 (p. 15): Ja, want die opleiding sal onderwysers help om film as onderrigmateriaal effektief in die klas* te gebruik en toe te pas indien nodig.

Twee deelnemers, S2D6 en S4D10, het toegegee dat dit miskien voordelig kan wees, terwyl ses deelnemers gevoel het dat dit glad nie nodig is nie. Sommige redes hiervoor sluit in:

> *S2D5 (p. 5): Nee, dit is elke onderwyser se keuse. Film is vir my meer gepas in senior fase en dalk ook vir Huistaalleerders. Eerste Addisionele Taalleerders sukkel om werk te verstaan.*

*S6D16 (p. 10): Nee, want die KABV maak nie elke kwartaal daarvoor voorsiening nie. Tyd is te min! Daar is wel hulpbronne op die internet beskikbaar wat gebruik kan word wanneer die projekte voltooi moet word.*

*S7D19 (p. 5): Nee, nie almal gaan die filmgenre gebruik nie.*

Weereens is die deelnemers se uiteenlopende opinies ’n bewys dat die skoollandskap veranderend en konteksgebonde is. Nie slegs die skool se konteks is belangrik in hierdie verband nie, maar ook die onderwysers se sterk opinies. Sommiges is baie positief en bereid om aan te pas, en sien die moontlike voordele in, terwyl ander bankvas in hul oortuiging is dat verandering nie voordelig is nie, en dat hulle nie addisionele opleiding sal waardeer of selfs oorweeg nie. Die onderwysers wat genoem het dat opleiding van waarde kan wees, fokus op verskillende elemente van opleiding. Alhoewel daar onderwysers is wat aandui dat opleiding oor die gebruik van film voordelig kan wees, is daar by die meerderheid onderwysers ’n sterk argument vir opleiding in die gebruik van tegnologie.

### *4.2 Die KABV se voorsiening vir die gebruik van film*

’n Sentrale aspek wat belangrik is ten opsigte van die gebruik van film in die Afrikaansklas, is hoe die KABV voorsiening maak vir die gebruik en integrasie daarvan. Die vraelys het ’n vraag bevat oor of die deelnemers dink dat die KABV voorsiening maak vir die gebruik van film.

Agt van die deelnemers het gesê dat die KABV wel voorsiening maak vir die gebruik van film. Sekere deelnemers het ekstra verduidelikings gegee, wat dui op ’n dieper begrip van hoe film in die onderrig ingesluit kan word.

*S1D4 (p. 19): Ja, daar word gesê dat daar gebruik gemaak word van verskillende bronne.*

*S2D6 (p. 8): Ja, want die KABV moedig aan dat leerders se verskillende sintuie tydens die les betrek word.*

*S4D10 (p. 8): Ja, volgens die KABV het ’n onderwyser die keuse om die media te gebruik wat die beste gepas is vir ’n spesifieke les, bv. films, DVD’s, musiek, boeke.*

*S9D26 (p. 9): Ja, onderwysers kry basiese riglyne en kan dan self kreatief raak ten opsigte van media/films in klas of as projek.*

Terwyl 15 van die deelnemers die KABV nie beskou as ’n ondersteunende raamwerk vir die gebruik van film as onderrigmateriaal in die klaskamer nie, het sommige deelnemers spesifieke bekommernisse uitgespreek oor hoe die KABV nie aansluit by die behoeftes van moderne leerders nie. Deelnemer 2 is van mening dat die KABV opgedateer moet word om te voldoen aan die behoeftes van die moderne kind, terwyl deelnemer 19 die waarneming gedeel het dat die KABV ’n swaarder klem lê op lees en praat.

’n Aantal deelnemers het gevoel dat die KABV, spesifiek weens die beperkte tyd wat beskikbaar is in die klaskamer teenoor die aktiwiteite wat van onderwysers verwag word om te doen, nie genoeg speling gee vir die gebruik van film nie. Die volgende kommentare illustreer die onderwysers se gevoel hieroor:

*S4D9 (p. 3): Nee. Daar is baie min tyd in die KABV om tegnologie te gebruik.*

*S6D15 (p. 3): Nie lang films nie, want die KABV is volgepak en die werk moet gedoen word. Ekstra geleenthede vir leerders neem ook baie tyd in beslag.*

*S6D16 (p. 9): Nee, die werkslading is te groot en die tyd is hopeloos te min.*

Weereens dui die uiteenlopende sienings oor die rol van die KABV ten opsigte van filmgebruik op die komplekse omgewing waarin onderwysers werk, sowel as die spanning tussen die amptelike riglyne en die realiteite van die klaskamer. Tydsbeperkings in die klas blyk vir die meeste onderwysers ’n struikelblok te wees, veral in terme van die verwagtinge van die KABV. Desondanks dui hulle aan dat hulle vryheid het om ander hulpmiddels te gebruik. Film word dikwels uitgesluit omdat die beknopte kurrikulum en beperkte onderrigtyd onderwysers noop om slegs kerninhoud te prioritiseer, wat visuele hulpmiddels soos film as nie-essensieel laat voorkom. Individuele interpretasie speel ook ’n rol in die implementering van die KABV; hoewel dieselfde JOP aan verskillende onderwysers gegee word, interpreteer elke onderwyser dit op ’n unieke manier.

### *4.2.1 Taalvaardighede*

Die manier waarop onderwysers film in die taalonderrig toepas, onthul interessante nuanses in die benadering tot taalvaardighede.

In die vraelyste is die vraag gevra of deelnemers film meer vir sommige taalvaardighede as ander gebruik. ’n Belangrike verskynsel het hiermee aan die lig gekom. Sekere onderwysers weet nie wat die verskil tussen taalvaardigheid en taalstrukture en -konvensies is nie. Hulle gebruik die twee terme as uitruilbare verwysings, met die uitsluitlike betekenis van taalstrukture en -konvensies. Daar is dus ’n duidelike behoefte om die twee terme verder te verduidelik.

Taalvaardigheid verwys na die verskillende vaardighede waarop die KABV fokus: Lees en kyk; Luister en praat; Skryf en aanbied; en Taalstrukture en -konvensies. Taalstrukture en -konvensies daarenteen verwys na die reëls en konvensies wat gebruik word wanneer iemand ’n spesifieke taal praat of skryf. Hierdie reëls sluit grammatika, sintaksis, spelling en ander konvensies in wat bepaal hoe woorde en sinne korrek gevorm en gebruik moet word. Figuur 5 bied ’n visuele opsomming om die twee terme te onderskei.

Nege deelnemers het gesê dat die vraag nie van toepassing is op hul konteks nie, of die antwoord bloot oopgelaat. Sommige van hierdie deelnemers gebruik glad nie film in hul klasse nie, so daarom sou hulle nie hierdie vraag kon beantwoord nie. ’n Moontlike rede kan ook die gaping in inhoudskennis wees, en dat hulle dus nie seker is oor die spesifieke betekenis van die term *taalvaardigheid* nie.

Deelnemer 7 was die enigste een wat gesê het dat hulle al die taalvaardighede betrek:

*S4D7 (p. 3): Nee, ’n balans word gehou om filmgrepe by alle taalvaardighede van toepassing te maak.*

Deelnemer 12 het gesê dat hulle film meer gebruik vir luister en praat. Deelnemer 21 gebruik dit meer vir lees en kyk, en deelnemer 25 gebruik film meer in skryf en aanbied, “om boustene van ’n verhaal en karakterisering te onderrig en te ontwikkel”.

Dit is duidelik uit die antwoorde dat daar nie ’n algemene opvatting is dat film in al die taalvaardighede gebruik kan word as hulpmiddel nie. Dit wys dat daar duideliker kommunikasie rondom terminologie sowel as metodes in die onderrigpraktyk moet wees, aangesien film juis as teks of onderrigmateriaal gebruik kan word om al vier die taalvaardighede aan te bied. Die feit dat die deelnemers afsonderlik verskeie taalvaardighede genoem het, bewys dat film juis aanpasbaar is en gebruik kan word vir die verskillende taalvaardighede.


https://doi.org/10.17159/TGW.2026.66.2.4010




***Figuur 5:*** *Die verskil tussen die terme taalvaardigheid en taalstrukture en -konvensies)*

*4.2.2 Kennis van inhoud en kurrikulum*

’n Diepgaande kennis van die kurrikulum en inhoud is krities vir die suksesvolle integrasie van film as onderrigmateriaal. Onderwysers moet begrip hê van watter spesifieke onderrigdoelwitte, kurrikuluminhoud en kurrikulumvereistes deur die gebruik van film bereik moet word. Hulle moet kan bepaal hoe die film inpas by die vakinhoud en die doelwitte van onderrig wat in die KABV en die JOP deurgegee word.

S1D1 noem dat die leerders baie goed is om assosiasies te maak:

*S1D1 (p. 2): Dat hulle die lees, die spelling, dit alles kan sien, en dan kan hulle uitspraak hoor op die film.*

Leerders leer dus die beste wanneer al vier taalvaardighede by ’n enkele eenheid betrek word, net soos wat die KABV dit voorskryf in die tweeweeklikse onderrigplanne.

Die belyning van die KABV en die JOP, en hoe film daarin pas, is ook ’n belangrike aspek. Hierdie spanning tussen die ideale van die KABV en die praktyk van die JOP moet in ag geneem word wanneer films as onderrigmateriaal gebruik word.

Die bevindings van die studie toon dat die gebruik van film in die Afrikaansklaskamer in die intermediêre fase ’n komplekse en uiteenlopende ervaring is. Aan die een kant sien sekere onderwysers die gebruik van film as ’n opwindende en innoverende onderrigmetode, veral wanneer tegnologie in die klaskamer beskikbaar is. Hierdie onderwysers erken dat film

leerderbetrokkenheid bevorder en komplekse konsepte op ’n visuele manier oordra, wat die leerders se leerervaring verryk.

Aan die ander kant het ander onderwysers probleme ondervind met die implementering van film in hul onderrigpraktyke. Die mees algemene uitdagings sluit in die gebrek aan toepaslike tegnologie, beperkte tyd tydens die skooldag, en die hoë taalvlak van films, wat dikwels bo die vaardigheidsvlak van die leerders is. Verder is daar ook ’n algemene wanpersepsie dat die gebruik van film as luiheid beskou word, wat sommige onderwysers ontmoedig om dit as ’n volwaardige onderrigmiddel te gebruik.

Die potensiële voordele van film in die klas word nietemin wyd erken. Film het die vermoë om visuele leerders te betrek, asook om leerders se taalvaardighede, begrip en kritiese denke te ontwikkel deur die ontleding van teks- en narratiewe elemente. Ten spyte van die uitdagings, is daar ’n duidelike erkenning van film se waarde in die onderrig van Afrikaans, veral vir leerders wat beter op visuele stimuli reageer.

## 5. Gevolgtrekking en samevatting

Die doel van hierdie artikel was om te rapporteer oor die ondersoek van hoe film tans in die Afrikaansklaskamer van die intermediêre fase gebruik word, asook om die uitdagings, geleenthede en voordele wat daarmee gepaard gaan, te identifiseer. Die bevindings het ’n duidelike verdeeldheid onder onderwysers uitgewys. Terwyl sommige die potensiaal van film erken en dit innoverend aanwend om leerders meer betrokke te maak, sukkel ander om dit effektief, indien enigsins, te gebruik weens persoonlike oortuigings, tegnologiese en tydsbeperkings, asook die kompleksiteit van die taal wat in films gebruik word.

Ondanks hierdie uitdagings is daar algemene ooreenstemming dat film waardevolle voordele bied, veral vir visuele leerders. Dit verbeter nie net taalvaardighede en kritiese denke nie, maar bied ook ’n alternatiewe manier om komplekse konsepte te verduidelik en leerderbetrokkenheid te verhoog. Die gebruik van film as ’n onderrigmiddel is nie net relevant vir die huidige digitale generasie nie, maar kan ook ’n kragtige instrument wees om leerderdiversiteit in die klaskamer te akkommodeer.

Die studie beklemtoon egter die behoefte aan beter ondersteuning, opleiding en toegang tot tegnologie om die doeltreffende integrasie van film in die klaskamer te verseker. Deur vir hierdie hindernisse oplossings te bedink, kan film ’n kernkomponent van Afrikaanse taalonderrig word en as ’n sterk hulpmiddel dien om leerprosesse te verbeter en te verryk.

Verdere navorsing kan fokus op die ontwikkeling van praktiese raamwerke en riglyne vir die gebruik van film wat konkreet in die onderrigpraktyk toegepas kan word. Dit sluit die ontwerp van ondersteuningsmateriaal, die identifisering van toepaslike films vir verskillende taalvlakke, en die ontwikkeling van opleidingsprogramme vir onderwysers in. Empiriese studies wat die uitwerking van gestruktureerde filmintegrasie op leerderuitkomste ondersoek, sal bykomende bewys lewer vir die waarde van film as onderrigmiddel. Só kan toekomstige navorsing bydra tot die samestelling van riglyne wat nie net die teoretiese waarde van film bevestig nie, maar ook die praktiese bruikbaarheid daarvan in die Afrikaansklaskamer verseker.

## BIBLIOGRAFIE

Alharahsheh, H.H. & Pius, A. 2020. A review of key paradigms: positivism vs interpretivism. *Global Academic Journal of Humanities and Social Sciences*. 2(3):39-43.

Bahat, B. & Ovsenik, M. 2020. Emotional intelligence in Secondary School students. *Revija za univerzalno odličnost*. 9(4):293-308.

Baratta, A. 2019. (PDF) The Use of Film to Develop Critical Thinking Skills in the EFL Classroom. ResearchGate. https://www.researchgate.net/publication/332031404_The_Use_of_Film_to_Develop_Critical_Thinking_Skills_in_the_EFL_Classroom [05 Feb. 2026].

Bhandari, P. 2020. *What is qualitative research? | Approaches, methods & examples*. *Scribbr*. https://www.scribbr.com/methodology/qualitative-research/#:~:text=Qualitative%20research%20involves%20collecting%20and [05 Feb. 2026].

Blasco, P.G., Moreto, G., Blasco, M.G., Levites, M.R. & Janaudis, M.A. 2015. Education through movies: Improving teaching skills and fostering reflection among students and teachers. *Journal for Learning through the Arts: A Research Journal on Arts Integration in Schools and Communities*, 11(1).

Choo, S. 2006. Incorporating film in the literature curriculum. *Nie.edu.sg*. http://singteach.nie.edu.sg/issue04-voices03/ [06 Mei 2024].

Cromarty, E., Young, M.A. & Elias, S. 2023. The use of film to motivate interest in students with learning differences through imagination and diverse thinking in Higher Education. *Journal of Research Initiatives*, 7(3).

Departement van Basiese Onderwys (DBO). 2011a. Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring graad 4-6 AFRIKAANS eerste addisionele taal. *www.education.gov.za*. https://www.education.gov.za/Curriculum/CurriculumAssessmentPolicyStatements(CAPS)/CAPSIntermediate/tabid/572/Default.aspx [05 Feb. 2026].

Departement van Basiese Onderwys (DBO). 2011b. *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) Graad 10-12*. https://taalarsenaal2.yolasite.com/resources/KABV%20Afrikaans%20Huistaal%20FINAAL%21.pdf [14 Oktober 2022].

Departement van Basiese Onderwys (DBO). 2011c. *KURRIKULUM- EN ASSESSERINGS-BELEIDSVERKLARING GRAAD 4-6 AFRIKAANS HUISTAAL* . *www.education.gov.za*. https://www.education.gov.za/Curriculum/CurriculumAssessmentPolicyStatements(CAPS)/CAPSIntermediate/tabid/572/Default.aspx [20 Januarie 2022].

Departement van Basiese Opvoedkunde. 2023. 2023-24 ATPs Intermediate Phase. www.education.gov.za. https://www.education.gov.za/Curriculum/NationalCurriculumStatementsGradesR-12/2023ATPsIP.aspx [05 Feb. 2026].

Du Plessis, E. 2016. Etiese aspekte in navorsing. In Joubert, Hartell, & Lombard (eds). *Navorsing: ’n Gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik, pp. 73-81.

Edgar-Hunt, R., Marland, J. & Rawle, S. 2015. *The language of film*. Londen; New York: Fairchild Books Ava.

Flick, U. 2018. *An introduction ot qualitative research*. Londen: SAGE.

Gillard, G. 2019. Film as text. *garrygillard.net*. https://garrygillard.net/writing/filmastext.html [15 Februarie 2024].

Harrison, K. 2019. What is visual literacy? *Visualliteracytoday.org*. https://visualliteracytoday.org/what-is-visual-literacy/ [25 April 2024].

Hartell, C. & Bosman, L. 2016. Beplanning van ’n navorsingsvoorstel vir nagraadse studie. In Joubert, Hartell, & Lombard (eds). *Navorsing: ’n Gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik, pp. 19-72.

Hasanah, A. 2014. Using films as media to teach literature. In: *The 61 TEFLIN International Conferencee, UNS Solo*. https://www.academia.edu/71638933/Using_Films_as_Media_to_Teach_Literature [05 Feb 2026].

Heinich, R., Molenda, M., Russel, J.D. & Smaldino, S.E. 1999. *Instructional media and technologies for learning* (6de uitg.). Upper Saddle River, NJ: Prentice-Hall.

Jha, A.K. 2020. Understanding Generation Alpha. *Osf.io*. https://osf.io/d2e8g/download [14 Februarie 2024].

Joubert, I., Hartell, C. & Lombard, K. (reds.). 2016. *Navorsing: ’n Gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik.

King, J. 2002. Using DVD feature films in the EFL classroom. *Computer Assisted Language Learning*, 15(5):509-523.

Marquis, E., Wojcik, C., Lin, E. & McKinnon, V. 2020. Powerful learning tool or “cool factor”? Instructors’ perceptions of using film and video within teaching and learning. *Journal of the Scholarship of Teaching and Learning*, 20(1):130-150.

Matusiak, K.K. 2020. Studying visual literacy: research methods and the use of visual evidence. *International Federation of Library Associations and Institutions*. 46(2):172–181.

McCrindle, M. 2022. *Understanding Generation Alpha - McCrindle. mccrindle.com.au*. https://mccrindle.com.au/article/topic/generation-alpha/generation-alpha-defined/ [14 Feb. 2024].

McCrindle, M., Wolfinger, E. & Salt, B. 2009. *The ABC of XYZ: understanding the global generations*. Sydney: Unsw Press, Sydney.

Mishra, S. 2017. The world in the classroom. *Contemporary Education Dialogue*. 15(1):111-116.

Möller, M.J. 2011. 'n Ondersoek na die ontwikkeling van praktiese riglyne vir die gebruik van visuele middele in die bereiking van graad 12-leeruitkomste na aanleiding van die Nasionale Kurrikulumverklaring van die Departement van Onderwys (Afrikaans). repository.up.ac.za. https://repository.up.ac.za/handle/2263/26799 [05 Feb. 2026].Monaco, J. 2000. *How to read a film*. New York: Harbor Electronic Publications.

Olivier, L. 2009. Integrating motion media in the instruction of English literature : outcomes-based guidelines. Vt.edu. https://vtechworks.lib.vt.edu/items/8f2b0d29-5b60-4870-a067-00a614a12b54 [05 Feb. 2026].Pettersson, R. 2012. Rune Pettersson – Views on visual literacy. *Journal on Images and Culture*. https://vjic.org/vjic2/?page_id=214#:~:text=Visual%20literacy%20is%20the%20learned [25 April 2024].

Sasso, M.D. 2020. LibGuides: qualitative research methods: phenomenology. *guides.library.duq.edu*. https://guides.library.duq.edu/c.php?g=836228&p=5972144#:~:text=A%20phenomenological%20study%20explores%20what [05 Feb. 2026].

Sindelar, J. 2022. How films make us feel emotion. *Salt Lake Film Society*. https://slfs.org/how-films-make-us-feel-emotion/ [6 Junie 2024].

Steckmest, K. 2021. Using film as a multimodal text in the language classroom. MA TESOL Collection. 759 . https://digitalcollections.sit.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1764&context=ipp_collection [05 Feb. 2026].

Stokes, S. 2002. Visual literacy in teaching and learning: a literature perspective. *Electronic Journal for the Integration of Technology in Education*, 1(1):10-19.

Teasley, A.B. & Wilder, A. 1997. *Reel conversations: reading films with young adults.* Young Adult Literature Series. Portsmouth, NH: Heinemann.

Teigland, J.L., Hinde, G. & Advani, A. 2023. Generational Sustainability Survey 2023. https://www.ey.com/content/dam/ey-unified-site/ey-com/en-gl/about-us/corporate-responsibility/documents/ey-ja-2023-sustainability-report-27-july-2023.pdf [5 Feb. 2026]. kabv

Turk, V. 2017. Understanding Generation Alpha. *Hotwire Global*. https://www.hotwireglobal.com/whitepaper/generation-alpha-2/ [14 Februarie 2024].

Van Zandt, P. 2022. What is visual thinking? Definition, strategies, examples and more. *IdeaScale*. https://ideascale.com/blog/visual-thinking-definition/#:~:text=Visual%20thinking%20is%20defined%20as [25 April 2024].

Vetrie, M. 2004. Using film to increase literacy skills. *The English Journal*, 93(3):39.

Wileman, R.E. 1993. *Visual communicating*. Englewood Cliffs, N.J.: Educational Technology Publications.

Wilson, A. 2015. A guide to phenomenological research. *Nursing Standard*, 29(34):38-43.

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Een eksemplaar van die uitgawe waarin ’n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien ’n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Dien **’n elektroniese kopie** in op die webwerf van die tydskrif: https://www.tgwsak.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met ’n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur ’n **erkende taalversorger** geredigeer is. Vanaf **1 September 2026** geld die volgende voorskrif: Alle artikels sal NÁ KEURING EN HERSIENING na 'n professionele taalversorger, wat deur die redakteur geïdentifiseer word, gestuur word. Die faktuur van die taalversorger sal aan die skrywer(s) gestuur word. TGW hef geen bladgeld nie, maar onversorgde artikels sal nie geplaas word nie.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000** en **10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van ’n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en ’n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van ’n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus ’n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. ’n Opsomming in ’n ander taal as Afrikaans moet ’n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet ’n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies** of **grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

**Opskrifte** in die *Tydskrif* lyk soos volg:

**1.** **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is ’n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

*1.1* *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is ’n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

*1.1.1* *Subopskrifte* is kursief; daar is ’n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommer word indien ’n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

***Figuur 3:*** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien ’n opskrif of onderskrif ’n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná ’n dubbelpunt en begin dit met ’n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord *’n*.

**Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.**

**Aanhalings en verwysings**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in ’n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

*Voorbeelde:*

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in ’n boek:** Verhoef, G. 2012. ’n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans***:**

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Bronverwysings in die teks:*

Volgens Swan (1996:45) …
OF: … … (Swan, 1996:45) …
OF: … … (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

**Bladgeld**

Geen bladgeld of koste vir die publikasie van artikels (APC’s) in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is betaalbaar nie.

**Outeursreg**

Outeur(s) behou outeursreg in ’n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

# Guidelines for authors

The *Journal of Humanities*/*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive one complimentary copy of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Submit an **electronic copy** to the journal's website: https://www.tgwsak.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**. From **1 September 2026** the following guideline applies:
  All articles will be sent AFTER REVIEW AND REVISION to a professional language editor, identified by the editor-in-chief. The invoice from the language editor will be sent to the author(s). TGW does not charge a page fee, but unedited articles will not be published.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations** or **graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

**Headings** in the *Journal* are styled as follows:

**1.** **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

*1.1* *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

*1.1.1* *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

**Table headings** are styled as follows**:**

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions** of figures:

***Figure 3:*** *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

**All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.**

**Quotations and references**

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

*Examples:*

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective.* London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans:*

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Citations in the text:*

According to Swan (1996:45) …
OR: … ... (Swan, 1996:45) ...
OR: … … (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

**Page fees:**

No Page Fees or APC's (Article Producing Costs) are payable by authors for publishing in the *Journal of Humanities.*

**Copyright:**

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).